

# **DIE ROL VAN IDENTITEIT EN RUIMTE IN DIE SKEP VAN 'N JEUGNOVELLE**

**'N TEORETIESE EN PRAKTIESE SKRYFKUNSPROJEK IN DIE  
AFRIKAANSE GEMEENSKAP VAN PROMOSA, POTCHEFSTROOM**

**A. Combrink Hons. B.A.**

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in  
Afrikaans en Nederlands (Skryfkuns) aan die Noordwes-  
Universiteit, Potchefstroomkampus.

Studieleier: Dr. S.F. Greyling  
Medestudieleier: Prof. H.G.W. du Plessis

Mei 2005  
Potchefstroom

As great scientists have said and as all children know, it is  
above all by the imagination that we achieve perception, and  
compassion, and hope.

Ursula K. Le Guin

## OPSOMMING

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om *self* 'n teks te skep, waarvan die teikengroep die adolessente van die opkomende Afrikaanse gemeenskap van Promosa, Potchefstroom is. Hiermee saam wil die studie die skep van tekste deur die gemeenskap self bevorder, sodat *gemeenskapse* tekste tot stand sal kom. Behalwe *skryf*, is dit ook die oogmerk van die studie om *lees* onder die adolessente in Promosa te bevorder, deur die daarstel van tekste waarmee hulle sal identifiseer en wat hulle sal lees.

Met die skep van 'n teks vir die teikengroep voor oë, word daar spesifieke metodes in die studie gevolg. In Hoofstuk 2 word die teikengroep, die adolessent, omskryf. Daar word gekyk na die kulturele en sosiale omgewing waarin die adolessent in Promosa leef. Die vorming van 'n eie identiteit tydens adolessensie word bespreek, en die fisiese, kognitiewe, morele, sosiale, emosionele, en persoonlikheidsontwikkeling van die individu gedurende hierdie fase geniet aandag.

Die heuristiese raamwerk vir die studie word in Hoofstuk 3 geformuleer. Konsepte wat vir die verdere verloop van die studie van belang is, word uiteengesit. Dit sluit in identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit, grense. Merkers van identiteit en ruimte word geformuleer. Narratiewe identiteit word kortliks aangeraak. 'n Oorsig word gegee van die publikasies, spesifiek ook jeugpublikasies, van bruin skrywers wat in Suid-Afrika verskyn het.

Die kern van die studie is die narratief, en die invloed daarvan op die identiteitsvorming van die adolessent in Promosa. In Hoofstuk 4 word die narratief bespreek en omskryf. Dit sluit in 'n breë agtergrond oor die ontwikkeling van die narratief in verskeie velde van ondersoek, die faktore wat die skep en oordra van die narratief beïnvloed, asook die funksies van die narratief.

In Hoofstuk 5 word die tekste wat deur hoërskoolleerders in Promosa self geskep is, geanaliseer. Die doel van die analise is om kennis in te win oor die adolessent

in Promosa se eie siening van sy/haar identiteit en ruimte. Die analise word gedoen aan die hand van die merkers wat in Hoofstuk 3 vasgestel word. Uit die tekste word ook inligting verkry oor die adolessent se beleving van hibriditeit, liminaliteit en grense. Al hierdie inligting word aangewend in die skryf van 'n jeugroman vir die teikengroep.

Ten einde 'n geslaagde teks vir die teikengroep te skep, word hul leesgewoontes, -belange, en -behoefte in Hoofstuk 6 ondersoek. Dit word vergelyk met bevindings van soortgelyke ondersoeke onder adolessente op nasionale en internasionale vlak, uit verskillende tye en plekke.

Die jeugroman, *Tussen Kynoch en die maan*, word in Hoofstuk 7 weergegee. Die teks word positief ontvang deur die teikengroep, soos gesien in 'n resepsie-ondersoek wat onder adolessente in Promosa uitgevoer word.

Na afloop van die studie word tot die gevolgtrekking gekom dat dit wél moontlik is vir 'n *buitestander* om *self* 'n teks te skep vir adolessente in Promosa, en ook om die skep van tekste deur hulle te bevorder, sodat *gemeenskapse* tekste tot stand sal kom waarmee hierdie adolessente sal identifiseer en wat hulle sal lees.

## **SLEUTELBEGRIPPE**

**Identiteit, ruimte, grense, liminaliteit, hibriditeit, narratief, gemeenskapsprojek, stories, geskrewe tekste, mondelinge tekste, woordkuns, skryfkuns, opkomende Afrikaanse gemeenskap**

## ABSTRACT

**The role of identity and space in the writing of a youth novel. A theoretical and practical Creative Writing project in the Afrikaans community of Promosa, Potchefstroom.**

The overall goal of the study is to create a text which has as target group the adolescents of the upcoming Afrikaans community of Promosa, Potchefstroom. A further goal of the study is to promote the creation of texts by the community itself, so that community based texts would come into being. Except for *writing*, it is the aim of the study to promote *reading* with the adolescents Promosa, by creating texts with which they will identify and which they will read.

With the creation of a text for the target group in mind, specific methods are followed. The adolescent as target group is defined in Chapter 2. This includes the cultural and social environment of the adolescent in Promosa. The forming of identity is discussed, and the physical, cognitive, moral, social, emotional, and personality development of the individual during this phase receive particular attention.

The heuristic framework for the study is formulated in Chapter 3. Concepts which are important for the rest of the study are explained. These include identity, space, hybridity, liminality and boundaries. Markers of identity and space are formulated. Narrative identity is touched on briefly. A survey of publications by brown writers in South Africa, specifically youth publications, is given.

The narrative and its influence on the identity formation of the adolescent in Promosa are the core of the study. The narrative is discussed and defined in Chapter 4. This includes a broad background on the development of the narrative in different fields of study, the factors which influence the creation and transferral of the narrative, as well as the functions of the narrative.

The texts created by high school learners of Promosa, are analysed in Chapter 5. The aim of the analysis is to gain knowledge on the adolescent in Promosa's own

view of his/her identity and space. The analysis is made by means of the markers set out in Chapter 3. From the texts information can also be gained about the adolescent's experience of hybridity, liminality and boundaries. This information is used in the writing of a youth novel for the target group.

In order to create a text for the target group successfully, their reading habits, interests and needs are examined in Chapter 6. These are then compared to findings of similar investigations on national and international level, at different times and places.

The youth novel, *Tussen Kynoch en die maan* [*Between Kynoch and the moon*], is given in Chapter 7. A reception study with adolescents in Promosa shows that the text is received well by the target group.

After completion of the study, the conclusion is reached that it is indeed possible for an *outsider* to create a text for adolescents in Promosa, and also to promote the creation of texts by them, so that community based texts would come into being with which these adolescents will identify and which they will read.

## KEY CONCEPTS

Identity, space, boundaries, liminality, hybridity, narrative, community project, stories, written texts, oral texts, wordcraft, creative writing, upcoming Afrikaans community.

## **BEDANKINGS**

Ek gee aan die Here al die eer vir hierdie studie. Hy is my Bron van krag en insig.

Baie dankie aan my ouers, Vorster en Salomé Combrink. Ek dra hierdie studie aan julle op – omdat ek nie met woorde kan dankie sê vir julle ondersteuning, liefde, gebede en *daarwees* deur die jare nie. En omdat julle nog altyd in my glo.

Aan my sussie en beste vriendin, Madeleen: Baie dankie dat jy die afgelope jaar en 'n half tree vir tree saam met my beleef het.

Baie dankie aan my studieleier, Dr. Franci Greyling, vir al u hulp en leiding, waarop ek op geleë én ongeleë tye kon reken. Dankie dat Doktor alles in u vermoë gedoen het om die studietydperk vir my so leersaam en vry van spanning as moontlik te maak.

Dankie ook aan Prof. Hans du Plessis vir u waardevolle insigte en ondersteuning.

Baie dankie aan die gemeenskap van Promosa, aan elkeen wat sy/haar lewe met my gedeel het, en spesifiek aan die Karos & Kambro-groep wat my vir vier jaar geïnspireer en uitgedaag het.

Hiermee erken ek ook met dank die geldelike bydrae van die Navorsingsfokusarea 04 van die Skool vir Tale wat aangewend is vir die uitvoer van die leesondersoek in die Promosa Sekondêre Skool.

# INHOUDSOPGAWE

	<b>BL</b>
<b>HOOFSTUK 1      AGTERGROND EN KONTEKSTUALISERING</b>	<b>1</b>
1.1.    INLEIDING	1
1.2.    DOELSTELLINGS	7
1.2.1. Algemene doelstelling	7
1.2.2. Spesifieke doelstellings	8
1.3.    SENTRALE TEORETIESE STELLINGS	8
1.4.    METODE VAN ONDERSOEK	8
1.4.1. Breë raamwerk	8
1.4.2. Uitgangspunte	9
1.4.3. Verloop van navorsing	13
1.5.    HOOFSTUKINDELING	14
<b>HOOFSTUK 2      DIE TEIKENGROEP</b>	<b>17</b>
2.1.    INLEIDING	17
2.2.    DIE TEIKENGROEP SE KULTURELE EN SOSIALE OMGEWING	19
2.3.    DIE ADOLESSENT	22
2.3.1. Fisiese ontwikkeling	23
2.3.2. Kognitiewe ontwikkeling	23
2.3.3. Morele ontwikkeling	25
2.3.4. Sosiale, emosionele en persoonlikheidsontwikkeling	27
a) Erikson se teorie van identiteitsontwikkeling	27
b) Die ouer-adolessentverhouding	29
c) Die portuurgroep	31
d) Romantiese verhoudings	32
2.4.    SLOT	33

	<b>BL</b>
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>35</b>
<b>KONSEPTUALISERING</b>	
3.1. INLEIDING	35
3.2. KONSEPTUELE AGTERGROND	37
3.2.1. Identiteit	37
3.2.2. Hibriditeit	45
a) Oorsprong van die term hibriditeit	45
b) Kulturele hibriditeit	46
c) Hibriede self-identifikasie	47
3.2.3. Liminaliteit	48
3.2.4. Ruimte	51
a) Ruimte en plek	51
b) Gerepresenteerde ruimte	56
3.2.5. Grense	57
3.2.6. Ter samevatting	62
3.2.7. Narratiewe identiteit	62
3.3. BRUIN SKRYWERS IN SUID-AFRIKA	63
3.3.1. Voor 1994	64
3.3.2. Die tydperk 1994-2004	65
a) Skrywers en publikasies	67
b) Tema's wat deur skrywers aangeraak word	67
c) Versamelbundels	71
d) Jeugverhale	71
3.3.3. Samevatting	71
3.4. SLOT	72
<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>74</b>
<b>DIE NARRATIEF</b>	
4.1. INLEIDING	74
4.2. AGTERGROND	77
4.3. WAT IS DIE NARRATIEF?	78
4.3.1. Die siening van Paul Ricoeur	80
4.4. WAARDEUR WORD DIE SKEP EN OORDRA VAN DIE NARRATIEF BEÏNVLOED?	82
4.4.1. Kultuur	82
4.4.2. Sosiale omstandighede	83

	<b>BL</b>
4.4.3. Konteks	83
4.4.4. Populêre herinnerings	83
4.4.5. Die verlede	84
4.4.6. Ander narratiewe	84
4.4.7. Eienskappe van die <i>self</i>	85
4.4.8. Die groep en die gemeenskap	85
4.4.9. Taal	85
4.4.5. FUNKSIES	86
4.5.1. Skepping en herskepping van die <i>self</i> en die wêreld	86
4.5.2. Groepsverbintenisse	87
4.5.3. Oordra van waardes	88
4.6. VERBAND MET DIE IDENTITEIT VAN DIE ADOLESSENT	89
4.7. SLOT	92
<b>HOOFSTUK 5      TEKSONTLEDING</b>	<b>93</b>
5.1.    INLEIDING	93
5.2.    METODE VAN DATA-INSAMELING	94
5.3.    MODEL VAN ONTLEDING	96
5.4.    TEKSANALISE	98
5.4.1. Inhoud	99
5.4.1.1. Identiteit	99
a) Identiteitsmerkers	99
b) Vlakke van identiteit en simbole, helde, rituele en waardes	108
c) Struktuur van identifikasie	116
5.4.1.2. Hibriditeit	117
5.4.1.3. Liminaliteit	118
a) Skeidingsrites	119
b) Rites van inkorporering	119
c) Oorgangsrites	120
5.4.1.4. Ruimte	121
a) Huidige ruimte	122
b) Ruimte waarna die adolessent streef	126
c) Tussenin-ruimte	128

	<b>BL</b>
5.4.1.5. Grense	130
a) <i>Ons teenoor hulle</i>	130
b) Konteks, tradisies en narratiewe	132
c) Ankerloosheid	132
d) Simboliese grense	133
e) Sosiale grense	134
f) Etniese grense	135
5.4.1.6. Temas	136
5.4.1.7. Konteks	137
5.4.2. Narratiewe vorm	137
5.4.2.1. Verhale	137
5.4.2.2. Opstelle	139
5.5. SLOT	140
<b>HOOFSTUK 6      LEESONDERSOEK</b>	<b>142</b>
6.1. INLEIDING	142
6.2. METODE VAN ONDERSOEK	145
6.3. LITERATUUR- EN BRONONTLEDING	146
6.3.1. Hoekom adolessente lees	147
6.3.2. WAT adolessente lees	150
6.3.3. Wie is die lesers	155
6.4. LOODSSTUDIE: PROMOSA	156
6.5. LEESONDERSOEK	158
6.5.1. Demografiese en psigografiese profiel	158
6.5.2. Belangrikheid van lees as aktiwiteit	159
6.5.3. Leesvoor – en afkeure	163
6.5.4. Leesbehoefte	170
6.6. SLOT	172
<b>HOOFSTUK 7      SKEPPENDE WERK</b>	<b>176</b>
7.1. INLEIDING	176
7.2. EIE VERHALENDE TEKS	180
7.3. TERUGVOER EN EVALUERING	209
7.4. SLOT	214

<b>HOOFSTUK 8</b>	<b>GEVOLGTREKKING EN SLOT</b>	<b>BL</b>
		<b>215</b>
BYLAAG A		219
BYLAAG B		280
BIBLIOGRAFIE		287

## **FIGURE EN TABELLE**

### **TABELLE**

2.1.	Statistiese gegewens van Promosa, Potchefstroom (StatsSA, 2004)	20-21
2.2.	Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling	23
2.3.	Kohlberg se stadia van morele redeneervermoë	25-26
2.4.	Erikson se psigososiale stadia	27-28
3.1.	Wallman se vier-deel sosiale grensmatriks	58

### **FIGURE**

3.2.1.	Die vlakke van uniekheid in menslike programmering	40
3.2.2.	Hofstede se ui-diagram: manifestasies van kultuur	42
3.2.3.	Voorstelling van liminaliteit	50
4.3.1.	Teoretiese model van ontleding	96-98

# HOOFSTUK 1

## AGTERGROND EN KONTEKSTUALISERING

### 1.1. INLEIDING

Die lewe bestaan uit narratiewe: die individu konstrueer sy lewe as 'n storie, vertel dit aan ander, skep en herskep sy eie identiteit, en identifiseer met ander stories. Die ruimte waarin die individu leef, is deel van die lewenstorie. Op die grens tussen die verlede, hede en toekoms word nuwe en ou narratiewe verweef met mekaar. Mense hét nie net stories om te vertel nie, hulle is ook self stories. Randall (Whitebrook, 2001:22) stel:

A life has a beginning, a middle and end, like a story. A life is about someone, doing something, as is a story. A life has a main story in the middle of it, as a story often has. A life can be fraught with conflict, can be seen as manifesting a set of recurrent themes, and can even be divided into certain chapters – again, as can a story. A life is a sort of world within itself, as is a story.

Die lewens- en ander stories wat individue en gemeenskappe met mekaar deel, word bepaal en beïnvloed deur die era waarin die persone leef / geleef het. Hier is veral drie eras wat 'n rol speel (Stassen, 2003:6). Dit kan saamgevat word as die *logosfeer* (orale tradisie), die *grafosfeer* (liniêre geskrewe tradisie) en die *videosfeer* (visuele, vinnig-bewegende tradisie – byvoorbeeld televisie en film). Dit sal waarskynlik afhang van die gemeenskap waaruit 'n persoon kom, watter van bogenoemde die grootste invloed sal hê in die weergee van narratiewe.

Verder is dit nie net die narratiewe wat mense sêlf skep wat belangrik is in die proses van identiteitsvorming nie. Ook die stories waarmee hulle in boeke te doen kry, en waarmee hulle identifiseer, speel 'n rol in die konstruksie van identiteit. Volgens Whitebrook (2001:22) behels identiteit dat stories déúr en óór die self vertel word: stories wat die persoon aan ander oor homself vertel, en stories wat ander oor die persoon vertel, of stories waarin hy ingesluit word. Volgens haar is die fundamentele vraag HOE die *self* of die *ander* voorgestel word. Die individu word ook gevorm deur die geskrewe verhalende tekste of boeke waarmee hy identifiseer (vergelyk 4.6).

Die invloed van bogenoemde leeservaring word nie slegs deur die kwaliteit van die leesstof bepaal nie, maar ook deur dít wat die leser na die teks bring, naamlik die graad van leesvaardigheid, omstandighede van die leser, die leser se verhouding met die skrywer, verwagting (byvoorbeeld omslag, vorige boeke van die skrywer), agtergrondkennis en eie ondervinding, assosiasies en persoonlikheid (Spink, 1989:6-9).

Purves en Beach (1972:93) stel dat adolessente tot omtrent op graad 9-vlak hoofsaaklik lees vir genot en ontspanning – hierná verskuif die motivering vanaf lees vir ontspanning na lees om die *self* te verstaan (*identiteit*). As gevolg van verskillende redes, soos skoolwerk en sosialisering, word 'n afname in lees in dié ouderdomsgroep waargeneem.

In Suid-Afrika bestaan daar 'n leemte in fiksie deur skrywers vanuit opkomende<sup>1</sup> Afrikaanse gemeenskappe; geboekstaafde stories wat *gemeenskapseie* is (wat vir die gemeenskap maar ook deur lede van die gemeenskap geskep is). Veral op die gebied van jeugliteratuur is daar 'n behoefte aan gemeenskapseie fiksie. Die problematiek dra daartoe by dat daar 'n gebrek aan verhalende tekste is waarmee veral *adolessente* in sodanige gemeenskappe kan identifiseer, en dra verder by tot die afname in lees by hierdie adolessente. Een gemeenskap waar hierdie leemte bestaan, is die Afrikaanse gemeenskap van Promosa, Potchefstroom.

Die belangrikheid van lees as aktiwiteit kan nie onderskat word nie. Hoewel die geletterde wêreld vandag tot 'n groot mate deur visuele en elektroniese inligting beheer word, leef die mens steeds in 'n teksgebaseerde samelewing, waarin dit belangrik is om 'n vlot leser te wees ten einde sukses te behaal. Volgens Machet (2002:70) is die enigste wyse waarop 'n persoon 'n vlot leser kan word deur ekstensief te lees. Die stelling kan gemaak word dat daar verskeie Afrikaanse

---

<sup>1</sup> Ek is bewus daarvan dat die term *opkomend* deur sommige lesers as verkleinerend of beperkend beskou kan word. Ek verkies om dié term te gebruik, in stede van terme soos *agtergeblewe*, (*sogenaamd*) *voorheen benadeelde*, of *ontwikkelende gemeenskap*. As navorser is dit nie my doel om gemeenskappe of groepe van mekaar te onderskei op grond van ras, etnisiteit, of ander politiese gegewens nie. Die feit bly egter staan dat daar wél voor 1994 in Suid-Afrika sekere politiese en sosio-ekonomiese onderskeide was tussen gemeenskappe, en dat hierdie onderskeide vandag nog 'n impak het op verskeie terreine, waaronder literêre publikasies.

gemeenskappe binne Suid-Afrika is, waar daar vandag grootliks 'n gebrek aan 'n leeskultuur onder adolessente bestaan. Maar hoe kan 'n persoon ekstensief lees as daar nie 'n wye verskeidenheid tekste beskikbaar is nie, as daar inderdaad baie min toeganklike bronne is? En hoe sal 'n persoon wil lees as hy op geen wyse met 'n teks kan identifiseer nie, of die paradigma waarin dit geskryf is, totaal vreemd is vir die leser?

Adolessente en jong volwassenes het spesifieke leesbehoefte. Dit is bevestig deur verskeie internasionale lesersondersoeke (Simpson & Soares, 1965; Emans & Patyk, 1967; Purves & Beach, 1972; Samuels, 1989; Moffit & Wartella, 1992; Crago, 1993; Nodelman, 1996), asook deur 'n Suid-Afrikaanse leesondersoek deur die *Children's Literature Research Unit (CLRU)* van UNISA (Machet *et al.*, 1996) en 'n plaaslike ondersoek op klein skaal onder adolessente in Promosa, Potchefstroom (Combrink, 2003). Hierdie ondersoeke bevind dat adolessente veral in verhalende tekste belangstel waar hulle met die identiteit/e en ruimte/s kan identifiseer.

Identifisering met identiteit en ruimte in 'n verhalende teks behels binne die konteks van die studie meer as bloot die *herkenning* van sekere eienskappe in 'n karakter; die gevoel van *déjà-vu* as die leser gekonfronteer word met geografiese, kulturele of sosiale ruimtes in 'n verhalende teks. Hoewel hierdie konsepte deel uitmaak van identiteit, wil die studie méér ondersoek as die beleving van die adolessente se eie geslags- of generasie-identiteit in selfgeskrewe verhalende tekste, en word dit ook nie net beperk tot kollektiewe kulturele, politieke, etniese, godsdienstige of taalidentiteit nie. Die ondersoek wil hom veral ook bemoei met die soek na merkers van hibriditeit en grense, asook van liminaliteit, in verhalende tekste vanuit die teikengroep.

Die mens gaan deur verskeie lewenskrisisse in sy leeftyd. Die krisisse gaan dikwels gepaard met 'n fase van oorgang, waarvan die oorgang tussen kindwees en volwassenheid 'n tipiese voorbeeld is. Simbool van die oorgangsfase is oorgangsrites, wat van kultuur tot kultuur verskil (Van Gennep, 1960:2-3).

Inisiasierituele en *21ste verjaardagpartytjies* is tekenend van die oorgangsproses, die liminale fase waarin die adolessent, en dus van die teikengroep van die studie, is (sien 3.2.3.). Die konsep van liminaliteit kom ook aan die orde waar narratiewe

identiteit ter sprake is, en daar toegetree word tot die simboliese ruimte van die teks. Turner (1982) verwys na liminaliteit as die beweeg vanaf een simboliese ruimte na die volgende. In die konteks van die studie word die konsep veral toegepas op die beweeg vanaf werklike ruimtes en grense (of belewing van die werklikheid) na die simboliese ruimtes en grense binne 'n geskepte verhalende teks.

Jenkins (1996:24) stel dat die groepsidentiteit tipies oor die groepsgrens gevorm word. Volgens hom is grense deurlaatbaar, tog hou dit stand ten spyte van die deurvloei wat plaasvind. So word identiteit juis gekonstrueer in uitruilings wat oor grense heen plaasvind. Dit is in hierdie uitruilings wat 'n balans gevorm word tussen identifisering met die groep en kategorisering deur ander. Die teikengroep kan gesien word as 'n hibriede groep, wat oor verskeie grense leef en hul identiteit op verskeie vlakke konstrueer. Hulle beweeg as *adolescente* in 'n tussenin-werklikheid, tussen kindwees en die volwasse wêreld. Die kwessie van hibriditeit kan daarom nie buite rekening gelaat word in die navorsing van die teikengroep nie.

Hibriditeit het ook op 'n verdere vlak 'n invloed op die werklikheidsbeskouing van die adolessent in Promosa. Die bruin mense is in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika dikwels gesien as *grensmense*, 'n groep wat in die hibriede ruimte tussen kulture 'n eie nis moes vind, en dikwels slegs vervreemding ervaar het. As Afrikaanse taalgemeenskap is dit egter grootliks met die blanke Afrikaner se kultuur wat die bruin Afrikaner homself assosieer (Davids, 1995:1). Ook Simone (1995:4-26), Jansen van Rensburg (1992:261-275) en Zegeye (2001:108) skenk aandag aan die problematiek van die bruin identiteit binne 'n Suid-Afrika wat sosiaal en polities heelwat grensverskuiwings ondergaan het, waardeur nuwe ruimtes en nuwe liminale spasies tot stand gekom het. Davids (1995:1) en Giliomee (1995:10) skryf oor die bruin bevolking in die konteks van "amper twee eeue van verstoting deur mense met wie hulle 'n taal, godsdiens en kultuur – en selfs die naam Afrikaner – deel." Die kwessie van hibriditeit word in detail bespreek in Hoofstuk 3 (sien 3.2.2.).

Die grense waarvan Jenkins praat, is ook ter sprake in die vorming van groepsidentiteit onder die adolessente van Promosa. Hierdie identifiseringsproses word deur Hall (2000:47-48) beaam, wanneer hy sê dat die identiteit van die individu of die groep 'n *dubbele diskoers* is, dat daar 'n *ander* nodig is waarteen die *self*

geplaas kan word. Kategorisering is deel van identifikasie, en volgens Hall kom die spieëling van die *self* teen die *ander* baie sinvol tot uiting in verhalende tekste, hetsy geskrewe of mondeling. Verder stel Hall (2000:49) dat identiteit dikwels bestaan in die simbolisering daarvan (bv. die simbool van tee wat gekoppel word aan die Britse identiteit), en dat identiteit altyd gedeeltelik 'n narratief is, 'n tipe voorstelling. Identiteit is nie iets wat op eksterne wyse gevorm word, en dan word daar stories oor vertel nie. Dit is dié deel wat diep uit die individu self kom.

Dit is vir elke individu belangrik om te identifiseer (Bloom, 1990:53). Aangesien die teikengroep van die studie die adolessente<sup>2</sup> van Promosa is, is hierdie identifisering van kardinale belang. Volgens Hofstede (1991:4-6) vind identifisering op verskeie vlakke plaas, waarvan elkeen 'n belangrike rol speel in die teikengroep se individuele en kollektiewe selfbeleving. Hy meen verder dat elke persoon *geprogrammeer* is om die werklikheid op 'n sekere manier te *prosesseer*. Die *programming* vind op die vlak van persoonlikheid, kultuur, en menslike aard plaas. Die spesifieke groep sal ook verhalende tekste op grond van bogenoemde *programming* op 'n eie wyse *prosesseer*, en daarmee identifiseer of nie.

Met die leemte aan *gemeenskapseie* verhalende tekste uit sommige Afrikaanse gemeenskappe voor oë, is dit die hoofdoel van die studie om 'n jeugnovelle te skep wat die adolessente van Promosa as primêre teikengehoor het (en moontlik adolessente uit ander Afrikaanse gemeenskappe as sekondêre gehoor). In die skep van die teks is daar verskeie aspekte van ruimte en identiteit (waaronder hibriditeit, grense en liminaliteit) wat aandag moet geniet. Skeppingselemente soos karakter, plasing (ruimte en tyd) en plot behoort binne 'n unieke raamwerk moontlikhede te skep vir die uitbeelding van 'n spesifieke ruimte en identiteit. Taal as skeppingsmedium behoort ook op 'n eiesoortige en *gemeenskapseie* wyse aangewend te word, sonder om die moontlikhede van die verhaal te beperk.

Uit 'n skryfkundige perspektief kan so 'n studie van veel waarde wees: vir die potensiële skrywer in die opkomende Afrikaanse gemeenskap kan dit dien as

---

<sup>2</sup> Die teikengroep is die *adolessente* van Promosa. Die skepping van tekste (Hoofstuk 5) en die leesondersoek (Hoofstuk 6) is uitgevoer onder *hoërskoolleerders* in die gemeenskap, waarvan nie almal meer as adolessente gesien kan word nie, aangesien sommige leerders tussen 20 en 22 is. Die teikengroep van die jeugverhaal (Hoofstuk 8) is egter spesifiek die ouer *adolessent* (16-20 jaar).

aansporing om *inheemse* verhalende tekste die lig te laat sien, en sodoende hul “stemme te laat hoor”. Die studie kan ook dien as basis vir die ontwikkeling van ‘n teorie met betrekking tot die uitbeelding van ruimte en identiteit in *gemeenskapse* verhalende tekste. Uiteindelik kan die studie ook ‘n bydrae lewer tot die bemagtiging van ‘n gemeenskap – ‘n gemeenskap van potensiële lesers, maar ook potensiële skrywers.

Ek wil in die navorsing vasstel hóé gemeenskappe bemagtig kan word om hul stemme te laat hoor, hul eie stories te vertel. Ek wil ook tydens die studie poog om mense te begelei in die skep van ‘n eie verhalende teks, en moontlikhede ondersoek om ook sêlf as buitestander ‘n *gemeenskapse* jeugnovelle te skep. Dis met hierdie doel voor oë dat die identiteit en ruimte van die adolessent in Promosa onder die soeklig geplaas word in die studie. Hoewel hipoteties gestel kan word dat merkers van identiteit en ruimte wel in die teikengroep se verhalende tekste behoort voor te kom, kan die adolessent in Promosa se totale identiteit en ruimte nie in hierdie verhalende tekste vervat word nie. Die studie beroem hom ook nie op ‘n volledige of finale kennis van die teikengroep se identiteit en ruimte nie. Die adolessente se eie tekste is slegs één manier om iets te leer van hul identiteit en ruimte. Die feit dat die konstrakte nie vas is nie, maar daaglik groei en ontwikkel, beteken dat die studie net ‘n klein blik op die teikengroep se ruimte en identiteit kry op ‘n gegewe tyd.

Indien ‘n *buitestander*, ‘n persoon wat nie self deel vorm van die gemeenskap, en bekend is met die identiteit/e en ruimte/s van die inwoners nie, ‘n verhalende teks wil skryf vir adolessente in die gemeenskap, behels dit dat in-diepte navorsing gedoen behoort te word oor die identiteit/e en ruimte/s van die teikengroep. Dit sluit in die ervaring van hibriditeit, grense en liminaliteit in die leefwêreld van die adolessent. Verdere ondersoek sal ook gedoen moet word na leespatrone en -behoefte van die teikengroep.

Die algemene navorsingsvraag wat die studie wil beantwoord, is: **Hoe word identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense deur adolessente in Promosa, Potchefstroom, in geskrewe verhalende tekste vergestalt, en kan hierdie voorstelling lei tot die skep van ‘n jeugnovelle deur ‘n *buitestander*, wat**

**gebaseer is op sodanige beleving, sodat eie tekste vir die gemeenskap daargestel word?**

Sekondêre navorsingsvrae:

Die sekondêre navorsingsvrae wat in die studie beantwoord sal word, is die volgende:

- 1.1. Wie is die teikengroep?
- 1.2. Hoe word 'n eie identiteit gedurende adolessensie gevorm?
- 1.3. Wat is die invloed van die narratief in die identiteitsvorming van die individu?
- 1.4. In watter mate kan die bestudering van konsepte soos identiteit, ruimte, liminaliteit, hibriditeit en grense daartoe bydra om 'n geskikte teks vir die teikengroep te skep?
- 1.5. Kan die identiteit en ruimte van 'n spesifieke gemeenskap só getrou deur 'n *buitestander* in 'n jeugnovelle vergestalt word, asook in tekste deur gemeenskapslede sêlf, dat die adolessente in die gemeenskap daarmee identifiseer en dit lees?
- 1.6. In watter mate het publikasies, spesifiek jeugpublikasies, deur bruin skrywers in Suid-Afrika al verskyn?
- 1.7. Wat is die leesgewoontes en –behoefte van die hoërskoolleerders van Promosa?
- 1.8. Hoe beleef die jong Afrikaanse taalgemeenskap van Promosa hul identiteit en ruimte en watter rol speel hibriditeit en liminaliteit in die vorming van hul identiteit?
- 1.9. Watter skryfteoretiese beginsels behoort toegepas te word by die skep van 'n teks vir die adolessente van Promosa.

## **1.2. DOELSTELLINGS**

### **1.2.1. Algemene doelstelling**

Die algemene doelstelling van die studie is om *self* 'n jeugnovelle te skep en ook die skep van verhalende tekste deur adolessente van Promosa te bevorder, sodat *gemeenskapseie* tekste tot stand sal kom waarmee die adolessente sal identifiseer en wat hulle sal lees.

### 1.2.2. Spesifieke doelstellings

Die navorsing het die volgende spesifieke doelstellings:

- a) Om die teikengroep duidelik te omskryf.
- b) Om te bepaal hoe 'n eie identiteit gedurende adolessensie gevorm word.
- c) Om vas te stel wat die invloed van die narratief is in die identiteitsvorming van die individu.
- d) Om te bepaal in watter mate die bestudering van konsepte soos identiteit, ruimte, liminaliteit, hibriditeit en grense daartoe kan bydra om 'n geskikte teks vir die teikengroep te skep.
- e) Om vas te stel of die identiteit en ruimte van 'n spesifieke gemeenskap só getrou deur 'n *buitestander* in 'n jeugnovelle vergestalt kan word, asook in tekste deur gemeenskapslede sêlf, dat die adolessente in die gemeenskap daarmee identifiseer en dit lees.
- f) Om aan te dui in watter mate publikasies, spesifiek jeugpublikasies, deur bruin skrywers in Suid-Afrika al verskyn het.
- g) Om ondersoek in te stel na die leesgewoontes en –behoefes van die hoërskoolleeders van Promosa?
- h) Om te bepaal hoe die jong Afrikaanse taalgemeenskap van Promosa hul identiteit en ruimte beleef en watter rol hibriditeit en liminaliteit in die vorming van hul identiteit speel.
- i) Om vas te stel watter skryfteoretiese beginsels toegepas behoort te word in die skep van 'n teks vir die adolessente van Promosa.

### 1.3. **SENTRALE TEORETIESE STELLING**

Dit is moontlik om *self* 'n jeugnovelle te skep en ook om die skep van verhalende tekste deur adolessente van Promosa te bevorder, sodat *gemeenskapseie* tekste tot stand sal kom waarmee die adolessente sal identifiseer en wat hulle sal lees.

### 1.4. **METODE VAN ONDERSOEK**

#### 1.4.1. Breë raamwerk

Die Vakgroep Skryfkuns van die Skool vir Tale, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, het in 2004 'n gemeenskaps- en navorsingsprojek van stapel gestuur. Dit is genoem *Om die wêreld oop te skryf: Boeke uit die gemeenskap*. Dié projek het deel gevorm van die letterkunde subprogram, *Suid-Afrika: Ruimte en identiteit in*

*plaaslike en globale kontekste, wat val binne die navorsingsfokusarea Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks.*

Die hoofdoel van die projek was om lees, en veral skryf, onder die Afrikaanse gemeenskap van Promosa, Potchefstroom, te bevorder. Verskeie segmente van die gemeenskap, naamlik laerskoolkinders, hoërskoolkinders, volwassenes en bejaardes is betrek by stories, storievertel, lees, skryf en boekmaak.

Die projek is in verskillende fases aangebied: By Promosa Primêr het graad 6-leerders deelgeneem aan boekmaak- en storieskryfsessies. 'n Skryfkompetisie het aan leerders van Promosa Sekondêr die geleentheid gegee om hulle stories te deel. Dit is opgevolg met 'n skryfkursus vir jong skrywers wat deur die ATKV-Skryfskool aangebied is. By die Dienssentrum vir Bejaardes is 'n storieverteldag aangebied. Opnames van die vertellings is later getranskribeer terwyl van die bejaardes ook self hulle stories neergeskryf of laat opteken het.

Hierna het verteenwoordigers uit die verskillende projekte 'n Boekmaakwerkswinkel by die universiteit bygewoon. Tydens die werkswinkel is stories uitgesoek, tekste geredigeer, illustrasies gemaak en oor die samestelling, ontwerp en titel van die bundel (*Die soetsuur lemoen: hartseer en geluk van Promosa*) besluit.

Die huidige studie het óók die gemeenskap van Promosa, as opkomende Afrikaanse gemeenskap, en spesifiek die adolessente in die gemeenskap, as teikengroep. Verhalende tekste wat reeds in bogenoemde projek deur die adolessente in die gemeenskap geskep is, is vir die doel van die studie aangewend.

#### 1.4.2. Uitgangspunte

##### a) Benadering

Triangulasie<sup>3</sup> het 'n belangrike rol gespeel in die studie. Die navorsing is 'n vermenging van die positivistiese en interprevistiese benaderings en die Kritiese

---

<sup>3</sup> Frey *et al.* (1991:14) beskou triangulasie as die proses waartydens verskillende navorsingsmetodes gebruik word om konsekwente resultate te verseker, wat 'n meer effektiewe basis vorm vir die beskrywing, verduideliking, interpretasie, voorspelling, beheer en kritisering van 'n kommunikasieproses of gebeurtenis, eerder as die gebruik van een navorsingstegniek wat slegs een resultaat lewer.

Sosiale Teorie. Die analisering van verhalende tekste is vanuit die interpretivistiese benadering gedoen; dit het ten doel om die identiteit en ruimte van die teikengroep beter te begryp. Hier is 'n hermeneutiese benadering gevolg. Die leesondersoek is weer vanuit 'n positivistiese hoek benader, ten einde die data wat ingesamel is, te analyseer. In die skep van 'n jeugnovelle wat moontlik deur die adolessente gelees sal word, was deelnemende aksie-navorsing (en die Kritiese Sosiale Teorie van Habermas) van krag. Hier was dit 'n kwessie van afbreek- en opbouprosesse – die narratiewe wat deur die adolessente geskep is, is in 'n nuwe vorm weergegee.

#### b) Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Die studie is beide kwalitatief en kwantitatief van aard. Die kwalitatiewe deel van die studie sluit in 'n literatuurstudie en brontleding uit verskillende velde. Relevante bronne oor identiteit en ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense (sien Hoofstuk 3), asook lesersondersoeke (plaaslik, nasionaal en internasionaal – sien Hoofstuk 6), skryfteoretiese aspekte en die narratief (sien Hoofstuk 4) is geraadpleeg. Navorsing oor soortgelyke projekte en studies is hierby ingesluit. Inhoudsanalise is ook toegepas in die analise van geskepte verhalende tekste deur die teikengroep (Hoofstuk 5).

Kwalitatiewe inhoudsanalise van geskepte verhalende tekste het soos volg plaasgevind: Die inhoud is sistematies geklassifiseer en beskryf volgens sekere kategorieë of merkers wat uit die teorie bepaal is (sien Hoofstuk 2). Die studie maak in hierdie hoofstuk (Hoofstuk 5) van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik, omdat die doel van die navorsing nie hier is om statistiese gevolgtrekkings te maak nie. Daar word ook met mense (individueel en in groepe) gewerk, en nie bloot met situasies of statistieke nie.

Die ondersoek na die leesgewoontes en –behoefte van die adolessent in Promosa (Hoofstuk 5) is statisties van aard. Die data is deur middel van vraelyste ingesamel wat statisties verwerk is.

#### c) Deelnemende aard van studie

Die navorsing is grootliks deelnemend van aard, aangesien die studie 'n skryfprojek aangepak het waarby die gemeenskap self betrokke moes wees. Inligting kon ook

nie versamel word sonder die hulp en betrokkenheid van die gemeenskap nie. 'n Deelnemende benadering tot navorsing behels mense se betrokkenheid in alle fases van 'n projek. Dit staan in direkte kontras tot die filosofie en praktyk van die

dominante paradigma waar die klem gelê word op kommunikasie wat beplan en georganiseer is, en wat geïmplementeer word met hulp van buite. Die mense wat voordeel trek is bloot passiewe ontvangers van 'n bestaande realiteit (Thomas, 1994:54).

'n Deelnemende benadering is 'n komplekse proses, waar die woord *proses* die kern is. Daar moet geluister word na wat mense sê, en die gemeenskap se opinie moet gerespekteer word. Wedersydse vertroue speel 'n groot rol. Die navorser moet ook nie die gemeenskap se vermoë om hulself en hul omgewing te ontwikkel, onderskat nie.

Dit is op die plaaslike gemeenskapsvlak wat probleme, bv. met betrekking tot lewenstoestand ondervind word. 'n Deelnemende model lê dan ook veral klem op die belangrikheid van die plaaslike gemeenskap se kulturele identiteit, en van demokratisering en deelname op alle vlakke.

Die studie is deelnemend in die sin dat inligting vanuit die gemeenskap self gebruik word om verandering te bewerkstellig. As navorser besef ek die belangrikheid daarvan dat die gemeenskap se identiteit behoue moet bly, en ek het gepoog om die teikengroep se betrokkenheid op verskillende vlakke te behou.

Die Promosa Sekondêre Skool is genader om deel uit te maak van die navorsing. Hiervoor is 'n aantal leerders vanaf graad 7 tot matriek gebruik. Dit sluit in Afrikaans eerstetaal- en tweedetaalgebruikers, tussen die ouderdomme van 13 en 20. Die navorsing werk op grond van vrywillige deelname; daar is egter ook vraelyste voltooi nadat steekproewe getrek is (sien Hoofstuk 6). Daar is besluit om adolessente te gebruik in die navorsing, aangesien die studie juis ten doel het om lees en skryf onder die adolessente van Promosa te bevorder.

d) Afbakening van teikengroep

Die studie het as uitkoms om skryf (en lees) onder die *Afrikaanse* gemeenskap van Promosa te bevorder. Hoewel die hoofspreektaal in die gebied volgens *StatsSA* (2001) steeds Afrikaans is, het die taalsamestelling in die gemeenskap die afgelope jare in so 'n mate verander dat feitlik die helfte van die Promosa Sekondêre Skool se leerders tans uit nie-Afrikaanssprekers bestaan. Om hierdie rede is ook die Afrikaans-tweedetaalleerders betrek by die navorsing. Die studie wil ook die lees van Afrikaanse boeke onder hierdie leerders bevorder, en dit is dus relevant om van hulle behoeftes kennis te neem.

e) Deelnemende waarneming

Voordat die studie 'n aanvang geneem het, het ek reeds vir vier jaar as deelnemende waarnemer onder adolessente in Promosa gewerk. As streeksprojekleier van die *Karos & Kambro Jeugontwikkelingsprojek* (2000-2004) kon ek 'n vertrouensverhouding bou met 'n groep van 25 adolessente in Promosa. *Karos & Kambro* is deel van 'n landswye projek, waarvan die fokus gemarginaliseerde jongmense in Suid-Afrika is. Die projek werk in landelike sowel as stedelike areas veral onder adolessente. Deur die uitvoerende kunste as voertuig te gebruik, word gepoog om die adolessente wat betrokke by die projek is in veral drie areas te help ontwikkel, naamlik lewensvaardighede, leierskap en potensiaalontwikkeling. In Promosa betrek *Karos & Kambro* 25 adolessente tussen die ouderdomme van 14 en 20. Die afgelope vier jaar is verskeie aktiwiteite met die groep meegemaak. Dit sluit in: 'n toer na die Klein Karoo Nasionale Kunstefees en die see, ten minste drie naweekkampe jaarliks (die fokus hiervan is opleiding en spanbou), en byeenkomste van twee uur lank drie maal per week. Tydens die byeenkomste is produksies ingestudeer, vaardighede aangeleer, en *kleingroepsessies* gehou.

Ek het in hierdie vier jaar die geleentheid gehad om in 'n deelnemende hoedanigheid betrokke te wees by adolessente in Promosa. Sodoende kon ek 'n aantal adolessente in die gemeenskap op persoonlike vlak leer ken. Dit was byvoorbeeld moontlik om op gereelde basis waarnemings te maak ten opsigte van die adolessente se spesifieke en unieke taalgebruik. Ek het ook waarnemings gemaak met betrekking tot die sosio-ekonomiese en maatskaplike ruimte waarbinne die adolessente leef. Hierdie waarnemings is tydens die studie geverifieer deur middel

van die adolessente se eie verhalende tekste (Hoofstuk 5) en die leesondersoek (Hoofstuk 6).

#### 1.4.3. Verloop van navorsing

##### a) Literatuur- en bronontleding

'n Literatuurstudie is onderneem met die doel om relevante inligting te versamel oor die agtergrond van Promosa en die bruin Afrikaner, skryfprojekte in gemeenskappe, leesondersoeke, die narratief, skryfteorie en filosofiese konsepte soos identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense.

##### b) Situasie-analise

My eerste oogmerk met die studie was om vas te stel hoe die situasie tans daar uitsien met betrekking tot die skryf en publiseer van boeke uit opkomende gemeenskappe. Verder het die analise ook ingesluit die versameling van agtergrondgegevens oor Promosa as gemeenskap (demografies en psigografies), en die teikengroep spesifiek, asook van die bruin Afrikaanse taalgemeenskap oor die algemeen. Ek het reeds in 2003 'n elementêre leesondersoek in Promosa gedoen as agtergrond tot die studie; die teikengroep was ook adolessente en daar is gebruik gemaak van vraelyste en opvolgonderhoude. 'n Verdere leesondersoek is in opvolg hiervan gedoen as deel van die situasie-analise om in meer diepte vas te stel wat die leesgewoontes en –behoefte is van die spesifieke teikengroep. Laasgenoemde leesondersoek word in Hoofstuk 6 weergegee.

##### c) Skep van verhalende tekste deur teikengroep

Verhalende tekste is deur lede van die gemeenskap geskep (sien Hoofstuk 5 en Bylaag A). Die hele gemeenskap is nie betrek nie, aangesien die teikengroep van die studie die adolessente van Promosa is. Genoemde tekste is deur die *adolessente* in die gemeenskap geskep. Die tekste het hoofsaaklik van prosa as genre gebruik gemaak, met die doel om outobiografiese tekstmateriaal op 'n verskeidenheid maniere te genereer. Dit het stelwerkopdragte by die skool en 'n skryfkompetisie ingesluit. Hierbenewens het 'n skryfkursus, aangebied deur die ATKV-Skryfskool, verdere verhaalt tekste as uitkoms gehad. Die metode waarvolgens tekste versamel is, word in Hoofstuk 5 in detail bespreek.

d) Teksanalise

Die verhalende tekste wat geskep is, is vervolgens deur die navorser ontleed ten einde vas te stel of daar binne die tekste merkers gevind kon word wat dui op 'n sekere identiteit/e en ruimte/s, en hoe dit deur die individu beleef word. Vir sodanige teksanalise, is daar sekere kriteria vasgestel, en 'n meetinstrument ontwikkel vir konsekwente meting (Hoofstuk 3). Op dié manier behoort daar 'n mindere mate van subjektiwiteit te wees, en kon betroubaarheid en geldigheid gehandhaaf word.

e) Skep van eie teks

Na afloop van die teksanalise, is 'n 'n jeugnovelle geskep, gegrond op die merkers gevind in die teikengroep se verhalende tekste.

f) Terugvoer na gemeenskap en evaluering

Een van die belangrikste stappe in die navorsingsproses was die terugvoer aan die gemeenskap. Dit het op twee bene berus:

a) Die teikengroep is voortdurend geken in die skep van 'n die jeugnovelle deur die navorser *self*,

b) 'n Kontrolegroep is betrek by die onafhanklike evaluering van die voltooide verhaal. Die kontrolegroep het bestaan uit adolessente tussen 16 en 20 jaar van die Promosa Sekondêre Skool. Hulle het nie deelgeneem het aan die tweede leesondersoek óf die skep van eie verhalende tekste nie. Die evalueringsgroep het 'n paneel van onafhanklike keurders gevorm en het bepaal of die jeugnovelle wat deur die navorser geskep is, voldoen aan die vereistes wat in die studie daarvoor vasgestel is (sien Hoofstuk 7).

Die evaluering van die teikengroep is verkry deur voortdurend in gesprek te wees met adolessente in Promosa, en hulle menings te vra oor die selfgeskepte teks. Dit is deur middel van persoonlike gesprekke gedoen. Op meer formele vlak is terugvoer verkry deur vraelyste, wat aan die keurders die geleentheid gebied het om hul opinies op anonieme wyse op skrif te stel.

## **1.5. HOOFSTUKINDELING**

Hoofstuk 1 het ten doel om 'n breë agtergrond en probleemstelling vir die studie te stel. Hierbinne word die raamwerk vir die teoretiese begronding daargestel, asook

agtergrond gegee oor die studie. Die algemene navorsingsvraag en spesifieke navorsingsvrae vloei hieruit voort. Doelstellings word geformuleer; 'n sentrale teoretiese stelling word gegee, en daar word ook 'n beskrywing gegee van die navorsingsmetode wat gevolg gaan word.

In Hoofstuk 2 word die teikengroep van die studie, naamlik die adolessente van Promosa, Potchefstroom, duideliker omskryf. Daar word veral op sielkundige vlak gekyk na die algemene ontwikkeling van die adolessent, ten einde die aard van die teikengroep beter te verstaan. Dis eers wanneer 'n goeie begrip gevorm is van die teikengroep, dat die *buitestander* kan oorgaan tot die skep van 'n jeugnovelle vir hierdie lesersmark.

Hoofstuk 3 gaan voort om die fondasie van die studie te lê. Hier word die filosofiese onderbou van die studie geformuleer. Die begrippe identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense geniet aandag en word in diepte bespreek. Daar word ook 'n breë agtergrond gegee oor die publikasies (fiksie) wat reeds uit die pen van bruin skrywers in Suid-Afrika gekom het, spesifiek ook jeugboeke.

Die kern van die studie is die narratief, en die narratiewe identiteit van die adolessent in Promosa. Daarom fokus Hoofstuk 4 op die bespreking van die narratief, en die rol wat dit speel in die teikengroep se identiteits- en ruimtebeleving.

'n Belangrike deel van die teikengroep se narratiewe identiteit kan bepaal word deur die analise van tekste wat deur hulleself geskep is. In Hoofstuk 5 word sodanige analise gedoen, met die doel om merkers van die identiteit en ruimte van die adolessent in Promosa te vind. Uit die tekste kan ook inligting verkry word oor die adolessent se beleving van hibriditeit, liminaliteit en grense. Al hierdie inligting word aangewend in die skryf van 'n jeugnovelle vir die teikengroep.

Voordat 'n verhaal geskep kan word wat deur die adolessente van Promosa gelees en geniet sal word, en waarmee hulle sal identifiseer, is dit nodig om vas te stel wat hulle leesgewoontes en leesbehoefte is. In Hoofstuk 6 word verslag gedoen van 'n aantal nasionale en internasionale leesondersoeke onder adolessente, en die

verband daarvan met die Promosa-ondersoek. Die bevindings van 'n leesondersoek wat onder hoërskoolleerders in Promosa gedoen is, word ook gegee.

In Hoofstuk 7 word die jeugnovelle weergegee wat geskep is met die teikengroep se leesbehoefes voor oë. Dit is die praktiese toepassing van die kennis wat deur die loop van die studie verwerf is oor die teikengroep se sielkundige ontwikkeling (en groepsidentiteit), leesgewoontes en leesbehoefes, en beleving van identiteit en ruimte (waaronder hibriditeit, liminaliteit en grense) soos uitgedruk in selfgeskepte verhalende tekste. Die doel van die jeugnovelle is om al hierdie onderliggende kennis te vervaar, en so te vergestalt dat die adolessent in Promosa daarmee kan identifiseer. 'n Sekondêre doelwit is die aanmoediging van lees onder die adolessente in die gemeenskap.

In Hoofstuk 8 word die gevolgtrekkings waartoe in die studie gekom is, gegee. Aanbevelings word ook gemaak ten opsigte van moontlike verdere studie.

# HOOFSTUK 2

## TEIKENGROEP

### 2.1. INLEIDING

Die teikengroep van die studie is die adolessente van Promosa. Die uiteindelijke doel van die navorsing is om 'n jeugnovelle te skep waarmee die teikengroep kan identifiseer, en wat in hulle spesifieke leesbehoefes kan voorsien. Daarom is dit baie belangrik om die teikengroep te ken en te verstaan, voordat enigsins gepoog word om so 'n teks te skep. Adolessensie is 'n komplekse stadium in die ontwikkeling van elke individu. Daarom geniet die rol wat adolessensie op psigologiese vlak in die lewe van die individu speel in Hoofstuk 2 voorkeur.

In die hoofstuk word hoofsaaklik gebruik gemaak van Louw (2003:476-493) se siening en beskrywing van die adolessent. Daar word egter ook aandag geskenk aan die breër agtergrond van die teikengroep. Die adolessent as leser word nie in die hoofstuk bespreek nie, maar geniet in Hoofstuk 6 in diepte aandag.

Adolessensie is die ontwikkelings stadium wat tussen die kindertydperk en volwassenheid val. Gedurende hierdie tydperk vind ingrypende veranderings plaas in die individu (Louw, 2003:476). Die veranderings het nie net te make met liggaamlike ontwikkeling nie, maar ook met die adolessent se ontwikkeling van kognitiewe vaardighede, sosialisering en die manier waarop hy homself sien. Gedurende hierdie fase bereik die soeke na identiteit, en die plasing van die *self* teenoor die *ander* 'n hoogtepunt (sien 3.2.1.; 4.6.; asook Kroger, 1989:6).

Volgens Louw (2003:476) is dit hierdie veranderings wat daartoe gelei het dat sielkundiges soos Stanley Hall en Sigmund Freud die adolessente fase beskryf het as die *storm-en-drangjare*. Die biologiese veranderings by die adolessent lei volgens hulle tot verhoogde emosionaliteit, konflik en uitdagendheid.

Die adolessent se kulturele en sosiale omgewing speel 'n belangrike rol in die vorming van sy gedrag en ervaring. Verskillende kulture sien en hanteer adolessensie verskillend. Tydens adolessensie is daar 'n wisselwerking tussen biologiese veranderings wat universeel voorkom en die kultuur waarin die individu ontwikkel.

Die kultuur, leefwêreld en gemeenskap waaruit die adolessent kom, beïnvloed die rites van oorgang wat met adolessensie gepaardgaan. Elke afsonderlike deel van die adolessent se ontwikkeling, hetsy kognitief, moreel, sosiaal, emosioneel en ontwikkeling van persoonlikheid, word deur sy leefwêreld geaffekteer. Dit geld ook vir die ontwikkeling van leesvaardighede.

Net soos die adolessent as kind taalvaardighede en die vermoë om te praat, aanleer, leer hy/sy ook om te lees. Die kind moet eers meganiese leesvermoë ontwikkel voordat 'n storie self gelees, waardeur en geniet kan word. In Hoofstuk 6 sal ondersoek ingestel word na die leesvaardighede van die adolessent in Promosa.

Die navorsingsvraag wat derhalwe in hierdie hoofstuk aangespreek sal word, is die volgende: **Wie is die teikengroep?**

Vrae wat hieruit voortvloei, is:

- Hoe lyk die teikengroep se demografiese en psigografiese omgewing?
- Hoe lyk die adolessent se unieke fisiese, kognitiewe, morele, sosiale, emosionele en persoonlikheidsontwikkeling?
- Watter rol speel die adolessent se verhouding met sy ouers/portuurgroep en die teenoorgestelde geslag in die vorming van sy identiteit?
- Watter rol speel die adolessensietydperk as geheel in die vorming van 'n eie identiteit?

Die doel van die hoofstuk is om die teikengroep te omskryf in terme van die lewensfase waarin hulle is, naamlik adolessensie. Dit sal gedoen word deur te kyk na die teikengroep se demografiese en psigografiese gegewens, en hul ontwikkeling op fisiese, kognitiewe, morele, sosiale, emosionele en persoonlikheidsvlak. Verder sal die rol van die adolessent se verhouding met sy ouers, die portuurgroep en die

teenoorgestelde geslag bespreek word, asook die wisselwerking tussen adolessensie en identiteitsvorming.

#### Die breë konteks

Die hoofstuk het ten doel om die teikengroep te definieer en te omskryf. Dit behoort by te dra tot beter begrip van die teikengroep. Verdere inligting oor die adolessent in Promosa sal deur die loop van die studie versamel word. Dit sal spesifiek betrekking hê op hul leesgewoontes en -behoefes, asook die wyse waarop hul identiteit en ruimte in hul eie verhalende tekste na vore kom.

## **2.2. DIE TEIKENGROEP SE KULTURELE EN SOSIALE OMGEWING**

Louw (2003:476) stel dat die adolessente periode – die stadium tussen kindwees en volwassenheid – in die meeste kulture erken word. In party kulture is hierdie 'n kort periode, omdat individue reeds as tieners volwasse rolle inneem, trou en met 'n gesin begin. In Westerse geïndustrialiseerde gemeenskappe word gewoonlik jare spandeer aan opleiding voordat 'n individu sosiaal en ekonomies as volwasse beskou word. In hierdie kulture kan die adolessente fase redelik uitgerek word. In baie gemeenskappe (waarvan Promosa een is), kan adolessensie strek van elfjarige ouderdom tot die vroeë twintigerjare.

Die oorgang na volwassenheid word gewoonlik deur rituele gekenmerk (sien die bespreking van liminaliteit in 3.2.3.). Die Joodse Bar-Mitzvah vind gewoonlik op twaalfjarige ouderdom plaas, wat 'n voorbeeld is van hoe vroeg die oorgang na volwassenheid kan plaasvind. Aan die ander kant is daar die Westerse *21ste verjaarsdagviering*, wat simbool is van adolessente se volwassewording in die Westerse samelewing. In sekere Afrika-kulture word die oorgang na volwassenheid gekenmerk deur die bywoning van 'n inisiasieskool, waar jongmans deur ervare volwassenes blootgestel word aan die oorlewings en tradisies van hulle kultuur. Gedurende hierdie tydperk kan individue van die res van die gemeenskap afgesonder word. Die rituele wat aan die einde van die opleidingsperiode plaasvind, dui die aanvaarding van die individu as volwassene aan, aldus Mwamwenda (Louw, 2003: 476).

Die adolessent in Promosa word nie aan spesiale rituele onderwerp om die oorgang na volwassenheid te vier nie. Die enigste sodanige ritueel is die Westerse 21ste verjaardagviering, waartydens daar soms seremonieel 'n sleutel aan die individu oorhandig word, wat dan die "oopsluit van die toekoms" simboliseer.

Tog hét die leefwêreld van die teikengroep 'n invloed op hulle identiteit. Die manier waarop 'n gemeenskap met sy adolessente omgaan is 'n groot faktor in hulle ontwikkeling. Dit sluit volgens Garbarino (1985:429) in die geleentheid en risiko's wat die gemeenskap aan adolessente bied, die houding van die gemeenskap teenoor jongmense, en die algemene konteks van ontwikkeling wat dit aan lede bied. Dit wat gebeur in die gemeenskap, in interaksie met ervarings in die gesin, vorm die ervaring van adolessensie.

Die gebied Promosa is ongeveer 8 kilometer ten weste van Potchefstroom, in die Noordwesprovinsie geleë. Die gebied het in 1969 tot stand gekom, as tradisioneel "Kleurling"-gebied. Die meerderheid inwoners was tydens 'n 2001-sensusopname (StatsSA, 2004:1) steeds bruin, met swart inwoners in die tweede plek.

Vervolgens word sekere demografiese en psigografiese statistiek (StatsSA, 2004) gegee, wat van belang is in die omskrywing van die teikengroep:

	1996	2001	% Verandering
<b>Inwoners</b>	6 683	10 094	47.08
<b>Aantal huishoudings</b>	1 490	2 487	66.91
<b>Formele Huishoudings</b>	1 060	1 413	33.30
<b>Informele Huishoudings</b>	378	1 056	179.37
<b>Geen skoolopleiding</b>	520	642	23.46
<b>Matriek behaal</b>	460	1 236	168.70
<b>Hoërskool</b>	1 680	2 532	50.71
<b>Persone wat werk</b>	1 961	2 613	33.25
<b>Werkloosheid</b>	827	1 935	133.98

	1996	2001	% Verandering
<b>Taalgebruik: Afrikaans</b>	5 228	6 357	21.60
: Setswana	1 053	2 415	129.34
: IsiXhosa	185	444	140.00
: Sesotho	237	687	189.87
<b>Persone wat ongetroud saamwoon</b>	312	882	
<b>Meer as 5 persone p/huishouding</b>	622	831	
<b>Water in erf</b>	489	1 554	217.79
<b>Elektrisiteit</b>	682	1 938	184.16
<b>Spoeltoilet</b>	1 200	1 719	43.25
<b>Huistelefoon &amp; Selfoon</b>	379	618	0.53
<b>Gebruik openbare telefoon</b>	654	1 080	65.14

Tabel 2.1. Statistiese gegewens van Promosa, Potchefstroom (StatsSA, 2004)

Die teikengroep se sosiaal-ekonomiese leefwêreld, kan op grond van bogenoemde gegewens as volg geïnterpreteer word:

- Promosa het in 2001 'n inwonertal van 10 094, en 2 487 huishoudings gehad.
- Hoewel die formele huishoudings tussen 1996 en 2001 toegeneem het, is die opmerklikste groei te sien by die informele huishoudings, wat in dié tydperk met amper 200% toegeneem het. In 2001 was die aantal informele huishoudings feitlik gelyk aan dié aantal formele huishoudings wat in 1996 bestaan het. Die aanname kan gemaak word dat die informele behuising in die gebied waarskynlik vandag, vier jaar later, ten minste verdubbel het.
- Tussen 1996 en 2001 was daar 'n 23% toename in die persone wat geen skoolopleiding ontvang het nie. Daar was egter ook 'n sterk groeisyfer in die aantal persone wat matriek voltooi het, of wat hoërskool bereik het. Hoewel die inwonersgetalle ook meer was, is dit 'n aanduiding dat meer mense onderwys ontvang het.
- Die werkloosheid het tussen 1996 en 2001 gestyg met meer as 100%. Die ekonomiese aktiwiteit in die gebied blyk laag te wees – daar was vanaf 1996 'n toename van 29% in persone wat ekonomies onaktief is.
- In 2001 het die meeste mense steeds Afrikaans gepraat, gevolg deur Setswana. Daar was ook groei in ander Afrikatale soos IsiXhosa en Sesotho, wat moontlik die gevolg is van die uitbreiding in informele behuising, en 'n invloed van nie-Afrikaanssprekendes in die gebied.

- Sedert 1996 het die aantal persone wat ongetroud saamwoon meer as verdubbel.
- In 2001 het die grootste persentasie mense aangedui dat daar meer as vier persone per huishouding is.
- In 2001 het die meeste huishoudings in tweevertrekhuise gewoon.
- Water in die erf, elektrisiteit en spoeltoilette was in 2001 beskikbaar in die meeste huishoudings. Die grootste persentasie het nie 'n huistelefoon of selfoon gehad nie, en het van telefoonhokkies of nabygeleë telefone gebruik gemaak.

Die doel van bogenoemde statistiese gegewens is om 'n aanduiding te gee van die leefwêreld waaruit die adolessent kom. Die studie onderskryf Garbarino (1985:430) se siening dat gemeenskappe 'n direkte invloed het op die vaardighede en gedrag wat adolessente benodig vir volwassenheid. Gemeenskappe stel in 'n groot mate die agenda vir die oorgang na volwassenheid, deurdat dit die toepaslike gedrag vir adolessente voorskryf en met sekere *reëls* beheer. Die gemeenskap waaruit 'n adolessent kom, beïnvloed ook die primêre sosiale sisteme van adolessensie. Daar is egter ook ander faktore wat die teikengroep se identiteitsvorming beïnvloed en bepaal. Hierdie faktore geniet vervolgens aandag.

### **2.3. DIE ADOLESSENT**

Adolessensie is 'n tydperk waarin die individu gekonfronteer word met self-definisie, veral in die meer tegnologies-gevorderde Westerse kulture. Sommige kenners sien adolessensie as 'n produk van sosiale toestande en historiese omstandighede. Kroger (1989:2) meen dat die sosiale en historiese omstandighede in tegnologiese-gevorderde gemeenskappe tot gevolg het dat adolessente in hierdie gemeenskappe gekonfronteer word met dubbele rolbeskrywings, en 'n stryd om die kwessie van self-identiteit bevredigend op te los.

Volgens Garbarino (1985:286) is die *self* 'n konsep wat geskep word op grond van wie ons is en wat ons doen. Dis iets wat die individu motiveer en sy gedrag rig. Die individu doen dinge op grond van wie hy is, en besluit wie hy is op grond van dit wat hy doen. Die *self* is 'n ontwikkelende konsep, wat ontstaan in interaksie tussen

individuele en sosiale sisteme. Adolessensie is die hoogtepunt daarvan (vergelyk Hall se siening van die *self* en die *ander* in 3.2.1.).

Die selfkonsep hou gewoonlik verband met die mate van waarde wat mense aan hulself heg. Die selfkonsep is n u verweef met identiteit. Hierdie kwessie word verder be nvloed deur die adolessent se fisiese, kognitiewe, sosiale, emosionele en morele ontwikkeling.

### 2.3.1. Fisiese ontwikkeling

Adolessensie is 'n tydperk waarin fisiese verandering dikwels teen 'n vinniger tempo plaasvind. Dit staan bekend as puberteit. Volgens Louw (2003:477) is daar twee belangrike aspekte wat deel uitmaak van hierdie fisiese verandering: In die eerste plek gaan dit gepaard met 'n sigbare verandering in lengte en gewig, en tweedens vind seksuele rypwording plaas. Vir die doel van die studie word nie in detail op die fisiese ontwikkeling van die adolessent ingegaan nie. Daar kan slegs genoem word dat die fisiese verandering 'n definitiewe rol speel in die adolessent se proses van identiteitsvorming.

### 2.3.2. Kognitiewe ontwikkeling

Tydens adolessensie verbeter die individu se vermo  om inligting te verwerk aansienlik. Die korttermyngeheue-kapasiteit word groter en ook die individu se vermo  om te onthou en probleme op te los, verbeter. Volgens Piaget ontwikkel individue tydens die adolessente tydperk die vermo  tot formeel-operasionele denke.

OUERDOM	STADIUM	HOOFKENMERKE
Geboorte – 2 jaar	Sensories-motoriese	Die w�reld word deur middel van sensoriese en motoriese kontak verken. Objekpermanensie ontwikkel.
2 – 5 jaar	Preoperasioneel	Simboliese denke ontwikkel, maar denke is nog onlogies en word veral gekenmerk deur egosentriese sentrasie en onomkeerbaarheid.
6 – 11 jaar	Konkreet-operasioneel	Logiese denke oor konkrete objekte ontwikkel. Konservasie ontwikkel en die vermo� om op te tel en af te trek.
11 jaar - adolessensie	Formeel-operasioneel	Abstrakte redenasie en hipotetiese denke ontwikkel.

Tabel 2.2 Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling (Louw, 2003:461)

Jonger kinders is geneig om konkreet te dink, terwyl adolessente reeds die vermoë het tot abstrakte denke. Louw (2003:482) verduidelik dat adolessente situasies kan ontleed en probleme oplos sonder dat hulle fisies met die situasie of probleem gekonfronteer hoef te wees. Hulle kan volgens haar byvoorbeeld verbande trek tussen abstrakte terme (soos liefde en haat), en dis ook vir hulle moontlik om abstrakte begrippe (byvoorbeeld massa, energie en krag) te verstaan. Verder is die adolessent ook in staat en geneig om bestaande sosiale, politieke en godsdienstige stelsels te ondersoek en waardestelsels te bevraagteken. Hulle sal gou opmerk as 'n redenasie nie water hou nie, of as 'n onderwyser byvoorbeeld inkonsekwent optree. Hierdie *vermoë* van die adolessent bied potensiaal vir konflik met outoriteitsfigure, byvoorbeeld waar ouers hoë morele gedrag van hulle kind vereis, maar self nie sulke gedrag navolg nie.

'n Ander aspek van adolessente se abstrakte redeneervermoë, is die vermoë om oor hulle eie denke te reflekteer, aldus Louw (2003:482). Sy noem dat hierdie introspektiewe vaardighede veral aan die begin van adolessensie relatief egosentries kan wees. Adolessente dink volgens haar dikwels dat hulle ervarings uniek is, en dat niemand weet hoe hulle voel, of al ooit presies só gevoel het nie! Hiermee saam gaan die gevoel dat hulle uniek en onaantasbaar is. Dit lei dikwels daartoe dat adolessente aan hoërisikogedrag (soos dwelmmisbruik en seksuele aktiwiteit) deelneem.

Hiermee saam ontwikkel die adolessent volgens Louw (2003:483) in toenemende mate die vermoë om hom te kan "voorstel" wat ander mag dink of voel. Daarom is adolessente dikwels baie sensitief vir ander se opinies. Meestal dink hulle dat hulle die fokuspunt van ander se aandag is, en projekteer dikwels swak sienings van self op ander, byvoorbeeld, "Hulle praat seker nou oor my," of "Ek wéét hy dink ek is vet."

Louw (2003:483) stel verder dat adolessente se denkwyse sterk deur hulle kultuur beïnvloed word. Westerse kulture heg baie waarde aan abstrakte denke en wetenskaplike beredenering, en die onderwysstelsels is ontwerp om hierdie vermoëns te ontwikkel. In teenstelling hiermee, is dit die godsdienstige leiers en digters wat die mees geëerde denkers in Islamitiese gemeenskappe is. Daar word wel voorsiening gemaak vir wetenskap en wiskunde, maar Islamitiese kinders word

eerder opgevoed om 'n diep waardering vir geloof, die digkuns en filosofie te hê. Sulke kinders sal, volgens Kail & Cavanaugh (Louw, 2003:483), noodwendig 'n agterstand hê wanneer hulle gemeet word aan Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling. Die meeste Afrika-kulture, aan die ander kant, plaas weer geen hoë premie op formele, abstrakte denke nie; dit gaan eerder om die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede, aldus Matsumoto (Louw, 2003:483). Wanneer Piaget se ontwikkelingsfases die maatstaf is, vaar baie mense in Afrika-kulture swakker as Westeringe in formeel-operasionele denke. Nogtans toon gemeenskapslede volgens Matsumoto (Louw, 2003:483) 'n hoë vlak van abstrakte denke in gesprekke wat probleme wil oplos. Hulle gebruik metafore en analogieë eerder as konkrete voorbeelde.

### 2.3.3. Morele ontwikkeling

Gedurende die kinderjare en adolessensie is die ontwikkeling van moraliteit 'n belangrike taak. Louw (2003:483) stel dat die ontwikkeling van moraliteit verwys na

... die proses waardeur kinders beginsels aanleer wat hulle in staat stel om bepaalde gedrag as "reg" en ander gedrag as "verkeerd" te beoordeel. Hulle is dan in staat om hulle eie gedrag in terme van hierdie beginsels te rig.

Kohlberg is een van die sielkundiges wat die grootste bydrae rakende die morele ontwikkeling van die kind gelewer het. Kohlberg (Louw, 2003:483) was van mening dat individue se morele redeneervermoë stelselmatig en konsekwent verander soos wat hulle intellektueel ontwikkel. Volgens hom bestaan daar drie vlakke van morele ontwikkeling, en kan elkeen van die vlakke weer in twee stadia verdeel word. Die drie vlakke en die ses stadia, en die ouderdomme waarmee dit geassosieer word, word in Tabel 2.3. aangedui. Soos by Piaget se teorie, is die vroeë stadia simplisties en konkreet, terwyl abstrakte denke en die toepassing van algemene beginsels in die later stadia voorkom.

VLAK	STADIUM	VOORBEELD VAN MORELE
I. Pre-konvensioneel (5-9 jaar)	Stadium 1 Gehoorsaamheid en straforiëntasie	Reëls word gehoorsaam om straf te vermy.
	Stadium 2 Naïewe egoïsme, instrumentele oriëntasie	Reëls word gehoorsaam om beloon te word.
II. Konvensioneel (Die meeste adolessente en volwassenes)	Stadium 3 Goeie seun/goeie meisie-oriëntasie	Reëls word gehoorsaam om aanvaar te word en verwerping te vermy.
	Stadium 4 Wet-en-orde-oriëntasie	Reëls word gehoorsaam omdat dit noodsaaklik is vir die handhawing van wet en orde.

<b>VLAK</b>	<b>STADIUM</b>	<b>VOORBEELD VAN MORELE</b>
III. Post-konvensioneel (Slegs 'n klein persentasie van volwassenes bereik hierdie vlak).	<b>Stadium 5</b> Sosiale kontak-oriëntasie	'n Meer buigbare begrip van reëls: mense gehoorsaam reëls omdat dit noodsaaklik is vir wet en orde, maar dit kan ook verander word as daar beter alternatiewe is.
	<b>Stadium 6</b> Oriëntasie van universeel-etiese beginsels	Die persoon tree op volgens selfgekose beginsels wat op universele waardes berus.

Tabel 2.3. Kohlberg se stadia van morele redeneervermoë (Louw, 2003:484)

Kohlberg se hipotese, naamlik dat alle individue opeenvolgend deur die verskillende stadia van morele ontwikkeling beweeg, is bevestig deur kruiskulturele navorsing. Die tempo van morele redenering word egter volgens Snarey (Louw, 2003:485) deur die sosiale konteks beïnvloed. In stedelike kulture word die hoër vlakke van morele redenering gouer bereik as by persone uit “minder gesofistikeerde” landelike kulture. Daar is ook aanduidings dat individue uit 'n hoër sosio-ekonomiese omgewing op 'n hoër vlak van morele redenering funksioneer as persone uit laer sosio-ekonomiese gemeenskappe. Kohlberg (Louw, 2003:485) is van mening dat individue vanuit 'n meer komplekse sosiale milieu meer geleenthede het om kwelvrae vanuit verskillende perspektiewe te beredeneer as ander uit 'n minder komplekse milieu.

Stem die vlak van morele redenering egter altyd ooreen met die werklike gedrag? Die meeste studies toon 'n verband (Louw, 2003:485). Een studie het byvoorbeeld gevind dat kinders in die eerste of tweede stadium van morele ontwikkeling meer geneig was om in 'n eksperimentele situasie te kul, as kinders in die derde of vierde stadium van ontwikkeling. In 'n soortgelyke studie in 1986 deur Lanza-Kaduce & Klug (Louw, 2003:485) is die toetsgedrag van 'n aantal studente bestudeer en is daar gevind dat diegene wat op 'n laer vlak van morele denke geredeneer het, meer geredelik oneerlik was as studente wat op 'n hoër vlak geredeneer het. Vir die breë konteks van die studie is dit slegs van waarde om bewus te wees van die morele ontwikkeling van die individu, en dat dit verweef is met die sosiale en fisiese ruimte van die individu. Die morele gedrag van die individu beïnvloed ook uiteindelik wié die persoon is, sy identiteit.

Morele redenering is egter nie die enigste bepaler van morele gedrag nie. Volgens Louw (2003:485) is daar dikwels 'n verskil in wat 'n persoon dink of sê oor 'n sekere saak, en wat hy in werklikheid doen. Sy meen dat die aantal vriende wat dwelmmiddels gebruik, byvoorbeeld dikwels die beste aanduiding is of 'n adolessent dwelmmiddels sal gebruik, en nie sy houding teenoor dwelmmisbruik nie. Baiemaal is daar 'n teenstrydigheid tussen persone se hoogste ideale en die manier waarop lewenswerklikhede hulle beïnvloed. Enkele faktore wat volgens Mwamwenda (Louw, 2003:485) 'n persoon se morele oordeel kan beïnvloed, is konformerings tot die portuurgroep, gehoorsaamheid aan outoriteit, en identifikasie met 'n groepsideologie.

#### 2.3.4. Sosiale, emosionele en persoonlikheidsontwikkeling

Die veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind ten opsigte van sosiale, emosionele en persoonlikheidsontwikkeling, beïnvloed nie net die identiteitsontwikkeling van die adolessent nie. Die verhoudings van die individu word ook ten nouste deur hierdie ontwikkelings geraak. Vervolgens word daar in hierdie verband gekyk na identiteitsontwikkeling, verhoudings met ouers en die portuurgroep, en romantiese verhoudings.

##### a) Erikson se teorie van identiteitsontwikkeling

Erik Erikson (Louw, 2003:487) stel in sy psigososiale teorie dat individue tydens elke lewensfase met 'n spesifieke ontwikkelingstaak gekonfronteer word. Vervolgens word 'n samevatting van sy teorie gegee:

OUDERDOM	PSIGOSOSIALE KRISIS
Eerste lewensjaar	<b>Vertroue teenoor wantroue</b> Babas is afhanklik van ander vir die vervulling van hulle behoeftes. Wanneer hierdie behoeftes op 'n konstante, voorspelbare wyse bevredig word, leer babas dat hulle omgewing betroubaar is. Wanneer dit nie gebeur nie, kan wantroue ontstaan.
Tweede jaar	<b>Outonomie teenoor skaamte en twyfel</b> Kinders word al hoe meer in staat om dinge onafhanklik te doen. Hiermee ontstaan egter ook die moontlikheid van mislukkinge. Ouers moet kinders se pogings tot outonomie aanmoedig en moontlike mislukkinge sensitief hanteer. Sodoende ontstaan selfvertroue. Wanneer hulle pogings verkleineer word, kan skaamte en twyfel ontstaan.
3-5 jaar	<b>Inisiatief teenoor skuld</b> Kinders begin meer inisiatief in spel, sosiale verhoudings en die verkennings van hulle omgewing toon. Ouers moet terselfdertyd ondersteunend en kontrollerend optree. Sodoende ontwikkel inisiatief en respek vir ander se regte en voorregte. Indien ouers té kontrollerend is, kan skuldgevoelens ontstaan.

<b>OUDERDOM</b>	<b>PSIGOSOSIALE KRISIS</b>
6 jaar tot puberteit	<b>Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid</b> Kinders ontwikkel leergierigheid en nuuskierigheid. Ouers en onderwysers moet geleenthede verskaf om hierdie vaardighede te beoefen. Suksesvolle bemeestering lei tot 'n gevoel van bekwaamheid. Mislukking lei tot gevoelens van minderwaardigheid.
Adolessensie	<b>Identiteit teenoor rolverwarring</b> Adolescente begin hulleself as unieke persone met 'n eie identiteit en 'n eie waardesisteem beskou; so nie ontstaan 'n gevoel van verwarring en onsekerheid.
Vroeë volwassenheid	<b>Intimiteit teenoor isolasie</b> Die jong volwassene vorm 'n betekenisvolle verbintenis met 'n ander persoon, andersins kan isolasie en eensaamheid ontstaan.
Middel volwassenheid	<b>Generatieweit teenoor stagnasie</b> Volwassenes voed kinders op en raak betrokke by werk en die gemeenskap. Indien nie, kan stagnasie en selfgesentreerdheid ontstaan.
Laat volwassenheid	<b>Integriteit teenoor wanhoop</b> Wanneer bejaardes tevrede is met wat hulle in die lewe bereik het, ontstaan integriteit. As hulle egter voel dat hulle drome onvervuld is, ontstaan wanhoop.

Tabel 2.4. Erikson se psigososiale stadia (Louw, 2003:472)

Hoewel identiteitsvorming nie tydens adolessensie begin nie, en ook nie hier eindig nie, is dit 'n prominente kenmerk van hierdie fase. Louw (2003:487) stel dat die veranderings in terme van liggaamlike rypwording en kognitiewe prosesse, saam met veranderende sosiale eise en rolle, die individu se gevoel van integrasie kan bedreig. Om hierdie rede sal adolessente 'n identiteit ontwikkel wat al hierdie aspekte kan integreer. Dit wil voorkom of die vorming van 'n persoonlike identiteit 'n universele kenmerk van die adolessente stadium is. In verskillende kulture verskil die wyse egter waarop die identiteit gevorm en gevestig word.

Universele temas wat herhaaldelik in die adolessent se vorming van 'n eie identiteit na vore kom, word deur Louw (2003:487) gesien as:

- die vestiging van geslags- en werksrolle
- verhoudings
- die huwelik
- godsdiens
- politiek
- 'n eie waardesisteem
- onafhanklikheid van ouers en
- sosiale verantwoordelikheid

Hierdie temas blyk ook vir Suid-Afrikaanse adolessente van belang te wees, volgens Ackermann en Bester (Louw, 2003:487) Daar is ook spesifieke temas wat vir die situasie in Suid-Afrika van belang is. 'n Groep bruin adolessente was byvoorbeeld bekommerd oor skoolboikotte, maar het terselfdertyd gestel dat hulle meer selfvertroue, onafhanklikheid en volwassenheid ontwikkel het as gevolg hiervan (Burns, *in* Louw, 2003:487), terwyl 'n groep adolessente uit Soweto ook hul kommer uitgespreek het oor geweld en misdaad (Fassaert, *in* Louw, 2003:487).

Volgens Erikson (Louw, 2003:488) kan adolessente hierdie stadium van identiteitsvorming op 'n gesonde of ongesonde wyse deurloop. Wanneer die twee teenoor mekaar gestel word, lyk dit as volg:

GESOND	ONGESOND
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Party adolessente gaan maklik deur hierdie fase en ontwikkel gou 'n eie identiteit. Hulle weet vroeg reeds wie hulle is, kan 'n eie waardestelsel vorm en weet wat hulle uit die lewe wil hê.</li> <li>▪ Baie adolessente gaan deur die proses van identiteitsvorming deur hul wêreld te bevraagteken, te ontdek en te eksperimenteer. Hulle vra vrae oor die waardes waarmee hulle grootgemaak is en eksperimenteer met nuwe waardes. Vir hierdie groep is die adolessente stadium dikwels 'n krisis; die proses is ook moeiliker en neem langer.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Party adolessente ontwikkel 'n negatiewe identiteit: hulle het 'n lae selfbeeld, is nie seker wie hulle is en waarvoor hulle staan (waardes) nie, en kan nie duidelike doelwitte formuleer nie.</li> <li>▪ Ander aanvaar 'n sekere identiteit sonder om vrae te vra. Hulle neem byvoorbeeld bloot hulle ouers se waardesisteen aan en ontwikkel nie hulle eie nie.</li> </ul>

b) Die ouer-adolessentverhouding

Die verhouding tussen ouer en adolessent leen hom dikwels tot konflikbelaaide interaksies – 'n tipiese storm-en-drang situasie (Louw, 2003:488). Volgens Steinberg en Meyer (Louw, 2003:488) dui studies oor gesinsinteraksie egter daarop dat adolessensie as sodanig nie noodwendig tot intense konflik tussen gesinslede lei nie. Die siening dat álle adolessente 'n storm-en-drang-fase beleef en dat álle

adolessente problematies en rebels is, kan nie as 'n gegewe feit aanvaar word nie. Sielkundiges soos Bandura (Louw, 2003:476) wys daarop dat so 'n siening stereotiep is en dat adolessensie nie méér stormagtig as ander fases is nie. Die meeste navorsers is, volgens Offer (Louw, 2003:476) ook van mening dat die oorgrote meerderheid adolessente op sielkundig-gesonde wyses by die veranderings aanpas, al ervaar hulle periodes van onsekerheid, selftwyfel en teleurstelling. Vroeë adolessensie lei egter wel tot sekere duidelike veranderings en herorganisasie in gesinsverhoudinge.

Vroeë adolessensie is die tydperk wanneer grootskaalse liggaamlike en kognitiewe veranderings plaasvind. Dit is ook 'n tydperk wanneer adolessente probeer om hulle onafhanklikheid te laat geld, met gevolglike konflik tussen die adolessent en sy ouers. Die konflik bring egter volgens Smetana (Louw, 2003:488) meestal nie permanente skade mee in die ouer-kindverhouding nie, aangesien dit selde oor 'n diepgaande botsing van waardes gaan, maar eerder oor die daaglikse roetine.

Montmayor (Louw, 2003:488) definieer die *distansiëringseffek* as die emosionele afstand wat dikwels tussen ouer en adolessent ontstaan. Hy interpreteer dit as, "die adolessent se toenemende behoefte aan privaatheid en 'n verandering of afname in fisiese affekbetoning, eerder as 'n verlies van liefde en respek tussen ouer en kind" (Louw, 2003:488). Hierdie effek is volgens hom dikwels tydelik van aard, en hy stel dat gesinsverhoudings meestal minder konflikbelaaie en meer intiem word gedurende laat adolessensie.

Die term *generasiegaping* verwys volgens Louw (2003:488) na situasies waar die belange en waardes van adolessente in só 'n mate van dié van hulle ouers verskil, dat daar min begrip of effektiewe kommunikasie tussen hulle bestaan. Sy stel dat hoewel baie gesinne hierdie probleem ondervind, kom die meeste adolessente goed met hulle ouers oor die weg, respekteer hulle en sien hulle as rolmodelle. Thom (Louw, 2003:488) stel verder dat studies in Suid-Afrika toon dat blanke adolessente in 'n meerdere mate oor sake soos politiek, seksuele gedrag en verhoudings met die teenoorgestelde geslag, met hul ouers saamstem as wat met swart adolessente die geval is. Die groter generasiegaping tussen swart adolessente en hulle ouers kan volgens hom aan twee faktore toegeskryf word: swart adolessente is dikwels meer

verwesters as hulle ouers; en jong swart individue was veral in die 1970's en 1980's polities meer aktief as hulle ouers.

Ouerskapstyle het ook 'n belangrike invloed op die adolessent se ontwikkeling (Louw, 2003:489). Ouers wat 'n *gesaghebbende* styl volg, sit reëls en verwagtinge duidelik uiteen, en beoefen hul gesag regverdig. Dit gee aan die adolessent selfvertroue en 'n gevoel van eiewaarde. Die adolessent se reaksie op hierdie styl behoort te wees om verantwoordelik en onafhanklik op te tree. 'n Studie deur Mboya (Louw, 2003:489) met blanke en swart adolessente in Suid-Afrika het dan ook getoon dat wanneer ouers gedrag openbaar soos ondersteuning, belangstelling, aanmoediging, deelname en die stel van verwagtinge, kan dit bydra tot die ontwikkeling van positiewe selfkonsep-ontwikkeling. Waar ouers *outoritêr* optree, is daar dikwels min kommunikasie tussen ouer en kind. Die invloed van so 'n styl is dat die adolessent gevoelens van minderwaardigheid ervaar, afhanklik kan wees, min selfvertroue het en dikwels ouers as onredelik beskou. *Permissiewe* ouers daarenteen gee adolessente vrye teuels om hulle eie besluite te neem. Hulle het 'n laat-maar-gaan-houding en omdat hulle nie as verantwoordelike modelle optree nie, voel adolessente dikwels rigtingloos. Hulle kan ook makliker sosiaal-onaanvaarbare gedrag openbaar (Louw, 2003:489).

### c) Die portuurgroep

Tydens adolessensie is daar 'n toenemende belangstelling in en betrokkenheid by die portuurgroep. Volgens Steinberg en Meyer (Louw, 2003:489) spandeer adolessente gedurende hierdie fase heelwat meer tyd in mekár se geselskap, as in die geselskap van volwassenes. Minder volwasse toesig kom voor as gedurende die kinderjare. Daar is ook groter belangstelling in en kontak met die teenoorgestelde geslag, en die kleingroep vriendekring wat tipies is van die middelkinderjare, word vervang deur die groter **loggroep**. In die groepsopset is die fokus eerder op gesamentlike aktiwiteite as op hegte vriendskappe. Tog ontstaan daar gedurende hierdie fase ook **klike** (die meer intieme kontak met 'n spesiale groep vriende).

Louw (2003:489) stel dat die adolessent tydens hierdie fase gewoonlik ook in 'n groter mate konformeer met die gedrag en waardes van die portuurgroep, veral tydens vroeë adolessensie. Hoewel adolessente volgens haar normaalweg hulle

ouers se basiese waardes behou, konformeer hulle met die portuurgroep ten opsigte van sekere waardes soos haarstyl, klerestyl, musieksmaak en taalgebruik.

Louw (2003:489) is van mening dat konformering met die portuurgroep daartoe kan lei dat adolessente betrokke raak by hoërisikogedrag soos die gebruik van nikotien, alkohol en ander dwelmmiddels, of by seksuele gedrag wat uiteindelijke implikasies soos ongewenste swangerskap of die infektering deur seksueel-oordraagbare siektes kan hê.

#### d) Romantiese verhoudings

Een van die belangrikste sosiale veranderings wat tydens adolessensie plaasvind, gaan oor die ontstaan van romantiese verhoudings. Jorgensen (Garbarino, 1985:327) stel dat seksualiteit 'n integrale deel van identiteit is. Volgens hom is dit in interaksie met alle aspekte van die self, en help seksualiteit om te definieer wie die individu is. Hy meen ook dat seksuele rolle en waardes 'n invloed het op die wyse waarop die individu homself sosiaal definieer en dat dit sy gedrag in interpersoonlike situasies rig.

Tydens adolessensie word begin om in pare uit te gaan. Volgens Louw (2003:491) verwys uitgaan (*dating*) na " 'n formele reëling tussen 'n seun en 'n meisie wanneer hulle 'n sosiale aktiwiteit soos 'n fliek, 'n dans, of 'n ete bywoon." Sulke aktiwiteite gee aan hulle die geleentheid om mekaar beter te leer ken en te besluit of hulle 'n vaste verhouding wil hê. Romantiese verhoudings het volgens Louw (2003:491) sekere funksies in die adolessent se sosiale ontwikkeling. Sy noem byvoorbeeld dat dit die adolessent geleentheid gee om met verskillende tegnieke van sosiale interaksie en liefkosing te eksperimenteer. Later word 'n behoefte aan emosionele sowel as fisieke intimiteit daardeur vervul. Thom (Louw, 2003:491) meen dat party adolessente verhoudings met die teenoorgestelde geslag ook gebruik as 'n verklaring van hul onafhanklikheid, 'n soeke na status, bekamping van eensaamheid en verveeldheid en seksuele bevrediging.

Adolessente se fisiologies-seksuele ontwikkeling bring mee dat hulle nou in 'n proses is om hulle seksualiteit te ervaar en te aanvaar. Tydens hierdie fase ervaar adolessente seksuele aangetrokkenheid tot lede van die teenoorgestelde geslag.

Hiermee saam gaan 'n behoefte om te eksperimenteer en uiting aan die seksuele gevoelens te gee. Adollesente ontdek ook nou hulle seksuele oriëntasie, en volgens Louw (2003:491) sal ongeveer 5% van hulle aangetrokke voel tot lede van dieselfde geslag.

Die sosiale klimaat en kultuur waarin die adolessent leef beïnvloed grootliks hoe en wanneer aan die seksuele gevoelens uiting gegee word. Myers (Louw, 2003:491) stel dat die kultuur waarvan die adolessent deel vorm dikwels bepaal hoe vroeg hy/sy seksueel aktief sal raak. Tieners blyk egter volgens Myers (Louw, 2003:492) oor die algemeen vroeër seksueel aktief te wees as 50 jaar gelede.

Louw (2003:492) meen dat fisiologies-seksuele rypwording egter nie noodwendig beteken dat adollesente oor toereikende kennis beskik met betrekking tot hul seksualiteit nie. 'n Groot aantal adollesente is volgens haar onbewus van die verband tussen menstruasie, gemeenskap, vrugbaarheid en bevrugting. Sy stel dat adollesente se kennis oor sake soos geboortebepערking en seksueel-oordraagbare siektes ook beperk is. Hierdie werklikheid dra, soos vroeër genoem, by tot ongewenste swangerskappe en besmetting deur gevaarlike siektes soos die MIV-Virus, aldus Louw (2003:492). 'n Toename in tienerswangerskappe blyk dan ook wêreldwyd 'n probleem te wees. Dit is veral in ontwikkelende lande, soos Suid-Afrika, waar die probleem kritieke afmetings aanneem.

## **2.4. SLOT**

In Hoofstuk 2 is die adolessent as teikengroep van die studie bespreek. Die teikengroep is op veral sielkundige vlak omskryf. Adollesensie is 'n komplekse stadium in die lewe van die individu; dis 'n stadium wanneer die individu gewikkel is in 'n soeke na *self*, 'n ontdekking van die wêreld en sy eie plek daarin. Die studie bemoei hom met die adolessent in Promosa se identiteit en ruimte, en daarom is die invloed van hul fisiese, kognitiewe, morele, sosiale, emosionele en persoonlikheidsontwikkeling op die vorming van 'n eie en groepsidentiteit uiteengesit. Die verhouding van die adolessent met sy ouers, portuurgroep en die teenoorgestelde geslag is aangeraak. Die spesifieke impak daarvan op die individu en die problematiek wat dit meebring is ook bespreek.

Die individu kan nie losgemaak word van die gemeenskap waarin hy woon en leef nie. In die omskrywing van die teikengroep moes die gemeenskap van Promosa daarom ook aandag geniet. 'n Aantal demografiese en psigografiese gegewens is gegee.

Watter rol speel die adolessensietydperk as geheel in die vorming van 'n eie identiteit? Dit wil voorkom asof adolessensie 'n fase is, ten minste in tegnologies ontwikkelde Westerse kulture, waartydens die individu intens gekonfronteer word met die probleem van selfdefiniëring. Die rol van hierdie fase in elke individu se lewe kan nie onderskat word nie.

# HOOFSTUK 3

## KONSEPTUALISERING

### 3.1. INLEIDING

Dit is wanneer mense oor hulself praat, of vertel, dat iets van hulle geleer word – hetsy van hulle kollektiewe geskiedenis of 'n eie lewensverhaal. 'n Sekere ruimte en identiteit kom tot stand deur die uiter of neerpen van woorde. Dit is moontlik om afleidings te maak uit die manier waarop verhalende tekste (mondeling of geskrewe) gekonstrueer word.

Die gemeenskap van Promosa (en spesifiek die adolessente binne die gemeenskap) vorm vir die doel van die studie 'n fokusgroep. Die feit dat die lede van die gemeenskap Afrikaans as hoofspreektaal het, en dat daar tot dusver min publikasies uit die pen van bruin skrywers verskyn het, maak die gemeenskap in sekere opsigte ideaal as fokusgroep. Die studie wil nie fokus op ras of die politieke geskiedenis van die oorkoepelende bruin bevolking in Suid-Afrika nie, aangesien dit min met die studie, of die uitkomst daarvan, te doen het. Die teikengroep van die studie is nie die bruin mense in Suid-Afrika nie, maar die opkomende Afrikaanse gemeenskap van Promosa, Potchefstroom.

In die skep van 'n verhalende teks wat relevant en van waarde is vir 'n spesifieke gemeenskap, is daar sekere faktore wat integrerend vervleg is in die proses. Wie die gemeenskap is (identiteit), en wat hulle agtergrond en omgewing is (ruimte) speel 'n belangrike rol in die narratief. Die identiteit en ruimte van die gemeenskap as geheel, en ook van die individue wat deel vorm daarvan, word beduidend bepaal deur die grense binne die gemeenskap (hetsy sosiaal, etnies, godsdienstig, of van watter aard ook al). Verder is daar in elke gemeenskap hibriede vorme wat tot uiting kom in die identiteit van die individu en die groep, en daarom 'n invloed daarop het. Wanneer identiteit ter sprake is, hetsy van 'n groep of individu, beteken dit dan dat hibriditeit en grense 'n rol speel, en behoort die invloed van hierdie faktore op die identiteit van genoemde groep of individu duidelik omskryf te word. Die studie se uitgangspunt is dat dit moeilik is om identiteit as sulks vas te pen en te meet, omdat dit soveel skuif

en verander (vergelyk die siening van Martin, 2000:113). Dit is egter moontlik om te bepaal hoe en wanneer identiteit uitdrukking vind. Een so 'n uitdrukkingsvorm is die narratief. Eienskappe van 'n gemeenskap, wat as sodanig moeilik *vaspenbaar* is, word omskryfbaar wanneer dit neerslag vind in 'n verhalende teks. Daarom is die kern van die studie die narratief, en spesifiek die narratiewe identiteit van die adolessente van Promosa.

Wanneer 'n gemeenskap hul eie verhalende tekste skep, waarbinne hulle leefwêreld en identiteit vergestalt word, en ook wanneer 'n *buitestander* 'n verhaal skep vir 'n spesifieke gemeenskap, word daar oor 'n grens getree. Daar word nou nie meer beweeg binne die realistiese en werklike leefruimte van die gemeenskap nie, maar binne 'n liminale ruimte, naamlik die ruimte van die teks. Hierdie ruimte het simboliese betekenis, en funksioneer anders as die fisiese ruimte. Binne dié nuwe ruimte is daar ander betekenis en reëls. Die liminale teksruimte, met sy nuwe reëls, moet derhalwe nuut hanteer word.

Die gemeenskap van Promosa kan as hibried beskryf word en verskillende vorms van grense speel 'n rol in die lewens van die inwoners. Die beskrywing van *identiteit, ruimte, liminaliteit, hibriditeit en grense* soos wat dit bewustelik of onbewustelik uitgedruk word deur middel van die narratief, word in hierdie hoofstuk onder die soeklig geplaas.

Die oorkoepelende navorsingsvraag wat uit die hoofstuk voortvloei, is as volg:  
**Wat behels die konsepte identiteit, ruimte, liminaliteit, hibriditeit en grense wanneer dit in verband gebring word met die narratiewe identiteit wat in die verhalende tekste van Promosa se adolessente vergestalt word?**

Hieruit volg sekere sekondêre navorsingsvrae:

- Wat is identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense?
- Op watter manier is identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense relevant vir die studie?
- Wat is narratiewe identiteit?
- In watter mate het bruin skrywers al in Suid-Afrika gepubliseer?

Die doel van die hoofstuk is om die konsepte wat relevant tot die studie is te verduidelik en te definieer, soos wat dit in verband staan met die narratiewe identiteit wat in die verhalende tekste van Promosa se adolessente vergestalt word. Daar sal gekyk word na definisies en omskrywings van verskeie kenners, vanuit 'n verskeidenheid van rigtings. Dit sluit in die sielkunde, sosiologie, antropologie, filosofie, en ook die narratief. Daar sal ook 'n oorsig gegee word van die publikasies wat van bruin skrywers in Suid-Afrika verskyn het.

#### Die breë konteks

In die groter konteks van die studie gesien, lê Hoofstuk 3 'n fondament waarop daar in die daaropvolgende hoofstukke gebou sal word. Deur 'n konseptuele raamwerk en agtergrond te gee, wil die hoofstuk die *bril* ontwerp waardeur die res van die studie beskou behoort te word.

### **3.2. KONSEPTUELE AGTERGROND**

#### **3.2.1. Identiteit**

Wie is die adolessente van Promosa? Wat beïnvloed die manier waarop hulle dink en optree, inderdaad hulle hele identiteit as groep? Waardeur is hulle gevorm, en waardeur word hulle steeds voortdurend gevorm? Is daar sekere hibriede vorme en liminale ruimtes wat 'n invloed het op die manier waarop hulle hulself sien? Hierdie is slegs enkele van die vrae wat 'n rol speel in die studie, en waaraan deurentyd aandag geskenk sal word.

Veral in die veld van die sosiale sielkunde word daar verskeie eienskappe toegeken aan die proses van identiteitsvorming. In hierdie afdeling sal spesifiek gefokus word op sosiaal-sielkundige sienings van persoonlike en kollektiewe identiteit. Vir dié doel is verskeie bronne geraadpleeg, en uiteindelik word die definisies van 'n verskeidenheid kenners, onder andere Bloom, Hall, en Hofstede, gebruik om te omskryf wat identiteit en die vorming daarvan behels.

Zegeye (2001:208) stel dat die konsep van identiteit 'n primêre medium geword het waardeur die verhouding tussen die persoonlike (subjektiewe) en die sosiale, die individu en die groep, die kulturele en politieke, sowel as die groep en die staat

begryp kan word. Volgens hom kan identiteit verwys na vorms van (individuele) “persoonheid” [*personhood*], sowel as kollektiewe samestellings of groepe. Op individuele vlak, verwys identiteit as definisie van “persoonheid” [*personhood*] na *uniekheid*; met ander woorde differensiasie van ander mense, sowel as *gelyksoortigheid* [*sameness*] of kontinuïteit van die self oor tyd en ruimte. Verder stel Zegeye (2001:108) dat identiteit ook die emosionele verbintenis insluit wat individue dikwels ten opsigte van groeplidmaatskap het. Hy sê,

Being a member of a group influences the way in which individuals see themselves, especially if certain categories are reviled or hated. These definitions of identity are fundamental to understanding the link between the individual and personal experience and large-scale cultural, social and political processes.

Die *kategorie* waarbinne hierdie groep in die vorige bedeling in SA geplaas is, naamlik die *Kleurling*, was (en is) nie vir hulle aanvaarbaar nie. Dit het die manier gedefinieer waarop die bruin mense as groep oor hulself gedink het, en hul identiteit is tot 'n groot mate daardeur bepaal. Die inwoner van Promosa, wie hy/sy is, kan daarom nie losgemaak word van die gemeenskap as geheel, en ook (in 'n mindere mate) van die groter bruin bevolking binne Suid-Afrika nie. Hoewel identiteit vloeiend is, en nie slegs deur een faktor bepaal word nie, is die rol wat die geskiedenis en die politiek gespeel het in die definisie van die kollektiewe Promosa-identiteit as geheel, tog onlosmaaklik deel van hul identiteit.

Hiermee saam is identiteit ook die eienskappe wat die inwoners van Promosa onderskei van ander gemeenskappe, saam met die invloede wat hulle as gemeenskap gevorm het. Met ander woorde die moeilik definieerbare *iets* wat maak dat 'n persoon homself sien as deel van die gemeenskap van Promosa (wat anders is, en ook wat dieselfde is).

Segers (1997:272) stel egter dat identiteit nie slegs die unieke en strukturele eienskappe van 'n groep is, soos hierbo beskryf nie, maar dat identiteit ook as *konstruk* gesien kan word. Hy skryf veral drie faktore toe aan die vorming van identiteit, naamlik:

- Die formele eienskappe wat aan 'n groep toegeken word op 'n sekere tydstip (byvoorbeeld die etniese verdeling *Kleurling* tydens Apartheid);
- Die manier waarop die groep homself sien;
- Die manier waarop die groep deur buitelanders gesien word.

Hipoteties kan gestel word dat bogenoemde faktore al drie tot uiting behoort te kom in verhalende tekste wat deur die teikengroep self geskep word. Met ander woorde hulle beleving van hulleself, hoe hulle dink ander hulle sien, en ook feitlike kenmerke van die groep behoort in sodanige tekste na vore te kom.

Nie net is die manier waarop ander hom sien baie belangrik vir die adolessent nie (sien 2.3.). Dit is ook vir die adolessent, soos vir elke individu, belangrik om te identifiseer met ander sodat emosionele sekuriteit verkry kan word (Bloom, 1990:53). Bloom stel dat identifisering 'n inherente en onbewustelike gedrag is in alle individue. Elke individu sal volgens hom 'n aktiewe poging aanwend om sy identiteit te behou, te beskerm en te voed, ten einde sy emosionele sekuriteit te behou en te verhoog. Dié gedrag is 'n gegewe vanaf die suigelingfase tot in die volwassenheid en ouderdom. Die identifikasies kan boonop gedeel word – die gevolg is dat individue wat dieselfde vorm van identifikasie deel, in harmonie met mekaar sal optree sodat hul gedeelde identiteit beskerm kan word.

Die identifisering vind op verskeie vlakke plaas, waarvan elkeen 'n belangrike rol speel in die teikengroep se individuele en kollektiewe selfbeleving. Sodanige identifisering is volgens Hall (2000:42) 'n kontinue proses, nooit voltooid of klaar nie. Hy stel dat identiteit die *proses van identifikasie* beteken, wanneer byvoorbeeld gesê word dat iets dieselfde is as iets anders. Hall (2000:42) bevestig die standpunt van Bloom (1990:53) wanneer hy stel dat die proses van identifisering deur die groep gedeel word.

In die gemeenskap van Promosa word bogenoemde standpunte nogmaals bevestig wanneer gekyk word na die identifikasieproses waardeur die adolessente in die gemeenskap se identiteit tot 'n groot mate gevorm word. Waarmee of met wie identifiseer die jongmense van Promosa ten einde emosionele sekuriteit te verkry? Persoonlike waarneming van die gemeenskap lei tot die vermoede dat veral die televisie en media 'n groot rol speel in die identifikasieproses. Adolessente soek na rolmodelle, en kyk daarom op na sporthelde, filmsterre en musiek-ikone. Hulle eie (veral uiterlike) identiteit word grootliks gevorm op grond van wat aan hulle voorgehou word op TV as die *nuutste* – hetsy voorkoms, musiek, persoonlikheid, woordeskat, of wat dan ook al by die nuutste beeld of *identiteit* pas. Hierdie beeld

staan in kontras met die daaglikse realiteit waarbinne die teikengroep leef, waar swaarkry en pyn aan die orde van die dag is.

Hofstede (1991:10) onderskei verskeie vlakke waarop individuele en groepsidentiteit gevorm word. Die vlakke is:

- 'n nasionale vlak;
- etnies/godsdienstige/taalvlak;
- geslag;
- generasie; en
- sosiale klas.

Verder meen Hofstede (1991:4-6) dat elke persoon *geprogrammeer* is om die werklikheid op 'n sekere manier te *prosesseer*. Die *programming* vind op sekere vlakke plaas, naamlik:

- op die vlak van persoonlikheid (uniek aan die individu);
- kultuur (spesifiek tot 'n sekere groep en aangeleer); en
- menslike aard (universeel en oorgeërf).

Hofstede (1991:6) stel dit soos volg voor:




Fig. 3.2.1. Drie vlakke van uniekheid in menslike programmering (Hofstede)

Die aanname kan gemaak word dat die spesifieke groep ook verhalende tekste op grond van bogenoemde *programming* op 'n eie wyse sal *prosesseer*, en daarmee identifiseer of nie. Hierdie aanname sal in Hoofstuk 5 verder ondersoek word.

Die vlakke wat deur Hofstede geïdentifiseer word, sal in die studie geïmplementeer word as identiteitsmerkers, saam met merkers wat spesifiek uit die tekste self na vore kom. Daar kan binne die verhalende tekste gekyk word na watter merkers op die vlak van persoonlike identiteit na vore kom, asook op die vlak van kultuur (kollektiewe identiteit), en die menslike aard. Op grond van die vlakke van Hofstede word verder na identiteit gekyk binne die volgende afdelings:

a) Persoonlike identiteit

Die persoonlike identiteit van 'n individu bestaan uit 'n samestelling van sielkundige, sosiologiese en demografiese komponente (Hofstede, 1991:1-10). Dit sluit die volgende in: ouderdom; geslag; voorkoms; persoonlikheidseienskappe; demografiese en sosiografiese agtergrond; ras/etnisiteit; godsdiens; seksuele voorkeur; sosiaal-ekonomiese klas.

b) Kollektiewe identiteit

Die kollektiewe identiteit van 'n groep, word onder andere gekenmerk deur die volgende komponente (Hofstede, 1991:1-10): Kultuur; ras/etnisiteit; taal; godsdiens; land; generasie; politieke oriëntasie; asook deur samebindende faktore wat groepe met mekaar laat identifiseer, soos gesamentlike belange, demografiese en sosiografiese eienskappe.

Vir die adolessente van Promosa (of van enige opkomende Afrikaanse gemeenskap) beteken die *programming* soos deur Hofstede vasgestel, dat hul werklikheid gekleur word deur die feit dat hulle Suid-Afrikaners is, dat hulle bruin Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is, dat hulle hoofsaaklik Christene is, van 'n sekere geslag is, en in 'n post-Apartheidgenerasie opgroei.

Verder, volgens Hofstede se ui-model (1991:7), is daar in elke kultuur sekere simbole, helde, rituele en waardes. *Simbole* is vir hom die oppervlakkigste en *waardes* die diepliggendste manifestasies van kultuur; hy sien *waardes* inderdaad as

die kern van elke kultuur. *Waardes* (byvoorbeeld goed teenoor kwaad, vuil teenoor skoon, abnormaal teenoor normaal) is van die eerste dinge wat kinders leer. *Rituele* word deur hom gesien as kollektiewe aktiwiteite, wat opsigself betekenisloos is, maar wat binne die konteks van 'n kultuur beskou word as sosiaal belangrik, byvoorbeeld groetvorme. *Helde* is die persone, lewend of dood, werklik of fiktief, wat oor sekere eienskappe beskik wat deur 'n kultuur op prys gestel word. *Simbole* is woorde, gebare, beelde of voorwerpe wat 'n spesifieke betekenis oordra wat slegs in 'n sekere kultuur herken word. Taal, kleredrag, haarstyle, Coca-Cola, vlae, en statussimbole vorm deel van hierdie kategorie. Simbole, helde, rituele en waardes staan onder die sambreel van praktyke. Deur praktyke word die simbole, helde, rituele en waardes in 'n kultuur sigbaar vir 'n buitestander; die kulturele betekenis daarvan is egter verskuil en lê slegs in die wyse waarop die praktyke deur die ingroeplede geïnterpreteer word. Hofstede stel bogenoemde konsepte as volg voor:




Fig. 3.2.2. Hofstede se *ui-diagram*: manifestasies van kultuur op verskillende dieptevlakke (1991:7)

Die Promosa-adolessente se identiteit (en ook die wyse waarop hulle identifiseer) is nou verweef met hierdie verskynsels, en sal waarskynlik hierdeur beïnvloed word in

die skep van mondelinge of geskrewe verhalende tekste. Tydens die analise van tekste wat deur die adolessente geskep is (Hoofstuk 5), sal hierdie konsepte van nader bekyk word.

Hall (2000:45) skryf binne die konteks van die post-koloniale samelewing as hy stel dat die invloed van klas, politieke en kulturele identiteit op groepsidentiteite wel nie heeltemal verdwyn het nie, maar dat dit nie vandag meer dieselfde sosiale, historiese of epistemologiese plek het as in die koloniale era nie. Groepsidentiteite het ook nie meer dieselfde homogene vorm nie, en is nie klaargeskepte, stabiele totaliteite nie. Hoewel die identiteite steeds 'n verwantskap het met individuele persoonlike identiteite, hetsy kultureel of individueel, is dit nie langer die strukturende, stabiliserende mag wat dit voorheen was nie. Die individu is nie bloot die som van sy verskillende *posities* in verhouding met die bestaande sosiale identiteit nie. Dit gee nie meer aan die individu 'n *kode van identiteit* nie. Daar is vandag al hoe meer 'n sosiale diversiteit en pluraliteit, die idee van die *self* wat eie is aan die moderne wêreld waarin ons leef.

Hierdie stelling kan gestaaf word as die gemeenskap van Promosa in geheel geneem word. Sedert 1994 het heelwat *klaargeskepte, stabiele totaliteite* gedisintegreer. Hoewel hierdie geen politieke studie is nie, is dit van waarde om ter agtergrond tog die een en ander uit die politieke geskiedenis te noem. Op grond van die Groepsgebiedewet van 1950 is die bruin gemeenskap van Potchefstroom in 1969 verskuif vanaf Willem Klopperville aan die suidekant van Potchefstroom na 'n gebied agt kilometer buite die stad. Swartmense is reeds vroeër na Ikageng, 'n *township* buite die stad, verskuif. Die bruin gebied is genoem Promosa, en hier is gesinne hervestig in twee-, drie- of viervertrekhuise. In 1994 het die politieke bestel verander toe die eerste demokratiese verkiesing op 27 April gehou is. Dit het daartoe gelei dat wette soos die Groepsgebiedewet wat voorheen van krag was, geskrap is. Die feit dat elke individu hierná die reg het om te woon, te werk en skoolopleiding te geniet waar hy wil, het die gemeenskap se samestelling verander en bring onder andere ook mee dat die Afrikaanse laer- en hoërskool in Promosa in 1998 verander het om tweetalig te word, ten einde ook 'n aantal leerders uit Ikageng (hoofsaaklik Setswana) en Mohadin ('n Indiërgebied) te akkommodeer (Lion, 2004). Verder het 'n informele behuisingsgebied aan die rand van Promosa ontstaan, met inwoners wat

bestaan uit swart bevolkingsgroepe, sowel as die laer sosio-ekonomiese bruin groep. Vanaf 1996 tot 2001 was daar 'n meer as 100% toename in informele huishoudings (plakkersbehuising), aldus *StatsSA* (2004:5). Van die inwoners van Promosa het intussen ook teruggetrek na Potchefstroom.

Aan dié gebeure kan gesien word dat wat voorheen as 'n vaste gegewe beskou is, soos die bevolkingsgroep waarin 'n individu geklassifiseer is, en waar hy mag woon, nie meer binne die gemeenskap van Promosa heers nie. Sodanige vaste reëls oor kollektiewe identiteit was veral op politieke terrein van krag. Op taal- sowel as kulturele en etniese terrein het die gebied en die groep egter ook verskuiwings ondergaan, sodat daar geensins meer 'n vaste *kode van identiteit* is nie; dit is hibried en daar vind voortdurend nog skuiwe binne die identiteit van die gemeenskap plaas.

By die struktuur van identifikasie, gaan dit volgens Hall (2000:48) oor die *self* geposisioneer teenoor die *ander*. Dis 'n *dubbele diskoers*, die noodsaaklikheid van die *ander* vir die *self*, die inskripsie van identiteit in die manier waarop die *ander* sien, en volgens hom kom die spieëling van die *self* teen die *ander* baie sinvol tot uiting in verhalende tekste (geskrewe of mondeling). Verder stel Hall (2000:49):

Identity is always in part a narrative, always in part a kind of representation. It is always within representation. Identity is not something which is formed outside and then we tell stories about it. It is that which is narrated in one's own self.

Sodoende word die narratiewe identiteit van 'n gemeenskap bepaal, deur vas te stel waaroor en hoe die individue in die gemeenskap stories vertel. Vergelyk ook in dié verband Whitebrook (2001:22).

Dit gaan nie slegs oor 'n individu wat met 'n sekere groep (hetsy kultureel, taalmatig, of polities) identifiseer nie, maar ook oor die groep wat erken dat so 'n persoon wel tot die groep behoort. So byvoorbeeld kan 'n Blanke Afrikaner homself tuis voel in die Indiërgemeenskap, en identifiseer met die Moslemgeloof en eetgewoontes van die groep, maar as die Indiërgroep so 'n persoon steeds as buitestander beskou, kan niks hom deel maak van die groep se identiteit nie.

Jenkins (1996:81) beskryf kollektiewe identiteit as bestaande uit "a dialectic interplay of processes of internal and external definition". Aan die een kant moet individue in 'n

groep hulself van ander kan onderskei deur kriteria van gemeenskap, en 'n sin van gedeelde *behoort* binne hul subgroep. Aan die ander kant, moet die interne identifikasieproses deur buitelanders herken word voor 'n objektiewe kollektiewe identiteit na vore kan kom. Hierdie *buitelanderskap* word duidelik beskryf deur Achmat Davids in sy artikel, "n Lang soektog na identiteit", in *Insig*, Oktober 1995. Hy meen, "die een groep [die blanke Afrikaners] se identiteit het vir hom reg gelê, maar die ander het van meet af aan 'n identiteitskrisis beleef". (1995:10).

Juis om hierdie rede, vanweë die feit dat die bruin individu en groep hulself dikwels in die verlede tussen groepe bevind het, en as *grensmense* beskou is, kan gestel word dat die kwessie van hibriditeit ook ter sprake kom in die vorming van identiteit, en dan veral die adolessent in Promosa se identiteit. Die feit dat daar sprake is van *tussenin-wees*, beklemtoon die kwessie van hibriditeit. Die invloed van hibriditeit op die teikengroep se identiteit kan onder andere waargeneem word in die areas van generasie, ouderdom, kultuur, en sosiale ruimte binne die gemeenskap. Dit is daarom belangrik om te kyk wat hibriditeit behels, waar die term vandaan kom, en watter rol dit speel in die teikengroep se persepsie van hulself.

### 3.2.2. Hibriditeit

#### a) Oorsprong van die term *hibriditeit*

Die term hibriditeit kom oorspronklik van landbou, waar hibridisering verwys na die ontwikkeling van nuwe kombinasies deur een plant of vrug met 'n ander te vermeng (Pieterse 2001:225). Dit word ook gebruik in die veld van genetika, waar *rassevermenging* die hoofkonsep is. Vroeër het hibriditeit veral ook verwys na kombinasies van verskillende diere, of mense en diere (bv. die Centaurus). Ander velde waar hibriditeit voorkom, sluit in taal en linguistiek, kultuur en kuns, strukturele en institusionele hibriditeit (soos regeringsvorme), en natuurwetenskappe. Die mees alledaagse vorm van hibriditeit kom egter voor in identiteit en leefstyl. Pieterse (2001:221) maak die stelling dat hibriditeit in kulturele studies staan vir

a wide register of multiple identity, cross-over, pick-'n-mix, boundary-crossing experiences and styles, matching a world of growing migration and diaspora lives, intensive intercultural communication, everyday multiculturalism and erosion of boundaries.

Hibriditeit is 'n term wat dui op die transformasie van 'n suiwer kern na *gemengde*, hibriede, en degeneratiewe vorme. In hierdie verband argumenteer Zegeye

(2001:225) dat alle identiteite kultureel hibried is, hoewel sekere gebruike van hibriditeit spesifiek dui op die bestaan van suiwer etnisiteite. In die afgelope jare is daar volgens hom begin om hibriditeit, en *tussenin-wees* te vier as ruimtes van radikale openheid, wat weier om die essensialistiese mites van ontstaan en narratiewe van etno-nasionalisme te aanvaar. Hibriditeit, die *derde ruimte*, nuwe tradisies en etnisiteite vorm deel van konseptuele woordeskat wat die vloeibaarheid en diversiteit van kulturele identiteite aandui (Zegeye, 2001:225).

#### b) Kulturele hibriditeit

Die teorie van kulturele hibriditeit – of die skepping van nuwe interkulturele vorme – word vandag wyd aangewend en betwis, nie slegs in kontemporêre literêre-akademiese diskoers nie, maar ook in wetenskaplike, filosofiese en sosiologiese dissiplines (Milz (2000:1). Die persoon wat die grootste invloed op die vorming van hierdie konsep gehad het, is die post-koloniale kritikus Homi K. Bhabha. In sy analise van die interverhoudinge tussen die koloniseerder en gekoloniseerde (1996:53-60), kom hy tot die gevolgtrekking dat enige kulturele identiteit in die *kontakzone* van interkulturele verhoudinge gekonstrueer word in 'n hibriede ruimte, wat hy noem die “third space of enunciation”. Volgens Bhabha kan die *derde ruimte* die weg baan vir die konseptualisering van 'n internasionale kultuur, gebaseer op die inskripsie en artikulasie van die hibriditeit van kultuur. Hy skeep die term *tussenin* om die *derde ruimte* te karakteriseer as “the inter – the cutting edge of translation and negotiation, the in-between . . .” wat die betekenis van kultuur dra. Volgens Bhabha se definisie, suggereer tussenin-kulture nie 'n blote uitruil tussen kulture nie; dit dui eerder op die *skep* van nuwe kulturele vorme.

Die bruin bevolking van Suid-Afrika kan gesien word as 'n metafoor vir Bhabha se *derde ruimte*, so presies is hulle 'n uitbeelding daarvan. As tussenin-kultuur, is dit 'n groep wat vanaf die begin van Suid-Afrika se koloniale geskiedenis die grens, of oorgang, gevorm het tussen die Weste, die Ooste en Afrika. Hierdie groep was (en is steeds) 'n ambivalente kontakzone, wat soos Pratt (1992:6-7) dit beskryf, aan die een kant perspektiewe bied van “copresence, interaction, interlocking understanding and practices”. Aan die ander kant is (en was) hierdie *derde ruimtes*, en die volke wat dit simboliseer, ook areas van kulturele kruising, spannende areas waar “disparate cultures meet, clash and grapple with each other.”

Soos hierbo uiteengesit, kan gesien word dat hibriditeit as vorm op elke terrein van die lewe, hetsy landbou, leefstyl, wetenskap of kuns, voorkom en 'n rol speel. Die twee areas van hibriditeit waarop daar veral in die studie gefokus sal word, is dié van kultuur en die narratief, met ander woorde die wyse waarop hibriditeit in die verhalende tekste van die Promosa-adolescente na vore kom, en hoe dit in hulle kollektiewe kultuur as gemeenskap 'n rol speel.

c) Hibriede self-identifikasie

Die konsep van hibriditeit speel 'n rol in die studie, omdat dit ook belangrik is in die self-identifikasie van die teikengroep. Die studie wil vasstel in watter mate die teikengroep hulself as hibried beskou. Daar wil bepaal word wat die impak van sodanige hibriditeit is op verskeie vlakke, maar veral wat die narratief aan betref.

Die teikengroep kan op verskeie vlakke gesien word as 'n hibriede groep. In die eerste instansie leef hulle as adolessente in 'n tussenin-werklikheid, tussen kindwees en die volwasse wêreld. Hibriditeit het ook op 'n verdere vlak 'n invloed in die werklikheidsbeskouing van die adolessent in Promosa. Die bruin bevolking is in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika dikwels gesien as *grensmense*, 'n groep wat in die liminale ruimte tussen kulture 'n eie nis moes vind, en dikwels slegs vervreemding gevind het. As Afrikaanse taalgemeenskap, is dit egter grootliks met die blanke Afrikaner se kultuur wat die bruin Afrikaanssprekende homself assosieer (Davids, 1995:10). Ook Simone (1995), Jansen van Rensburg (1992) en Zegeye (2001) skenk aandag aan die problematiek van die bruin identiteit binne 'n Suid-Afrika wat sosiaal en polities heelwat grensverskuiwings ondergaan het, waardeur nuwe ruimtes en nuwe liminale spasies tot stand gekom het, terwyl Davids (1995) en Gilomee (1995:10) skryf oor die bruin bevolking in die konteks van "amper twee eeue van verstoting deur mense met wie hulle 'n taal, godsdiens en kultuur – en selfs die naam Afrikaner – deel".

Grense is ook ter sprake in die vorming van groepsidentiteit onder die adolessente van Promosa (sien Jenkins, 1996:24). Selfs die sosiale en maatskaplike ruimte van die teikengroep kan as hibried beskryf word. Die inwoners van Promosa leef in 'n woongebied wat bewoon word deur 'n verskeidenheid groepe, tale en kulture. In 2001 was amper 65% van die huishoudings Afrikaanssprekend, en 24% Setswana-

sprekend (StatsSA, 2004:2). Promosa Sekondêr gebruik nie langer slegs Afrikaans as onderrigtaal nie, en hoewel dit tans 'n dubbelmediumskool is, is meer as die helfte van die leerders afkomstig uit die omliggende Ikageng en plase in die omgewing (Lion, 2004). Hierdie leerders het Setswana as huistaal, en meesal Engels as Tweede Taal. Daar is dus ook 'n vermenging wat taal en kultuur aanbetref.

Die kwessie van hibriditeit kan daarom nie buite rekening gelaat word in die navorsing van die teikengroep nie. Hierdie eienskap van hibriditeit veroorsaak dat die inwoners van die gemeenskap, spesifiek die adolessente, voortdurend besig is om oor grense te beweeg. Die grense lei daartoe dat hulle van dag tot dag in verskillende liminale ruimtes beweeg.

### 3.2.3. Liminaliteit

Die term *liminaliteit* word deur Ashcroft, Griffiths en Tiffin (1998:130-131) as volg beskryf:

This term derives from the word "limen", meaning threshold, a word particularly used in psychology to indicate the threshold between the sensible and the subliminal, the limit below which a certain sensation ceases to be perceptible. The sense of the liminal as an interstitial or in-between space, a threshold area, distinguishes the term from the more definite word "limit" to which it is related.

Volgens hulle is die belangrikheid van die liminale vir post-koloniale teorie die waarde wat dit het om die *tussenin*-ruimte waarin kulturele verandering kan plaasvind, te beskryf; die transkulturele ruimte waarin strategieë vir persoonlike of kollektiewe *selfheid* ontwikkel kan word, 'n plek waar daar 'n voortdurende proses van beweging en interaksie is tussen verskillende toestande (1998:130).

Liminaliteit speel 'n belangrike rol in die konteks van die studie. Die term is vir die eerste maal in 1908 gebruik deur Arnold van Gennep, 'n antropoloog. Sy navorsing is eers in 1960 gepubliseer in *The rites of passage*. Hy fokus op wat hy noem *oorgangsrites*, en analiseer seremonies wat gepaard gaan met individuele lewenskrisisse. Hieruit formuleer hy drie hoof fases:

- Skeiding
- Inkorporering (liminale fase)
- Oorgang (post-liminale fase)

Van Gennep (1960:1) stel dat die onderskeid tussen die profane (ongewyde /wêreldse) en heilige wêreld so groot is dat 'n persoon nie van die een na die ander kan beweeg sonder om deur 'n intermediêre stadium te gaan nie. Hoe laer die beskawing, hoe meer dominant word die heilige (en ook godsdienstige rituele). Volgens Van Gennep (1960:2-3), "The life of any individual in any society is a series of passages from one age to another and one occupation to another".

Om van een groep na 'n volgende (of van een vlak of status na 'n volgende) te vorder, gaan gepaard met spesiale handeling of rituele. Patrone wat gepaard gaan met seremonies en verband hou met die oorgang vanaf een posisie na 'n volgende of een sosiale wêreld na 'n ander, word deur hom geklassifiseer as *rites van oorgang* (Van Gennep, 1960:10). Dit word onderverdeel, soos reeds genoem, in skeidingsrites (bv. begrafnisse), rites van inkorporering (bv. 'n huwelikeremonie), en oorgangsrites (bv. inisiasie en aanneming, van ouderdomsgroep na ouderdomsgroep).

In die oorspronklike sin, gaan liminaliteit gepaard met sekere rituele, soos gepas vir die omstandighede. Turner (1982:21) sien die uitvoer van rituele as duidelike fases binne sosiale prosesse, waardeur groepe hulself aanpas by interne veranderings. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat rituele sodanige groepe help om aan te pas en te ontwikkel.

Liminaliteit het ook te make met die *verandering van status* wat dikwels deel uitmaak van sekere rituele. By 'n rugbywedstryd (wat as *ritueel* beskou kan word) tree die wenspan met verhoogde status uit die stryd. Veral by inisiasierituele, wat deel vorm van sekere kulturele gebruike, is verhoogde status ter sprake. 'n Jong man betree die ruimte ('n liminale sone, omdat dit tussen twee werklikhede is) van die ritueel wat voorberei is vir hierdie proses. Dit vorm 'n oorgangsrite. Nadat hy 'n proses van groei, en dikwels lyding, deurgegaan het, tree hy met nuwe status toe tot die groep. Hy is nou 'n man (vergelyk 2.1.).

Hierdie soort ritueel (of inisiasie) kom ook in die Westerse samelewing voor, veral in kerklike gebruike. In die Rooms Katolieke Kerk word 'n jong kind deur die kerk aangeneem. Op grond van sy *verhoogde status* mag hy dan vir die eerste keer saam met die gemeente nagmaal gebruik, en word hy deur die priester geseën.

Hierdie *rites van oorgang* kan soos volg voorgestel word:




Fig 3.2.3. Voorstelling van liminaliteit (Eie voorstelling)

Daar is honderde rituele wat so deel is van samelewings se interne werkinge, dat dit byna onbewustelik plaasvind. Skoolgaan is 'n ritueel, met sekere reëls daaraan verbonde: Die skool begin op 'n sekere tyd, klasse wissel as die klok lui, daar is een of twee pouses, daar is sekere vakke, ensovoorts. In sekere gemeenskappe is daar rituele wat sterker na vore kom, byvoorbeeld godsdienstige rituele soos deelname aan eredienste of begrafnisse, of sportrituele soos sokker- of rugbywedstryde. In die gemeenskap van Promosa is genoemde godsdienstige en sportrituele baie belangrik.

Die konsep van liminaliteit kom verder ook aan die orde waar narratiewe identiteit ter sprake is, en daar toegetree word tot die simboliese ruimte van die teks. Turner (1982:21) verwys na liminaliteit as die beweeg vanaf een simboliese ruimte na die volgende. In die konteks van die studie word die konsep veral toegepas op die beweeg vanaf werklike ruimtes en grense (of beleving van die werklikheid) na die simboliese ruimtes en grense binne 'n geskepte verhalende teks, hetsy tekste wat geskep is deur die adolessente binne die studie, of as moontlike leesteks vir die adolessente.

Ter opsomming kan gestel word dat 'n groep se kollektiewe identiteit verskeie aspekte insluit. Anders as voor 1994, is daar vandag min *klaargeskepte* kollektiewe identiteite (veral met betrekking tot polities-gedrewe etniese kategorieë). Tog word 'n

groep *geprogrammeer* om op 'n sekere manier te dink en op te tree, onder andere deur die kultuur waaraan hy behoort, maar ook deur sekere affiliasies soos ras/etnisiteit, taal, godsdiens, land, generasie, 'n politieke oriëntasie asook deur samebindende faktore wat groepe met mekaar laat identifiseer, soos gesamentlike belange, demografiese en sosiografiese eienskappe. 'n Persoon staan binne 'n groep altyd binne 'n dubbele diskoers, dit wil sê die persoon wil identifiseer met die groep, maar die groep moet ook met die persoon identifiseer, voordat die proses werklik plaasvind. Daar is ook altyd hibriede vorme en liminale ruimtes wat deel vorm van die gemeenskap en sy identiteit.

#### 3.2.4. Ruimte

Elke mens se identiteit word gevorm binne die verhoudings waarin hy staan, hetsy positief of negatief. Dit sluit in verhoudings met individue, groepe, en die gemeenskap. Elke persoon staan egter ook in verhouding tot die ruimte waarbinne hy leef.

Die konsep van ruimte kan op verskillende vlakke en in verskillende lae geanaliseer word. In die studie word dit op twee vlakke gedoen. Ruimte word gesien as die oorkoepelende term. Hieronder is *plek*, as geografiese (fisiese) ruimte, en op 'n tweede vlak die sosiale, maatskaplike, kulturele, etniese, ideologiese, godsdienstige, politieke, en literêre *ruimte* waarin 'n individu homself bevind. Beide vlakke kan *fisies* of *gerepresenteerd* wees as deel van die narratief.

##### a) Ruimte en plek

*Ruimte* en *plek* is so interaktief en nou verweef met mekaar dat dit feitlik nie geskei kan word nie. Volgens Donnan en Wilson (1999:9) is *ruimte* die algemene idee van mense oor waar dinge moet wees in fisiese en kulturele verhouding tot mekaar. In hierdie sin is ruimte die konseptualisering van die verbeelde fisiese verhoudinge wat aan die samelewing betekenis gee. Hulle stel dat *plek*, aan die ander kant, die duidelike spasie is waar mense leef; dit omvat beide die idee en die werklikheid van waar dinge is.

*Plek* is ook ten nouste verweef met die *naam* van 'n plek. Plekname speel volgens Saab (2003:1) 'n integrerende rol in die kwessie van ruimte. Saab (2003:1) bespreek

die gebruik van plekname deur inheemse Indiaanse stamme om mites te kontekstualiseer. Plekname is volgens hom van kernbelang om narratiewe te anker, en ook om kulturele identiteit te bevestig en 'n verbintenis daar te stel met die stam (of groep) se grond en die gemeenskap se geskiedenis. Sodanige plekname skep 'n ruimtelike beeld in die gedagtes van die toehoorder of leser van die narratief. Die naam *Promosa* is afgelei van die term *promotion* (Lion, 2004). Die gebied het die naam gekry na aanleiding van die verskuiwing van inwoners vanaf Willem Klopperville. Die naam, wat vermoedelik deur die stadsraad gekies is, dui op 'n simboliese "beter toekoms".

*Plek* is verweef met die metaforiese en simboliese *ruimtes* wat daaraan gekoppel word. In die geval van Promosa, is die konnotasie wat aan die naam geheg word, waarskynlik veronderstel om positief en hoopvol te wees. *Plek* is verder ook verweef met emosie en ideologie. Geografiese ruimte (*plek*) verwys na 'n fisiese ruimte, maar dit kan nooit apart gesien word van dit wat betekenis gee aan die fisiese ruimte nie, onder andere ideologie en emosies verweef met herinneringe van die spesifieke plek. Die fisiese *plek* verkry ook betekenis deur die sosiale, maatskaplike, kulturele, etniese, godsdienstige, politieke en literêre ruimte.

Ter illustrasie: Die Jode wat in Duitsland gewoon het ten tye van die Tweede Wêreldoorlog, is gesien as burgers van Duitsland (*plek*). Hulle was egter ook deel van die *ideologiese ruimte* van die land, wat volgens die heersende regime alle Jode wou uitwis, ten einde 'n suiwer Ariese ras te vestig. Om hierdie regime te ontvlug het miljoene Jode uit Europa, en die lande van hul herkoms (nie net Duitsland nie) gevlug. Hulle is reg oor die wêreld versprei, en dié wat oorleef het, het hulle gevestig in 'n nuwe *plek* en *ruimte*.

Sommige mense woon dwarsdeur hul lewens op dieselfde plek, terwyl ander rondtrek van plek tot plek. Party mense kies om te trek; ander, soos die Jode in Duitsland, word dalk gedwing om hul tuiste te verlaat weens politiese of godsdienstige redes. In ieder geval bly die herinneringe van plekke in die verlede verweef met die huidige ruimte. Die adolessente in Promosa kan moontlik herinneringe koester aan plekke wat hulle besoek het, waar hulle geleef het (of dalk grootgeword het en steeds woon), of selfs plekke wat hulle in hul verbeelding besoek

het. Soms herinner 'n reuk, klank of ander assosiasie aan 'n sekere 'n *plek* (vergelyk Viljoen *et al.*, 2004:7).

Volgens McBean & Yin-Lo (2004:5), kan *plek* ook gesien word as 'n simbool of metafoor van hoe die individu oor homself, sy identiteit, of oor die wêreld en sy omgewing voel. Hulle stel dat nie net die geografiese ruimte (*plek*) nie, maar ook die verskillende ruimtes waarbinne 'n persoon homself bevind, positief of negatief inwerk op die vorming van sy identiteit.

Weeks (Erasmus, 2001:100) stem saam met McBean & Yin-Lo (2004:5) dat ruimte 'n invloed het op die vorming van identiteit. Hy stel dat die *plekke* en (nie-geografiese) *ruimtes* waar mense oor tyd heen gewoon het van groot belang is vir hul ontwikkeling as individue en gemeenskappe. 'n *Sin van saamwees* in die huis, in die straat en buurt is fundamenteel in die skep van 'n gemeenskapsidentiteit. Hayden (1995:18) meen verder dat mense deur hulle ervarings 'n *sin van behoort* aan 'n gemeenskap ontwikkel. Só 'n *sin van behoort* staan volgens haar sentraal in die ontwikkeling van identiteit. Sy meen ook dat so 'n *sin van behoort* aan 'n gemeenskap ontwikkel word deur die maniere waarop 'n *plek* geken word (sig, klank, reuk, aanraking en smaak), wat dit 'n belangrike bron van herinnering maak en waardeur een *draadjie* aan 'n ander geweef word.

Die *sin van behoort* word deur Woods (2004:1) *a sense of place* genoem. Volgens hom ontwikkel mense *a sense of place* deur ervaring en kennis van 'n spesifieke *plek*. Dit ontstaan ook deur kennis van die geskiedenis, geografie en geologie van die area, die fauna en flora daarvan, die legendes en verhale gekoppel aan die *plek*, en 'n groeiende gevoel vir die area en sy geskiedenis.

Die adolessent in Promosa leef in verskillende *ruimtes*, en word met 'n emosionele band gebind aan hierdie *ruimtes* en (fisiese) *plekke*. Viljoen *et al.* (2004:7) stem saam met Woods (2004:1) en Hayden (1995:18) dat *ruimtes* (byvoorbeeld emosionele en sosiale ruimtes) en *plekke* geassosieer word met sekere gebeure in 'n persoon se geskiedenis. Herinneringe (hetsy positief of negatief) word ook aan sekere *plekke* verbind, en help om die *sin van behoort* te verdiep.

Die herinnering aan plekke en ruimtes, die *sin van behoort* wat gedeel word deur 'n gemeenskap, is deel van die geleefde ruimte van die individu. Ashcroft *et al.* (1995:376) meen dat *plek* 'n tipe perkament is waarop geslagte en generasies die geskiedenis geskryf en herskryf het. Die betekenis wat deur Hine (2004:1) aan die *sense of place* gegee word, word ook op hierdie perkamentrol ingegraveer.

Volgens hom behels *a sense of place* die volgende:

- 'n Stel persoonlike, familie- en gemeenskapsnarratiewe wat ook kenmerke van *plek* insluit. As hierdie narratiewe gesamentlik geneem word, dra dit 'n verbintenis aan 'n spesifieke plek oor (*gerepresenteerde ruimte*).
- Die toeskrywing van nie-materiële eienskappe aan 'n plek – dit wil sê die *siel* van 'n plek; die *genius loci* daarvan (*ruimte*).
- Onuitgesproke kennis van 'n plek. Dit sluit in, soos Woods (2004:1) ook beskryf het, die vermoë om 'n plant of rots te beskryf (sonder om noodwendig in staat te wees om daaraan 'n naam te gee). Dit behels ook die neiging om sekere vaardighede te hê, soos om paaie te kan vind, maar nie die taal- of visuele geheue wat benodig word om 'n kaart te teken nie. Dit is *onbewuste* kennis van 'n ruimte. In hierdie betekenis dui dit op die begrip *om georiënteerd te wees*.
- Sintetiese maar ongesistematiseerde kennis oor 'n ruimte of plek. Hier sou dit beteken om *kennis* van die deeltjies te hê maar 'n *sin* van die geheel.

Terwyl *ruimte* (soos geskep deur die samelewing) vasgevang is in die geskiedenis, en op die perkament van generasies, is dit ook volgens Lefebvre (Viljoen *et al.*, 2004:15) 'n voortdurend-veranderende proses. Die proses van konstruksie waardeur verskillende ruimtes (let wel: nie *plek* nie) tot stand kom, is volgens Lefebvre nóú verweef met 'n persoon se identiteit op 'n gegewe tydskop en ook ingewef in 'n reeds-bestaande ruimte. Soos identiteit, is ruimte nie staties nie, maar eerder veranderlik en dinamies. Deur naamgewing, kartering, verbeelding, herinnering, neerskryf, en voorstelling word ruimte verander in 'n geleefde ruimte of *plek* (Lefebvre, *in* Viljoen *et al.*, 2004:15).

Deur waarneming kan die fisiese ruimte (*plek*) waarbinne die adolessente van Promosa hulle bevind, beskryf word. Dit sou egter die opinie van 'n *buitestander* wees. Daarom sal daar in die studie verhalende tekste geanaliseer word, waarin die

adolescente van Promosa self hul ruimte beskryf, en waarin hul eie onuitgesproke en selfs onbewuste kennis van die verskillende ruimtes waarbinne hulle leef, tot uiting kom.

Dit is duidelik dat ruimte 'n komplekse kwessie is, wat meer inhou as die blote fisiese omgewing. Ashcroft *et al.* (1995:391) beklemtoon die feit dat ruimte veel meer as fisiese plasing is, as hulle sê,

By "place" we do not simply mean "landscape" . . . rather "place" in post-colonial societies is a complex interaction of landscape, history and environment . . . the theory of place does not simply propose a binary separation between place named and described in language, and some "real" place inaccessible to it, but rather indicates that in some sense place is language, something in constant flux, a discourse in process.

Ruimte beslaan ook 'n volgende vlak, naamlik die sosiale, maatskaplike, kulturele, etniese, ideologiese, godsdienstige, politieke, en literêre ruimte waarin die individu leef. In die mees abstrakte, teoretiese sin, is *ruimte* 'n oop area sonder grense, 'n grenslose uitgestrekte ruimte. Viljoen *et al.* (2004:3) stel egter dat soos ons begin om sekere ruimtes te bewoon, dit te ervaar, en stories daaroor te vertel, word dit verander in *plekke* met grense en geassosieer met emosies en betekenisvolle gebeure.

Die betekenis wat aan *ruimtes* gegee word, is sosiale betekenis, en *ruimte* – in die literatuur en die lewe – is nooit net 'n leë, neutrale verlenging nie, maar eerder 'n *plek* waaraan 'n naam gegee is, wat gedemarkeer en geallokkeer is. Dit is 'n *plek* wat sy betekenis kry uit menslike ervarings, herinneringe en verhoudings. Daarom kan ook gestel word dat, op grond van die betekenis wat aan ruimtes gegee word, dit verdeel kan word in geografiese ruimtes (*plek*), sosiale, maatskaplike, kulturele, etniese, ideologiese, godsdienstige, politieke, en literêre *ruimte*, en narratiewe ruimte (*gerepresenteerde ruimte*).

Bogenoemde *ruimtes*, wat deur die adolessent in Promosa in besit geneem word, vorm sy identiteit, en die identiteit bepaal weer sy persepsies en voorstellings van die *ruimtes* en verskillende ruimtelike ervarings. Die verhouding tussen *ruimte* en identiteit kan gesien word as 'n simbiotiese verhouding, 'n wederkerige afhanklikheid wat betekenis skep (Viljoen *et al.*, 2004:12).

## b) Gerepresenteerde ruimte

Gedeelde ervarings en *stories* help om mense aan 'n ruimte te verbind, en om die *sin van plek* van geslag na geslag oor te dra, aldus Woods (2004:1). Hy stel dat gedeelde fisiese persepsies en ervarings mense van verskillende kulturele agtergronde help om 'n plaaslike kultuur te vorm wat hul eenheid in 'n *ruimte* uitdruk. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan mynwerkers van verskillende kulturele agtergronde wat saamwoon in mynkampongs, en oor jare heen lewensstories deel. Uiteindelik, volgens Woods (2004:1), kan so 'n ruimte uniek en spesiaal word vir individue en hul groep, en die groep bevestig hul identiteit deur feeste en rituele, wat dan as *gerepresenteerde ruimtes* gesien kan word. Die vermoede bestaan dat juis só 'n *sin van plek* in Promosa gevorm het, deur (onder andere) die storieverteltradisie wat vir 'n groot deel van die geskiedenis deel uitgemaak het van die kultuur van die gemeenskap.

Dis ook moontlik dat plek en ruimte binne die *gerepresenteerde ruimte* nie net voorgestel nie, maar ook herskep kan word (Viljoen *et al.*, 2004:7). *Ruimte* word sodoende verander in nostalgiese plekke van herinnering. Wanneer gedink word aan plekke en tye wat lank reeds verby is, is dit asof hierdie plekke feitlik altyd in rosige kleure getint is. Die *verlore* ruimte en tyd word dan ervaar as glansryk, iets wat besonders gemis word, terwyl die werklike ervaring dikwels moeilik en alles behalwe wonderlik was. Die herinnering aan swaarkry in die verlede is hoogs selektief wanneer dit geherkonstrueer word. Hierdie bevinding van Viljoen *et al.* (2004:7) is bevestig in die tekste van die adolessente in Promosa (sien Hoofstuk 5). Daar is egter gevind dat in die herinneringe aan 'n individuele of gedeelde verlede en ruimte, dit tóg nie net die positiewe gebeure is wat onthou is nie, maar ook die swaarkry.

Stories oor gebeure in die verlede word vertel – soos ook identiteite gekonstrueer word – in sekere *plekke*. Dit is stories wat die identiteit van mense verbind aan die identiteit van *plekke* en *ruimtes*; inderdaad, dit is hier waar die *sin van 'n plaaslike identiteit* na vore kom en gevorm word (Johnstone, 1991:121).

Ruimte kan derhalwe gesien word as die fisiese omgewing (*plek*) waarbinne 'n persoon homself bevind, die sosiale, maatskaplike, kulturele en selfs literêre ruimte, en ruimte en plek uitgedruk in die verhalende teks (*gerepresenteerde ruimte*). Hierdie

ruimtes kan hom op verskeie wyses inhibeer, aanspoor en beïnvloed. Die adolessente van Promosa se lewens is onlosmaaklik deel van die fisiese en ander ruimtes waarin hulle leef. Wát presies die verhoudings tot hierdie verskillende ruimtes is, sal eers vasgestel kan word deur die analisering van die adolessente se eie verhalende tekste (Hoofstuk 5).

Binne die ruimtes waarin die teikengroep beweeg, is daar ook sekere grense. Soos met ruimte, is die grense fisies, sosiaal, maatskaplik, godsdienstig, en soms selfs etnies van aard. Dit beïnvloed die ruimte/s en identiteite van die teikengroep. Vervolgens word gekyk na die konsep *grense* en wat die invloed daarvan is op die werklikheid van die teikengroep.

### 3.2.5. Grense

Grense is 'n konsep wat in verskeie navorsingsvelde 'n belangrike bron van studie is. In die veld van die geografie, antropologie, politieke wetenskap, filosofie, sosiologie en ook argeologie word aandag geskenk aan die vorming van sosiale en simboliese grense tussen gemeenskappe, en die betekenis daarvan. Wanneer grense in die huidige studie nader ondersoek word, is die definisie van Wallman (2001:22) 'n goeie beginpunt.

Wallman (2001:22) stel dat 'n grens slegs ontstaan as 'n reaksie van een sisteem teenoor 'n ander. Grense is noodwendig opposisioneel, omdat dit uit twee kante bestaan. Grense het, volgens Wallman (2001:22) twee betekenis. Grense is naamlik ten eerste struktureel of organisatories. Dit dui op die einde van 'n sosiale sisteem, en toon die skeidingsvlak aan tussen dié sisteem en die aangrensende sisteme. Terselfdertyd het 'n grens ook betekenis vir die lede van die sisteme. Die tweede betekenis verwys na hoe dit lede onderskei van nie-lede, en dit dien as die basis waarop elke sisteem geïdentifiseer kan word. Vir Wallman het alle sosiale grense derhalwe nie net twee kante nie, dit word ook gekarakteriseer deur 'n *skeidingsvlak*, 'n lyn tussen *ons* en *hulle*. Hierdie skeidingsvlak-element dui op 'n verandering in wat gebeur. Die element van identiteit dui op die betekenis wat aan die verandering geheg word en druk die deelnemers se verhouding daarmee uit (Wallman, 2001:23).

Aangesien Wallman se definisie in die volgende hoofstuk weer gebruik gaan word, word haar sosialegrensmatriks (2001:23) hier in tabelvorm opgesom:

	IDENTITEIT	SKEIDINGSVLAK
Binnekant (Ons)	<i>Ons</i> word gedefinieer in opposisie met <i>hulle</i> . Ons gebruik die grens vir ons doel, volgens ons behoeftes op hierdie tydstip / in hierdie konteks.	Die grens rondom die bekende, die normale, die onproblematiese.
Buitekant (Hulle)	<i>Hulle</i> identifiseer hulself deur kontras met die res van ons. Hulle gebruik die grens vir hulle doelwitte	Die begin van 'n ander sisteem. Prestasie, voorkoms, aktiwiteit, sosiale of simboliese struktuur is anders.

Tabel. 3.1. Wallman se vier-deel sosialegrensmatriks

Die vermoede bestaan dat die grens tussen *ons* en *hulle*, die grens wat die adolessente van Promosa onderskei van ander, na vore sal kom in die narratiewe wat deur hulle geskep word. Wallman se sosialegrensmatriks sal deel vorm van die identiteitsmerkers waarvolgens die verhalende tekste geanaliseer word.

Kulturele sosioloë fokus hul aandag op hoe grense gevorm word deur konteks, en spesifiek deur kulturele repertoires, tradisies en narratiewe waartoe individue toegang het. Hulle fokus ook op betekenisvolle patrone van grensvorming binne samelewings. Vir kulturele sosioloë lê die tendense van grensvorming in die omgewing, eerder as by individue. Verder kyk hulle na die invloed wat geïnstitutionaliseerde definisies van kulturele lidmaatskap het op sienings van selfwaarde en groeps grense. Volgens die kulturele sosiologie behoort daar gekyk word na hoe waarde bepaal word deur lae- en hoëstatusgroepe (Lamont & Molnár, 2002:171).

Volgens Strathern (1996:43) verwys *status* na bestaande toestande en waardes wat inherent deel is van menslike posisies en verhoudings. Laestatusgroepe word gesien in die sin waarop Hurst (2001:35) dit bedoel. Dit verwys naamlik na sosiale en ekonomiese status. Sosiale status verwys na 'n individu se stand ten opsigte van 'n sekere sosiaal belangrike aspek. Sommige mense word derhalwe gesien as laag in sosiale status, terwyl ander 'n hoë stand het. Max Weber (Hurst, 2001:35), Duitse sosioloog, beklemtoon die onderskeid tussen (ekonomiese) klas- en (sosiale)

statusongelykheid. Hoewel hy die twee konsepte van mekaar onderskei, wys hy terselfdertyd daarop dat die twee empiries aan mekaar verbind kan word, soos wanneer sosiale status afhang van klasposisie. 'n Persoon se (sosiale) status kan gesien word aan die mate van respek en eerbied wat aan hom betoon word, omdat hy 'n sekere eienskap besit (of nie besit nie) wat deur die gemeenskap as eervol (of oneervol) beskou word. Hierdie kwaliteit is gewoonlik eerder sosiaal as ekonomies van aard, byvoorbeeld familienaam, die straat waar 'n persoon woon, die soort en mate van opleiding wat 'n persoon geniet, of ras en geslag.

Ekonomiese posisie, in teenstelling met sosiale posisie, kan volgens Weber (Hurst, 2001:35) op 'n relatief objektiewe wyse bepaal word, byvoorbeeld deur geldelike inkomste, besittings, ensovoorts te verreken, terwyl sosiale status die resultaat is van 'n subjektiewe beoordeling van 'n persoon deur ander in die gemeenskap. *Status* gaan dus oor die opinie van ander, opinies wat gebaseer is op 'n gemeenskaplike waardesisteem. In die Westerse samelewing, waarvan Promosa tot 'n groot mate deel vorm, word hoë status toegeken aan materiële welstand, skolastiese en tersiêre opleiding, 'n beroep wat in die *witboordjie*-kategorie val, hoë lewensstyl, besittings en versorgde fisiese voorkoms wat dui op materiële welstand.

Statistiek van StatsSA (2004) gee te kenne dat daar vanaf 1996 tot 2001 'n 23% groeisyfer was in die aantal volwasse persone in Promosa wat geen skolastiese opleiding geniet het nie (van 520 na 642 persone). Die werkloosheid het met 134% toegeneem (van 827 na 1 935 persone) vanaf 1996 tot 2001, en daar was ook 'n groeisyfer van 179% in die aantal informele huishoudings (van 378 na 1 056). Uit hierdie gegewens word die aanname gemaak dat Promosa gesien kan word as 'n laestatusgemeenskap (sien 2.2.).

Promosa as geheel kan beskou word as 'n laestatusgroep. Tog word sienings van selfwaarde in die gemeenskap dikwels gevorm in terme van *hoëstatuseienskappe*, soos materiële vermoë en beroep. In 'n groep en gebied wat so hibried van aard is, is dit ook baie moeilik om vaste definisies van kulturele lidmaatskap te identifiseer, dikwels omdat dit nie bestaan nie. Die inwoners van Promosa leef binne 'n *grensgebied* waar daar min vastigheid bestaan. Inwoners beweeg tussen *kulturele en godsdienstige gebruike* van Afrika-kulture (veral met betrekking tot bygelowe en

begravnisse) en dié van die Weste (kleredrag en behuising). Ook op taalvlak is daar in die gemeenskap van Promosa 'n vermenging en hibriditeit te sien. Afrikaans is die huistaal van die meeste huishoudings. Setswana, en Engels tot 'n veel mindere mate, word egter ook in sommige huishoudings gebruik (StatsSA, 2004:2).

Donnan en Wilson (1999:64) sien grense as liminale sones waarin inwoners, reisigers en die staat voortdurend besig is om hul rol en aard te verdedig. Verder word grense ook beskryf as sones van kulturele produksie, ruimtes van betekenisvorming en betekenisverbreking, en metafore om die *ankerloosheid* van baie gemeenskappe vandag te begryp. Deurdat die volle spektrum van ons identiteite in skerp fokus geplaas word, word die sosiale en politieke status en rol, en struktuur en betekenis, gelyktydig versterk en gedisintegreer (Donnan en Wilson, 1999:64).

Binne die studie is dit veral simboliese en sosiale grense wat van belang is, en wat 'n invloed op 'n persoon of 'n groep se identiteit uitoefen. Simboliese grense is, volgens Lamont & Molnár (2002:168) konseptuele onderskeide wat deur sosiale rolspelers gemaak word om voorwerpe, mense, praktyke, en selfs tyd en ruimte te kategoriseer.

They are tools by which individuals and groups struggle over and come to agree upon definitions of reality. Examining them allows us to capture the dynamic dimensions of social relations, as groups compete in the production, diffusion and institutionalization of alternative systems and principles of classifications. Symbolic boundaries also separate people into groups and generate feelings of similarity and group membership.

Hulle meen dat simboliese grense mense se definisie van hul realiteit beïnvloed. In die bestudering van grense, kan agtergekom word hoe samelewings funksioneer, watter sisteme en stelsels van kategorisering geïmplementeer is, ensovoorts. Grense stel groepe ook in staat om hul eie identiteit te vorm. Die voorbeeld van Suid-Afrika tydens die Apartheidsera kan hier ter illustrasie gebruik word. Die grense en kategorieë (veral met betrekking tot ras en velkleur) waarbinne mense geplaas is, het 'n invloed gehad op die vorming van gemeenskappe en groepe, en hul identiteite.

Sosiale grense, daarenteen, word deur Lamont en Molnár geklassifiseer as geobjektiveerde vorme van sosiale verskille wat manifesteer in ongelyke verspreiding van hulpbronne (materieel en nie-materieel) en sosiale geleenthede. Die waarneming

kan gemaak word dat sodanige sosiale grense bestaan tussen die gebied van Promosa en Potchefstroom as geheel, in terme van sosio-ekonomiese hulpbronne en geleenthede, asook tussen gebiede binne-in Promosa self. Daar is byvoorbeeld 'n definitiewe onderskeid tussen woongebiede binne Promosa met viervertrekhuise, water en elektrisiteit, teenoor die plakkersgebied aan die rand van die dorp waar min sanitêre geriewe is.

Etniese grense is, volgens Sanders (2002:327) patrone van sosiale interaksie wat aanleiding gee tot die beklemtoning van ingroeplede se selfidentifikasie en buitelanders se bevestiging van groeponderskeide. Etniese grense kan volgens Sanders beter begryp word as sosiale mediums waardeur assosiasie plaasvind, eerder as territoriale demarkasies. Sodanige grense as skeiding en vorme van assosiasie tussen etnies-kulturele groepe, was dan ook tot 'n groot mate van krag in die vorige Apartheidsbedeling van Suid-Afrika. Die nalatenskap hiervan word vandag op sosiaal-ekonomiese, en kulturele gebied ervaar waar daar steeds grense tussen inwoners van die land heers.

Etniese identiteite is egter vloeiend en word nie noodwendig deur *grense* gedefinieer nie (sien Hall, 3.2.1.). Sanders (2002:328) stel:

Ethnic identities are fluid across time and social contexts, sometimes even to the point of "ethnic switching". The public presentation of ethnic identity is also situational which reveals the plural or hybrid character of modern ethnicity.

Hy argumenteer verder dat die plasings van intergroep-interaksies gewoonlik beter verstaan word in terme van sosiale ruimte as fisiese ruimte. Die sosiale ruimtes waarin die interaksies plaasvind is die effektiewe sosiale grense tussen groepe. In hierdie sin, is dit die etniese grens wat die groep definieer, en nie die "cultural stuff" wat dit omsluit nie, aldus Barth (1969:15).

Die sosiale en simboliese grense wat in die gemeenskap van Promosa heers, speel 'n rol in die manier waarop die adolessente van die gebied hulle identiteit definieer. Dit speel ook 'n rol in die manier waarop hulle die ruimte/s rondom hulle beleef. Die Promosa-adolessent sal homself spieël in die grense rondom hom, in sy ruimte wat gekenmerk word deur hibriditeit en liminale sones, en op hierdie manier 'n beeld vorm van wie hy is. Wanneer die adolessent 'n verhalende teks skep, kan ver wag

word dat bogenoemde faktore tot uiting sal kom. Die identiteit en ruimte/s van die adolessent vind neerslag op papier. Dit is dan ook die narratiewe identiteit waarom dit verál in die studie gaan.

### 3.2.6. Ter samevatting

Uiteindelik word die adolessent in Promosa se identiteit gevorm en beïnvloed deur 'n verskeidenheid faktore. Die faktore sluit in die ruimte waarbinne die adolessent leef, die grense wat voorkom in die gemeenskap en samelewing, en ook die mate waardeur sy lewe op vlakke van hibriditeit en liminaliteit beweeg.

Die identiteit en ruimte van die adolessent in Promosa, insluitend faktore soos hibriditeit, grense en liminaliteit, kom (soos reeds gestel) tot uiting in 'n spesifieke narratiewe identiteit. Dit sal nou aandag geniet.

### 3.2.7. Narratiewe identiteit

Die narratief is 'n kerndeel van enige gemeenskap se identiteit. Elke gemeenskap het sy eie verhale en vertellings, so ook elke generasie. Die adolessente in Promosa het narratiewe wat 'n deel uitmaak van wie hulle is en waar hulle vandaan kom. Baie hiervan is nog onvertel. Soms weet individue self nie eers van die stories wat binne hulle wag om vertel te word nie. Volgens Warner (Field, 2001:99) is die ervarings van die verlede die stof waaruit herinneringe gevorm word, maar die woorde, sinne en stories wat mense rondom hierdie ervarings, gevoelens en beelde vorm, is geïnternaliseer vanaf die eksterne sosiale wêreld. Hy stel dat die kultureel aanvaarde praktyke, rituele en reëls wat aangeleer is, mense lei (of versuim om hulle te lei) in hoe om te reageer, en om sin te maak, van die herinnerings.

Hierdie "sin maak van herinnerings", soos dit vergestalt word in die adolessent se eie verhalende teks, is in 'n groot mate die kern van die studie. Die navorsing wil bepaal hoe gemeenskappe bemagtig kan word om hul stemme te laat hoor, hul eie stories te vertel; daar moet vasgestel word watter en in watter mate die gemeenskaplike en individuele ruimtes en identiteite van die adolessent in Promosa tot uiting kom in verhalende tekste wat deur hulle geskep word. Ek wil in die studie poog om die teikengroep te begelei in die skep van so 'n eie teks, en moontlikhede ondersoek om ook self as buitestander 'n *gemeenskapse* jeugnovelle te skep. Aangesien die

narratief die kern van die studie as geheel uitmaak, word 'n aparte hoofstuk daaraan afgestaan. Dit word derhalwe nie hier verder bespreek nie, en daar word nou voortgegaan met die volgende afdeling, die agtergrond van bruin skrywers en publikasies in Suid-Afrika.

### **3.3. BRUIN SKRYWERS IN SUID-AFRIKA**

'n Bekende, moontlik geykte gesegde in Afrikaans is, "Sê my wat jy lees, en ek sal jou sê wie jy is." Die gesegde wil 'n stelling maak: 'n Deel van die mens se identiteit word bepaal deur die literêre ruimte waarbinne hy leef (of dalk nié leef nie). Daar is gemeenskappe in Afrika, en in Suid-Afrika, wat vir eeue deel was van die mondelinge tradisie. Van geslag na geslag is stories oorgedra rondom die vuur of konka. Hierdie legendes, mites en verhale is min, indien ooit, op papier verewig. Die storievertellers sterf uit, en die gevaar bestaan dat 'n rykdom van stories, ruimtes en identiteite so verlore kan gaan. Hierdie gevaar bestaan in 'n groot mate ook vir bruin Afrikaanse gemeenskappe in Suid-Afrika, waar daar min *gemeenskapse* publikasies bestaan.

Geldenhuis en Du Toit (1971: 68) beskryf die minderheidsgroep as 'n groep mense binne 'n groter kultuur wat vanweë hulle taal, velkleur, of kulturele agtergrond, nie deur die gemeenskap geassimileer word nie. Bestaan daar egter iets soos 'n literêre minderheidsgroep? Cochrane (2001:67) meen dat hoewel die begrip moeilik omskryfbaar is, dit wel bestaan. Literêre minderhede moet volgens hom gesien word in kwantitatiewe én kwalitatiewe terme. Kwantitatief kan dit gemeet word aan die aantal skrywers en publikasies wat bestaan vir 'n sekere groep (hetsy bevolkingsgroep of enige ander subkultuur, bv. gay persone). Met ander woorde hoe vergelyk die publikasies met die fisiese getalle van 'n spesifieke groep? Hiervolgens kan die stelling van Willemsse (Cochrane, 2001:68) geneem word wat stel dat Afrikaans deur ongeveer ses miljoen mense gepraat word, waarvan nagenoeg 50% nie-wit is, en dat die Afrikaanse letterkunde grootliks die "letterkundige verwoording van blanke Afrikaanssprekendes is". Op grond hiervan kan die bruin Afrikaanse bevolking van Suid-Afrika dan waarskynlik as 'n *literêre* minderheidsgroep geklassifiseer word, en vorm die gemeenskap van Promosa deel van hierdie literêre minderheid.

### 3.3.1. Voor 1994

Reeds voor die aanbreek van demokrasie in Suid-Afrika, het skrywers soos **Adam Small, S.V. Petersen, P.J. Philander** en **Patrick Petersen**, hulself op literêre gebied onderskei. As die aantal publikasies uit die pen van bruin skrywers met die aantal bruin gemeenskappe vergelyk word, blyk dit egter dat daar steeds 'n groot tekort is, selfs ná 1994. Tog kan die waarde van bogenoemde werke nie misgekyk word nie.

Dit wil voorkom asof publikasies deur bruin skrywers voor 1994 veral poësiebundels was. Adam Small het wel ook dramas gepubliseer, en ook kortverhale van ander skrywers het die lig gesien. Daar is egter weinig wat betref nalatenskap in die vorm van romans. Sover vasgestel kon word, is slegs een jeugverhaal in hierdie tyd deur 'n bruin skrywer geskryf. Verder het dit geblyk dat bruin skrywers in die geskiedenis, maar selfs ook vandag nog, baie min vroue insluit. Die meerderheid bruin skrywers was, en is vandag steeds, manlik.

**Adam Small** was sekerlik dié *stem* van die bruin man in die Apartheidsbedeling.

Volgens Kannemeyer (1983:293) is die hoofemas wat in Small se werk na vore kom die volgende: die bruin man se verhouding tot God en die wêreld, die klagtes van die mens wat swaarkry en die tragiek van die situasie as gevolg van die Apartheidsbeleid, gesien teen die agtergrond van die Bybelse geskiedenis.

Kannemeyer (1983:293) meen dat een van die sterkste motiewe in sy werk dan ook die geroep om verlossing is met verwysing na Bybelse parallele (veral die Egiptiese slawerny en die Romeinse oorheersing). Twee verdere motiewe is: die digter wie se taak dit is om met sy kitaar sy volk singend te lei, en die *kruis* wat hierdie dienende digterskap vir die skrywer meebring.

Die kleur-aktualiteit staan sentraal Small se werk (Kannemeyer, 1983:293), en dikwels word die speelsheid en humor van die Kaapse spreektaal gebruik om indirek, maar skerp, kritiek te lewer op die samelewing onder Apartheid. Die effek van die volgehoue gebruik van "Kaaps" word voluit deur Small ontgin om 'n groepsbewustheid en kritiese ingesteldheid daar te stel (Olivier, 2002:253). In sy werk gaan dit hoofsaaklik om die maatskaplike en politieke posisie van die sogenaamde bruin Kaapse mense (die Kleurling, soos hulle polities geklassifiseer was), aldus Olivier (2002:565).

Selfs nog voor die verskyning van Small se eerste werk, is die jeugverhaal *Okkies op die breë pad* van **Eddie Domingo** in 1955 gepubliseer. Dit is, sover vasgestel kon word, die eerste jeugverhaal deur 'n bruin skrywer wat hom bemoei met 'n bruin adolessent as protagonis. Die hoofkarakter, Okkies, verlaat die *smal weg* as hy sy fortuin in die groot stad, Johannesburg, gaan soek, en daar betrokke raak by dranksmokkelary.

In dieselfde tyd waarin Adam Small kommentaar lewer op die *establishment*, word **Lionel Sheldon** se digbundel *Weeklag van die wese* (1960) gepubliseer. Hierna verskyn nog 'n hele aantal individuele bundels van bruin Afrikaanse digters, volgens Van Vuuren (2002:280): **Julian de Wette** se *Die koning in die buiteland* (1978) en *Verban: verbinne* (1981), **Vernon February** se *O snotverdriet* (1979), *Bloed vloei in stilte* (1983) van **Vincent Oliphant** en **Clinton V. Du Plessis** se *Geloofsbelydenis van 'n kluisenaar* (1984). Ook die digkuns van **S.V. Petersen** is reeds gepubliseer met *Die kinders van Kain* (1960), *Suiderkruis* (1965), *Nag is verby* (1980) en *Laat kom dan die wind* (1985), terwyl van Philander verskyn het *Vuurklip* (1960), *Die bruin kokon* (1965), *Zimbabwe* (1968), *Konka* (1978), *Venster* (1982) en *Oshakon* (1986).

**P.J. Philander** sluit tematies by Small met sy sosio-politieke poësie, maar oor die algemeen in 'n veel minder fel, militêre trant (Ohlhoff, 2002:195). Benewens verse van verset en sosiale bewoëheid, skryf Hugo (1996:Inleiding) dat 'n mens 'n groot verskeidenheid temas in Philander se werk vind: jeugherinneringe, natuurgedigte, reisindrukke, in memoriams, liefdesverse, ouderdomsgedigte, ballingskapsverse en lang historiese gedigte.

Vanaf 1985 is daar 'n sterk groei ten opsigte van sogenaamde politieke weerstandspoësie. Hiervan is **Patrick Petersen** se bydraes in die bundels *Amandla ngawethu* (1985), *Aankoms uit die skemer* (1988), *Optog* (1988) en *I Qabane Labantu. Poetry in the emergency. Poësie in die noodtoestand* (1989) voorbeelde (Van Vuuren, 2002:280).

### 3.3.2. Die tydperk 1994 tot 2004

Ná 1994 is een van die belangrikste doelwitte wat publikasies moet bereik, om verteenwoordigend te wees van die breë Suid-Afrikaanse samelewing. Cochrane

(2001:67) meen dat uitgewers 'n belangrike rol speel as hekwagters, wat betref die instandhouding van vryheid van spraak en die verspreiding van gevarieerde ervarings. Na 1994 kom hierdie tendens dan ook al hoe meer na vore binne die Afrikaanse uitgewersbedryf in die gedaante van uitgewerye soos Kwela, wat poog om 'n stem te gee aan literêre minderheidsgroepe.

Tot watter mate is uitgewerye en publikasies egter verteenwoordigend van hierdie minderheidsgroepe? Het daar sedert 1994 werklik 'n groot verskuiwing plaasgevind met betrekking tot die uitgee van bruin Afrikaanse skrywers se verhalende tekste, of is hierdie skrywers steeds in die minderheid? In 'n artikel in *Beeld* (29 April 2004) skryf Willem Fransman jr:

En nou, amper 10 jaar ná ons eie stigting, ontdek ons daar is steeds 'n hek voor die deur van die uitgewers. Diegene wat dit gewaag het om tekste van swart skrywers in druk uit te gee, het dit in versamelbundels gedoen.

Fransman noem dat slegs enkele skrywers, naamlik **E.K.M. Dido, Elias P. Nel, Kirby van der Merwe, A.H.M. Scholtz, S.P. Benjamin, Karel Benjamin** en enkele ander selektief uitgegee is deur hoofstroom-uitgewers. Verder het hy self, en ook skrywers soos **Diana Ferrus, Floris Brown, Patrick Petersen** en **Clinton du Plessis** hul eie geld gebruik om met tuispublikasies te debuteer. Fransman (2004) sê,

Ons eie stories, wat deur ons eie mense deur ons eie penne geskryf moet word, is nog onvertel en ongepubliseer. Ons hartseer en pyn is nog nie verwoord nie. Ons loop skisofrenies deur die strate en maak asof ons ná 10 jaar van demokrasie heling gevind het, maar in ons harte is ons stukkend.

'n Literatuurondersoek is vervolgens gedoen om vas te stel in watter mate die ruimte en identiteit van spesifieke gemeenskappe, wat voorheen as gemarginaliseerd gesien is, vandag in (Afrikaanse) literêre en nie-literêre fiksie vergestalt word, veral in verhalende vorm (romans of kortverhale, nie soseer dramatekste nie). Die doel was om te sien tot watter mate veral die stemme van bruin skrywers vandag gehoor word, en wat (oorsigtelik) die temas is wat inhoudelik deur hulle aangeraak word.

In die ondersoek is die volgende bevind ten opsigte van:

a) Skrywers en publikasies

'n Hele aantal *nuwe stemme* het sedert die aanbreek van die nuwe politieke bedeling 'n eie nis gevind. Die meerderheid van die nuwe skrywers het hul debuut gemaak in tydskrifte en kortverhaalbundels, terwyl daar enkele nuwe romans, en slegs een jeugverhaal gepubliseer is.

Dit wil voorkom asof die temas wat deur die nuwe generasie bruin skrywers aangeraak word in hul werk, in 'n mate dieselfde is as dié wat voor die aanbreek van die demokratiese bedeling in SA gepubliseer is. Tog verskil dit ook in sekere opsigte. Verhale met 'n sosiale oriëntasie bly steeds aan die orde van die dag, terwyl ook die tema van marginalisering, en die soeke na die wortels van Apartheid genarrativeer word, dikwels met 'n Christelike inslag.

Renders (2001:92-100) gee in 'n artikel in *Stilet* 'n oorsig oor die publikasies wat uit die pen van bruin skrywers verskyn het tussen 1992 en 2004 (die sogenaamde *negentigergenerasie*). Hy verdeel die publikasies tematies as volg:

b) Temas wat deur skrywers aangeraak word:

i. 'n Sosiale oriëntasie

**Abraham Philips** was volgens Renders (2001:93) die eerste bruin prosaskrywer van die negentigergenerasie. Hy debuteer in 1992 met *Die verdwaalde land*. In die inleiding word duidelik gestel dat die boek nie geskryf sou gewees het as die politieke magsbalans nie geskuif het nie. Die gereelde verwysings na die vrylating van Nelson Mandela beklemtoon hierdie punt. *Die verdwaalde land* is 'n outobiografiese werk waarin Ronny 'n feitelike weergawe gee van sy familie se pogings om uit te vind wat met sy broer Selula gebeur het. *Die verdwaalde land* beskryf die impak van Apartheid op die bruin gemeenskap, en hoe dit die lewens van gewone mense geraak het.

In sy tweede boek, *Erfenis van die noodlot* (1993), is Apartheid op die agtergrond en word die goed en kwaad van die inwoners van 'n klein bruin gemeenskap beskryf. *Die Messiasbende* (1997) is Abraham Philips se derde prosawerk. Hierdie verhaal oor 'n groep hawelose mense wat verslaaf is aan brandspiritus, word deur Renders (2001:94) gesien as 'n pleidooi vir begrip en medelye.

Renders (2001:94) noem dat Apartheid en sosiale kwessies ook belangrike temas is in die romans deur **E.K.M. Dido**. *Die storie van Monica Peters* (1996) word opgevolg deur *Rugdraai en stilbly* (1997). Eersgenoemde weef 'n verhaal van liefde oor die kleurgrens tydens die Apartheidsjare. *Rugdraai en stilbly* handel oor die huwelikskrisis van twee jonggetroudes. Nadat hulle hulp by die Welsynsdepartement gekry het, slaag hulle daarin om die huwelik weer op koers te plaas. Ander publikasies van Dido, sluit in 'n *Stringetjie blou krale* (2001) en 'n kortverhaal in die bundel *Die stukke wat ons sny – twintig nuwe Afrikaanse verhale* (1999).

## ii. Op die rand van die samelewing

In **Clive Smith** se *Bly te kenne, Braam* (1997) en **S.P. Benjamin** se *Die reuk van steenkool* (1997) is familieprobleme weereens die sentrale kwessies, volgens Renders (2001:95). Beide stories word vertel deur kindervertellings wat hulle eerste seksuele ervarings moet verwerk. Hulle gaan deur 'n proses van inisiasie, maar die volwasse wêreld waartoe hulle toegang verkry, het niks paradysagtig daaromtrent nie. As hulle kindertydse helde van hul troontjies tuimel, bly net skeptisisme en wantroue.

Volgens Renders (2001:95) het die mens vandag meer as ooit tevore beskerminge nodig. Dit word volgens hom duidelik uitgebeeld deur Benjamin se jongste werk, *Die lewe is 'n halwe roman* (1999) 'n versameling van ineengevlegde kortverhale. Die meeste daarvan is geplaas in die Happy Valley-plakkerskamp.

Dat die lewe in die plakkerskampe en in die swart en bruin *townships* alles behalwe idillies is (aldus Renders, 2001:96), is ook die tema van die outobiografie *Ek, Joseph Daniel Marble*. In die inleiding stel die outeur dat daar niks behalwe die reïne waarheid in die teks geskryf staan nie. **Joseph Marble** het grootgeword in Western en Noordgesig, twee gekleurde *townships* van Johannesburg. Hier heers die wette van die oerwoud volgens Renders, en is die lewe 'n stryd om oorlewing. Hy stel dat bendes die *townships* terroriseer, en dat die familielewe het totaal uitgerafel. Geweld is alledaags, en seks, selfs op 'n baie jong ouderdom, 'n verbruikersitem. Die lewe is na sy mening gereduseer tot die mees primitiewe vorm daarvan. In so 'n omgewing word die individu noodgedwonge ingesuijg in 'n draaikolk van kriminele aktiwiteite en

immorele gedrag. Dit is ook die lot van Joseph Marble, wie se verhaal teen die agtergrond van die swart *struggle* teen die wit regering geplaas is.

*Klapperhaar slaap nie stil nie* (1999) is die eerste roman deur **Kirby van der Merwe**. Klapperhaar is nie 'n luukse artikel nie; dit word gebruik om matrasse te stop. Die titel verwys volgens Renders (2001:96) na die "miserabele lewenstoestande" van die bruin mense; hulle leef in bar *townships* waar geweld en misdaad aan die orde is, en privaatheid nie bestaan nie.

Terwyl Kinta, hoofkarakter in *Klapperhaar slaap nie stil nie* haar wortels afsweer, vier **Elias P. Nel** met liefde en warmte die lewe in die bruin gemeenskap. *Iets goed uit Verneukpan?* (1998) val in die kategorie van streeksletterkunde. Die kortverhale is geplaas in 'n plattelandse wêreld met sy plesier en pyn, die brutale eerlikheid en ook die skynheiligheid, bygeloof en vetes van so 'n gemeenskap; alles teen die agtergrond van die alomteenwoordige rassisme, aldus Renders (2001:97). Elias P. Nel het na sy mening 'n skerp oog vir menslike gebreke en sy kortverhale is hiperrealistiese miniature, wat die mense van Verneukpan eerlik uitbeeld. Hulle is ook omring deur 'n atmosfeer van nostalgie soos die skrywer herhaaldelik terughunker na sy jeug.

Die meeste van die bruin skrywers wat tot dusver bespreek is, hanteer volgens Renders (2001:97) die rou kant van die lewe in hulle werke. Die mens blyk skaars in staat te wees om die houe af te weer wat die lewe uitdeel. Kinders word ook genadeloos blootgestel aan die lewe se snykant. Die individu is nie in staat daartoe om sy eie swakhede te oorkom, of om sy lot te verbeter nie. In 'n hele aantal tekste is rassisme en Apartheid nie hooftemas nie, selfs al gaan dit oor die swak leefstoestande in sogenaamde "agtergeblewe" gemeenskappe. Die meeste van die werke waarna hierbo verwys is, dra na Renders (2001:97) se mening 'n sosiale, eerder as 'n politiese boodskap oor.

### iii. Op soek na die wortels van Apartheid

Die hooftema in **A.H.M. Scholtz** se werke is die geskiedenis van rassisme en hoe dit die lewe van die bruin mense geraak het (Renders, 2001:98). Scholtz se eerste roman, *Vatmaar* (1995) is met 'n aantal literêre pryse bekroon.

*Vatmaar* handel oor die inwoners van die nedersetting Vatmaar, wie se oorsprong teruggespoor kan word na die Anglo-Boereoorlog. *Vatmaar* is 'n gemengde area, 'n paar kilometer van die wit dorpie Du Toitspan, waarmee dit 'n taamlike gespanne verhouding het.

Die verhaal skep 'n platform vir verskillende inwoners, veral die oueres, om hul stories te vertel. Die resultaat is volgens Renders (2001:98) 'n laslappiewerk, helder gekleur deur die persoonlikhede en ervarings van die verskillende vertellers. 'n Kaleidoskopiese prentjie van die lewe kom na vore, soos die lede van 'n gemarginaliseerde gemeenskap dit beleef.

*Langsaan die vuur* (1996), Scholtz se tweede prosawerk, bestaan uit vyf biografieë. Die eerste is dié van die slaaf Kasper Crudop en is geplaas aan die einde van die 18de eeu; die laaste biografie fokus op Kwela Modise en eindig in 1982. Laasgenoemde gaan hoofsaaklik oor die *struggle* teen Apartheid. Die hoofkarakters is almal swart of bruin. Onafwendbaar loop die stories ook op die spoor van rasseverhoudinge, en veral van rassisme en Apartheid in Suid-Afrika (Renders, 2001:99).

*Afdraai* (1998), A.H.M. Scholtz se laaste roman, is die kroniek van 'n bruin familie, wat oor die grootste deel van die 20ste eeu span. Renders (2001:99) stel dat die verhaal in die Anglo-Boereoorlog begin, waar Afrikaner- en bruin vroue dieselfde lot in konsentrasiekampe deel. Maar selfs in hierdie desperate omstandighede, tree sommige Afrikanervroue steeds rassisties op. Na die oorlog neem die marginalisering van die bruin gemeenskap steeds erger vorm aan, en word uiteindelik geïnstansionaliseer in al strenger Apartheidswetgewing.

Volgens Renders (2001:100) verweef Scholtz die drade van Suid-Afrikaanse en Afrikanergeskiedenis met die lewens van 'n bruin familie. Die geskiedenis is 'n mengsel van geluk en ongeluk, liefde en ontrou, desperaatheid en hoop. Die edelheid en uithou vermoë van die bruin protagoniste, gebaseer op 'n vaste geloof, word ernstig getoets deur die groeiende rasse-vooroordede van die Blankes. Ten spyte van die situasie waarin hulle hulself bevind, verloor die bruin karakters nooit

moed nie. Tog is versoening slegs moontlik indien die Blankes hul weë sou verander (Renders, 2001: 92-100).

#### c) Versamelbundels

Behalwe skrywers wat hul eie romans gepubliseer het, het *nuwe stemme* veral ook in versamelbundels die lig gesien sedert 1994. Voorbeelde hiervan is *Keerpunt* (1995) en *Die stukke wat ons sny* (1999). Daar is heelwat bruin Afrikaanse skrywers wat nog nie 'n eie roman of kortverhaalbundel gepubliseer het nie, maar wie se werk in een of meer versamelbundels, en ook op die internet, gepubliseer is. Skrywers soos **Diana Ferrus, Floris Brown, Willem Fransman Jr., Hein Willemse, Daniël Bagan, Patrick W. Davids, Lindsay King, Gavin Kruger, Heindrich Wyngaard, Chris van Wyk en James Matthews**, is voorbeelde hiervan, hoewel mense soos Van Wyk ook al afsonderlik gepubliseer het. Ook hier is dit duidelik dat daar steeds 'n gebrek aan vroueskrywers is, en verder dat 'n genre wat ontgin behoort te word, dié van die jeugverhaal is waarin spesifiek die bruin Afrikaanse adolessent se ruimte en identiteit beskryf word soos dit deur hom of haarself beleef word. Of sodanige teks ook suksesvol deur 'n *buitestander* geskep kan word, en of dit eties verantwoordbaar is, is vrae wat deur die loop van die studie aandag sal geniet.

#### d) Jeugverhale

Sover vasgestel kon word, is slegs een jeugverhaal ná 1994 gepubliseer. *Diekie vannie Bo-Kaap* van **Zulfah Otto-Sallies** het in 1997 verskyn. Dit is die verhaal van Ice (of Asa), haar familie en omgewing in die Bo-Kaap. Die verhaal is in die taal van die bruin Kaapse adolessent geskryf, en beskryf die ruimte van 'n Bo-Kaapse tienermeisie, Ice, wat verlief raak op iemand wat sy al jare lank ken, Diekie. Deel van haar milieu is die straatbendes, Kaapse Maleierkoorfeeste, geurige Oosterse kos, gebedsreise na Mekka en die lief en leed van familie.

#### 3.3.3. Samevatting

Renders (2001:99) stel ten slotte dat die negentigergenerasie van bruin skrywers 'n belangrike kleim afgepen het binne die Afrikaanse literêre landskap. Die styl en tematiese inhoud van die werke verskil vanselfsprekend van dié deur blanke Afrikaanse skrywers. Ten spyte van die positiewe impak van hierdie publikasies, is

daar egter steeds 'n leemte ten opsigte van stemme vanuit literêre minderheidsgroepe, soos die bruin gemeenskap.

Die uitdagings wat deur bruin skrywers en voornemende skrywers in die gesig gestaar word, word soos volg deur Kirby van der Merwe (2000) geformuleer:

Ons, die skugter kinders van Apartheid, staan by 'n grens. Ons bedryf 'n nuwe soort grensliteratuur: Ons het dapper mense nodig, wat 'n plek in die literatuurwêreld afbaken, want ons het die stories om te vertel. Ons moet voorbrand maak. Ons moet met die Saracin en die Casspir oor die vlakte aangedonder kom om stereotipes, verromantiserings en wanvoorstellings onder die stof te loop. Ons het verpligtings, teenoor onself, teenoor die geskiedenis, omdat ons kollektief die geheue van honderde jare se lewe en lye in ons onderbewuste saamdra. Ons moet rolmodelle vir die nuwe geslag wees. Boodskappers, rigtingwysers, gewetenswakkermakers. Ons moet ons geïnternaliseerde woede, ons sinisme en pessimisme, omskep in 'n kreatiewe krag.

### 3.4. SLOT

Dit was die doel van hierdie hoofstuk om kontekstuele agtergrond te gee oor die volgende aspekte: die vorming van identiteit, wat hibriditeit, liminaliteit, ruimte en grense is, en watter rol dit in die studie, en ook in die teikenmark se beeld van hulleself speel. 'n Kort opsomming is ook gegee ten opsigte van die publikasies wat veral die afgelope tien jaar, maar ook vroeër, uit die hand van bruin skrywers in Suid-Afrika gekom het. Dit het tot die gevolgtrekking gelei dat vroulike skrywers steeds in die minderheid onder bruin skrywers is. Ten opsigte van genre, is daar 'n ernstige tekort aan jeugverhale deur bruin skrywers wat handel oor eie gemeenskappe en spesifiek oor adolessente.

Die gemeenskap van Promosa blyk te funksioneer in wat Bhabha die *derde ruimte* noem, tussen kulture, met eienskappe wat hulle uniek maak, maar ook eienskappe wat hulle laat identifiseer met blank én swart rondom hulle. Die adolessente van Promosa identifiseer enersyds met die helde en simbole deur die media aan hulle voorgehou, en val andersyds in by die tradisionele rituele van 'n ouer generasie. Hulle is 'n groep wie se identiteit gekenmerk word deur hibriditeit en grense, wat dikwels in liminale sones beweeg. Hulle dans op die tromme van 'n oerou Afrika, én op die musiek van die *Pop Idols*. Hulle eet kos wat, in terme van cuisine, 'n mengsel is van die Ooste, Afrika en Europa.

Wie is hulle, die mense van Promosa? Geen kategorie wil hulle omvat nie, en uiteindelik moet tot die konklusie gekom word dat hulle identiteit vloeibaar is, dat dit nou hiér, dan dáár pas. Na afloop van die teksanalise van die adolessente se verhalende tekste, mag dit wees dat 'n beter prentjie gevorm kan word van wie die teikengroep werklik is.

# HOOFSTUK 4

## DIE NARRATIEF

### 4.1. INLEIDING

Sedert die sewentigerjare van die vorige eeu het die belangstelling in die narratief toegeneem in die gedragswetenskappe. Voor die sewentigerjare is die narratief dikwels beskou as die eksklusiewe domein van literêre studies. Volgens Nash (Viljoen *et al.*, 2004:26) het die narratief teen die einde van die 1980's so belangrik geword in die gedragswetenskappe dat dit beskryf is as die obsessie van die era. Navorsingsmetodes wat in literatuurstudie en linguistiek ontstaan het, het meer en meer aandag in ander velde van ondersoek begin geniet – selfs in die *harde wetenskappe* en ekonomie, aldus Nash (Viljoen *et al.*, 2004:26). Die groeiende bewussyn dat alle observasies en die manier waarop die wêreld verstaan word onvermydelik deel is van die menslike tekensisteme (veral taal), onderlê die fokus op narratiewe. Dit is deur Kreiswirth beskryf as die “narratiewistiese draaipunt” in die gedragswetenskappe (Burger, 2004:1).

Die konsep van die narratief word vandag wyd toegepas, wat die omvang en gevolglik ook die aard van die studie van die narratief verbreed het. Vandag is teoretici en literêre kritici meer dikwels betrokke by interdisiplinêre gesprekke met narratiewe kenners vanuit 'n verskeidenheid velde. Dit sluit in die antropologie, kuns, argitektuur, kognitiewe wetenskappe, etiek, filmstudies, geskiedenis, regte, mediastudies, filosofie, narratiewe psigologie en narratiewe terapie, sosiolinguistiek, en virtuele realiteitsteorie. (Keen, 2003:5). Terselfdertyd word narratiewe toenemend in die gedragswetenskappe beskou as die mediums waardeur sosiale en kulturele lewe tot stand kom. Die fokus behels ook die narratief en retoriese struktuur wat onderliggend is aan die meeste kennis, insluitend wetenskaplike denke (Brockmeier & Carbaugh, 2001:8).

Die groeiende belangstelling in die narratief het volgens Bal (1997:11) tot gevolg dat die narratief nie meer 'n doel opsigself is nie, maar eerder gebruik word as 'n

heuristiese instrument in samewerking met ander teorieë. Sodoende word narratiewe analise 'n aktiwiteit van kulturele analise, 'n vorm van interpretasie van kultuur.

Die web van die narratief omspan op 'n natuurlike wyse ook die skryfkuns. Die identiteit van 'n individu of gemeenskap is nou verweef met die stories wat deur hulle vertel of onthou word. Lewens word uitgedruk en beskryf in narratiewe, hetsy dit mondelinge of geskrewe tekste is, en word ook daardeur gevorm en verander. Die daaglikse skinderstories, volksverhale, *urban legends*, tradisies en ander vorme van mondelinge storievertelling in 'n gemeenskap soos Promosa is natuurlik vervleg met die sosiale verhoudinge en intrinsieke struktuur van die gemeenskap. Op dié manier het die narratief 'n invloed op die identiteit van die individu, en spesifiek die adolessent binne die gemeenskap.

Elke narratiewe weergawe vorm deel van 'n lewe, en is volgens Bahktin (1981:37) ingebed in 'n geleefde konteks van interaksie en kommunikasie, intensie en verbeelding, dubbelsinnigheid en vaagheid. Daar is volgens hom altyd, potensieel, 'n volgende en nuwe storie om te vertel. Dit skep 'n dinamiek tussen ware stories oor die werklike lewe en moontlike stories oor potensiële lewe, sowel as kombinasies daarvan. As gevolg hiervan kan lewensnarratiewe gesien word as oop, sonder einde. Hulle is volgens Bahktin (1981:37) "onfinaliseerbaar", want die lewe bied altyd méér opsies (werklik en fiktief), sluit méér betekenis in, méér identiteite, roep méér interpretasie op as wat enige aantal moontlike lewenstories kan uitdruk.

Die invloed van die narratief op die lewe van die individu is wydlopend. Bahktin se teorie van die narratief sien die mens as voortdurend besig om homself te *skep*, voortdurend besig om enige definitiewe weergawe van identiteit te weerspreek (Bahktin, 1981:37). Die hele idee en moontlikheid van menslike identiteit is verbind aan die narratief en narratiewiteit (Brockmeier & Carbaugh, 2001:15). Hiermee saam gee die narratief aan die individu toegang tot die realiteit van sy lewe.

Gegewe die konteks waarbinne die adolessent van Promosa leef, soos uiteengesit in Hoofstuk 2, kan die aanname gemaak word dat die teikengroep hul lewenstories en omstandighede dikwels herskep en verander deur narratiewe, hetsy deur skinderstories, droomnarratiewe, of selfs deur tradisionele sprokies, mites en

volksverhale. Hierdie tipe herskepte mites (en ook ander herskepte narratiewe) kan volgens Warner (Zegeye, 2001:203) irrasioneel, onbelangrik en selfs naïef voorkom. Tog is daar volgens hom 'n interne waarheid aan hierdie populêre en persoonlike mites.

**Die hipotese kan gestel word dat die narratief 'n belangrike rol speel in enige individu, maar spesifiek die adolessent in Promosa se siening van homself en ander, en in die vorming van sy identiteit en ruimte.**

Die navorsingsvrae wat hieruit voortvloei, is die volgende:

- Hoe het die narratiewe teorie tot stand gekom?
- Wat is die narratief en watter rol speel dit in die studie?
- Wat beïnvloed die skep en oordra van die narratief?
- Wat is die funksie van die narratief?
- Wat is die verband van die narratief met die identiteit van die adolessent in Promosa?

Op grond hiervan is dit die doel van die hoofstuk om die narratief in sy verskillende fasette te bespreek, ten einde duidelik te maak wat die belang daarvan is vir die identiteit en ruimte van die adolessent in Promosa. Ten einde die doelwit te bereik, sal die agtergrond van die narratiewe teorie uiteengesit word; daar sal verduidelik word wat die narratief is en watter rol dit in die studie speel, en vasgestel word watter faktore 'n rol speel in die skep en oordra van die narratief. Verder sal die funksies van die narratief uiteengesit word, en sal die verband tussen die narratief en die identiteit van die adolessent in Promosa uiteengesit word.

#### Die breë konteks

In die vorige hoofstuk is die oorhoofse konseptualisering van die studie gedoen, en belangrike konsepte, naamlik identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense is uiteengesit. Hoewel narratiewe identiteit deel uitmaak van hierdie konsepte, is dit nie in die vorige hoofstuk bespreek nie. Die kern van die studie is die narratief. Daarom word Hoofstuk 3 gewy aan die narratief, en narratiewe identiteit. In hoofstuk 4, wat die teksanalise behels, sal narratiewe identiteit dan verder aangeraak word.

## 4.2. AGTERGROND

Suzanne Keen gee in haar boek *Narrative Form* (2003:7-13) 'n oorsig oor die ontwikkeling van die narratiewe teorie. In kort kan dit soos volg uiteengesit word: Narratiewe teorie het reeds eeue voor die ontstaan van die narratief 'n invloed gehad op die denke van filosowe. *Plato en Aristoteles* het vier eeue voor Christus al sleutelkonsepte ontgin. Dit sluit in mimesis (nabootsing), diëgesis (vertel), plotstrukture, eenheid, oorsaak en gevolg, en die plek van die fiksieskepper in die wêreld.

Tydens die Renaissance in Engeland (1595), bind *Philip Sydney* volgens Keen (2003:8) klassieke en kontinentale sienings saam wanneer hy party van die belangrikste doelwitte van *wêreldskepping* uitlig. In die Anglo-Amerikaanse tradisie, was *Henry James* een van die skrywers wat 'n verdere invloed gehad het op die struktuur van narratiewe vorm (Keen, 2003:8). Sy idees oor die regte hantering van plot, karakter en die *sentrum van bewussyn* het 'n blywende impak gehad. *E.M. Foster* skryf in 1927 oor plot, en *vlak* teenoor *ronde* karakters; ook sy bydrae het steeds vandag invloed. Hierna het denkers en skrywers soos *John Barth*, *A.S. Byatt*, *John Gardner*, *Annie Dillard*, *Madison Smartt Bell*, *David Lodge*, *Christine Brooke-Rose*, en vele ander hulself onderskei op die gebied van die narratiewe teorie (Keen, 2003:8).

Omtrent op dieselfde tyd wat Foster se bydraes verskyn het, was 'n groep skrywers aan die werk wat gesamentlik bekend gestaan het as die *Russiese Formaliste*. Volgens Keen (2003:9) is hulle, soos die Franse strukturaliste, beïnvloed deur linguïste, en ook deur *Ferdinand de Saussure* se idees oor *langue* (sisteem) en *parole* (individuele uiting). Hulle werk het grootliks te doen met versleer en metriek, maar in hierdie konteks verdien hul bydrae tot die beskrywing van die narratiewe vorm om genoem te word. Hulle het gepoog om objektiewe metodes te gebruik in die analisering van literêre vorm. Keen (2003:9) stel dat individuele Russiese Formaliste (*Shklovsky*, *Tomashevsky*) ook die funksie van literêre taal in die vervreemding van die wêreld beklemtoon het. Uit die perspektief van latere strukturalistiese teorie, meen Keen dat die Russiese Formaliste baie van die ontwikkelings en teorie wat later met ander terme geëtiketteer sou word, reeds verwag het.

Die invloed van die Russiese Strukturaliste het die *Franse Strukturaliste* bereik deur *Mikhail Bakhtin* en die werk van die *Prague Linguistic Circle*, wat beïnvloed is deur en gereageer het op die Russiese Strukturaliste. Die Franse Strukturaliste is volgens Keen (2003:9) oorspronklik krediet gegee vir die uitvinding van die moderne narratiewe teorie.

Keen se navorsing (2003:9) dui daarop dat die *New Critics* op ongeveer dieselfde tyd as die Russiese Strukturaliste, maar heeltemal onafhanklik van hulle, gefunksioneer het. Hulle het gepoog om deur middel van praktiese kritiek en *close reading*, metodes te vind wat emosionele, biografiese, of swaar sielkundige benaderings tot literêre tekste sou uitskakel.

Die ondersoek van die rol van die leser is ondersoek deur die *Chicago Skool*, wat bestaan het uit spraak-teoretici, resepsie- of fenomenologiese teoretici, en leserrespons-teoretici (Keen, 2003:10).

Vandag is *Paul Ricoeur* een van die teoretici wat 'n wye invloed het op die denke met betrekking tot narratiewe identiteit.

#### **4.3. WAT IS DIE NARRATIEF?**

Daar is 'n verskeidenheid menings en konsepte wat verband hou met die narratief. Vervolgens word 'n saamgestelde opsomming gegee van verskillende individue se definisies van die narratief en narratiewe identiteit:

Somers (*Whitebrook*, 2001:10) sien narratiewe as samestellings van verhoudings (deeltjies wat verbind is), ingebed in tyd en ruimte en uitgemaak deur kousale gebeure.

McCullagh (1978:267) stem hiermee saam. Hy stel dat narratiewe analitiese konstrukte is wat 'n aantal vorige of huidige handeling en gebeure saamvoeg in 'n koherente verbandhoudende geheel. Die geheel gee betekenis aan elke afsonderlike element en verduidelik dit, maar bestaan ook terselfdertyd uit hierdie elemente bestaan. Die eenvoudigste narratief is altyd méér as 'n chronologiese weergawe.

Narratiewe bestaan volgens Griffin (1993:197) uit die *rou materiaal* van opeenvolgende sosiale handeling. Dit word deur die verteller gedefinieer en georkestreer om 'n spesifieke reeks handeling in 'n spesifieke orde vir 'n spesifieke doel in te sluit. Narratiewe het 'n begin, 'n reeks ingrypende gebeure, en dan 'n einde. Die einde word bereik as resultaat van sekere uitkringende gebeure (Dray, 1985:126).

Die narratief vang die metodologiese en historiese beduidendheid van 'n handeling se temporale orde vas en reflekteer dit: "Any historical moment is both a result of a prior process and an index towards the direction of its future flow." (Thompson, 1978:47). Wanneer al die handeling waaruit die gebeurtenis bestaan, so aan mekaar verbind word, kan die gebeurtenis begryp word; die narratiewe konstruksie van die gebeurtenis bestaan bloot uit 'n aantal elemente in verhouding tot mekaar (Mink, 1970:551).

Stories word breedweg deur Barbara Johnstone (1991:18) as volg omskryf:

A story is a *narrative* (that is, a sequence of events) with a *point* (a reason for being told that goes beyond or is independent of any need for the reporting of events). Because of the requirement that a story have a point, the worlds created in stories must be relevant in the worlds in which the stories are told. Because these are human worlds, a story must have *human relevance*, and because they are local worlds, tied to specific communities or speakers, they must have local relevance.

'n Narratief kan volgens McCullagh (1987:30) 'n bekende tipe storielyn illustreer, byvoorbeeld 'n romanse, tragedie, komedie of satire. Dit kan ook 'n morele waarde oordra, soos in die geval van 'n gelykenis.

Whitebrook (2001:11) meen dat vertelling, stemtoon en gesigspunt, vertelperspektief, storielyn en sluiting relevant is in die narratiewe konstruksie van identiteit.

Narratiewe moet ten minste twee eienskappe hê. Dit moet gaan oor mense en hulle intensionele staat – hul begeertes, oortuigings ensovoorts; en dit behoort te fokus op hoe hierdie intensionele staat lei tot sekere tipes aktiwiteite (Bruner, 2002:28).

Die dryfveer van die narratief is 'n spesifieke verwagting wat skeefloop, of waaraan nie voldoen word nie, aldus Bruner (2002:28).

Die studie stem saam met die idee van narratiewe teorie wat stel dat narratiewe tekste *tekensisteme* is wat betekenis organiseer, deur middel van die narratief as instrument. Die sisteme binne die narratief sluit in visuele, ouditiewe en driedimensionele tekensisteme, beide staties en dinamies. Dit kan fisiese aktiwiteite wees soos dans en sportbyeenkomste, uitbeeldings van herinnering soos gedenkdiens en museumuitstallings, sosiale rituele soos begrafnisse en openbare seremonies, en ander kulturele fenomene soos mode en landskapsargitektuur. Die narratologie van sodanige tekste, soos Bal (1997:4) uitwys, word vervat in mondelinge en geskrewe genres van taal, beelde, vertonings, gebeure, en kulturele artefakte wat 'n storie vertel.

In die konteks van die studie word *taal* as medium gebruik vir die uitdrukking van die narratiewe ervaring. Taal, spesifiek die narratiewe gebruik van taal, is egter nie bloot 'n medium wat gebruik word vir uitdrukking en begrip nie (nie bloot 'n ander tipe *boumateriaal* nie). Die *self* (en identiteit) bestaan in en deur taal, veral deur die narratief. Die *self*, identiteit, word nie slegs beskryf deur 'n voorafbestaande *self* in 'n narratief nie, maar hierdie beskrywing maak uiteindelik die *self* uit. Soos Ricoeur (Viljoen *et al.*, 2004:26) dit stel,

Our life, when then embraced in a single glance, appears to us as the field of a constructive activity, borrowed from narrative understanding, by which we attempt to discover and not simply to impose from the outside the narrative identity which constitutes us.

Paul Ricoeur is 'n kenner op die gebied van die narratief wat 'n belangrike bydrae tot die veld gelewer het. Daarom word sommige van sy standpunte kortliks hier uiteengesit:

#### 4.3.1. Die siening van Paul Ricoeur

Paul Ricoeur het 'n fundamentele bydrae gelewer tot kennis oor die verband tussen identiteit en die narratief. Volgens Ricoeur (1991:73) word die menslike lewe meer verstaanbaar (meer *leesbaar*) wanneer dit geïnterpreteer deur die stories wat mense vertel. Die mens verkry volgens hom selfkennis wanneer hulle hul lewenstories self interpreteer. Die lewenstories word nog meer verstaanbaar wanneer dit toegepas word op narratiewe modelle – storielyne – vanuit die geskiedenis en fiksie.

Ricoeur se basiese uitgangspunt is dat daar 'n fundamentele verskil is tussen die twee hoofgebruike van die konsep *identiteit*. Hy onderskei naamlik tussen identiteit as "sameness"/ *selfde* (Latyns *idem*; Duits *gleich*), en identiteit as *self* (Latyns *ipse*; Duits *selbst*). Vergelyk ook die sienings van Hall, Segers en Zegeye in dié verband (sien 3.2.1.)

Die terms *ipse* en *idem* word volgens Ricoeur van mekaar geskei deur 'n grens wat nie net grammatikaal, of selfs epistemologies en logies is nie, maar in der waarheid ontologies. Die *self* kruis met die *selfde* op een presiese vlak, naamlik met betrekking tot permanensie oor tyd. Hier is dit 'n geval van twee betekenis wat oorvleuel sonder om identies te wees.

Vir Ricoeur is persoonlike identiteit inherent narratief. Om te begryp wie ons is, is om in staat te wees om 'n storie te volg. Hy stel,

In contrast to the tradition of the cogito and to the pretention of the subject to know itself by immediate intuition, it must be said that we understand ourselves only by the long detour of the signs of humanity deposited in cultural works (Ricoeur, *in* Viljoen *et al.*, 2004:12).

Hy fokus hierop in sy werk *Time and Narrative* vol. 1-3 (1984-1988), wat deur Burger (Viljoen *et al.*, 2004:26-27) bespreek word. Narratiewe voorsien, volgens Ricoeur, die verband tussen kontinuïteit en diskontinuïteit van die *self*. Die *self* is histories en daarom voortdurend besig om te verander, maar dit blyk die *self* te bly. Ter illustrasie: Dink aan 'n briljante jong sportster. Sy is, argumentsonthalwe, 'n internasionaal bekende swemmer. Haar hele lewe draai om haar sportloopbaan. Dan is sy in 'n motorongeluk wat haar verlam laat van haar nek af ondertoe. Dit verander haar hele lewe. Hoewel sy nog dieselfde persoon is, het daar 'n draaipunt gekom in haar lewe, en sal sy eintlik ook nooit weer dieselfde wees nie. Die *self* bestaan nog, maar is nie meer *dieselfde* nie.

Vir Ricoeur bied die narratief die beste manier om die kontinuïteit en diskontinuïteit te oordink en uit te druk. Deur narratiewe word daar koherensie gegee aan 'n episode. Deur tyd, in die storie, word daar vorm gegee aan die episode, die enkele gebeurtenis. Dit is waarom narratiewe die *self* kan uitdruk as iets in die hede (hierdie episode) maar ook as iets met 'n verlede ('n *self* wat eens anders was). Maar die narratief kan ook die toekomstige potensiaal van die *self* uitbeeld. Neem weer die

lewensverhaal van die swemmer. Sy wás 'n internasionaal bekende sportster. Nou is sy 'n parapleeg. In die toekoms sal sy dalk 'n motiveringspreker wees. 'n Narratiewe identiteit kan volgens Burger (2004:27) veranderinge in die samehang van 'n enkele lewe insluit. Die storie van 'n lewe hou aan om gerekonstrueer te word deur al die stories (fiktief of waarheid) wat 'n persoon vertel.

Ricoeur verbind die lewe met die narratief as hy tot die gevolgtrekking kom dat narratiewe ons van 'n identiteit voorsien, deurdat dit 'n historiese bewussyn skep (Viljoen *et al.*, 2004:26):

The state of identity of an individual or a community is to answer the question, "Who did this?" "Who is the agent, the author?" [ . . . ] To answer the question, "who" as Hannah Arendt has so forcefully put it, is to tell the story of a life. The story told tells about the action of the "who". And the identity of this "who" therefore itself must be a narrative identity. Without recourse to narration, the problem of personal identity would in fact be condemned to an antinomy with no solution.

#### **4.4. WAARDEUR WORD DIE SKEP EN OORDRA VAN DIE NARRATIEF BEÏNVLOED?**

Soos voorheen gesê, speel lewensverhale 'n beduidende rol in die uitdrukking en vorming van identiteit. Die vraag is: Waardeur word die skep en uitdruk van hierdie lewensverhale, of ander narratiewe beïnvloed? Daar is verskeie aspekte wat betrokke is by die skep en oordra van narratiewe. In hierdie gedeelte word die sienings van Giddens (1991:55), Field (2001:98), Whitebrook (2001:6), Randall (Whitebrook, 2001:53), White (1991:8), Bruner (2002:24), Eakin (Bruner, 2002:86), en Connerton (Bruner, 2002:99) uiteengesit. Daar sal nie telkens na die individuele skrywer verwys word nie, behalwe wanneer 'n direkte aanhaling gebruik word.

##### **4.4.1. Kultuur**

Wanneer mense hul lewenstories vertel, doen hulle dit volgens die modelle van begrip spesifiek aan hul eie kultuur. Bruner (2002:28) stel,

Not only are stories products of language, so remarkable for its sheer generativeness, permitting so many different versions to be told, but telling stories soon becomes crucial to our social interactions [ . . . ] Storytelling becomes entwined with, even at times constitutive of, cultural life.

Die aard en vorm van die *self* is net soveel 'n kulturele as individuele kwessie. Die individu kry die narratiewe waardeur hy homself skep en herskep vanuit die kultuur waarin hy leef. Ter illustrasie: Wanneer 'n jong man om die hand van sy bruid vra,

gaan dit gewoonlik gepaard met sekere formaliteite. Persoonlike narratiewe is dikwels deel van sulke verrigtinge. In verskillende kulture sal hierdie narratiewe egter verskillend oorgedra word. Die kandidaat uit 'n landelike gebied diep in Afrika wat sy toekomstige skoonpa wil beïndruk met sy posisie in die samelewing, kan moontlik vertel dat sy pa vier vrouens en twintig kinders het, dat hy stamhoof is en tweehonderd beeste besit. Dit is die wyse waarop sy kultuur status en rykdom definieer. Die jong man uit 'n Westerse stedelike agtergrond, sal indruk probeer skep met sy kleredrag en nuwe sportmotor. Hy kan moontlik in sy vertelling melding maak van sy pa se beroep as hartchirurg, sy wynlandgoed en strandhuis, en hul jaarlikse oorsese vakansie as gesin.

#### 4.4.2. Sosiale omstandighede

Stories of *weergawes* word altyd vertel binne sekere sosiale omstandighede en beperkings. Stories word van persoon na persoon oorgedra, en die toon en geloofwaardigheid daarvan hang dikwels af van die omstandighede waarin dit vertel word. Die storie van 'n bejaarde dame wat 'n noodblindedermoperasie moes ondergaan, sal verskillend geïnterpreteer word deur verskillende mense. Die inwoners van die ouetehuis waar sy woon sien dit dalk as 'n brokkie interessante sensasie of kommerwekkende nuus. As die dokter wat die operasie uitgevoer het, die storie aan 'n kollega vertel, kan dit bloot beskou word as 'n werksverwante kwessie.

#### 4.4.3. Konteks

Historiese, institusionele en biografiese kontekste is altyd krities vir die duidelikheid, geloofwaardigheid en relevansie van stories. Om hierdie rede is die gemeenskap van Promosa in Hoofstuk 2 omskryf. Die konteks waarin die adolessent as teikengroep leef, beïnvloed noodwendig ook die narratiewe wat hulle oor hulself en hul leefwêreld skep.

#### 4.4.4. Populêre herinnerings

Populêre herinnerings is sentrale aspekte van identiteitsvorming, maar stiltes en die vergeet van gebeure wat verby is, is ook fundamenteel in hierdie proses, volgens Field (2001:98) Stiltes rondom gebeure in die verlede is moeilik om te interpreteer omdat dit 'n afwesigheid aandui in die stories wat vertel word. Field meen dat tolke

en interpreteerders veral in Suid-Afrika moet luister na stiltes, aangesien dit dikwels geskep word deur 'n emosionele nalatenskap van traumatiese en pynlike gebeure wat deur onderdrukte individue en groepe onder Apartheid beleef is. Meer spesifiek, behoort sulke stiltes eerder geanaliseer te word as om slegs geëtiketteer te word as 'n tipe geheueverlies, wat deur Field gesien word as 'n manier waarop sogenaamd gekleurde gemeenskappe dikwels gestereotipeer word. Vir generasies van bruin mense is hul gevoelens van verlies, veroorsaak deur gedwonge verskuiwings tydens Apartheid, betekenisvol.

#### 4.4.5. Die verlede

Alle mense se verlede bestaan uit herinneringe, sommige positief, ander minder positief. Die vervlegte narratiewe binne 'n gemeenskap dra by tot die vorming van wie 'n individu is. 'n Belangrike deel van elke individu se lewenstorie bly die herinneringe aan 'n enkel of gedeelde verlede. Herinneringe en die stories wat mense vertel is nooit net stories van 'n perfekte plek êrens in die verlede nie. Dit is eerder stories van mense wat getransformeer is deur die verlede en herinneringe. Vanuit die hede kyk die individu na die herinneringe van die verlede, en sien dan wie hulle daardeur geword het.

The past, recounted from the standpoint of the present is then a strategy of identity construction, which provides a way of criticizing that transformation, narratives becoming morality tales as much as they are history. (White, 1991:8).

Die geluk en verlies, rituele en seremonies, wat deel uitmaak van die adolessent in Promosa se verlede, en ook van hul huidige leefwêreld, kry gestalte in die narratiewe wat hulle oor hulself en hul ruimte neerpen.

---

#### 4.4.6. Ander narratiewe

Identiteit put ook uit ander narratiewe, insluitend die gemeenskap se stories, instansies, kulturele narratiewe, of nasionale stories. 'n Verskeidenheid weergawes van die lewenstorie kan in interaksie met mekaar die spesifieke mengsel van storielyne bied waaruit die identiteit van 'n individu bestaan. So byvoorbeeld is daar in die lewe van die adolessent in Promosa skoolstories, kerkstories, familiestories, straatstories, vriendekringstories en ook stories wat wyer uitkring, soos narratiewe oor die groter omgewing (Potchefstroom), die land en die wêreld. Hierdie wyer stories het betrekking op die politieke, ideologiese, godsdienstige, kulturele, sosiale

en maatskaplike strominge waardeur die adolessente beïnvloed word. In die gemeenskap van Promosa behoort daar derhalwe meer as een narratief te wees wat vervleg is om die stories van die adolessente te vorm.

#### 4.4.7. Eienskappe van die self

'n Narratief word op 'n sekere manier gekonstrueer, en onbewustelik kom kenmerke van die *self* daarin na vore, omdat die mens ten eerste 'n produk is van die *self*, en ook van die sosiale konteks waarbinne hy/sy leef (Whitebrook, 2001:6). Persoonlike vooroordele, voorkeure en afkeure kom gewoonlik na vore in 'n narratief. Wanneer 'n chauvinis 'n storie vertel, behoort dit byvoorbeeld duidelik te wees uit sy manier van praat hoe hy oor vroue dink.

#### 4.4.8. Die groep en gemeenskap

Alle kulture het sekere vooropgestelde idees en perspektiewe oor die *self*. Bruner (2002:66) stel dat selfskepping dikwels die hoofmedium is waardeur die individu sy uniekheid bevestig. Volgens word die individu van ander onderskei deur sy weergawes van homself te vergelyk met die weergawes wat ander van hulself gee. Hiermee saam word die skepping van *self* ook op 'n definitiewe manier beïnvloed deur ander (die groep) se interpretasie van die individu se lewensnarratief.

Groepe bied verder ook raamwerke of *kaarte* aan individue, waardeur hul herinneringe as't ware gelokaliseer kan word, aldus Connerton (Bruner, 2002:99). Volgens hom plaas mense hulle herinneringe binne die denkbeeldige ruimtes wat deur die groep daargestel word. Geen kollektiewe herinnering kan immers bestaan sonder verwysing na 'n sosiaal-spesifieke ruimtelike raamwerk nie. Ter illustrasie kan verwys word na die ware verhaal van Anne Frank, soos uitgebeeld in *The diary of Anne Frank*. Die hele narratief is verweef met die lot van die Jode in Europa tydens die Tweede Wêreldoorlog. Anne Frank is 'n Jood en 'n slagoffer van die massaslagting deur die Nazi's, en dié feit is die raamwerk waardeur die leser die verhaal lees.

#### 4.4.9. Taal

Die feit dat selfkonstruksie reeds baie vroeg begin en 'n baie sistematiese proses is, hou verband met die bemeestering van taal self – nie net die sintaksis en woordeskat

daarvan nie, maar ook retoriek en die reëls van narratiewe konstruksie. Soos alle ander aspekte van wêreldskepping, rus selfskepping (of lewenskepping) swaar op die simboliese sisteem waarin dit uitgevoer word – die geleentheid én beperkinge daarvan, aldus Bruner (2001:36).

Die taal wat 'n individu gebruik, is in 'n sekere sin 'n samevoeging van twee *vormingsmeganismes*: Taal word aangeleer op grond van die sosiale konteks (kultuur) van die individu; dit word egter deur die *self* aangepas as uitdrukkingsvorm van identiteit.

#### **4.5. FUNKSIES**

Die narratief het wydlopende funksies. Die funksies word bepaal deur die veld waarin dit gebruik word, en die doel daarvan. Binne die konteks van die studie, het die narratief die volgende funksies:

##### **4.5.1. Skepping en herskepping van die self en die wêreld**

In die studie is een van die belangrikste funksies van die narratief die feit dat die *self* en die wêreld daardeur geskep (of herskep) kan word. Dit is, soos reeds gestel, verweef met die vorming van identiteit.

Die *self* is volgens Bruner (2002:14) moontlik die indrukwekkendste kunswerk wat ooit geskep word, sekerlik die mees verwickelde, want die individu skep nie slegs een *selfskeppende* storie nie, maar verskeie daarvan. Dit is nie net wie en wat hy nóú is wat hy wil bepaal nie, maar ook wie en wat hy moontlik kon wees, gegewe die beperkings wat herinnering en kultuur op die individu plaas, beperkings waarvan hy dikwels onbewus is.

Daar kan gestel word dat die narratief 'n venster bied waardeur na die realiteit gekyk kan word. Bruner (2002:6) stel,

... we rarely inquire as to the shape reality is given when we dress it up as a story. Common sense stoutly holds that the story form is a transparent window on reality, not a cookie cutter imposing a shape on it.

Daar word ook dikwels in die lewe vasgehou aan narratiewe modelle van realiteit, wat gebruik word om die alledaagse ervarings van die individu te vorm en betekenis te gee.

Deur middel van die narratief word die verlede en die toekoms gekonstrueer, geherkonstrueer, en in party opsigte herversin. In die proses smelt herinnering en verbeelding saam. Selfs wanneer fiktiewe wêrelde geskep word, word die bekende nie geheel en al weggegooi nie, maar aangepas en verander in dit wat moontlik kon wees en steeds kan wees (Bruner, 2002:93). Hiervan is tradisionele sprokies soos *Sneeuwitjie en die sewe dwerge* en *Die drie varkies* voorbeelde. Die sprokies bied 'n beeld van of metafoor vir ware lewensproblematiek. Na aanleiding hiervan kan die leser of toehoorder dan sy eie wêreld herkonstrueer.

In hierdie opsig is die narratief 'n *gesprek* tussen dít wat verwag is en dít wat uiteindelik gebeur het. Daar moet iets onverwags plaasvind voordat daar 'n storie kan wees. 'n Voorbeeld hiervan is die *tipiese* liefdesroman: Twee mense raak verlief op mekaar. Die leser wéét hulle gaan mekaar vind, maar onverwagte struikelblokke hou hulle uitmekaar, en hou die leser se aandag gevange tot op die laaste bladsy, waar hulle dan wél bymekaar uitkom.

Stories wat op die lewe gebaseer is – outobiografieë, selfgerigte narratiewe oor die algemeen (*selfskeppende* narratiewe) – het ten doel om die verlede en die moontlike saam te bind, met ander woorde, “Hoe my lewe nog altyd was en waarskynlik altyd sal bly” en “hoe dit kon gewees het en nog steeds kan wees”.

Ten slotte wil dit voorkom asof die narratief moontlikhede van nuwe wêrelde oopmaak, wêrelde waarin die verlede, hede en toekoms, die self en die ander, vervloei sodat dit uiteindelik herskep word in nuwe, helderder (of soms dowwer) kleure. Hierdie funksie van die narratief bied hoop, nuwe moontlikhede en terapeutiese waarde.

#### 4.5.2. Groepsverbintnisse

Stories bind mense aan mekaar. Die individu funksioneer nie in isolasie nie, maar staan ook in verhouding met verskeie groepe en die gemeenskap as geheel. Navarro (2003: 138) is van mening dat stories herkenning skep van gedeelde ervarings, wat help om identiteite te vorm en mense se toekoms aan mekaar te bind. In hierdie verband kan gedink word aan groepterapie, waar elke individu sy storie deel. Deur

hierdie proses word die groep saamgebind en kom daar begrip en perspektief. Die lede van die groep vind ook dikwels aansluiting by mekaar se stories.

Mondelinge narratiewe vertolk gebeure verbaal, en dra dit in 'n herkenbare volgorde oor. Sodoende kan dit ook bydra daartoe dat groepe aan mekaar verbind word. Aangesien narratiewe gewoonlik gebeure opeenvolgend oordra, word identifisering met die protagonis van die storie aangemoedig (om die wêreld deur daardie persoon se oë te sien). Wanneer mense die wêreld sáám sien, is hulle geneig om dieselfde begrip van die wêreld te deel, en dit maak kollektiewe aksie moontlik (Navarro, 2003:138). Dit is een van die kernredes waarom dit so belangrik is dat gemeenskappe (spesifiek die gemeenskap van Promosa) hul stories met mekaar, en ook met die buitewêreld, moet deel – sodat mense met mekaar se stories kan identifiseer en gemeenskappe oor grense heen aan mekaar verbind kan word. Vergelyk ook Botha (2001:74) wat beklemtoon dat stories bydra tot begrip van die *self* en die ander.

Die stories en die narratiewe in 'n gemeenskap beïnvloed die handeling en aktiwiteite van die inwoners (Saleebey, 1994:356). Met verloop van tyd, skep die gedeelde narratiewe 'n interpretatiewe gemeenskap, iets wat van groot waarde kan wees, onder andere in die skep van kulturele samebinding.

Verder bestaan daar volgens Hymes (Brockmeier & Carbaugh, 2001:7) ook die gedagte dat narratiewe 'n *stem* gee aan sosiale verhoudings en plaaslik ingebedde kulturele betekenis; dit is een van die moontlike uitkomstes wat die studie in die gemeenskap van Promosa wil bereik.

#### 4.5.3. Oordra van waardes

'n Verdere aspek van die narratief is dat mense hulle waardes en verbintenisse daardeur aan ander oordra. Volgens Mitchell (Navarro, 2003:130) kan hierdie waardes en oortuigings ook deur narratiewe aan die spreker teruggereflekteer word, en sodoende versterk word. Op hierdie wyse bind stories individue aan die samelewing waaruit die modelle ontstaan het.

Stories word ook vertel om die waardes van 'n gemeenskap of kultuur te hernu en oor te dra. Dit word egter meer dikwels vertel om te *waarsku* as om te leer, veral in tradisionele gemeenskappe. Dink in hierdie verband byvoorbeeld aan Afrikavolksprokies, waarin daar telkens 'n sedelessie voorkom, asook tradisionele Europese en ander kulturele sprokies (soos *Die skoenmaker en die Elwe*). Juis om hierdie rede word stories beskou as die waardevolste besitting van 'n kultuur ("Stories are a culture's coin and currency," aldus Bruner, 2002:15). Mites en volksverhale, dramas en volksfeeste gedenk die belangrike norme in 'n kultuur, en waarsku ook teen oortredings daarvan.

Stories bied uiteindelik 'n model van die wêreld, dikwels van 'n geïdealiseerde wêreld. Dit word hoofsaaklik gedoen deur die daarstel van metafore. Sprokies is in hierdie verband weereens 'n duidelike illustrasie.

#### **4.6. VERBAND MET DIE IDENTITEIT VAN DIE ADOLESSENT**

In die konstruksie van identiteit word stories déúr en óór die self vertel – stories wat die persoon aan ander oor homself vertel, en stories wat ander oor die persoon vertel, of stories waarin hy/sy ingesluit word (vergelyk Whitebrook, 2001:4). Dít is die oogmerk van die studie: om te bepaal hoe gemeenskappe bemaagtig kan word om hul stemme te laat hoor, hul eie stories te vertel. Ek poog in die studie om mense te begelei in die skep van 'n eie verhalende teks, en ondersoek moontlikhede om ook self as buitestander 'n *gemeenskapseie* jeugnovelle te skep.

Volgens Hall (2000:58-59) bly 'n persoon se identiteit verander en skuif, en is dit 'n voortdurende proses (sien 3.2.1.). Eksterne magte, ook die verlede, het 'n groot invloed daarop, en binne hierdie proses word identiteit altyd oorvertel en herontdek. Dit word genarratieweer. Hy stel dat ons na die verlede gaan deur die geskiedenis, deur herinnering, deur begeerte, en nie deur letterlike feite nie. Wanneer mense se getuïenisse oor die verlede gebruik word, kan dit dan ook nie as letterlik, as die waarheid, geïnterpreteer word nie. Dit moet *gelees* word as stories, posisionerings en narratiewe. Ek is derhalwe ook sterk onder die indruk daarvan dat die tekste wat die teikengroep geskep het, steeds relatief is, in die sin dat dit geensins die groep of individu se identiteit volkome kan omvat nie, en nie as die volkome, absolute waarheid gesien kan word nie. Die narratiewe is gekleur deur eie sienings van die

*self* en die wêreld. Hall meen dat die herkénning van identiteit ook 'n verskil maak in die mens se kreatiewe uitdrukking. Wanneer mense weet (of nie weet) wie hulle is (nie), beïnvloed dit die manier waarop hulle hulself beskryf en hul stories vertel.

Persoonlike stories is, soos reeds gesien, nie net 'n manier om iemand (of jouself) van jou lewe te vertel nie; dit is ook 'n manier waardeur identiteite gevorm word. Dit is die vormende krag van lewensverhale wat dit belangrik maak (Giddens, 1991:55), veral ook vir die adolessent in Promosa. Individue wat die vermoë verloor het om narratiewe te konstrueer, het hulsélf verloor. Eakin (Bruner, 2002:86) stel dat dit lyk of die konstruksie van die *self* nie kan voortgaan sonder die vermoë om te beskryf of te vertel nie. Wanneer die individu eers toegerus is met hierdie kapasiteit, kan hy/sy 'n *self* skep wat in verhouding staan tot ander, wat hom toelaat om op selektiewe wyse terug te graawe in die verlede terwyl hulle hulself vorm vir 'n verbeelde toekoms.

Om identiteit in terme van die narratief te definieer, beteken volgens Whitebrook (2001:4) dat die volgende aspekte van identiteit gedek word, naamlik:

- Dit wat deur die *self* aan die wêreld gewys word
- Die deel van die *self* wat deur die wêreld herken word.

Whitebrook sluit aan by Ricoeur (1991:73) se konsep van identiteit as *sameness* en *self*, met ander woorde dit wat *dieselfde* is as die groep, en dit wat *anders* (uniek) is.

Om 'n individu te *identifiseer* beteken nie net om hom te onderskei van ander nie, maar ook om hom met ander te identifiseer, aldus Euben (Whitebrook, 2001:58). Identiteit is daarom 'n kwessie van *bymekaar staan* sowel as *apart staan*; dis 'n kwessie van *gemeenskap* sowel as *individualiteit*.

In die ondersoek van die adolessent se identiteit en ruimte, soos vergestalt in die narratief, gaan dit in kern oor die manier waarop die self en die ander voorgestel word, die *inhoud* van die verhalende tekste. Dit gaan egter nie net oor wát gesê word nie, maar ook oor hoé dit gesê word. Vergelyk ook Whitebrook (2001:22) se siening in hierdie verband. Griffin (1993:1094-1133) stel dat die stories wat mense vertel nie net interessant is vanweë die beskrywing van gebeure en karakters nie (die *inhoud* daarvan), maar ook vanweë die konstruksie van die verhalende teks (die *vorm*). Die manier waarop individue hul lewenstories vertel; dit wat hulle beklemtoon en uitlaat,

hul posisie as protagoniste of slagoffers, die verhouding wat die storie daarstel tussen die verteller en die leser/gehoor – al hierdie faktore vorm die geheelbeeld van die individu se lewe soos vergestalt in die verhalende teks.

Ten einde duidelik te onderskei tussen *vorm* en *inhoud*, word vervolgens 'n opsomming gegee van die aspekte wat onder elk val:

VORM	INHOUD
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Vertelinstantie</li> <li>▪ Vertelperspektief</li> <li>▪ Skeppingselemente (storielyn, ruimte en tyd, karakterisering)</li> <li>▪ Gebruik van dialoog</li> <li>▪ Tegnieke, styl en toon</li> <li>▪ Struktuur (kyk na fragmentasie teenoor eenheid, orde teenoor wanorde, sekerheid teenoor onsekerheid)</li> <li>▪ Oorsaak en gevolg</li> <li>▪ Verhaalvlakke</li> <li>▪ Genre en verwagte struktuur</li> <li>▪ Taalgebruik</li> <li>▪ Woordeskat</li> <li>▪ Sinskonstruksie</li> <li>▪ Leestekengebruik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Merkers van identiteit:               <ul style="list-style-type: none"> <li>Persoonlike en kollektiewe merkers</li> </ul> </li> <li>▪ Rolle</li> <li>▪ Simbole, helde, rituele, waardes, praktyke</li> <li>▪ Struktuur van identifikasie</li> <li>▪ Ruimte</li> <li>▪ Hibriditeit</li> <li>▪ Liminaliteit</li> <li>▪ Grense</li> </ul> <p>Inhoud behels verder ook:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Tema</li> <li>▪ Sluiting</li> </ul>

Die narratiewe *proses* self is beduidend ten opsigte van identiteit. Wát en hoé 'n persoon 'n verhalende teks skryf, het 'n impak op wat daaruit afgelei word oor sy identiteit. Hierdie eienskappe van identiteit behoort tot uiting te kom in mondelinge of geskrewe verhalende tekste. Die narratief gee aan die navorser die geleentheid om waar te neem hoe identiteit gekonstrueer word, deurdat aandag gegee word aan inhoud en vorm.

Die studie erken die belangrikheid van *vorm* as deel van die narratiewe proses. In die analisering van die teikengroep se tekste is daar egter tot die konklusie gekom dat die akademiese standaard van die tekste oor die algemeen laag is (vergelyk die

mening van Lion in 7.3.). Dit het tot gevolg dat die adolessente min aandag geskenk het aan standaard narratiewe vorm. Aangesien daar van die tekste is wat deur tweedetaalsprekers van Afrikaans geskep is, is die standaard van veral taalgebruik, woordeskat, sinskonstruksie en leestekengebruik werklik swak. Daarom is besluit om wel kortliks 'n oorsig te gee oor tendense wat ten opsigte van vorm opgemerk is, maar dit word nie in diepte bespreek nie. Sinskonstruksie en leestekengebruik word glad nie aangeraak nie. Die fokus van die teksanalise sal die *inhoud* van die tekste wees.

#### **4.7. SLOT**

In Hoofstuk 4 is die hipotese gestel dat die narratief 'n belangrike rol speel in enige individu, maar spesifiek die adolessent in Promosa, se siening van homself en ander, en in die vorming van sy identiteit en ruimte. Hierdie hipotese is onder andere deur die literatuur wat ondersoek is, bewys.

Die hipotese is ook op 'n verskeidenheid ander maniere bewys. Ten eerste het die hoofstuk 'n agtergrond gegee oor die narratiewe teorie. Daar is verduidelik wat die narratief, en die rol daarvan vir die studie, behels. Daar is ook in die hoofstuk vasgestel watter faktore 'n rol speel in die skep en oordra van die narratief, en die funksies van die narratief is uiteengesit. Ten slotte is die verband tussen die narratief en die identiteit van die adolessent in Promosa beskryf.

Die gevolgtrekking waartoe in die hoofstuk gekom is, is dat die narratief 'n baie belangrike rol speel in die adolessent in Promosa se konstruering en verwoording van 'n eie identiteit. Die narratief vervul 'n verskeidenheid funksies, waarvan 'n kernfunksie die individu se skep en herskep van sy identiteit en werklikheid is. Hiermee saam bied die narratief ook die moontlikheid aan individue om hul sin van *self* en gemeenskap te rekonstrueer en te re-interpreteer (Zegeye, 2001:203). Die narratief bied ten slotte nuwe toekoms moontlikhede en daarmee saam, hoop.

## HOOFSTUK 5 TEKSONTLEDING

### 5.1. INLEIDING

“The conceptualization of narrative identity rests on the claim that narrating is a basic human activity. Persons understand their own lives as stories,” aldus Whitebrook (2001: 9). Die studie gaan van die uitgangspunt uit dat die narratief inderdaad intrinsiek deel is van menswees, dat lewenstories onlosmaaklik deel is van wie ‘n individu en groep is en die ruimte waar hulle leef.

Die gemeenskap van Promosa sal waarskynlik steeds ‘n sterk orale kultuur hê, en dus steeds sterk binne die *logosfeer* beweeg (Stassen, 2003:6), hoewel adolessente se blootstelling aan die *grafos-* en *videosfeer* ook ‘n herkenbare invloed op vertellinge behoort te hê.

Bogenoemde tradisies beïnvloed die wýse waarop narratiewe weergegee word (en die *inhoud* in ‘n mindere mate), terwyl die identiteit en ruimte van die adolessent ook sentraal staan in die inhoud van hul eie verhalende tekste. Die tekste bring temas en narratiewe vanuit hul eie lewens na die oppervlak, en werp lig op die hibriede vorme, grense, en liminale ruimtes wat hul identiteit as individue en as groep vorm.

Daar is reeds gestel dat die adolessente van Promosa nie gekategoriseer en gestereotipeer kan word nie (Hoofstuk 3). Hoewel alle kategorieë veranderlik is, is daar egter tog sekere elemente wat altyd deel bly van wie ‘n persoon is en waar hy/sy vandaan kom. Hierdie elemente is in Hoofstuk 3 uiteengesit. Die teorie word nie weer in detail bespreek nie. Hoewel kategorieë wel bestaan in die lewens van die adolessente in Promosa (hulle is byvoorbeeld *skoliers*), bly hul identiteit as groep, en as individue, vloeiend. Wie hulle is, word deurgaans aangepas (en beïnvloed) deur hulle omgewing. Hul verlede het ook ‘n sterk vormende impak op hul identiteit en die siening van Zegeye (2001:218) is bevestig in die teksanalise. Hy stel,

Memories are vital forms of social and cultural currency that are exchanged among individuals, groups and generations. Social memories are not passive blueprints of the past. Rather, individual and collective memories are always shaped and filtered in complex ways. Memory is made within a relationship between the past and the present and in a sense also the future, as the presence of wishes and desires for the days ahead make their imprint.

Hoofstuk 5 wil die volgende navorsingsvraag beantwoord: **Hoe word identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense deur adolessente in Promosa in geskrewe verhalende tekste vergestalt?** Die doel van die hoofstuk is om die tekste wat deur die adolessente in Promosa geskep is, te analiseer, ten einde merkers van identiteit en ruimte te vind.

Die metode van data-insameling sal ten eerste uiteengesit word. Hierna word 'n raamwerk voorgestel vir die analisering van die tekste, waarna voortgegaan word met die teksanalise.

#### **Die breë konteks**

Daar is 'n agtergrond en kontekstualisering gegee ten opsigte van die studie; die teikengroep is omskryf en die relevante filosofiese konsepte is uiteengesit.

Agtergrond is ook gegee ten opsigte van skrywers en publikasies vanuit bruin gemeenskappe. Hierna is die narratief bespreek. Hoofstuk 6 behels 'n teksanalise; daarna word die adolessent as leser bespreek.

## **5.2. METODE VAN DATA-INSAMELING**

Die verhalende tekste wat ontleed word, en wat die data vir die navorsing uitmaak, bestaan uit verhale en opstelle. Die volgende metode is gevolg in hierdie deel van die studie:

Die *verhale* is versamel as deel van die oorkoepelende navorsingsprojek van die Vakgroep Skryfkuns (*Om die wêreld oop te skryf: Boeke uit die gemeenskap*). Soos in Hoofstuk 1 uiteengesit, is die verhale in twee fases byeengebring:

- a) Die eerste was 'n storieskryfkompetisie wat in die Promosa Sekondêre Skool aangebied is. Die opdrag van die kompetisie was dat leerders 'n eie storie moes skryf. Daar was 'n keuse tussen twee temas, naamlik, *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* en *As ek my lewe kon oorhê*. Die temas is spesifiek gekies omdat dit moontlikhede inhou ten opsigte van die beskrywing van die adolessent se identiteit en ruimte. Daar was geen lengtebeperking nie.

b) Voortvloeiend uit die kompetisie is 'n *Kursus vir Jong Skrywers* ('n werkwinkel in Kreatiewe Skryf) aangebied deur die ATKV Skryfskool. Tydens die werkwinkel het senior leerders van die Promosa Sekondêre Skool kreatiewe skryfvaardighede aangeleer. Onderwerpe wat tydens die driedaagse kursus aangeraak is, is:

- Die verskil tussen 'n opstel en verhaal
- Skryffases
- Skeppingselemente: storie- en spanningslyn (plot); plasing (ruimte en tyd); karakter.
- Die gebruik van dialoog.
- *Wys teenoor vertel*

Die kursusgangers het tydens die kursus geleentheid gekry om 'n eie kortverhaal te skep. Deelnemers kon self besluit waaroor hulle wou skryf, en is ook nie beperk ten opsigte van lengte nie. Hierdie verhale is by dié van die skryfkompetisie gevoeg. Uit hierdie twee projekte het 30 verhale gekom.

In 'n verdere fase van data-insameling het senior leerders van die Promosa Sekondêre Skool, as stelwerkopdrag 'n *opstel* gekry om te skryf. Temas is geformuleer wat te make het met identiteit, en aan die onderwyser deurgegee. Daar kon 'n opstel geskryf word oor een van die volgende temas:

- My oupa het altyd gesê . . .
- Die dag toe ek amper dood was
- My grootste wens
- Die dapperste mens wat ek ken
- Dit het net hier in ons straat gebeur

Uit die opdrag is 40 opstelle byeengebring. Uiteindelik is 'n totaal van 70 verhalende tekste geanaliseer. In elke fase is tekste deur Afrikaans eerste –én tweedetaalleerders geskep.

Die mate waarin hierdie groep adolessente se identiteit gevorm is deur hul verlede, maar ook deur hul sosiale omstandighede, kultuur, konteks, en individuele identiteit, het duidelik na vore gekom toe hulle die geleentheid gebied is om hul eie tekste te skep. Aangesien elke teks slegs 'n blik bied op 'n klein deeltjie (een gebeurtenis, dag of oomblik) in die adolessente se lewens, kan die tekste nie beskou word as 'n

volledige *ensiklopedie* oor die identiteit en ruimte van die teikengroep nie. Dit bied waardevolle insigte oor die adolessent, maar die tekste is nie in 'n laboratorium geskep nie, en word derhalwe beïnvloed deur verskeie menslike faktore. So byvoorbeeld speel die gemoedstoestand en gemotiveerdheid van die adolessent op die spesifieke dag wat die teks geskep is, 'n rol, asook moontlike subjektiewe aannames wat deur die navorser gemaak kan word.

Om sodanige subjektiwiteit te beperk (hoewel dit nooit heeltemal uitgeskakel kan word nie) is die tekste ontleed aan die hand van 'n teoretiese model. In die deel van herinneringe, is daar verskeie faktore wat op die narratief inspeel (sien Hoofstuk 5). Die werk van Hofstede (1991), Hall (2000), Ricoeur (1991), Bhabha (1996), Van Genep (1960), Wallman (2001) en Whitebrook (2001) omskryf die wyse waarop hibriditeit, ruimte, liminaliteit en grense tot uiting kom in die identiteit van individue en groepe (soos ook uitgedruk binne 'n geskrewe verhalende teks).

Die werk van al bogenoemde teoretici is byeengebring in 'n model (of raamwerk). Op grond van die model is sekere merkers van identiteit en ruimte bepaal. Hiervolgens is die tekste ontleed, en is sekere afleidings gemaak oor die narratiewe identiteit van die adolessente in Promosa.

### 5.3. MODEL VAN ONTLEDING

Die volgende model is ontwerp waarvolgens die tekste geanaliseer sal word. Die model berus op die werk van verskeie teoretici:

TEORIE			
IDENTITEIT	IDENTITEITSMERKERS		Hofstede (1991)
	<p><b>Persoonlik</b> Ouderdom, lewensfase, geslag, voorkoms, persoonlikheidseienskappe, demografiese en sosiografiese agtergrond, ras/etnisiteit, godsdiens, seksuele voorkeur, sosiaal-ekonomiese klas, beroep.</p>	<p><b>Kollektief</b> Kultuur, ras/etnisiteit, taal godsdiens, land, generasie politieke oriëntasie, asook samebindende faktore wat groepe met mekaar laat identifiseer (bv. gesamentlike belange, demografiese en sosiografiese eienskappe) – selfde skool/kerk/dorp/straat.</p>	
	<p><b>IDENTITEIT KOM DEUR VERSKILLENDE ROLLE TOT UITING:</b> Bv. adolessent is skoolkind, suster, kind, versorger, iemand se meisie.</p>		Hofstede (1991)



	<b>Kyk ook na:</b> Simboliese grense : voorwerpe, mense, praktyke, tyd, ruimte Sosiale grense Etniese grense: sosiale mediums waardeur assosiasie plaasvind; kulturele en geografiese elemente	Lamont & Molnár (2002) Sanders (2002)
--	--	---



<b>NARRATIEWE IDENTITEIT</b>	<u>Vorm</u> Plot, perspektief, skeppingselemente, struktuur, verteller en tegnieke, karakterisering, styl en struktuur.	<u>Inhoud</u> Tema, konteks, ruimte, grense, liminaliteit, hibriditeit.	Whitebrook (2001)
------------------------------	--	--	-------------------

Fig. 4.3.1. Teoretiese model van ontleding (self saamgestel)

#### 5.4. TEKSANALISE

Die feit dat twee verskillende genres, naamlik opstelle en verhale, deur die navorsing hanteer is, het 'n definitiewe invloed gehad op die gevolgtrekkings waartoe gekom is. Wat betref identiteit, ruimte, grense, hibriditeit en liminaliteit (inhoud), het soortgelyke tendense in die verhale as in die opstelle na vore gekom. Dieselfde was egter vanselfsprekend nie die geval wat die narratiewe vorm aanbetref nie, omdat die verskillende genres verskillende eienskappe van die vorm belig het. Die teksanalise word daarom in twee afdelings hanteer. In die eerste afdeling sal die tekste (verhale sowel as opstelle) geanaliseer word in terme van *inhoud*. In die tweede afdeling word die twee genres afsonderlik bespreek, en gaan dit om die narratiewe *vorm* in die tekste.

Let wel: Bylaag A bevat al die verhalende tekste wat geanaliseer is. Wanneer na die tekste verwys word, word die volgende kodering gebruik:

O = opstel

KO = 'n teks wat tydens die skryfkompetisie ingesamel is

KU = 'n teks wat tydens die skryfkursus geskryf is.

Wanneer daar dus verwys word na O2, is dit Opstel nommer 2.

#### 5.4.1. Inhoud

##### 5.4.1.1. Identiteit

In die teksanalise is die konsep van identiteit vanuit verskillende hoeke benader. Onderzoek is naamlik ingestel na die persoonlike en kollektiewe identiteitsmerkers wat in die tekste na vore gekom het, die vlakke waarop identiteit funksioneer en waardeur dit beïnvloed word, asook die struktuur van identifikasie.

##### a) Identiteitsmerkers

###### i. Persoonlike identiteitsmerkers

Op **persoonlike vlak** het daar heelwat inligting na vore gekom wat betrekking het op die adolessente van Promosa se identiteit. **Name** wat aan karakters toegeken is, dui daarop dat Engelse, of Engelsklinkende, name gewild is. So is daar byvoorbeeld karakters met die volgende name: Eunice (KU5), Vanessa (KU3), Noleen (KU7), Ryan (KU7), Justice (KU3), Yvonne (KU1), Bazil (KU6), Roger (KU7), Cindy (KU10), Ashon (KU10), Lilian (KU10) en Gilian (KU10). Enkele tradisioneel Afrikaanse name kon in die tekste gevind word, naamlik Maria (KU2), Japie (KU4) en Johanna (KU2), terwyl daar baie min Setswana name opgespoor kon word. Slegs een karakter het die naam Lebogang (KU1). Dit is nie heeltemal seker wat die beduidenis hiervan vir die studie is nie. Die moontlikheid bestaan dat dit bloot name is wat deur die gemeenskap as vernaam of mooiklinkend beskou word.

Hiermee saam kom daar ook in enkele verhale karakters met byname voor, wat tekenend van 'n sekere identiteit is. In die verhaal *Die drie masketeers kry pakslae* word die jongste van die "drie masketeers" deur haar familie "Oumaki" (KU1) genoem. Dit dui daarop dat sy waarskynlik wys vir haar ouderdom is, en kan ook met haar voorkoms te doen hê. Dalk is dit bloot 'n troetelnaam. In *Melktrok by die garage*, word die hoofkarakter spottenderwys deur haar pa "Melktrok" (KO3) genoem, na aanleiding van die gebeure by die vulstasie. Uit die tekste word afgelei dat Promosa 'n gemeenskap is waar inwoners se identiteit dikwels aan byname geheg word, veral op grond van fisiese voorkoms (byvoorbeeld 'n naam soos "Wange").

In die tekste het ook **ouderdom** dikwels voorgekom as aanduiders van identiteit. Adollesente wat oor hulleself geskryf het, sou byvoorbeeld aandui dat dit gaan om 'n sestende verjaarsdag (KU6), of op watter stadium van die skrywer se lewe 'n sekere insident plaasgevind het, byvoorbeeld, "Ek was omtrent 13/14 gelede [oud] wat daardie aklige dag gebeur het" (O14). Behalwe dat heelwat tekste, veral opstelle, oor die adollesente *self* gehandel het, was dit ook opmerklik dat adollesente dikwels geskryf het oor ouer figure, veral oupas en oumas. Hier het ouderdom, of lewensfase, dan ook na vore gekom.

Die **lewensfase** van die adollesent (of tiener) is soms ook uitgelig. Sekere vertellings het gehandel oor 'n partytjie wat bygewoon is (bv. O16), klubs (bv. O16), verlieftheid (KU 3, KU7), seksuele aktiwiteite (O16), en drankgebruik (O16). Ander het verwys na 'n tiener wat musiek luister en rekenaarspeletjies speel (O13), terwyl ook die kleredrag van die skrywer as tiener belangrik is, byvoorbeeld 'n "lemmetjiegroen toppie" (KO3) en "ek het die rok uitgetrek en in 'n broek en top geklim" (KO8). Meer as een teks het gehandel oor skoolwerk en -aktiwiteite (O4, O9, KO7, KO11, KU2 ens.). Uit die vertellings kan afgelei word dat dit vir die adollesent van belang is om tyd saam met vriende te spandeer, en dat kleredrag, partytjies, musiek, en die teenoorgestelde geslag 'n prominente rol speel in die vorming van hul identiteit.

Die **geslag en ras** van karakters het veral in die *verhale* tot uiting gekom. Hier was 'n definitiewe tendens dat karakters dikwels anoniem of naamloos gebly het, en slegs bekend gestaan het as "die man" of "die vrou". Ras het 'n klein rol gespeel in verhale, maar daar word tog soms van melding gemaak, bv. ". . . het een blanke man my hand 'n druk gegee." (sien KO6).

---

**Voorkoms en persoonlikheid** geniet heelwat aandag in die tekste. Dikwels is daar relatief uitgebreide beskrywings van 'n karakter, veral die hoofkarakter, in terme van kleredrag, fisiese voorkoms en persoonlikheidseienskappe. Voorbeelde hiervan is die volgende:

"Die BMW was swart en ons met onse wit rokkies en wit skoene het gemaak laat die motor soos 'n zebra lyk." (KO8).

“Maria was ‘n baie stil meisie wat saam met haar ma, pa en kleinboetie in ‘n vier vertrek steen huis gebly het. Sy was baie eensaam en nie soos die ander kinders nie” (KU2).

“Daar was ‘n meisie met die naam vanessa. Sy was baie mooi, swart hare, bruin oë en nogals ‘n mooi oulike lyfie” (KU3).

“Eunice het vir my baie lewenslustig voor gekom. Alhoewel sy bietjie oorgewig was. Sy was baie vriendelik en haar gesig het my baie getref. Glade vel, mooi groot bruin oë en ‘n neus wat daarby pas. Ek skat haar so 15 jaar oud” (KU5).

Hiermee saam gaan die **beskrywing** van karakters en hul omstandighede, wat ook ‘n aanduiding gee van die persoonlike identiteit van die skrywer, verteller en/of karakter, en dus van die adolessent. Die beskrywings hou verband met voorkoms, persoonlikheid en lewensomstandighede. Enkele voorbeelde is: “my beste niggies” (KO8); “swart hare en bruin oë” (KU3); “alleen” (KU4); “baie mooi” (KU3); “het in ‘n viervertrek-steenhuis gebly” (KU2).

Karakters word dikwels as slagoffers uitgebeeld, veral in die verhale. Ook in die opstelle is die lewensomstandighede swaar, en word maatskaplike en sosiale problematiek dikwels beskryf, met woorde soos:

“ . . . maar toe ruk die een man hom los en ruk ‘n lang mes uit. Hy begin toe die ander man te steek en hy hou nie op nie hy steek aanhoudend” (O1).

“Jy weet dat jou pa werk alleen en dat jou ma werk nie. . .” (O3).

“Daar is baie kinder hier binne ons omgewing wat nie blyplekke het nie. Daar is weer ouers/moeders wat hulle pasgebore babatjies in asdromme, toilette, busstoppe en op enige plek waar hulle dink is reg, weg of ingooi” (O4).

Positiewe en goeie eienskappe word meestal aan hoofkarakters toegeken. Lewensomstandighede word as moeilik uitgebeeld, en die karakters ly dikwels daaronder. Vroulike karakters is veral in die verhale meestal fisies aantreklik. Hieruit kan afgelei word dat adolessente beïnvloed word deur die visuele wêreld van die videosfeer waarin hulle grootword. Blootstelling aan die massamedia lei daartoe dat ‘n mooi fisiese voorkoms as belangrik beskou word.

Uit die tekste kon sekere **persoonlike voorkeure** van karakters en soms skrywers bepaal word, wat beduidend is ten opsigte van hul persoonlike identiteit. Hieruit is duidelik gesien dat die tekste deur unieke individue geskep is. Een skrywer/karakter se gunstelingkleur is blou (KU1), 'n ander is lief vir tee (O17), een hou van kuier (O16), 'n ander is lief vir leer (KO11). Daar is soveel verskillende karakters en voorkeure, en daarom ook soveel verskillende identiteite wat uit die tekste na vore kom.

## ii. Kollektiewe identiteitsmerkers

Die kollektiewe identiteit wat uit die tekste na vore kom, skep 'n profiel van die adolessent se leefwêreld wat as volg beskryf kan word: In die gemeenskap is die belange van die groep belangriker as dié van die individu; groot, uitgebreide families woon saam en word dikwels deur slegs enkele werkende persone finansiëel versorg. Familielede speel 'n belangrike rol in mekaar se lewens, nie net vir finansiële ondersteuning nie, maar in elke ander aspek. Die omgewing is bedrywig en die strate is van vroeg tot laat aan die gang; hier speel kinders en kuier grootmense oor en weer. Wasgoed word in agterplase gewas en skep die geleentheid vir buurvroue om die nuutste skindernuus te verneem.

Huishoudelike en ander vorms van geweld en misdaad is 'n alledaagse verskynsel, soos ook die teenwoordigheid van die polisie en ambulanse. Die MIV/Vigs-pandemie eis sy tol in so 'n mate in die gemeenskap dat naweke in beslag geneem word deur die een begrafnis na die ander. Ander maatskaplike probleme wat deel is van die gemeenskap is drankmisbruik, kindermishandeling en molestering, straatkinders, armoede en werkloosheid, ouers wat skei en enkelouergesinne, en depressie. Tog is daar verskeie kerkdenominasies in die gemeenskap, en is daar 'n sterk godsdienstige bewussyn onder die inwoners. Die kollektiewe identiteit sal nou van nader geanaliseer word.

**Groeps- en familieverhoudinge** in die tekste wissel van 'n warm, liefdevolle verbintenis, tot gevoelens van verlies en selfs bitterheid. Van die skrywers / karakters voel ook dat hulle in die steek gelaat is deur hul familie, terwyl ander self die rol van versorger moes speel. Daar is baie min gevind dat 'n verhaal, of selfs 'n opstel, slegs oor 'n individu handel. Die familie of gemeenskap speel altyd 'n rol – hetsy positief of

negatief. Meer as een opstel handel oor die positiewe invloed wat 'n oupa in die adolessent se lewe gehad het. Daar is ook vertellings van gebeure wat in die straat voor die skrywer se huis afgespeel het; hier is dit meesal negatiewe insidente soos moord en motorongelukke. Die gemeenskap is dan gewoonlik betrokke as nuuskierige toeskouers. Daar is enkele opstelle en verhale wat handel oor 'n ouer of grootouer wat sterf, en die gevoelens van verlies wat daarmee gepaardgaan.

Ter illustrasie word enkele aanhalings gegee waar die familie of gemeenskap 'n rol speel:

“Ek het my *vrienden* gaan kyeer sy is 'n skenerbek. Ek het net gaan lestuur het sy nie nuwe nuus nie vor my nie. toe kry ek was sy haar klere” (O10).

“My *oupa* is welbekend in Promosa vir al sy spreuk woorde en sy sêgoed. Niemand sal hom maklik kan vergeet nie veral as hy sê waar daar lewe is, is daar liefde”(O17).

“Ek Godfrey van Rooyen het saam met my *ouma* gebly, ek was elf jaar oud en my *ouma* was al vier en vyftig jaar oud. Ons het in 'n vier vetrek gebly wat 'n bietjie ongemaaklik was vir ek en my *ouma* maar weens die onstandighede kon ons nie 'n beter een bekostig nie” (KO1).

“My *moeder* was maar 'n enkel ouer. Sy het my en my ander twee ouer susters versekerlik maar swaar grootgemaak. Maar in daai swaar tye het sy ons met respek en liefde grootgemaak” (KO2).

“My *ma* en *ooms* het ook deur 'n moeilike tyd gegaan waar hulle nie gewerk het nie, dan moes my *ouma* 'n groot pot met vetkoeke gepak het met sop, sodat ons *almal* kan eet, en van my *tantes* het nog in die huis gewoon” (KO7).

“Daar het 'n *oom* verby gery met 'n fiets, ek het hom geroep en gevra om my te help met my *ouma*” (KO6).

“Met die verloop van tyd het die vrou baie alleen gevoel want *haar man* is baie hardwerkend en is gedurig op kantoor. Sy het wel *vriende* en *familie* gehad, maar dit was nie dieselfde nie” (KU11).

Die **bedrywige omgewing** waarin adolessente leef, is tekenend van die gemeenskap se identiteit. Waar daar min ruimte in die meeste huishoudings is, word die straat die kuier- en leefruimte. Dis hier waar kinders speel, geliefdes mekaar ontmoet, en grootmense nuus uitruil. Dis ook in die strate waar geweld en misdaad

op 'n gereelde basis plaasvind. Die gemeenskap is betrokke in mekaar se lewens en een van die ruimtes waar belange gedeel word, is op straat.

Hierdie eienskap van die adolessent se kollektiewe identiteit vind uitdrukking in die volgende aanhalings:

“Net so skuins oorkant ons huis was daar 'n groep mans wat besig was om kaarte te speel. Dit was nie lank gewees nie toe sien ek hoe twee mans met mekaar argumenteer. en later toe begin die een te stoot aan die ander een.” (O1).

“Daar was maar altyd mense gewees in ons straat wat verbyloop. Op daardie spesifieke dag was die straat nogal baie besig gewees. Kinders het gespeel met mekaar en daar was ook baie ander grootmense in die straat” (O1).

“Die hele straat se mense was geskok oor wat gebeur het hulle kon dit nie glo dat dit in ons straat gebeur het nie” (O1).

“Ek hoor mense sê da kom bloed uit” (O10).

“Die mens in die straat het uit gekom om te sien wat aan gaan” (O14).

“Op 'n dag so laat skemer nogal op 'n winter aand loop daar 'n ou tannie af in die straat na haar vriende toe en met die wat sy so loop kom daar 'n paar jong manne agter haar aan. Die ou tannie was min bewus as sy terug kom sal hulle haar dood maak nie” (O23).

In verskeie tekste kom **sosiale problematiek** sterk na vore, in so 'n mate dat dit nie agterweë gelaat kan word as merker van die adolessent se identiteit nie. In opstelle wat as tema gehad het *My grootste wens*, was dit 'n sterk neiging van skrywers om te skryf oor sosiale probleme soos MIV/Vigs, kindermishandeling, molestering, armoede, werkloosheid, straatkinders en sielkundige probleme, en maniere waarop hulle oplossings daarvoor wou soek. Ook in die verhale kom temas van geweld en misdaad herhaaldelik voor. Dit blyk dat adolessente in Promosa daagliks gekonfronteer word met hierdie maatskaplike kwessies. Die feit dat hulle nie in 'n veilige, beskermde omgewing leef nie, mag daartoe lei dat die jeug van Promosa reeds op vroeë ouderdom blootgestel is aan gevaar en moeilike sosio-ekonomiese omstandighede, en vroeër tot selfstandigheid en onafhanklikheid ontwikkel (nie noodwendig finansieel nie).

In verskeie tekste geniet bogenoemde kwessies aandag, soms as hooftema, en soms terloops:

“Die ander mans het daarin geslaag om die twee mans uitmekaar te kry maar toe ruk die een man hom los en ruk ‘n lang mes uit” (O1).

“Dit maak my altyd so hartseer om in boeke of in koerante te lees dat daar weer ‘n baba opgetel is . . .” (O4).

“En ek wel help mense wat dwelms om probleem te los” (O5).

“Een van die vervloekinge is arm-moed wat maak dat mense aan depressie ly” (O6).

“My grootste wens is dat daar eendag ‘n geneesmiddel vir Vigs sal gevind word”(O8).

“Duisende mense weet nie hoe hulle die virus gekry het nie en ons wie nie MIV/Vigs besmet is nie moet liewer saam met hulle hoop vir kuur” (O8).

“Toe ons kom kry het daar ‘n antie langs ons die kersfees aand verkrag en dood gemaak was” (O14).

Die gevolg van bogenoemde sosiale problematiek, en veral van MIV/Vigs, is in baie gevalle *die dood*. Daarom is die dood geen onbekende verskynsel vir die adolessent in Promosa nie, en kan dit gesien word as deel van die kollektiewe identiteit van die adolessente as groep. In die tekste was die dood dikwels ‘n tema, hetsy terloops of sentraal, soos geïllustreer deur die volgende:

“Ek was regtig geskok toe ek hoor die man is dood volgens die polisie het die man hom dood gebloei” (O1).

“ . . . en ongelukkig het hy net hier in onse straat voor onse huis kom vaal en net daar gesterf” (O7).

“Honderde mense sterf elke dag as gevolg van MIV/Vigs” (O8).

“ . . . en die dood tref hom langs of op pad na sy suster se graf” (O13).

“Aai die ou tannie daar lê sy dood vermoor onskuldige ou vrou” (O23).

“Ek kon dit nie glo nie, ek het selfs nie eers regtig gehuil of hartseer gevoel nie, ek was egter geskok. Na die begrafnis was die huis baie leeg en stil” (KO2).

“Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie, is die dag voor my pa se begrafnis. My pa het skielik siek geword, die dokter het gesê hy het griep” (KO5).

“ . . . ek het af na my ouma se gesig gekyk en gesien hoe haar asem stadig weg raak, ek het gesien hoe sy probeer baklei teen die dood maar alles was tevergeefs” (KO6).

Miskien juis as gevolg van die alledaagsheid van die dood in die gemeenskap, is daar ‘n sterk **godsdienstige bewussyn** in die tekste. Godsdienstige rituele, soos begrafnisse en aannemings, is net so alledaags as die dood. Dit wil ook voorkom asof die adolessente as kollektiewe groep ‘n sterk belewing van ‘n Hoër Mag in hul lewens het. God word gesien as Vader, Beskermer, Voorsiener en Herder. Hier is enkele voorbeelde van die godsdienstebeleving van die adolessent:

“Alles tedanke aan God se genade dat ek nog hier kan sit” (O16).

“Ek het gebid laat hy my nie skiet nie” (O21).

“Ek was so bly en die Here gedank dat Hy my lewe gespaar het” (O21).

“My oupa het altyd gesê ek moet altyd by die here hou” (O25).

“En ek weet daar es net een person wat kaan my wens ‘n “reality” maak en dit es god.” (O29).

“Ek was soos ‘n verlore skaap in bos maar toe besluit ek om tereg te keer na my skapwagter” (KO9).

“Dit was ‘n lekker sonnige Woensdag. Ek, my ouma, en my suster Lebogang moes kerk toe gaan” (KO6).

“Om 24:55 het God ‘n verskietende ster gestuur, en my wens het later waar geword: ek het ‘n droom van Gammy gekry waar hy met die Here gesit het, en ek het geweet dat hy met onse Vader is” (KO8).

“Sy het baie van die kerk gehou. Een Sondag na die diens vra die priester haar iets baie belangriks . . .” (KU3)

“Die kerk wat my familie bygewoon het was Die Nuwe Apostiele Kerk in Christus. Hulle het elke dag diens by ons kom hou” (KO5).

“Die kerk was so onaangenaam, want hulle het ‘n outydse lied gesing” (KO8).

**Drome en ideale** speel ook ‘n belangrike rol in die identiteit van individue, omdat dit iets sê van wie die persoon is. Uit die tekste het sekere drome en ideale herhaaldelik na vore gekom. Die twee wat deurlopend voorgekom het, was:

- Om uit te styg bo die huidige omstandighede, en ‘n hoër status te bereik (finansiëel en in terme van kwalifikasies)

- Om 'n verskil in die gemeenskap te maak ten opsigte van maatskaplike en sosiale omstandighede.

Van Schalkwyk (2003:213) het 'n studie uitgevoer oor horisonmites in Suid-Afrikaanse en Nederlandse verhalende tekste. In sy analise van die media as bron van mites, bevind hy dat bogenoemde drome en ideale van die adolessent in Promosa, 'n algemende tendens is in artikels wat in swart tydskrifte soos *Bona*, *Drum*, en *Pace* gepubliseer word. Volgens hom word daar in die meeste van die verhale baie klem gelê op die verkryging van materiële welvaart, die besit van statussimbole, oorsese reise, selfontplooiing, maar terselfdertyd ook op gemeenskapsbetrokkenheid en 'n verbondenheid aan die jeugwêreld en tradisies.

Bogenoemde ideale kom ook duidelik na vore uit die tekste van die Promosa-adolessente. Uit die teksanalise was dit duidelik dat dit die droom van feitlik al die adolessente is om matriek suksesvol te voltooi. In die opstelle was daar ook meer as een skrywer wat graag 'n kuur vir MIV/Vigs wil vind, en meer as een wil dokters, wetenskaplikes, aptekers en maatskaplike werkers word. Dit blyk 'n kollektiewe droom te wees: om verhoogde status en finansiële rykdom te verkry, maar ook terug te keer na Promosa en 'n verskil in die gemeenskap te maak. Hiermee saam blyk dit 'n sterk kollektiewe oortuiging van die adolessente in die tekste te wees, dat die individu in hom- of haarself moet glo, ten einde sukses te behaal. Dit kom meer as eenmaal tot uiting in die tekste, soms in die woorde van 'n grootouer wat 'n kleinkind aanmoedig, en soms wanneer die adolessent self sy vasberadenheid uitdruk om 'n droom te bereik.

Hier is enkele illustrasies van sodanige drome en ideale:

“My grootste wens is om my skoolloopbaan te voltooi en om verder te gaan studeer. Ek sal graag vir 'n maatskaplike werker studeer” (O4).

“Ek wil ook ekstra geld te maak om kinders te help en mense wat nie kos of slaap plek het nie.” (O5).

” Ek het 'n visie dat ek eendag 'n verandering in meeste mense se lewe maak” (O6).

“... ek wens 'n dokter is so ek kan kry die beste medisyne vir vigs so dat ons mens kan ok nie so dood nie” (O9).

“Ek wens laat ek kan my eie familie hê, my kar, my hond en my eie huis, saam met my kind as God vir my hoor” (O9).

“My grootste wens is om eendag iets te wees, ‘n voorbeeld vir die klein kinders wat na my kom ek wil ‘n suksesvol vrou wies met baie ambisie” (O11).

Enkele ander identiteitsmerkers wat minder opvallend was, maar in individuele gevalle opgemerk is, was: **gesamentlike belange**, die **skool** wat adolessente bywoon, en spesifieke **taalgebruik** wat eie is aan Promosa as gemeenskap. Sekere uitdrukkings is tipies van die gemeenskap waaruit die adolessente afkomstig is, en sê iets van hul kollektiewe identiteit. Voorbeelde van sodanige uitdrukkings is die volgende:

“Skuins voor ons jaard . . .” (O1)

“Die dag was nog vars” (KO8)

“Ek weet eendag sal my kop bo die water uitsteek” (KO14).

Uit die persoonlike en kollektiewe identiteitsmerkers, is sinvolle inligting versamel oor die adolessente van Promosa. Hul leefwêreld begin al hoe duideliker vorm aanneem. Die teorie-model (sien fig. 4.3.1) stel dat die adolessent se identiteit op verskeie vlakke funksioneer. Daar moet dus vanuit die tekste vasgestel word watter vlakke hier ‘n rol speel. Adolessente in ander dele van veral die Westerse wêreld vind hul helde en ikone dikwels op televisie en die silwerdoek. Filmsterre en musiekikone speel ‘n baie belangrike rol in baie tieners se *identifiseringsproses*. Die vraag is: Wie en wat beïnvloed die adolessent van Promosa se siening van homself? Watter simbole, helde, rituele en waardes (Hofstede, 1991) is van belang in die gemeenskap, en is in so ‘n mate belangrik dat dit in die tekste van die adolessente uitdrukking vind? Vervolgens word daar aan hierdie vraagstuk aandag gegee.

## b) Rolle en simbole, helde, rituele, waardes

### i. Rolle

Die karakters, skrywers en vertellers in die tekste tree nie net in hul hoedanigheid as adolessente op nie. Hulle funksioneer op verskillende vlakke van identiteit. Elkeen van die verskillende rolle wat in die tekste na vore kom, word vervolgens genoem, en deur ‘n voorbeeld belig:

- **Die adolessent as kind of kleinkind:**

“My oupa sê ook altyd hoe trots hy op sy kleinkinders is, want ons het elkeen een van sy vele talente ontvang” (O17).

“Ek is ‘n persoon wat elke dag wens dat ek moet een dag ‘n beter werk moet kry om my ouers te kan help.” (O30)

- **Broer/suster/ander familie:**

“Sy het hospitaal toe gegaan en ek en my twee ouer susters het haar gaan besoek” (KO2).

“In 1999 kom ek op Hoër Skool Promosa, en my niggie het ook die skool verlaat as gevolg die probleme” (KO7).

“Ter wille van my ouma het ek en my suster Lebogang saam kerk toe gegaan” (KO6).

“Ek en my niggies besluit om rond te kyk ons stap toe in ‘n klein volstrys winkel” (KO4).

- **Versorger:**

Soms moet die adolessent self die rol van versorger in die familie oorneem:

“My plig daglik was dat ek moes houtgekap het, ons het ‘n dik stomp gehad agter onse huis en ek moes met ‘n byl daardie stomp geslaan het tot daar kimmels van houtjies is of wees. Maar soos die tyd gegaan het die stomp klaar geword en ek moes ‘n ander plan gekyk het as jong seun . . .” (KO1).

“Ek was net 12 jaar toe my moeder sterf. Ek en my suster het maar aangegaan dag vir dag” (KO2).

- **Skolier:**

“Toe ek begin skool loop, het ek ‘n wens gehad om verder te gaan studeer. Toe ek by die Hoërskool kom het my wens sterker geraak” (O20).

“Op ‘n warm somers aand het ‘n groep van die populere kinder van ons skool besluit om ‘n nuwe lid tot hul groep te voeg” (KO13).

- **Presteerder:**

“Ek wil baie graag aan die beste unewersiteit gaan studeer sodat ek die beste opleiding sal hê om my pasiente te versorg” (O15).

“’n Dag wat ek nooit sal vergeet nie is die dag toe ek my AfRikaans sertifikaat ontvang het. Ek het dit ontvang vir beste student in Afrikaans graad 10” (KO11).

▪ **Vriend / vriendin:**

“Ek het my vriende gaan kyeer sy is ‘n skenerbek” (O10).

“Dit was een lieflike somers aand en ek en my vriende het almal saam ‘n tydjie ge spandeer” (O16).

▪ **Verliefde:**

“Hulle het na twee jaar getrou en vir die verhouding het daar ‘n dogtertjie bestaan, hulle was baie, baie bly. Vanessa was weer eens die gelukkigste vrou op aarde. Hulle was gebind verewig” (KU3).

“Ryan kyk my in my oë en ek sink in my skoene” (KU7).

▪ **Kerkganger:**

“Die kerk wat my familie bygewoon het was Die Nuwe Apostiele Kerk in Christus. Hulle het elke dag diens by ons kom hou. My pa se oom het ook sy eie kerk en my ouma het sy kerk bygewoon” (KO5).

“Dit was ‘n lekker sonnige Woensdag. Ek, my ouma en my suster moes kerk toe gaan” (KO6).

▪ **Slagoffer:**

“Hy het my aan my nek gehou en die geweer teen my kop gehou. Ek het gebid laat hy my nie skiet nie” (O21).

“Skielik voel ek ‘n groot skadu bo-oor my kop val, sonder om notisie te neem gaan ek voort. Toe ek omdraai kyk ek in die bek van ‘n reuse haai wat op aanvalspoed is. Vrees en angs pak my beet, waarop ek nie eers my oë kan knip nie, maar soos ‘n soutpilaar botstil staan” (O22).

▪ **Toeskouer:**

“Daardie dag het ek voor op ons stoep gesit en musiek geluister. Net so skuins voor ons jaart was daar ‘n groep mans wat besig was om kaarte te speel. Dit was nie lank gewees nie toe sien ek hoe twee mans met mekaar argumenteer. en later toe begin die een te stoot aan die ander een” (O1).

“Ewe skierlike hoor ek ‘n klomp mense besig om te skreeu en uit nuusierigheid kyk ek by die venster uit en sien dat een van die voertuie van die begrafnis het te vinnig om die draai op in die straat gery en het omgekeer en die was ‘n trok met mense daarop” (O13).

▪ **Raadgewer:**

“Op hierdie oomblik kom baie teeners na my toe ver advies en ek maak regtig ‘n indruk op hulle lewe” (O6).

▪ **Lid van die gemeenskap:**

“Die nag was baie lelik gewees om te sien hoe iemand langs jou huis kom op getel word met die begrafnis hospitaal bus” (O14).

“Niemand het dit geveerwaag nie wat het gebeur het, al die mense was bly net soos elkedag die kinders het bal gespeel by die straat soos altyd” (O27).

▪ **Vakansieganger / Reisiger:**

“Volstoom het ons die reis aangepak om by ons bootreis uit te kom” (O22).

“Ek het saam met my oom en sy Vamilie vakansie in George gaan. Ons het by ‘n toeruste kamp gaan karr.p met ‘n woonhuis” (KO4).

Terwyl die adolessente verskillende rolle vertolk, is daar ook sekere persone, simbole, rituele en waardes waaraan hulle waarde heg, en wat ‘n belangrike rol speel in hul lewens. Die adolessente word hierdeur gevorm, en dit maak ‘n belangrike deel uit van wie hulle uiteindelik is.

---

ii. Simbole, helde, rituele en waardes

Daar is eerstens ondersoek ingestel na die **simbole** wat in die tekste gevind kon word. Die belangrikste, en enigste simbool wat gevind is, was die **statussimbool**. Hieruit het dit geblyk dat die volgende as statussimbole gesien word in die gemeenskap van Promosa:

- ‘n Matrieksertifikaat
- Finansiële sukses
- Besittings, byvoorbeeld ‘n nuwe motor of groot huis
- ‘n Goeie beroep (hoë inkomste)

Die volgende grepe uit vertellings en opstelle illustreer bogenoemde afleidings:

“My grootste wens is om my skoolloopbaan te voltooi en om verder te gaan studeer.”

“Ek wel ry met ‘n nuwe mercedes benz ML Jeep” (O5).

“My grootste wens is ek wens eendag ‘n dokter kan wees. . . Daar is nog weer my tweede grootste wens. Ek wens laat ek kan my eie familie hê, my kar, my hond en my eie huis saam met my kind. . .” (O9).

“ . . . ek wil ‘n suksesful vrou wies met baie ambisie” (O11).

“My wens sal vervul wees sodra ek klaar met my skoolloopbaan is. Ek wil baie graag aan die beste uneverseteit gaan studeer. . .” (O15).

“Ek het altyd gedroom ek bly in ‘n mooi, groot huis, met ‘n mooi motor en my kinders loop skool in Mohadin” (O20).

“Die werk wat ek soek of wat wins ek kan here, is om ‘n professionele kan wees, soos die direktor van die beste kampanies soos SAB, ABSA, ABI, Kinock en die SABS. En koop ek vir my ‘n mooi kaar die laat model en ‘n groot huis vir my ma voor ek koop ‘n huisie vir myself” (O24).

“My grootste wens is om eendag my eie besigheid te het. Met my besigheid beöog ek om baie geld te maak en sodoende baie ryk te word” (O36).

Wat helde betref, kom daar in die tekste geen aanduidings voor dat die adolessente van Promosa hul helde op die silwerdoek, in die musiekwêreld of op televisie vind nie. Geen *Pop Idols* of ander musiekgroepe word beskryf nie. Dit beteken nie noodwendig dat sulke helde nie deur die tieners van Promosa aangehang word nie; dit kom bloot net nie tot uiting in die tekste nie. Een van die keuse-onderwerpe van die opstelle was *My oupa/ouma het altyd gesê . . .* Dit is daarom nie heeltemal onverwags as die heldeverering wat wel in die tekste voorkom, lyk dit of dit meesal vir familieledede is, en baie maal vir ouers en grootouers. In verskeie opstelle word groot respek betoon aan veral oupas, en word daar besondere waarde aan hul woorde geheg. Ter illustrasie:

“My oupa was ander Oupa wat altyd groot bekends was; amper soos Nelson Mandela” (O3).

“My drome is nie net vir my nie, maar ook vir my oupa” (O3).

“Ek is lief vir my oupa baie want hy is my enspirasie vir die lewe” (O25).

“My oupa is welbekend in Promosa vir al sy spreuk woorde en sy sêgoed. Niemand sal hom maklik kan vergeet nie” (O17).

“My oupa hy is die beste person in die wereld” (O25).

“En dit is waarom ek so trots op my moeder was en nog steed is, want sy was ‘n goeie voorbeeld vir my in lewe” (KO2).

Hierdie verskynsel in die tekste bevestig net weer dat die gemeenskap waarin die adolessente leef, ‘n hegte groepstruktuur het. Die belangrikheid en invloed van familie in mekaar se lewens kan nie onderskat word nie.

‘n Aantal rituele word ook in die tekste uitgebeeld. Die rituele het meestal godsdienstige en kulturele relevansie. In sommige gevalle is die adolessent self by die ritueel betrokke, terwyl daar soms slegs ‘n beskrywing van ‘n ritueel is. Die mees algemene godsdienstige ritueel wat deurlopend in die tekste voorgekom het, was die begrafnis. In sommige gevalle is dit slegs terloops genoem, soms was dit ‘n hooftema in die vertelling. Daar was byvoorbeeld die vragmotor vol mense wat op pad na ‘n begrafnis omgekeer het (O13); ‘n ander vertelling handel oor die familierusie wat ontstaan rondom ‘n begrafnis (KO5), en verskillende kerkgroepe binne die familie wat gewelddadig hierby betrokke is. Daar is ook die meisie wat haar moeder op 12 jaar verloor het; hier word die begrafnis net genoem (KO2).

‘n Ander godsdienstige ritueel is byvoorbeeld die aanneming in die Rooms Katolieke Kerk wat die tema van een van die tekste is (KO8). Kersfees as ritueel word ook terloops genoem (O14). ‘n Voorbeeld van ‘n kulturele ritueel word gevind waar ‘n vroulike verteller in die teks huisskoonmaak en ook haarself was, in die geloof dat dit van haar ‘n “troumeisie” sal maak (O26). Van ‘n heel ander aard is die humoristiese vertelling waar die “ritueel” beskryf word wanneer ‘n dokter sy onwillige pasiënt inspuit (KU5).

Deurlopend in die tekste, en soms “tussen die lyne”, word die waardes gevind wat voorop staan in die lewens van adolessente in Promosa, en ook van die gemeenskap self. Die waardes word oor die algemeen terloops deurgegee. Waardes wat uit die tekste afgelei kon word, is die volgende:

- 'n Waarde wat deur die ouer generasie aangekleef word, is dat, "Net die sterkste mense oorleef, en as jy nie sterk is nie, gaan jy niks word in die lewe nie" (O2) en "Daar is 'n tyd om te huil en daar is 'n tyd om te lag, en 'n tyd vir alles" (O2).
- As mens iets in die lewe wil bereik, moet jy jou deur niemand laat onderkry nie (O3, O11, O15, O18, O20, O36 ens.)
- Jy moet hard werk om jou drome te bereik (O3, O11, O15, O18, O20, O36 ens.).
- Uit verskeie tekste het die waarde na vore gekom dat jongmense "bo wil uitkom", en sukses wil behaal, sodat hulle 'n verskil kan maak in hulle gemeenskap, veral met betrekking tot maatskaplike probleme (onder andere O4, O5, O6, O8, O9, O20, O36, KO7, KO11, KO14, KU9).
- Dit is baie belangrik om skool klaar te maak (O4, O9, O11, O15, KO7, KO11, KO13, KU10).
- Sukses en ambisie is belangrike waardes (O3, O6, O11, O15, O18, O20, O24, O25, O26, O28, O30, O31, O33, O35, O36, KO11, KO13, KO14, KU9, KU10).
- As mens moet moeite doen om iets te doen, moet jy dit van die begin af reg doen (O17, O25).
- Vrygewigheid (deel alles met almal) (O5, O16, O24, O28, O30, O31, O33, KO1, KO4, KO5, KO7, KU4, KU9).
- Respek vir grootmense en oumense (O25, O26, O30, KO2, KO10, KU1, KU2).
- Gemeenskapswaarde: Dis geldmors om verder te studeer, aangesien daar in elk geval nie werk is nie (O20).
- Alle mense is gelyk (O24).
- Gemeenskapswaarde: Kinders moet grootmense groet (O24, O26, KU2, KU7).
- Kinders moet ouers finansiële help (O30, O31, KO9).
- Godsdienstige waardes: bid, gaan kerk toe (O16, O21, O25, O29, KO6, KO8, KO9).
- Negatiewe waardes: geweld, misdaad (O1, O6, O7, O10, O14, O19, O21, O23, O34, KO1, KO5, KO7, KO8, KU2, KU7, KU8, KU12).

Uit die tekste is dit duidelik dat nie elkeen van die waardes deur die hele gemeenskap gedeel word nie, en dat sommiges persoonlike waardes van die skrywer, verteller of karakter is.

Die simbole en helde wat deur die gemeenskap aangehang word, en die rituele en waardes wat deel vorm van die inwoners se lewens, word uitgeleef in **praktyke**. Die praktyke kan positief of negatief wees, afhangende van die waarde, simbool, held of ritueel wat dit dryf. Die praktyke wat in die tekste gevind word, is meestal die uitvloeisel van sekere positiewe of negatiewe *waardes*.

'n Gemeenskapswaarde wat in die tekste na vore kom, is die belangrikheid van sosiale verkeer en kuier met vriende en familie. Hierdie waarde lei tot praktyke soos vleisbraai, uitgaan na klubs, dobbel, die sosiale gebruik van alkohol en die hou van partytjies, asook kaartspel en grootmense wat op straat kuier. 'n Negatiewe waarde is die gebrek aan respek vir menselewens – dit lei tot wanpraktyke soos kindermishandeling, molestering, drankmisbruik, babas wat weggegooi word in asblikke, moord en alledaagse geweld. Hiermee saam is die praktyk van seksuele verkeer onder tieners dikwels 'n simbool van gewildheid en volwassenheid; dit lei egter in baie gevalle tot MIV/Vigs.

Uit die tekste blyk dit dat die gemeenskap van Promosa 'n groepskultuur het. Dit loop uit in praktyke soos kinders wat in die strate speel, en wasgoed wat in agterplase gewas word terwyl bure nuus uitruil. Die praktyk van huisskoonmaak en huishoudelike take is inderdaad alledaags, en word veral deur kinders en tieners in die gemeenskap uitgevoer. Verder is dit ook algemene praktyk vir inwoners van Promosa om godsdienstige rituele uit te voer – hier kan praktyke soos kerk op Sondag en Woensdae genoem word, asook kooroefeninge en *Jeug* vir die adolessente. In die laaste instansie wil dit voorkom asof dit 'n bestaande praktyk is dat grootouers dikwels hul kleinkinders versorg, en met hulle hul eie lewenservaring en wysheid deel. Hier is die groepskultuur weer van krag, aangesien die familie na mekaar se belange omsien.

### c) Struktuur van identifikasie

In die tekste word die *self* dikwels teenoor die *ander* in die teks gestel. Daar is sekere aspekte wat dieselfde is, waarmee die karakter, skrywer of verteller kan identifiseer, maar ook aspekte wat verskil, en wat maak dat hy/sy 'n unieke individu is wat vanuit 'n sekere gesigspunt na 'n situasie kyk.

Dit blyk dat die adolessente in die tekste hulself beskou as deel van die gemeenskap met sy problematiek, maar dat hulle ook verwyderd voel en wil uitstyg bo hierdie probleme. Dikwels word die *self* gesien as die persoon wat sy drome wil bereik en die gemeenskap wil help, terwyl die *ander* beskryf word as "minderbevoorreg", "sukkel met dwelms", en "mense wat nie kos of slaapplek het nie". Sielkundige probleme en die MIV/Vigs-virus word aan "die gemeenskap" toegeskryf, terwyl die adolessent die persoon word wat oplossings wil bied vir hierdie probleme. Dieselfde geld vir misdaad, geweld, drankmisbruik, en ander vorms van sosiale wanpraktyke. Dit kom min voor dat laasgenoemde praktyke deur iemand gepleeg wat naby aan die vertellers is, dit wil sê 'n familielid of 'n persoon wat hulle ken (en waarmee hulle geassosieer word). Meestal is dit "die man" of "die vrou" of "'n kind" wat in 'n insident betrokke is. In baie gevalle is die verteller 'n toeskouer van 'n sekere gebeurtenis. Hoewel die verteller dan identifiseer met die ruimte waar die toneel afspeel, en dikwels stel dat iets "hier in ons straat" gebeur het, staan hy dikwels verwyderd van die aksie, amper apaties daarteenoor. Hy is deel van die gebeure, maar ook op 'n afstand.

Indien geoordeel sou moes word waarmee die adolessente in die tekste hulself wel identifiseer, en wat dus *dieselfde* is binne die gemeenskap, sou die volgende aspekte uitgelig kon word:

#### ▪ **Familie**

Die familie, of lede daarvan, speel in feitlik elke opstel of verhaal 'n rol, hetsy positief of negatief. Daar is vertellings oor herinneringe aan familieledede, gesinslede wat oorlede is, vakansies saam met familie en geleenthede wat saam gevier is. Aan die negatiewe kant is daar ook pa's wat dronk word, geweldadige ouers en ouers wat werkloos is, en die impak wat dit alles op die verteller het.

- **Vriende**

Adolessente deel met hul vriende verskillende aspekte van hul lewens – van skoolwerk, partytjies en klubs, tot skindernuus, speletjies en traumatiese gebeure.

- **Die ruimte**

Beskrywings van die strate en omgewing waarbinne die vertellers beweeg, stem tot 'n groot mate ooreen. Verskillende vertellers beskryf 'n bedrywige omgewing, met kinders wat in die strate speel en grootmense wat rondloop.

- **Problematiek**

Hoewel vertellers in 'n mate hulself van die sosiale en maatskaplike problematiek wil verwyder, verbind die probleme hulle tog aan mekaar en die gemeenskap, omdat dit *gedeelde* problematiek is. Die kwessies sluit onder andere in (soos reeds genoem): MIV/Vigs, geweld, misdaad, kinderverwaarlosing, molestering en verkragting, drank- en dwelmmisbruik, armoede en werkloosheid.

#### 5.4.1.2. Hibriditeit

Die konsep hibriditeit veronderstel dat daar in die tekste 'n *derde ruimte*, of 'n tussenin-sone bestaan (Bhabha, 1996). Die *derde ruimte* kan verband hou met nuwe interkulturele vorme wat geskep word, met die adolessent as verteller of karakter in 'n tussenin-werklikheid, of met die vermenging van narratiewe genres of taal. Verder het die konsep ook betrekking op enige ander vorme van vermenging en nuutskeppinge.

Dit wil voorkom asof die tekste nie veel van hierdie hibriede vorme bevat nie. Daar is geen aanduidings in die tekste self van hibriditeit ten opsigte van taal of ras, byvoorbeeld dat 'n oupa Setswana is of dat ouers van verskillende rasse/taalgroepe is nie. Die verskillende taalgemeenskappe in die dorp en skool kom ook nie tot uiting in die tekste nie. Die enigste konstante vorm van hibriditeit wat ter sprake is, is die adolessent as skrywer, verteller of karakter, en wat in die tussenin-werklikheid tussen kindwees en volwassenheid leef.

Vermenging in terme van genres (opstel en verhaal) kom wel voor, waar die teks moeilik as net een van die twee geklassifiseer kan word. Daar is ook hibriditeit ter

sprake in verhale soos KO1 en *Die jong man en die wonderboom* (KU4), wat beide kruisings is tussen realistiese verhale en sprokies.

'n Enkele ander instansie waar hibriditeit ter sprake is, is byvoorbeeld in 'n vertelling wat handel oor straatgeweld en 'n moord, waar daar 'n vermenging is van die verteller se rolle. Sy tree nie net as verteller en skrywer van die verhaal op nie, maar is ook 'n toeskouer en inwoner van die gemeenskap.

In 'n opstel met die tema *My oupa het altyd gesê . . .* (O25) is 'n ander vlak van hibriditeit sigbaar, wanneer die vertelling beweeg tussen verskillende emosies en uiterstes van die lewe: hartseer en blydschap, die lekker en swaar in die lewe, die verlede en die toekoms word bespreek. Uiteindelik is die toon en tema van die opstel gemeng – daar word op 'n tussenin-vlak waarhede gedeel.

In meer as een opstel is daar die verskynsel dat 'n wêreld of gemeenskap met 'n verskeidenheid van maatskaplike probleme bespreek word. Hiermee saam kom egter die droom of wens om 'n verskil te maak, en 'n beter wêreld te help skep. Daar word ook dikwels gevind dat die skrywer, soos voorheen genoem, bo die huidige omstandighede wil uitstyg en (veral finansiële) sukses wil behaal. In hierdie sin word daar tussen werklikheid en drome of ideale beweeg, en so kom 'n vorm van hibriditeit tot stand.

Daar is slegs een opstel (O26) waar 'n nuwe interkulturele vorm tot stand kom. In die vertelling word algemene waardes soos dat dit belangrik is om hard te leer, vermeng met kulturele gelowe, soos dat 'n meisie gouer 'n man kry as sy hard werk in die huis en haarself was. Nog 'n oortuiging wat genoem word, is dat as kinders respek betoon aan grootmense en hulle groet, hulle geluk (*luck*) sal hê. Hier is 'n *derde ruimte* ter sprake, met nuwe, vermengde oortuigings.

#### 5.4.1.3. Liminaliteit

Die tekste opsigself kan beskou word as liminale sones. Die praktyk of ritueel van skryf word dan gesien as 'n oorgangsrite – die adolessent beleef sekere gebeure, dalk 'n krisis, en gaan dan deur 'n rite van inkorporering, deur die gebeure op papier vas te lê. So word dit verewig.

Wanneer 'n adolessent van een groep na 'n volgende, of van 'n spesifieke status na 'n hoër status beweeg, gaan dit dikwels gepaard met spesiale rituele, aldus Van Genep (1960:10). Die rites van oorgang (wat reeds in Hoofstuk 2 bespreek is) word onderverdeel in skeidingsrites (bv. begrafnis), rites van inkorporering (bv. huwelike, aanneming) en oorgangsrites (soos inisiasie, en die oorgang van een ouderdom na 'n volgende).

Verskeie van die rites van oorgang is in die tekste van die adolessente gevind:

a) Skeidingsrites

Verskeie tekste het te make met die dood en begrafnis, wat 'n duidelike vorm van skeidingsrites is. Hier gaan die geliefde oor vanaf die status van die lewe na die dood. Enkele voorbeelde:

“Na twee weke, toe begin die familiedrama by my pa se begrafnis. Die Vrydagaand voor my pa se begrafnis het daar iets gebeur wat ek nooit sal vergeet nie . . .” (KO5).

“Na die begrafnis was die huis baie leeg en stil. Ek was net 12 jaar toe my moeder sterf” (KO2)

“Hy het ons verlaat vanuit die huis na die graf . . .” (KO7).

b) Rites van inkorporering

In een van die verhale met die tema, *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO8), gaan dit oor die aanneming van 'n groep jong lidmate van die Rooms Katolieke Kerk. Die hoofkarakter word ingelyf as volle lidmaat van die gemeente en beskryf die gebeure wat daarmee saamhang.

---

Wanneer die twee hoofkarakters in *'n Ma se begeerte* (KU11) 'n dogtertjie aanneem, kan die ritueel ook gesien word as 'n rite van inkorporering. Die kind word deel van die gesin, en as sodanig verander haar status as weeskind:

“Hulle het na die Welsyn toe gegaan en 'n dogtertjie van agt maande aangeneem.”

c) Oorgangsrites

Die grootste aantal rituele in die tekste het te make met die oorgang van een vorm van status na 'n volgende (verhoogde of verlaagde) status:

In verskeie tekste is daar 'n oorgang (al is dit slegs 'n moontlike of toekomstige oorgang) vanaf die huidige omstandighede na 'n suksesvolle toekoms. Daar word dikwels genoem dat adolessente wil gaan studeer, ten einde 'n goeie beroep te kan beoefen en hoër status te bereik.

Een van die vertellinge handel oor 'n messtekery, en die gevolglike moord op 'n persoon in die straat (O1). Hierna word geskryf dat die moordenaar verhoor is, en dat hy 10 jaar tronkstraf gekry het vir moord en poging tot moord. Die status van die moordenaar het verander (verlaag): waar hy voorheen 'n vry inwoner van die gemeenskap was, is hy nou 'n krimineel. Die verhoor kan in hierdie opsig beskou word as 'n tipe oorgangsrite vanaf een status na 'n volgende.

In 'n ander vertelling neem die skrywer deel aan 'n sangkompetisie (O18). Die kompetisie dien as oorgangsrite, omdat haar status as onbekende, jong sanger daardeur verander word na 'n verhoogde status van gewildheid: "Die vrydag aand het aangebreek waar ek in 'n Auditorium voor 'n gehoor optree en begin sing het dus wat ek altyd wou doen. Ek was verras hoe ek die gehoor aangetrek het, ek het nie verwag dat so 'n groot gehoor na my sou kom luister nie. . ."

Wanneer 'n ander skrywer in 'n motorongeluk is (O32), en as gevolg daarvan 'n operasie moet ondergaan, kan die operasie as "ritueel" ook gesien word as oorgangsrite. Die pasiënt beweeg vanaf die toestand of status van 'n beseerde, na dié van 'n herstellende persoon.

In nog 'n verhaal met die tema *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO1), word die status van die hoofkarakter twee maal verhoog. Dit gebeur telkens wanneer hy op toweragtige wyse bemagtig word – die eerste maal ontvang hy 'n towerkierie van 'n ou man, wat hom in staat stel om enige gevare te oorwin, en in 'n tweede insident word ook 'n towerlammetjie aan hom gegee, sodat hy ook op materiële gebied verhoogde status kry. In dieselfde verhaal kom die *verlaagde* status

van die ou man op die ashoop na vore; hy was 'n lid van die gemeenskap met 'n vrou en kinders, maar nadat sy vrou hom weggejaag het, leef hy op die ashoop.

'n Soortgelyke verandering in status vind plaas in *Die wonderboom en die jong man* (KU4), waar die hoofkarakter na 'n ontmoeting met 'n heks sy grootste wens kry, naamlik mense wat vir hom lief is en saam met hom woon. Sy status verander van eensame na geliefde persoon.

Die enigste inisiasierite kom voor in die verhaal *'n Tyd om te onthou* (KO13). Hier gaan dit om 'n groep skoolkinders wat 'n nuwe lid tot hul groep wil voeg. Hy moet homself egter eers bewys deur 'n sekere aksie uit te voer:

“En om hom 'n lid te maak moes hy in die dam spring en uit swem.”

Slegs een verhaal handel oor die oorgang vanaf een ouderdom na 'n volgende. In *'n Verjaarsdagverrassing* (KU6) vertel die skrywer eers van die dag voor haar sestende verjaarsdag, wanneer haar pa haar met 'n besoek verras, en daarna van haar verjaarsdag self, wanneer sy verras word met 'n vlug in 'n vliegtuig. Daar is letterlik 'n oorgang tussen ouderdomme.

Dit wil voorkom asof liminaliteit in die sin waarin Van Gennep (1960) dit sien, naamlik as *limen* of *threshold* bestaande uit rites van oorgang, nie baie dikwels voorkom in die tekste nie. Hoewel baie van die tekste sekere krisisgebeure in die lewens van die adolessente beskryf, gaan die krisis nie altyd gepaard met 'n oorgang, verandering van status, of ritueel nie.

#### 5.4.1.4. Ruimte

Die verhouding waarin die adolessent in Promosa, as individu en as groep, tot die ruimte staan (veral die geografiese, sosio-ekonomiese en maatskaplike ruimte) beïnvloed hul identiteit – hetsy positief of negatief. Deurlopend in die tekste kom dit na vore dat sekere herinneringe aan 'n spesifieke plek help om 'n individu, en soms die hele gemeenskap, te vorm. Die herinneringe word dan weer losgemaak deur sintuiglike ervarings – 'n reuk, klank, gevoel, smaak, of iets wat 'n persoon sien en herken. So staan die ruimte in interaksie met die identiteit van 'n individu en gemeenskap, en werk dit mee om 'n *sin van behoort* (*'n sense of place*) te skep. Die

*sin van behoort* word verder vasgelê en verstewig deur gedeelde ervarings en stories, soos die geval is met die tekste van die adolessente.

Dit blyk uit die tekste dat die fisiese ruimte van die adolessente uit verskillende vlakke bestaan. In die eerste plek is daar die klein ruimte van die tuiste en erf. Hier staan veral die familie in interaksie met mekaar. Dan is daar die ruimte van die straat, waar die inwoners interaksie het, en waar gebeure plaasvind, soms tragies en skokkend, soms humoristies. Daar is ook spesifieke plekke in die gemeenskap, waar die ruimte steeds 'n rol speel in inwoners se interaksie, soos die kerk, skool, slaghuis, park en *bierhuis*. Nog wyer strek die hele dorp Promosa as ruimte. Hierna word wegbeweeg van Promosa, in al wyer sirkels, na Potchefstroom en verder, na Johannesburg. In die laaste instansie is daar ook tekste wat verskeie ander plekke as ruimte het, onder andere Welkom, George en Oudtshoorn.

'n Ander wyse van onderskeiding tussen die ruimtes, is as volg:

- Die huidige fisiese en sosiale ruimte van die adolessent
- Die fisiese en sosiale ruimte waarna hy/sy streef
- Die *tussenin*-ruimte, bv. vakansies, tye wanneer hy/sy weg is uit Promosa, die sprokies-ruimte

Die ruimtes in die tekste sal nou op grond van laasgenoemde onderskeiding bespreek word:

#### a) Huidige ruimte

Hoe lyk die huidige fisiese en sosiale ruimte van die adolessent, soos beskryf in die tekste? Hierdie ruimte betrek die eerste aantal vlakke wat voorheen genoem is, naamlik: 1) die huis en erf 2) die straat 3) spesifieke plekke in die gemeenskap 4) Die dorp van Promosa, as geheel.

Wanneer gekyk word na die onmiddellike *fisiese* omgewing (**die huis en erf**) van die skrywers, vertellers en karakters in die tekste, kan sekere afleidings uit die tekste gemaak word. Ten eerste kom dit uit die tekste voor asof die meeste huise in die gemeenskap feitlik teenaan die straat geleë is. Erwe is oor die algemeen klein. Enige gebeure en geskille wat in die straat plaasvind, is so na aan die inwoners van die

buurt dat hulle deel word daarvan. Geen hoë heinings en groot erwe skep afstand na die straat nie. Ook huise is in die meerderheid gevalle nie baie groot nie, byvoorbeeld Japie (in *Die wonderboom en die jong man*, KU4) wie se “plek waar hy gewoon het ook baie klein” was, en Godfrey wat saam met sy ouma in ‘n viervertrekhuis gewoon het (KO1). Daar word ook melding gemaak van ‘n sinkhuis (KU5), en mense “wat in zozo’s woon” en wat nog nooit regtig huise gehad het nie (O24).

In die tekste woon groot families dikwels saam onder een dak, byvoorbeeld in *Die dae in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO7), waar tantes en ooms, ‘n ma en pa en grootouers, saam met verskeie kleinkinders in ‘n klein huisie woon. Dit het tot gevolg dat die kinders op die grond moet slaap. Dit kom voor asof die maatskaplike probleme in die huishouding met mekaar verband hou; die oupa is ‘n alkoholis en verloor sy werk, daarom is daar net een werkende persoon in die huishouding. Armoede en ander redes gee aanleiding daartoe dat haar eie seun haar geld steel, ensovoorts.

Terwyl verskeie tekste die problematiek uitbeeld wat dikwels gepaardgaan met families en gesinne wat in een huis woon, is daar ook tekste wat die positiewe herinneringe skets wat in hierdie klein ruimtes beleef is. So onthou een adolessent die speletjies wat sy saam met haar suster en jong tannie gespeel het, en hoe hulle deur die huis se vensters gesprong het (KU1). ‘n Ander skrywer onthou die warmte wat hy beleef het as deel van ‘n groot familie, armoede ten spyte (KO7). Hy onthou, “Ons sop en vetkoek. Ons nagstories in die aand wanneer ons gaan slaap. Almal lag saam. Ons bioskooppaand by die saal . . .”

Saam met die beperkte spasie, word daar ook ‘n spesifieke *sosiale ruimte* geskep in die tekste. Dikwels gaan dit om armoede, geweld en drankmisbruik, maar binne hierdie ruimte is daar ook familiefeeste soos Kersfees en verjaarsdae wat gevier word, is daar braaivleis en musiek, en word daar baie gelag en gesels. Aan die een kant staan ‘n beeld soos die volgende: “Toe Johanna by hulle huis aankom was alles deurmekaar, haar pa was besope, ma was wasgoed en haar boetie speel op die grasperk “ (KU2) en aan die ander kant: “Die dag was nog vars, en toe ek by die huis aangestap gekom het, het my pa ‘n braai gemaak. Dit het omtrent 16:00 begin. Die music was wonderlik en ek het die rok uitgetrek, en in ‘n broek en top geklim. ‘Die

prinses is nou weg, nou is dit tyd om te party!' het ek gesê. My broers het my op 'n tafel gesit, en my gesmeer met die koek" (KO8). In 'n ander teks luister 'n tiener musiek op die stoep, terwyl die mense oorkant die huis kaart speel (O1).

Dit wil voorkom asof die inwoners van die gemeenskap almal insae in mekaar se sake het, en of die lewe binne die huis dikwels "oorvloei" na **die straat**, waar mense van vroeg tot laat sosiaal verkeer. So weet die adolessente in die tekste presies hoe en wanneer daar 'n ongeluk in die straat plaasvind. Hoe lyk die straatlewe in die gemeenskap van Promosa? Een verteller beskryf dit as volg: "Daar was maar altyd mense gewees in ons straat wat verbyloop. Op daardie spesifieke dag was die straat nogal baie besig gewees. Kinders het gespeel met mekaar en daar was ook baie ander grootmense in die straat " (O1), terwyl 'n Saterdag op straat deur 'n ander beskryf word as, "Al die mense was bly net soos elkedag en die kinders het bal gespeel by die straat net soos altyd" (O27).

Dit lyk asof die strate daaglik, en veral op Saterdag, 'n bedrywige sosiale omgewing is. Vreemdelinge maak teenoor mekaar opmerkings of grappies. Grootmense kuier en kinders speel in die strate. Dit is soms noodlottig. In meer as een teks vind ongelukke plaas wanneer motors van die spelende kinders raakry. Die betrokkenheid van die straat se inwoners kom veral in die tekste na vore wanneer daar 'n belangrike of skokkende gebeurtenis plaasvind, soos 'n motorongeluk, moord of verkragting. By geleentheid van 'n moord wat op straat plaasvind (O1), stel een skrywer, "Die straat het gewemel v.d. mense ek het in ons huis gehardloop om die polisie te bel." Dikwels word skelms (rowers en selfs moordenaars) deur die polisie vasgetrek omdat daar soveel ooggetuies is. Dit lyk asof daar altyd, dag of nag, inwoners is wat wakker en selfs op straat is. Die teenwoordigheid van die polisie en ook ambulanse is algemeen in die strate van Promosa, soos ook die teenwoordigheid van begrafnisstoete.

Daar word nou verder beweeg na die **groter omgewing** van die dorp Promosa (en Potchefstroom) as geheel. Verskeie plekke in die dorp word genoem in die tekste. Dit word meestal nie beskryf nie, en speel net 'n terloopse rol in vertelling. Tog maak die plekke deel uit van die groter dorpsruimte waarin die adolessente woon. Plekke wat genoem is, is die slaghuis (KO2, KO7), die bank (O21), die laerskool en

hoërskool in Promosa (O25, O27, KO7, KO11, KO13, KU7, KU9, KU12), die “bierhuis” of “drankplek” (O7, KO7), Promosa Dam (O17) en die Mooirivier (O17) – albei plekke waar inwoners visvang – die park waar kinders na skool en op Saterdag speel (O32), ‘n sekere klub waarheen tieners gaan om te drink en te dans (O16), die disko (KU7), die kerk (KO5, KO6, KO7, KO8, KU2, KU3) en kerkjeug (KU7). As deel van die groter omgewing word die Kallie de Haas Hospitaal of slegs “hospitaal” meer as een maal genoem (O1, O10, O14, O32, KO2, KO7). Ander plekke in en rondom die dorp is die dokter se spreekkamer (KU5), die ouditorium (O18) en die militêre basis (KU6). Verder word daar ook in sekere tekste by die bure en by familie gekuier (O10). Wat die groter omgewing betref, is daar enkele vertellings wat Ikageng (KO6) en Mohadin (O20) noem, en ook Willem Klopperville (O17) waar ouer inwoners vroeër gewoon het, kom ter sprake. Ook die veld en bos rondom Promosa is in meer as een teks die ruimte waar gebeure plaasvind (“Soos ek daar loop diep in die veld op soek na hout . . .”) (KO1). Daar is selfs ‘n ontmoeting wat op die ashoop plaasvind (KO1).

Oorkoepelend lyk die *sosiale ruimte* in die huis, straat en dorp – en die gemeenskap as geheel – soos beskryf in die tekste, dan as volg:

• Armoede:

“Daar is baie kinder hier binne ons omgewing wat nie blyplekke het nie” (O4).

“Ek wil ook ekstra geld te maak om kinders te help en mense wat nie kos of slaap plek het nie” (O5).

“Die mens wie sy bly in die zozos, die mens wie nog nie in die huis gebly het nie. . .” (O24).

“Waar ek vandaan kom, was niks maklik nie, jy moet werk vir dit wat jy wil hê. Ek kan ook nooit regtig op my ouers staat gemaak het nie” (KO14).

▪ Kinderverwaarlosing:

“Daar is weer ouers/moeders wat hulle pasgebore babatjies in asdromme, toilette, busstoppe en op enige plek waar hulle dink is reg, weg of ingooi” (O4).

“ . . .en al die kinders wie bly en eet by die straat, altyd vra vir geld of kos, die kinders wie altyd kry koud want is die maand van winter en die kinders wie nie weet wie is hulle ouers of wie nie ken die warm liefde van die ouers nie” (O24).

▪ Voorkoms van dwelms (O5).

- MIV/Vigs

“Honderde mense sterf elke dag as gevolg van MIV/Vigs” (O8).

- Emosionele siektes: kindermishandeling, verkragting, ouers wat skei (O6).
- Depressie (O6).
- Geweld:

Onder andere messtekery en huishoudelike geweld (O1, O7, O10, O14, O21, O23, O34).

- Verkragting en moord (O14, O23, KO7, KO8).
- Roof (O21).
- Selfmoord en dood (O7, O8, O13, O27, O37, KO2, KO5, KO6, KO7, KO9, KO10, KO13, KU3, KU4)

#### b) Ruimte waarna adolessent streef

Die *ideale ruimte* waarin die adolessente hulself sou wou bevind, is weereens tweërlei, naamlik ‘n fisiese en sosiale ruimte. Die ideale fisiese ruimte, die plek waar die adolessent wil leef en werk, lyk uit die tekste soos volg: Dit lyk asof ‘n groot deel van die adolessente wil wegbeweeg van hulle sosiaal-maatskaplike wortels af, as’t ware uitstyg bo die huidige ruimte en omgewing waar hulle woon. Hulle wil hul kinders op ‘n ander manier grootmaak, in groter woonbuurte, luukser huise en beter skole. Daar word ook genoem dat adolessente so ver as Kaapstad wil studeer, en in een teks word die begeerte uitgespreek om besighede in drie provinsies te hê. Hierdie ideale fisiese ruimte sluit ook plekname soos Medunsa en selfs Amerika in.

Sosiaal gesproke kom dieselfde tendense voor. Daar is in die meeste tekste die droom om uit te styg en materieel suksesvol te wees, maar ook om ‘n verskil te maak in die gemeenskap en samelewing. Deel van die sosiale ruimte waarna gestreef word, is ‘n gemeenskap met minder maatskaplike probleme, ‘n ruimte waarin mense gelukkig en vervuld saamwoon sonder geweld en misdaad. Verder is daar die neiging dat adolessente vir hul ouers wil sorg, en ook ‘n beter lewe vir hulle wil hê. Die sosiale ruimte waarna die adolessente streef, word soos volg in die tekste verwoord:

“Ek wens laat ek kan my eie familie hê, my kar, my hond en my eie huis, saam met my kind” (O9).

“ . . . ek wil my eie kamer (office) waar baie mense gaan vir my kry” (O9).

“ . . . ek wil ‘n suksesful vrou wies met baie ambisie” (O11).

“Ek wil ‘n verskillende maak by baie mense se lewe eerte my ma, familie, en my gemeenskap en land”. (O11).

“[Ek wil] ‘n familie he ‘n baie groot huis, mooi kare dit is my grootste wens” (O11).

“My grootste wens is ek wens eendag ‘n dokter kan wees” (O9).

“ . . . dat dit onnodig is om onskuldige mense se lewens te vat, die geweld en woede ondermekaar moet op ‘n eiende kom en dat almal die werklikheid moet sien dat ons in die laaste dae lewe” (O19).

“Ek wil verder gaan studeer om ‘n beter lewe te vir myself te maak, ek wil nie soos nou lewe en swaar kry nes my ouers nie” (O20).

“Ek wil ‘n baie lekker lewe leet, ek fantaseer oor ‘n baie lekker lewe, van ek klein was. Ek het altyd gedroom ek bly in ‘n mooi, groot huis, met ‘n mooi motor. . .” (O20).

“Die werk wat ek soek of wat wins ek kan here, is om ‘n professionale kan wees, soos die direktor van die beste kampanies soos SAB, ABSA, ABI, Kinock en die SABS. En koop ek vir my ‘n mooi kaar die laat model en ‘n groot huis vir my ma voor ek koop ‘n huisie vir myself” (O24).

“ . . . dat ek kan baie geld maak so dat ek kan die huisies bou vir die mens wie sy bly in die zozos, die mens wie nognie in die huis gebly het nie en al die kinders wie bly en eet by die straat altyd vra vir geld of kos, die kinders wie altyd kry koud want is die maand van winter en die kinders wie nie wie of water is hulle ouers en wie ken nieks nie van die warm liefde van die ouers” (O24).

Verdere begeertes wat ten opsigte van die ruimte uitgespreek is, sommige individueel en ander kollektief , is die volgende:

- Adollesente wil beter werk kry en ouers help (O11,O30, O31).
- Wil wetenskaplike, mediese dokter of apteker wees om medisyne te maak, veral ‘n kuur vir Vigs (O8, O9, O11,O31, O35)
- Mense help wat nie medisyne kan bekostig nie (O5, O15)
- Eie besigheid hê en/of baie ryk en/of beroemd wees (O20, O24, O29, O30, O31, O36, KO1, KU10, KU11).

c) Tussenin-ruimte

Met die *tussenin*-ruimte word bedoel: Dis nog nie die *ideale* ruimte nie, maar plekke waarheen adolessente *wegbreek* deur die loop van hulle lewens. Dit is met ander woorde tye soos vakansies, of kuiers by familie. Wanneer daar in hierdie ruimtes beweeg word, is die adolessent vir 'n kort rukkie nie deel van sy werklike fisiese en sosiale ruimte nie. Hy/sy beweeg buite die grense van hul eie gemeenskap, en word vir 'n kort tyd deel van 'n nuwe ruimte. Dan keer hulle weer terug na waar hulle vandaan kom. Soms is die *wegbreek* slegs fiktief, as karakters in 'n sprokiesruimte, of 'n ruimte buite die grense van Promosa / Potchefstroom geplaas word.

Verskeie tekste beskryf so 'n *tussenin*-ruimte. Daar is byvoorbeeld die adolessent wat daarvan gedroom het om voor 'n gehoor te sing (O18). Wanneer sy die geleentheid daarvoor kry, is dit nie in haar eie gemeenskap nie, maar in 'n groot auditorium voor duisende mense. Sy is verwyderd van haar realiteitswêreld, en leef, al is dit net vir 'n paar uur, in 'n vreemde *droomruimte*.

Verskillende vakansiereise word in die tekste beskryf, en hier kom die tussenin-ruimte duidelik na vore. Die verteller verlaat sy huidige omstandighede om vir 'n kort rukkie deel te word van 'n nuwe ruimte – 'n bootreis op see (O22), 'n besoek aan die Kangogrotte, George en Packalsdorp (KO4), of piekniek op 'n kampterrein (KO12) – waarna hulle terugkeer na die werklikheid en die bekende ruimte van Promosa.

Nuwe ruimtes, soos Victoriabaai en Mosselbaai (KO4), is vir die vertellers opwindend en hulle word deur die skoonheid daarvan geraak. In sommige gevalle is die onbekende ruimtes egter ook vreeswekkend. Een verteller beskryf die Kangogrotte by Oudtshoorn soos volg: “. . . dit lyk soos skulderye teen die muur maar dit was nie dit het soos Kristaldruppels gelyk die wat bo hang lyk soos skerp punte wat op 'n mens kan val” (KO4). Sy sê ook:

. . . maar daar wat die lig geskyn het was daar twee boesmans wat twee stokkies teen mekaar gevryf het om vuur te maak en daar was ook 'n beeld wat soos Sara Bardman lyk dit het alles soos regte mense gelyk maar na 'n paar minute het hulle die ligte aangeskakel en ons met trappe na 'n ander plek gelei waar daar dieselfde Kristale was maar net nog meer helder en mooier. Die toerleier het ons met 'n leer op na die duiwe se kagel en ander klein en groot plekke laat deur gaan tot ons by die einde van die was. Daar was plekke wat so klein was dat ons moes gesuil het of deur moes kryp dit was so opwindend om deur elke plekkie te gaan.

'n Ander adolessent beskryf haar naelskraapse doodservaring met 'n haai tydens 'n diepseeduiksessie aan die kus (O22):

Ons het alle soorte vis en diertjies gesien. Ons was vol adrenelin en opwinding om al hierdie dinge te beleef. Skielik voel ek 'n groot skadu bo-oor my kop val, sonder om notisie te neem gaan ek voort. Toe ek omdraai kyk ek in die bek van 'n reuse haai wat op aanvalspoed is. Vrees en angs pak my beet, waarop ek nie eers my oe kan knip nie, maar soos 'n soutpilaar botstil staan.

Nog 'n bangmaak-ervaring in 'n vreemde ruimte vind plaas wanneer 'n adolessent in 'n bos verdwaal (KO12). Sy is saam met haar familie by 'n piekniek op 'n vreemde plaas, en is op soek na hout vir die braaivleisvuur:

Die dag kom ons as familie by hierdie plassie nogal op 'n Vrydag bymekaar. . . Dus toe reg en ek gaan soek die houtjies en ek dink die bos is so dik, die paaitjie is amper on sien baar. . . Op pad kamp toe loop ek die paaitjie mis en ek kom kry myself in die middle van nêrens en ek begin toe bang raak. . .

In twee ander tekste word Johannesburg as ruimte gebruik. In die eerste (KO3) gaan kuier die adolessent by familie in Johannesburg, en stop saam met haar gesin in Randfontein by 'n petrolstasie. In die ander geval (KU9) is die Johannesburg Internasionale Lughawe ter sprake, wat die beeld skep van die *groot wye wêreld*, of miskien 'n ontmoeting van verskillende ruimtes wat plaasvind.

Op fiktiewe vlak word verskeie tussenin-ruimtes geskep. Daar is realistiese verhale en ruimtes (wat op 'n tussenin-vlak is omdat dit nie in Promosa self afspeel nie) en ook sprokiesruimtes, wat met realistiese elemente vermeng is. Een realistiese verhaal is dié van 'n getroude paartjie wat in Welkom woon (KU11). Hulle neem 'n kind aan. Verskeie ruimtes word geteken: die gegoede huis waar die gesin woon, die kleuterskool, die klaskamer by die skool en ook die hof. Ter illustrasie:

Die kind se biologiese ma het haar opgesoek en haar by die kleuterskool gekry. Sy het die kind gevat en in 'n klas gaan sit en praat. . . toe begin die vrou op die tafel slaan van woede en praat hard. Toe kom haar aangename ma in en gooi die deur hard toe. . .

Twee tekste skep sprokiesruimtes. Een handel oor 'n arm seun en sy ouma wat in 'n viervertrekhuus woon (KO1). Wanneer die seun in die bos gaan hout kap, gebeur verskeie sprokiesagtige gebeurtenisse met hom. In 'n sin is dit 'n realistiese ruimte, vermeng met sprokieselemente, wat maak dat die tekste *tussenin*-ruimtes het. In die tweede teks (KU4) gebeur dieselfde. Die jongman, Japie, woon in 'n klein dorpie, alleen in 'n klein huisie. 'n Heks verskyn aan hom, en gee aan hom sekere opdragte.

Wanneer hy, in uitvoering daarvan, die ruimte van die bos betree, word sy lewe op toweragtige manier aangeraak en verander.

Om saam te vat: Die ruimtes, fisies en sosiaal, in die tekste dek 'n wye spektrum en verskeidenheid. Daar is klein, beperkte ruimtes en spasies, soos die huis en erf. Hier vind klein, grappige insidente plaas, maar ook groot lewenskrisisse. Dit is ook die geval met die effens groter ruimte van die straat. In hierdie bedrywige ruimte speel kinders dag vir dag, kuier grootmense, en vind daar ook tragedies plaas – soos motorongelukke, moord en verkragtings. In al die tragedies is die gemeenskap se lewens te nouste aan mekaar verbind, en dit vorm die sosiale ruimte wat uitgebeeld word in die tekste. Wanneer daar verder beweeg word, kom die hele gemeenskap van Promosa as dorp en omgewing in fokus. In die laaste instansie is daar die wye omgewing van Suid-Afrika, en selfs internasionaal. Ook die ruimtes wat op televisie uitgebeeld word, is deel van die teikengroep se beleweniswêreld (sien byvoorbeeld KO5). Elkeen van die ruimtes speel 'n rol in die adolessent se identiteitsvorming – hetsy dit die huidige sosiale en fisiese omgewing is waarbinne hulle leef en wat beïnvloed hoe hulle dink en optree, of die ruimte waarna hulle streef.

#### 5.4.1.5. Grense

Verskillende vorme van grense speel 'n rol, en het 'n invloed op, die adolessent in Promosa se identiteit. Grense beskik oor verskillende kenmerke, wat elk op 'n unieke wyse inwerk op die individu en groep se identiteit en ruimte. Die spesifieke kenmerk van grense wat in die tekste gevind is, sal telkens gegee word, alvorens dit bespreek word.

##### a) Ons teenoor hulle

Volgens Wallman se sosiale grensmatriks (2001:23) dui grense in 'n gemeenskap daarop dat *ons* in opposisie staan tot *hulle*, en dat *ons* ons eie doelwitte het wat teenoor *hulle* s'n staan. Daar bestaan 'n skeidingsvlak tussen dit wat vir *ons* bekend en normaal is, en dit wat binne *hulle* struktuur gesien word as normale prestasies, voorkoms, aktiwiteite, sosiale of simboliese strukture.

In meer as een teks kom die skeidingsvlak tussen *ons* en *hulle* voor. So is daar 'n grens tussen die meisie wat skryf dat sy 'n maatskaplike werker wil word, en die

ouers, in dieselfde teks, wat hul kinders weggooi (O4). Hulle doelwitte en optrede verskil baie duidelik. Op dieselfde wyse is daar 'n hele paar tekste waarin daar 'n grens is tussen wat die adolessente met hul lewens wil bereik, waarheen hulle oppad is, en hoe die gemeenskap daar uitsien. *Ons* (die adolessente) wil bo uitkom; *hulle* drink, en is deel van sosio-ekonomiese toestande wat maatskaplike probleme veroorsaak. Weereens verskil die doelwitte van die twee partye.

Aan die ander kant is daar weer 'n grens tussen die *inwoners* van Promosa, soos uitgebeeld in die tekste, en wetsontroue persone – geweldenaars, moordenaars, verkragters, ens. Die strukture van hierdie persone se lewens verskil duidelik, die waardes en rituele waarvolgens hulle lewe, en natuurlik die doelwitte, staan aan weerskante van 'n skeidingsvlak.

Drie verdere voorbeelde van hierdie fenomeen:

- In 'n verhaal met die tema *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO5), word familieledes van mekaar geskei deur hulle verskillende godsdienstige doelwitte. Twee verskillende kerkgroepe (in dieselfde familie) glo elkeen dat hulle die reg het om die godsdienstige rituele by 'n begrafnis te lei. Dit veroorsaak 'n familievete, en derhalwe 'n bykans onoorkombare grens.
- Nog 'n verhaal met dieselfde tema, *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO8), handel onder andere oor vier niggies se aanneming in die Rooms Katolieke kerk. Hier is ook sprake van 'n grens: Aan die een kant word die meisies in hulle wit rokkies geskei van die res van die gemeente en ook gemeenskap, deur die spesiale dag en ook hulle voorkoms. Aan die ander kant beweeg hulle óór 'n skeidingsvlak, om deel te word van die *hulle*, die gemeente met sy doelwitte en gebruike.
- In *Die drie masketeers kry pakslae* (KU1) is daar 'n duidelike grens tussen die hoofkarakters se werklikheid, norme en doelwitte, en dié van hul buurvrou, Aunt Nunu. Die drie meisies dink dis groot pret om deur hul huis se vensters te spring, heen en weer, maar hulle buurvrou dink dis 'n skande en vertel hulle ouma daarvan. Die meisies maak dit dan ook duidelik wat hulle van die vrou dink vir hierdie optrede:

“Daai lelike Aunt Nunu . . . weet jy, daai skinderbek-antie, sy like skinder.

Sy maak my so kwaad! Sy kort net 'n klap, dis al!”

### b) Konteks, tradisies en narratiewe

Grense word verder gevorm deur konteks, tradisies en narratiewe, en het 'n invloed op die individu en groep se siening van hul eie selfwaarde (Lamont en Molnár, 2002: 171).

Uit die tekste blyk dit dat daar in die gemeenskap van Promosa 'n duidelike grens is tussen kinders of adolessente, en volwassenes of ouer persone. Dit is gevorm deur die konteks waarin die adolessente leef en deur 'n kultuur van respek vir ouer mense. Hierdie grens het vanselfsprekend 'n invloed op hoe die adolessente hulself sien.

Nie net grense as sodanig nie, maar ook die oorsteek of deurbreek daarvan, beïnvloed identiteitsvorming (sien Donnan & Wilson, 3.2.5.). Een adolessent vertel van 'n sangkompetisie waaraan sy deelneem (O18). Sy kry die kans om voor 'n groot gehoor in 'n ouditorium op te tree. Dis byna asof sy 'n grens oorsteek – van 'n jong, onbekende meisietjie na 'n sangeres wat deur duisende mense toegejuig word. Die gebeurtenis gee haar selfwaarde 'n positiewe hupstoot, en laat haar glo in haar drome.

In *Die dae in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO7) skep armoede, geweld, drank en werkloosheid grense tussen die hoofkarakter en die res van die gemeenskap. Hy breek deur die grense, en die konteks van sy lewe verander, maar hy sal dit altyd onthou, ook vir die manier waarop dit hom gevorm het.

Daar is ook grense tussen kinders en hulle ouers. In die verhaal *Maria en haar bouse pa* (KU2) hou die pa sy hele gesin op 'n afstand deur drank en verbale geweld. Uiteindelik breek Maria wel deur die grens en dring sy deur tot haar pa. Ook in die opstel *As ek my lewe kon oorhê* (KO14) skep onbetroubare ouers en moeilike huislike omstandighede 'n grens tussen die verteller en haar ouers.

### c) Ankerloosheid

Grense kan dien as metafoor van die ankerloosheid in baie gemeenskappe (Donnan en Wilson, 1999:10).

Twee voorbeelde waar hierdie ankerloosheid uitgebeeld word, is:

- In die opstelle en verhale wat te make het met persone wat oor die grens van die wet tree – misdaad en geweld is dikwels tekens van ankerlose mense en gemeenskappe (O1, O7, O10, O14, O21, O23, O34, KO7, KO8).
- In die verhaal *Liefde kan nie altyd 'n persoon gelukkig maak nie* (KU3), kom die huwelik van die karakters tot 'n einde, en dit lei tot 'n mate van ankerloosheid.

#### d) Simboliese grense

Simboliese grense ontstaan wanneer individue en groepe verskillende definisies van die realiteit het. Verskillende simboliese grense word in die tekste gevind:

- Die dood vorm 'n grens tussen geliefdes, soos in *Die donkerste dag nog ooit in my lewe* (KO2) *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO6), en *Die dae in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO7).
- Daar is ook die simboliese grens tussen die lewe en die dood, wat dikwels uitgebeeld word deur begrafnisse in die tekste.
- In verskeie tekste staan die verteller as toeskouer aan die een kant van 'n grens, terwyl die aksie of gebeure aan die ander kant plaasvind. Voorbeelde hiervan is *Die keer toe ek amper dood was* en verskeie opstelle met die titel *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* en *Dit het net hier in ons straat gebeur*. Hier gaan dit dikwels om motorongelukke en ander krisisgebeure soos moord en roof.
- As adolessente staan die vertellers en skrywers van die tekste ook op die grens tussen kindwees en die volwasse wêreld.
- Daar is die onoorkombare grens tussen die verlede en die hede. Dit word deur 'n oupa met sy kleindogter gedeel (O17). Aan die een kant van die grens staan Willem Klopperville, waar die oupa sy jong dae deurgebring het, aan die ander kant die moderne Promosa; aan die een kant het 'n brood in die ou dae 20c gekos, vandag kos dit R5; daar was ook visvang in die Mooirivier teenoor die rooi-oog visse in Promosa Dam.
- Die grens tussen droom en werklikheid word oorgesteek deur André Klas in die verhaal *Hartsbelange* (KO9), wanneer sy droom om viool te kan speel waar word, en hy onderrig word deur 'n beroemde vioolspeler. In een van die opstelle wat handel oor *My grootste wens* tree die verteller ook oor die grens, en kry sy kans om voor 'n groot gehoor te sing (O18).

- Daar is die grens tussen hoop en wanhoop, wanneer 'n verteller oor die grens wil tree en selfmoord wil pleeg (O37): “Ek het my drome weg gegooi en een droom is nog oor, my wense vermors en een wens is daar nog, ‘ek wens ek kon dood gaan”.
- Die grens tussen realiteit en sprokie word oorbrug in een verhaal met die tema *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO1) en *Die jong man en die wonderboom* (KU4).
- In 'n ander teks met die tema *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO8), word nog 'n simboliese grens oorgesteek, wanneer 'n feesdag verander in 'n dag van rou nadat die verteller se broer vermoor word.
- Nog 'n simboliese grens word oorgesteek deur 'n verteller wanneer sy tot bekering kom: “Ek was soos 'n verlore skaap in bos maar toe besluit ek om tereg te keer na my skapwagter” (KO9).
- In die laaste instansie is daar ook die grens van vrees, waardeur die verteller in *Vreesagtigheid is die duiwel se oorkussing* (KU5) breek: “Ek het normaal beginne asem haal omdat my vrese volgens Eunice ongegrond is. Ek het braaf opgestaan en na die dokter gestap toe my naam genoem word.”

#### c) Sosiale grense

Sosiale grense kom voor wanneer daar sosiale verskille is in 'n samelewing byvoorbeeld ongelyke verspreiding van hulpbronne (Lamont en Molnár, 2002:168). Daar kom nie soveel sosiale grense voor in die tekste nie, maar daar is tog enkele voorbeelde:

- In *'n Ma se begeerte* (KU11) is daar 'n duidelike sosiale grens tussen die aangename ouers van die kind in die storie, en haar biologiese ma. Die aangename ouers werk albei, verdien 'n goeie salaris en woon in 'n gegoede buurt en huis. Hulle kan die kind goed versorg en alles gee wat sy nodig het. Hulle plaas haar ook in die kleuterskool. Die biologiese ma, aan die ander kant, het nie haar skoolopleiding voltooi nie, is ongetroud en werkloos. Sy is arm, en sosiaal hul *mindere*.
- In verskeie tekste is daar die grens tussen dit wat die adolessente sosiaal wil bereik, en die sosiale werklikheid in die gemeenskap, wat in baie gevalle armoede en werkloosheid is.

- Daar is ook in die gemeenskap self sekere sosiale grense van krag: Sommige adolessente streef net daarna om hul hoërskoolloopbane te voltooi, ander wil, en kan, verder gaan studeer. Party woon in sinkhuise of viervertrekhuise, ander speel rekenaarspeletjies, gaan na klubs, ry met hul ouers se motor rond en gaan see toe. In een verhaal met die tema *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO1) word genoem dat die ouma en haar kleinseun in moeilike omstandighede geleef het en kos van “ander mense” gekry het.
- ‘n Vergelyking van sosiale omstandighede, en ‘n grens daartussen, kom ook voor in *As ek my lewe kon oorhê* (KO14). Die verteller sê: “Waar ek vandaan kom, was niks maklik nie, jy moet werk vir dit wat jy wil hê. Ek kon ook nooit regtig op my ouers staat gemaak het nie.” Dit staan teenoor die “ryk mense” en “private skole” wat ook in die teks voorkom.

f) Etniese grense

Etniese grense ontstaan wanneer in-groeplede teenoor buitelanders geposisioneer is (Sanders, 2002:327). Hierdie tipe grense kom feitlik glad nie in die tekste voor nie, behalwe in twee instansies:

- In ‘n teks met die tema *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie* (KO6) word ‘n duidelike onderskeid getref tussen die oom wat op sy fiets verby ry, en wat deel van die gemeenskap is (dis derhalwe nie nodig om van sy etniese afkoms melding te maak nie), en die *blanke* man wat die verteller se hand vashou toe haar ouma sterf.
- Een van die “wysheide” wat ‘n oupa aan sy kleinkind oordra in een van die opstelle (O17), lui: “‘n Bietjie kennis is baie gevaarlik vir naturelle.” Die sêding is duidelik afkomstig uit die Apartheidsera, toe die Blankes gesien is as in-groep, en alle ander etniese groeperinge beskou is as “buitelanders”.

Ten slotte: ‘n Verskeidenheid van grense is teenwoordig in die tekste. Uit die tekste word afgelei dat hoewel die gemeenskap waarbinne die adolessente leef *vloeiend* is, en hul identiteit nie binne vaste kategorieë en etikette geplaas kan word nie, daar sekere vaste afbakenings en grense is wat wel hul identiteit beïnvloed. Hierdie grense is nie noodwendig vandag meer geïnstitusioneerde kategorieë nie, maar

eerder onbewustelike en onuitgesproke grense wat binne die gemeenskap funksioneer.

#### 5.4.1.6. Temas

Die temas wat in die tekste geïdentifiseer kon word, sluit in:

- a) Godsdienstebeleving en –rituele;
- b) Die sosiale omstandighede in die gemeenskap (terloops / as hooftema);
- c) Familieverhoudinge (hier wissel dit, soos vroeër genoem, van warmte binne 'n gesin, tot verlies, familievetes en selfs geweld);
- d) Die behoefte om te verwoord is ook 'n tema wat deurlopend voorkom;
- e) Geweld en misdaad;
- f) Die dood;
- g) Avontuur (nuwe ruimtes word ontdek); en
- h) Liefde tussen die teenoorgestelde geslag.

Uit die temas word afgelei dat die adolessente skryf oor dit wat naby aan hulle is, binne hulle ruimte. Die meerderheid tekste handel oor dit wat hulle daagliks ervaar – soos die dood en verliefdheid – en die mense wat naaste aan hulle is, hul familie. Hulle lewens is verweef met dié van hulle gesinne en families, 'n feit wat baie duidelik in die tekste tot uiting kom. Familie is 'n baie belangrike tema in die tekste. Daar is positiewe aspekte, soos feeste wat saam gedeel word en grootouers wat geliefd is, maar ook negatiewe aspekte soos ouers wat drank misbruik en huishoudelike geweld. Uit die temas is dit verder duidelik dat die sosiale omstandighede in die gemeenskap die adolessente se lewens ten nouste raak, dat hulle nie daarvan kan wegkom nie omdat juis dié hulle ruimte is; maar ook dat hulle nuwe ruimtes wil ontdek. Hulle skryf daarom ook oor dit wat opwindend is in hul lewens, soos verliefdheid en vakansies. Verder is die dood 'n prominente tema – uit trauma wat gepaardgaan met 'n geliefde wat sterf en ander skokkende gebeure, vloei die behoefte om te verwoord, en vloei ook 'n sterk godsdienstebewussyn.

#### 5.4.1.7. Konteks

Die tekste is geskryf in die *konteks* van die adolessente se eie lewens- en wêreldperspektief. Die konteks van die tekste word verder bepaal deur die skrywers se realiteit en sosiale omstandighede, en moet so gelees word.

#### 5.4.2. Narratiewe vorm

##### 5.4.2.1. Verhale

Na afloop van die skryfkompetisie wat in die Promosa Sekondêre Skool aangebied is, is die kompetisiedeelname uitgenooi na 'n werkswinkel in Kreatiewe Skryfkuns. Die tekste wat tydens die werkswinkel geskep is, is gegrond op die skrywer se eie temakeuse. In die voorafgaande kompetisie kon hulle kies tussen die volgende temas: *Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie*, of *As ek my lewe kon oorhê*. Die klasopstelle wat later geskryf is, het gehandel oor: *My oupa het altyd gesê . . .*, *Die dag toe ek amper dood was*, *My grootste wens*, *Die dapperste mens wat ek ken*, of *Dit het net hier in ons straat gebeur*.

Die verhale wat tydens die skryfkompetisie geskryf is, toon ander neigings as dié wat daarna in die skryfkursus geskep is. Tog is dit deur dieselfde skrywers geskryf. Die rede hiervoor kan waarskynlik wees dat die skrywers se vaardighede en kennis tydens die skryfkursus verbeter het.

Daar is sekere tendense wat by die twee verskillende groepe tekste uitgelig kan word. Die eerste groep tekste, naamlik die inskrywings vir die skryfkompetisie, toon die volgende neigings:

- Daar word feitlik deur die bank van ek-vertellers gebruik gemaak
- Die perspektief is deurentyd dié van 'n adolessent.
- Die verhaalstruktuur en styl is basies dié van 'n opstel. Daar is min wat die inskrywings as verhale, eerder as opstelle, sou kon onderskei. Die meeste van die "verhale" handel oor 'n gebeurtenis, 'n sekere dag of tyd in die verteller se lewe. Dit word dan beskryf, eerder as dat die gebeure deel vorm van 'n storielyn.
- 'n Tegniek wat meestal onbewustelik in die tekste gebruik word, is die aanwending van humor. Dikwels word daar onbewustelik atmosfeer geskep

deur weemoed, skok en ander menslike emosies. Hierdie tegnieke slaag meestal daarin om die aandag van die leser vas te vang.

- Die taalgebruik lewer sekere uitdrukkings op wat uniek is aan die gemeenskap waaruit die adolessente kom, hoewel nie noodwendig uniek aan hierdie groepie tekste nie. Voorbeelde is: "Ek moes 'n ander plan gekyk het . . ." (KO1); "As daar enige gevaar spring . . ." (KO1); "As hy salaris ontvang het, het hy nooit huistoe geklok nie . . ." (KO7); "As hy kwaad word, het hy rook getrek in die gesig" (KO7); "Wanneer ek gestuur word, word dit gespoeg op die grond, en voordat die spoeg droogword, moet ek terug wees" (KO7); "Ons was al klaar gewoond vir die pad" (KO6); "Die dag was nog vars" (KO8); "Ek moet nou begin sorg na my familie" (KO9).
- Die taalgebruik is ook in beide die groepe tekste soms hibried van aard ('n vermenging van Afrikaans en Engels), byvoorbeeld, "Die prinses is nou weg, nou is dit tyd om te *party!*" (KO8).

In die tweede groep tekste, wat tydens die skryfkursus, ook by die Promosa Sekondêre Skool, geskryf is, kan 'n groot verandering gemerk word. Hoewel dieselfde skrywers as dié van bogenoemde tekste die kursus bygewoon het, is daar ander tendense:

- Hier word ook van ek-vertellers gebruik gemaak in sommige tekste, maar in meer gevalle word nou derdepersoonsvertellers gebruik.
- Die perspektief wissel. Soms is dit dié van die adolessent self, maar dikwels word daarin geslaag om die perspektief van die hoofkarakter in die storie weer te gee. Die hoofkarakter bly egter meestal 'n jong persoon.
- Skeppingselemente word deurlopend in hierdie tekste gebruik. Daar is altyd 'n storielyn, en meestal 'n oploop, spanning, 'n klimaks, afloop van verhaal en slot. Karakterisering is steeds effens vaag, hoewel die meeste karakters wel name het in die tekste. Persoonlikheidseienskappe en 'n unieke fisiese voorkoms word toegeken aan karakters, hoewel nie in al die tekste nie. Ruimte word egter steeds nie behoorlik ontgin nie, daar is egter meestal plekname en in sommige gevalle word tog ruimtelike beskrywings gegee.
- Dialoog word ook deurentyd gebruik, wat maak dat die tekste makliker leesbaar is, en wat help om karakters te identifiseer.

- Die struktuur is deur die bank dié van 'n verhaal. Daar is, soos reeds gesê, meestal 'n oloop van spanning, 'n klimaks, afloop van verhaal en slot. Die styl van die tekste verskil. Daar is avontuurverhale, komiese verhale, romanses, aksie en spanning, dramas en tragedies.
- Ook in hierdie groep tekste word tegnieke soos humor en menslike emosies op geslaagde wyse aangewend.
- Taalgebruik is meestal goed afgerond, en lewer soms ook unieke en pittige uitdrukkings op, soos die volgende: "Yvonne maak my so naer, jy weet!" (KU1); "daai skinderbek-antie . . ." (KU1); "Een het sommer opgemerk, 'Loop jy aandskool?'" (KU5); "Jy gaan dokter toe al moet ek 'n donkie huur en jou soontoe trek!" (KU5); "Ryan kyk my in my oë en ek sink in my skoene" (KU7).

Wat die *vorm* van die tekste aan betref, is daar heelwat verskille tussen die twee groepe verhale. Daar kan ook 'n duidelike groei in die vaardighede van die adolessente opgemerk word in die tweede groep tekste. Hieruit kan afgelei word dat die skryfkursus wel 'n groot bydrae gelewer het om die leerders se vaardighede en begrip van verhale te verbeter.

#### 5.4.2.2. Opstelle

Die vorm van die opstelle verskil vanselfsprekend heelwat van die verhale, hoewel daar ook sekere gedeelde kenmerke is. Die opstelle toon die volgende tendense ten opsigte van vorm:

- Die vertelperspektief is deurlopend uit die oogpunt van 'n ek-verteller. Dit is ook deurentyd die perspektief van die adolessent self, en nie van 'n geskepte karakter nie.
- Daar word nêrens dialoog gebruik nie, wat tot gevolg het dat die tekste "vaag" en verwyderd van die leser voel, en dat die skryfstyl dikwels omslagtig is. Die mense waaroor die opstelle handel, of wat daarin voorkom, kan nie noodwendig as *karakters* gesien word nie. Hulle is baie maal naamloos, en daar kan nie 'n duidelike beeld van hulle gevorm word nie. Die ruimte en tyd word egter wel in sommige tekste relatief duidelik beskryf, waar dit om gebeure en nie *doeie* onderwerpe gaan nie.
- Hoewel die tekste oorhoofs as *opstelle* geëtiketteer kan word, herinner die struktuur in die meeste tekste nie aan die verwagte norme by 'n opstel nie.

Daar is byvoorbeeld in die meeste gevalle geen inleiding, liggaam en slot nie, en ook geen aparte paragrawe nie. Die tekste is eerder een lang paragraaf, waarin inligting oor 'n sekere onderwerp op onsistematiese wyse deurgegee word.

- In die opstelle onderling is daar groot onderskeide met betrekking tot die taal wat deur eerste- en tweedetaalsprekers gebruik word. Die inhoud, woordeskat en sinskonstruksie van eerstetaalsprekers is vanselfsprekend van 'n heelwat hoër standaard. In vergelyking met die opstelle, kan wel ook opgemerk word dat die verhale (beide dié vir die kompetisie en kursus) oor die algemeen meer koherent en grammatikaal korrek is. Skryfmatig beoordeel, is die standaard van die verhale beslis hoër as dié van die opstelle.
- Bogenoemde tendens kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die opstelle 'n verpligte klasopdrag was, terwyl die kompetisie en kursus berus het op vrye keuse. Die aanname kan gemaak word dat leerders wat aan die kompetisie deelgeneem het, in elk geval 'n belangstelling in, en talent vir skryf het, terwyl die opstelle potensieel "afgerammel" kon word.
- Die styl in die opstelle sou beskryf kon word as informeel en eenvoudig.

## **5.5. SLOT**

Die analise van die verhalende tekste wat deur die teikengroep geskep is gee 'n duidelike beeld van hul identiteit en ruimte. Deur die tekste wys die adolessente hulself en hul leefruimte aan die wêreld. Hulle deel herinneringe, en bou sodoende 'n brug tussen die hede en die verlede, en ook die toekoms, as hulle hul drome en toekomspektiewe deel. Die sosiale ruimte van die adolessent blyk 'n onlosmaaklike deel te wees van hul identiteit. In die narratief staan die adolessent dan in verskeie verhoudings – tot homself, sy ruimte (fisies en sosiaal), tot die mense rondom hom en die res van die wêreld, en ook tot die teks. In hierdie verhoudings kom grense en hibriede vorme tot stand, en gaan die adolessent deur oorgangsrites wat van hom verhoogde status gee. Die tekste vorm 'n netwerk van storielyne en narratiewe, wat uiteindelik 'n tapisserie bied, 'n beeld van die identiteit en ruimte van die adolessent. Die beeld staan binne 'n raam of konteks, en moet as sodanig gelees word.

In die teksanalise is tot die konklusie gekom dat die verhalende tekste wat tydens die skryfkursus geskep is, van hoër standaard is as dié wat tydens die skryfkompetisie

ingesamel is. Hieruit kan die afleiding gemaak word, dat daar 'n definitiewe verband tussen skryfopleiding en die verbetering van skryfvaardighede is. In teenstelling met die kompetisietekste, was daar in die kursustekste 'n duidelike bewussyn van skryfteoretiese beginsels. Daar is egter ook opgemerk dat die kompetisietekste meer persoonlike narratiewe was, en 'n duidelike profiel van die teikengroep gee, waar die kursustekste meestal kortverhale is, en verder verwyderd is van die teikengroep. Dit kan moontlik verband hou met die temas waaroor geskryf is – in die kompetisie is die deelnemers tot enkele temas beperk, temas wat hulle boonop gedwing het om oor die *self* en eie ervaring te skryf. In die skryfkursus is die keuse aan die skrywers self oorgelaat, hoewel hulle aangemoedig is om oor hul eie ervaring en leefwêreld te skryf. Ten slotte kan gestel word dat die verhalende tekste wat deur die teikengroep geskep is, wél 'n duidelike beeld gee van hul identiteit en ruimte, en dat duidelike merkers hiervan gevind kon word.

Die doel van die studie is om uiteindelik self 'n jeugnovelle te skep waarmee die teikengroep (adolessente) sal identifiseer en wat hulle sal lees. Dit is juis met hierdie doel voor oë dat die identiteit en ruimte van die adolessent, veral ook uitgedruk in hul eie verhalende tekste, in soveel diepte ontleed is. Dit is egter ook noodsaaklik om vas te stel wat die leesgewoontes- en behoeftes is van die teikengroep, voordat 'n jeugnovelle geskep kan word wat werklik deur hulle gelees en geniet kan word. Inligting oor hierdie gewoontes en behoeftes bied ook verdere insae in die adolessente se identiteit en ruimte. Hoofstuk 4 sal fokus op die leesgewoontes en – behoeftes van die adolessent.

# HOOFSTUK 6

## LEESONDERSOEK

### 6.1. INLEIDING

Geletterdheid is absoluut noodsaaklik, nie net vir die ontwikkeling van die wetenskap nie, maar vir die ontwikkeling van geskiedenis, filosofie, begrip van letterkunde of enige kuns, en van taal self (Ong, 1982:15).

Soos in Hoofstuk 1 gestel, leef ons vandag, ten spyte van 'n sterk visuele en *elektroniese* kultuur, steeds in 'n teksgebaseerde wêreld. Die onontbeerlikheid van geletterdheid spreek vanself, en kan nie genoeg beklemtoon word nie. Groot gedeeltes van Suid-Afrika word steeds as derde-wêrelds beskou, veral wat betref tegnologie en infrastrukture; tog is dit baie moeilik om sonder die geskrewe woord sinvol te leef. So byvoorbeeld moet medikasie-instruksies geles word, en veronderstel padaanwysings die vermoë om te kan lees, selfs sonder die besit van 'n motorvoertuig.

In vroeër tye is inligting mondelings oorgedra. Verhale is van geslag na geslag oorvertel, en boodskappe is persoonlik afgelewer. Met die ontwikkeling van die alfabet is beweeg na 'n geskrewe vorm van die woord, en nadat Gutenberg die boekdrukkuns in 1450 uitgevind het, was gedrukte inligting aan die orde van die dag. Vandag word die rekenaar wêreldwyd gebruik vir die oordra en vind van inligting, veral ook deur middel van die internet. Ten spyte egter van die groot invloed van rekenaartegnologie op die oordra van inligting, bly die gedrukte woord 'n standhoudende bron van inligting.

---

Die mens bevind homself vandag binne die laaste fase van inligtingsoordrag. Dit word die elektroniese inligtingsera, of ook die videosfeer (Stassen, 2003:6) genoem. Die elektroniese wyse van inligtingsoordrag bring mee dat jongmense vandag nie meer vir ontspanning en inligting soveel aangewys is op boeke nie. Die vinnig-bewegende samelewing waarin ons leef, het nie veel geduld met die stadiger pas en ritme wat in storieboeke aangetref word nie. Machet *et al* (1996:126) stel dat kinders

wat vandag nie oor 'n relatiewe hoë vlak van geletterdheid beskik nie, benadeel kan wees in hul lewens vorentoe. Nie net in Afrika nie, maar ook in Europa en Amerika, sowel as in die res van die wêreld, bestaan die probleem dat adolessente vandag veel minder as in die verlede fiksie lees. Johan Vosloo skryf in sy berig "*Kinders sál lees – as dit pret is*" in Rapport, 22 Februarie 2002, dat die feit

dat vandag se kinders oor die algemeen nie lus het vir lees nie (en die opvoedkundige en skolasiese nuwe-effekte wat uit hierdie gegewe spruit), is alreeds 'n afgesaagde onderwerp. . . die skuldias is gerieflik versprei oor televisie, rekenaarspeletjies, die internet, lakse ouers, onderwysers en onbeholpe skrywers.

Volgens Vosloo (2002:19) hoef dit nie so te wees nie (dat kinders nie lus het om te lees nie), as daar net boeke geskryf word wat pret is vir kinders. Hieronder sluit hy veral humoristiese en *bangmaakboeke* in. Kinders en adolessente kán dus, volgens Vosloo, oor die algemeen nie goed lees nie, weens gebrek aan blootstelling en oefening, en wíl daarom ook nie regtig nie. Bogenoemde is 'n baie sterk aanname wat gemaak word, en moet bewys word.

Hoekom lees adolessente nie meer nie? Meer spesifiek, is dit inderdaad so dat die adolessente, waaronder adolessente van Promosa, leeslui is, of is dit bloot 'n growwe veralgemening? Sou hulle meer lees, as daar, soos Vosloo stel, meer *pretboeke* beskikbaar is? Sou daar boeke geskryf kon word spesifiek vir die adolessent in Promosa, wat hul leesbehoefes bevredig? As *buitestander* sou daar eers vasgestel moes word hoe die lesersprofiel van die adolessent in Promosa lyk, voordat oorgegaan kon word tot die gewaagde stap om 'n teks te skep vir hierdie leser!

---

Daar sal daarom gepoog word om in hierdie hoofstuk die oorkoepelende navorsingsvraag te beantwoord: **Wat is die leesgewoontes en –behoefes van die adolessente van Promosa?**

Hieruit vloei die volgende sekondêre navorsingsvrae:

- Watter tendense toon leesondersoeke wat oor 'n lang tydperk in verskillende wêrelddele onder adolessente uitgevoer is?

- Kan parallelle getrek word tussen die plaaslike ondersoek en internasionale ondersoeke, ten einde vas te stel of daar wel ooreenkomste bestaan in die leesgewoontes en –behoefes van adolessente oor tyd en plekke heen?
- Hoe beleef die adolessente van Promosa hul identiteit en ruimte en watter rol speel hibriditeit en liminaliteit in die identiteit?
- Kan die identiteit en ruimte van 'n spesifieke gemeenskap só getrou deur 'n *buitestander* in 'n jeugverhaal vergestalt word, asook in verhalende tekste deur gemeenskapslede sélf, dat die adolessente in die gemeenskap daarmee identifiseer en dit lees?

**Die algemene doel van die hoofstuk sal wees om verslag te doen van die leesgewoontes en –behoefes van die adolessente van Promosa.**

Verder sal daar ook tendense gegee word uit leesondersoeke wat oor 'n lang tydperk in verskillende wêrelddele onder adolessente uitgevoer is. Parallele sal getrek word tussen die plaaslike ondersoek en internasionale ondersoeke, ten einde vas te stel of daar wel ooreenkomste bestaan in die leesgewoontes, -belange, en -behoefes van adolessente oor tyd en plekke heen. Die parallelle sal getrek word ten opsigte van die *gevolgtrekkings* in die onderskeie studies, en nie noodwendig ten opsigte van die spesifieke *data* waarop die studie gegrond is nie. Daar sal gepoog word om vas te stel hoe die adolessente van Promosa hul identiteit en ruimte beleef en watter rol hibriditeit en liminaliteit in die identiteit speel. Die hoofstuk wil ook bepaal of die identiteit en ruimte van 'n spesifieke gemeenskap só getrou deur 'n *buitestander* in 'n jeugnovelle vergestalt kan word, asook in verhalende tekste deur gemeenskapslede sélf, dat die adolessente in die gemeenskap daarmee identifiseer en dit lees.

### Die breë konteks:

Daar is reeds agtergrond gegee oor die publikasies wat uit die pen van bruin Afrikaanse skrywers in Suid-Afrika verskyn het. Verder is die konsepte identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense gedefinieer en uiteengesit. Die belang daarvan by die studie en die teikengroep is verduidelik. Die teikengroep se identiteit en ruimte, soos uitgebeeld in selfgeskepte verhalende tekste, is in diepte te ondersoek. Dit is nou belangrik om eers die adolessent in Promosa as leser onder die soeklig te plaas. Uit al bogenoemde inligting kan dan 'n jeugnovelle geskep word wat op die spesifieke behoeftes van die teikengroep toegespits is.

## **6.2. METODE VAN ONDERSOEK**

Daar is van die volgende metodes gebruik gemaak ter voltooiing van die hoofstuk: Ten eerste is 'n literatuur- en brontleding gedoen van soortgelyke studies wat reeds onderneem is. Vervolgens is 'n loodsstudie onderneem wat 'n bestaande groepie van 23 adolessente betrek het. Daar is geen steekproef gedoen nie. Die groep het bestaan uit 16 vroulike en sewe manlike respondente, almal in graad 10 tot 12. Hulle het vraelyste (hoofsaaklik kwantitatief) ingevul, waarna 'n groepsonderhoud gevoer is.

Bogenoemde loods ondersoek en verkennende gesprekke het as basis gedien vir 'n verdere, meer uitgebreide ondersoek. Die doel hiervan was om op meer gestruktureerde wyse vas te stel hoe adolessente in Promosa se leesgewoontes en -behoefte daar uitsien. Die uitgebreide ondersoek is weer deur middel van vraelyste uitgevoer. In die vraelys is inligting ingewin met betrekking tot die respondente se:

- Demografiese en sosiografiese gegewens
- Leesbelangstelling
- Leesgewoontes
- Leesbehoefte

Die ondersoek is by die Promosa Sekondêre Skool gedoen. Die totale leerderstal is 1 100. 'n Ewekansige steekproef van 100 leerders is getrek uit al die grade (graad 7-12). 'n Gelyke aantal manlike en vroulike respondente is gebruik, waarvan die helfte Afrikaans as eerste taal op skool neem, en die helfte Afrikaans as tweede taal. Daar

is sodoende gepoog om 'n gelyke aantal eerste- en tweedetaalleerders te trek op grond van die voogklasse (eerstetaal of tweedetaal) waaruit hulle kom.

Omdat die ondersoek slegs 'n deel van die totale oorkoepelende studie beslaan, is volstaan met 100 leerders. Vier van die respondente was nie beskikbaar vir die ondersoek nie; daarom was die uiteindelijke totaal respondente 96. Die totale foutpersentasie mag derhalwe effens meer as 5% wees, wat beteken dat die ondersoek moontlik nie as totaal verteenwoordigend gesien kan word van die hele skool nie. Verder was daar ook baie min (feitlik geen) prakties beduidende verbande wat getrek kon word in die studie. Waar dit wel voorgekom het, word dit bespreek. Die studie is gedoen deur middel van vraelyste, wat hoofsaaklik uit kwantitatiewe, maar ook enkele kwalitatiewe vrae bestaan het.

### **6.3. LITERATUUR- EN BRONONTLEDING**

Daar is voorheen al baie soortgelyke studies, ook internasionaal, onderneem. Hierdie studies is natuurlik op veel groter skaal as die Promosa-ondersoek gedoen. Dit blyk dat daar tot op hede in Suid-Afrika heelwat minder ondersoek ingestel is na jong lesers se gewoontes en behoeftes, asook na die verskille in behoeftes en gewoontes oor kultuurgrense. Een so 'n studie is wel in 1996 onderneem deur die *Children's Literature Research Unit (CLRU)* van die Departement van Inligtingkunde, UNISA, in samewerking met die *Children's Literature Research Centre, Roehampton Institute, London*.

Daar bestaan heelwat boeke, tydskrifpublikasies en internetartikels oor die onderwerp. Internasionale artikels van outeurs soos Simpson & Soares (1965), Emans & Patyk (1967), Purves & Beach (1972), Samuels (1989), Nodelman (1992), asook Moffit & Wartella (1992), Crago (1993) en Michael (1996) is ontleed.

Uit die ondersoeke blyk dit dat adolessente wêreldwyd se leesgewoontes en – behoeftes ooreenstemmende tendense toon. In studies wat gedoen is van die afgelope eeu se leesgewoontes onder adolessente, wil dit voorkom asof nie veel verander het nie. Nie kultuur, of ras, landstreek of era het die laaste sê in jong volwassenes se keuse van hoe en wat hulle lees nie. Dit blyk eerder 'n kwessie te wees van identiteit, en die faktore wat 'n invloed het op die vorming van adolessente

se identiteit. Daar is gevind dat die huidige studie se resultate veel in gemeen het met ondersoek wat reeds lank voorheen (so vroeg as die 1920's en 1930's), en op totaal verskillende plekke, uitgevoer is.

Daar is 'n literatuurstudie gedoen om binne 'n breër konteks en tydsraamwerk te kyk na adolessente se leesgewoontes en -behoefte. Bevindings van die lesersondersoek deur die *CLRU* (Machet *et al.*, 1996), word deurentyd genoem. Dit word vergelyk met ander soortgelyke lesersondersoek wat internasionaal uitgevoer is. Parallele sal ook getrek word met die lesersondersoek in Promosa.

Die oorkoepelende doelwit van die *CLRU* se loodstudie was om 'n begrip te vorm van die interaktiewe verhouding wat bestaan tussen lees en adolessente se houdings ten opsigte van 'n aantal sosiale kwessies; om maniere te ondersoek waarop kinders en jong volwassenes besluit wat om te lees; om inligting in te samel oor leesgewoontes en inligtinggebruik van verskillende ouderdomme, geslagte, klasse, etniese agtergronde, geografiese plasings en opvoedkundige fases; asook om te onderskei tussen konvensionele vorme van lees (gedrukte materiaal) en nuwe ontwikkelings in die aanbiedings van, en interaksie met, die teks (insluitend audiokasette), CD-ROMS, en die internet (Machet *et al.*, 1996:2).

Die steekproef vir die projek is getrek vanuit laerskoolleerders (graad 5, 6, en 7) in agt skole, en hoërskoolleerders (graad 8, 9, en 10) in vyf Engelsmediumskole in Gauteng. Vir die doel van die vergelykende literatuurstudie sal slegs gefokus word op Fase 3 van die studie, naamlik die hoërskoolleerders. Die deelnemers aan hierdie fase het bestaan uit 985 leerders uit vyf skole. Die finale steekproef van geldige vraelyste het uiteindelik bestaan uit 877 voltooides vraelyste. Hoewel die studie ook fokus op die demografiese en psigografiese eienskappe van die respondente, soos ouderdom, geslag, huistaal en geloof, word daar nie verder aan hierdie aspekte aandag gegee nie.

### 6.3.1. Hoekom adolessente lees

Adolessente is 'n unieke teikengroep, en volgens Emans en Patyk se artikel *Why do high school students read?* (1967:61) word hulle keuses gegrond op twee faktore, naamlik die *aard van die onderwerp* en die *leser se motief*. Hanna (1960:42) meen

weer dat die twee vernaamste faktore wat die leesbehoefte van adolessente beïnvloed, *ouderdom* en *geslag* is.

In dieselfde navorsing (Emans & Patyk, 1967:61) word die motiewe waarom adolessente lees as volg verdeel:

- **Informatief:** om sekere probleme op te los; om inligting te vind en dit te gebruik vir 'n baie definitiewe doel;
- **Identifikasie:** om met ander mense en hulle probleme te identifiseer; om sekere tipes mense, geleenthede en aktiwiteite te bewonder / te respekteer;
- **Esteties:** om spesifieke tipes aktiwiteite, geleenthede en objekte uit te kies wat gesien word as mooi / esteties waardevol;
- **Ontspanning:** om verligting van spanning te verkry.

Emans en Patyk (1967:61) bevind dat adolessente eerstens lees vir ontspanning, daarna vir inligting, dan vir identifikasie, en in die laaste instansie vir die skoonheid daarvan. Purves en Beach, wat in 1972 'n leesondersoek gedoen het, se bevindings stem hiermee ooreen. Volgens hulle lees adolessente tot graad 9 hoofsaaklik vir ontspanning en genot (1972:72).

Michael (1996:251) se bevindings kom ook hiermee ooreen wanneer hy stel

... in an earlier chapter conjuring up sociological, pshycological and cultural reasons for the popularity of series / genre fiction, the most enduring one may be the simplest: Kids find them fun to read.

Jong lesers lees ook omdat hulle met karakters identifiseer. Nodelman (1996:180) skryf in sy artikel *How typical children read*, dat lesers met karakters wil identifiseer omdat hulle so geleer word. Volgens hom neem skrywers dikwels aan dat kinders lees en hou van boeke oor mense wat baie soos hulleself is, en wie se wêreld baie soos hulle eie is. Hy staaf sy stelling met 'n verhaal (*The cat ate my swimsuit* van Paul Danziger) wat volgens hom veronderstel dat kinders lees omdat hulle inligting soek oor hulleself – iets waarmee hulle kan identifiseer. Nodelman is egter van die opinie dat hoe meer boeke aan kinders gegee word waarmee hulle veronderstel is om te identifiseer, hoe meer word hulle weerhou van werklike leeservaring – waar hulle groei en dit geniet juis omdat die skrywer nie 'n doelbewuste boodskap in die

teks *plant* nie. Daar is, volgens Nodelman, nie werklik enige iets terapeuties in karakters of 'n plot wat vir 'n sekere teikenpersoon "bedoel" is nie.

In teenstelling hiermee vind Samuels (1989:208) dat adolessente wel boeke kies waarmee hulle kan identifiseer. Sy bevind dat die meerderheid lesers van hierdie ouderdomsgroep hou van tienerprotagoniste, en stories wat as *realistiese fiksie* of *probleemverhale* beskryf kan word. Volgens Gardner (1991:34), wat in 1989 'n studie gedoen het oor leesgewoontes en -behoefes van Engelssprekende hoërskoolleerders in Natal stel sosiaal volwasse leerders stel meer belang in *ontdekkende realisme* terwyl situasionele romantiek, gebaseer op geslagstereotipes, steeds oorhoofs gewild bly. Hy meen ook dat seuns oor die algemeen minder lees as meisies. Seuns en jonger meisies blyk by verre 'n groter behoefte te hê aan romantiese en wensdenkende ontvlugtingsliteratuur, as wat ouer meisies het.

In die ondersoek deur Samuels (1989:208), was 'n jong karakter gereeld die spil waarom die verhaal gedraai het. Die verhaal was ook meestal geplaas waar die jong Amerikaanse leser homself maklik kan indink. Op grond van vroeëre studies wat oor leesbehoefes gedoen is, stel Samuels dat die hoofmotief waarom lesers sekere boeke verkies, is omdat hulle daaruit verbeeldingsgenot of bevrediging put, dikwels deurdadig hulle met 'n held of heldin wat nie van hulleself verskil nie, identifiseer.

In die lesersondersoek deur die *CLRU* (Machet *et al.*, 1996:225) is die volgende stelling aan respondente gemaak: "Stories / romans moedig lesers aan om te dink oor karakters, gedrag, omstandighede, aksies en gevolge op maniere wat hulle kan help met besluitneming in hulle eie lewens." Die meerderheid respondente het met hierdie stelling saamgestem.

In aansluiting hierby, meen Elsabe Steenberg (1988:15) dat die adolessent intens vanuit homself beleef, en alles en almal in verhouding met homself sien. Sy glo daarom dat boeke eerstens vir hom die wêreld moet belig vanuit sy eie beleving en uitgaande van sy eie krisis en probleme. Hy spieël homself in 'n hoofkarakter, identifiseer met hom, en groei deur dié karakter se gedagtes en ervarings tot eie groter insig en verheldering. Eie identiteit staan by die adolessent voorop. Elke tiener ondersoek egter ook die waardesisteme, lewensfilosofie en verzet teen die

establishment in 'n mindere of meerdere mate, aldus Steenberg. Tog bly die adolessent bewus van ander en moet hy steeds besluit waar hy inpas, daarom speel die volgende verhoudinge ook 'n rol in sy lewe, en vanselfsprekend in wat hy lees:

- Verhouding met die gesin
- Aard en plek van die portuurgroep
- Die verhouding tussen geslagte is ook baie belangrik
- Verhouding/konflik met ander rasse

Indien aanvaar word dat lees help om adolessente voor te berei op situasies en probleme, en hulle help met die neem van belangrike besluite, kan ook aanvaar word dat nie-lesers 'n beduidende agterstand mag hê in hierdie verband (1996:225).

Adolessente kies egter nie normaalweg lees as hul gunstelingaktiwiteit nie, soos ook bevind deur hierdie studie. Volgens Moffitt en Wartella (1992:1) het sekere tipes ontspanning, en die populariteit van sekere aktiwiteite, min of meer dieselfde gebly regdeur die vorige eeu. Hulle is van mening dat sosiale verkeer met vriende, of sport, steeds vandag groter populariteit geniet as die massamedia of populêre kultuurvorme, soos dit ook was vanaf die vroegste navorsing oor die onderwerp. Hulle navorsing is egter gedoen voordat die Internet die tienermark in alle erns getref het, en daarom is hierdie bevinding waarskynlik nie meer vandag so geldig nie. Sport en kuier is wel nog gunstelingaktiwiteite van baie adolessente, maar die vermoede bestaan dat die internet tot hoog bo-aan die prioriteitslys van baie tieners geskuif het, wat lees heelwat laer laat skuif het.

### 6.3.2. WAT adolessente lees

In een van vele studies wat oor leesbelangstellings uitgevoer is, stel Smith (Emans & Patyk, 1967:61) dat avontuurverhale die definitiewe gunsteling by seuns is, terwyl romanse die voortou neem by meisies. Volgens hierdie navorsing, hou seuns ook van wetenskaplike en tegniese boeke, oorlogsverhale, raaiselverhale (*mysteries*), speurverhale, sommige humor, diere- en vlieëniervershale, en geskiedenis. Meisies, egter, verkies verhale wat te doen het met die huis- en skoollewe, tienerprobleme, ligte avonture, en biografieë (veral van vroue). Hulle hou ook meer van poësie as seuns.

Simpson en Soares se artikel *Best and least liked stories in Junior High School* (1965:69-70), vervat die resultate van 'n Britse studie wat gedoen is om vas te stel van watter tipe stories graad 7 tot graad 9-leerders hou. Die ondersoek het vasgestel dat die gewildste stories meer *illustrasies* gehad het en meer kleurvolle illustrasies gehad het as minder gewilde stories (1965:69-70). Verder het gewilde stories nie soveel lang plekbeskrywings gehad nie, en was dit meer geneig om in 'n *hedendaagse / moderne plasing* af te speel. Wat karakters betref, het die gewilde stories *karakters duideliker beskryf*, en het dit ook *meer hoofkarakters* gehad. Verder het gewilde stories groter *klem geplaas op die plot*, en baie *minder klem op die tema*. Respondente het dan ook verkies dat daar baie interne en eksterne *konflik* binne 'n verhaal moes wees. Dit was ook belangrik dat daar *konkrete en duidelike taalgebruik* in die storie moes wees. In die laaste instansie het dit ook aan die lig gekom dat die sterkste motiverende faktor vir respondente om te lees, die *vermaaklikheidsfaktor* van die leesstof was.

Dit kan verklaar waarom die Machet *et al.* (1996:53) in die *CLRU*-loodsstudie bevind het dat tydskrifte van die gewildste leesstof is onder leerders van hierdie ouderdom. Dit was ook in die Promosa-ondersoek die geval. Machet *et al.* (1996:53) meen dat die redes hiervoor onder andere is dat tydskrifte toeganklik en beskikbaar, en goedkoper as boeke is. Strokiesprente was egter nie baie gewild onder die respondente nie. Machet *et al.* (1996:128) meen dat een van die redes hiervoor kan wees dat die meerderheid strokiesprente in Suid-Afrika van oorsee af ingevoer word, en 'n Westerse oriëntasie het. Die humor wat gebruik word, asook die houdings en waardes daarin, mag moontlik nie toeganklik wees vir Suid-Afrikaanse tieners nie. Vir respondente was die volgende aspekte van tydskrifte belangrik: hoe dit lyk, die prentjies aan die binnekant, en waarde vir geld.

Wat is egter die redes vir adolessente se leesvoorkeure? Dit wil voorkom of leerders tussen 11 en 14 'n voorliefde vir reeksverhale het, terwyl die ouer lesers ander spesifieke voorkeure het, soos romanse, aksie of wetenskapsfiksie. Wat sou die redes hiervoor wees? De Beer (1991:6) meen dat die gewildheid van reeksverhale toegeskryf kan word daaraan dat dit sekere van die jonger adolessent se mees basiese behoeftes aanspreek. Hoewel reeksverhale dikwels beskik oor vlak karakterisering en stereotipes, voorspelbare storielyne en 'n gebrek aan realisme, is

dit maklik leesbaar en verstaanbaar, en stel dit geen hoë eise aan die leser nie.

Verder kan die leser:

- Maklik identifiseer met die protagonis. Omdat die karakter nie as 'n komplekse persoon uitgebeeld word nie, is dit maklik vir die tiener om hom te verbeel dat hy die karakter is.
- Sy behoefte vervul om te presteer. Omdat die jonger adolessent dikwels begeer om bekwaam, populêr en aantreklik te wees, word sy wense dan vervul in veral avontuur- en liefdesverhale.

Volgens Crago (1993:279) kan daar met relatiewe akkuraatheid voorspel word watter boeke waarskynlik gewild gaan wees by die massakinderpubliek. Die wêreldwye gewildheid van Enid Blyton in die 1940's-1960's en van Roald Dahl in die 1970's – 1990's, sê Crago, kan toegeskryf word aan twee faktore wat in interaksie met mekaar funksioneer:

- Toeganklikheid
- 'n Stel ontwikkelingstemas

As 'n verhaal dus 'n tema aanraak wat vir 'n breë tienerpubliek (op 'n sekere psigo-sosiale volwassenheidsvlak) relevant is, en dit doen in toeganklike taal, dan sál so 'n verhaal wyd gelees en geniet word, miskien herlees word, en vir vriende aanbeveel word.

Oor die keuse van 'n onderwerp, bevind Machet *et al.* (1996:54) dat Suid-Afrikaanse hoëskoolseuns se gewildste onderwerpkeuse sport is. Meisies lees egter beduidend minder oor sport. Geslagsverskille wat die keuse van fiksie aanbetref, is dan ook baie duidelik. Meisies se verhoogde belangstelling in romantiese fiksie word deur Machet *et al.* (1996:14) verbind aan hulle volwassewording, en 'n verhoogde belangstelling in verhoudings met die teenoorgestelde geslag. Seuns, wat neig om later volwasse te word as meisies, en minder belangstelling toon in verhoudings, is dan ook heelwat minder geïnteresseerd in romantiese fiksie. Avontuurverhale hou egter steeds relatiewe hoë aantrekkingskrag in vir seuns. Appleyard (1990:99) stel dat lesers soos hulle ouer word, meer geïnteresseerd raak in *karakter*, en daarom begin belangstel in stories met meer diepte en kompleksiteit. Adolessente wil stories hê wat motiewe en gesigspunt belig, asook die konflik wat in gebeure tot stand kom. In Appleyard

(1990:99) se ondersoek is bevind dat daar 'n beduidende vermindering is in die aantal respondente wat aangedui het dat hulle vir ontspanning lees, vanaf die eerste leesfase (graad 5-7) tot die tweede fase (graad 8-10).

In 'n studie deur Purves en Beach wat in 1972 uitgevoer is, word gestel dat die vrywillige leeskoers (met ander woorde die mate waarin respondente vrywilliglik fiksie lees) 'n hoogtepunt bereik tydens graad 7 tot 9, waarna dit afneem. Hier word die verskille tussen die geslagte ook duidelik. Daar is definitiewe ooreenkomste met die bevindings van Simpson en Soares (1965:69-70); die voorkeure onder meisies van hierdie ouderdom is naamlik bevind as raaiselverhale (*mysteries*), romanse, diere, godsdiens, loopbaanverhale, komedie en biografieë. Seuns verkies wetenskapsfiksie, raaiselverhale, avontuur, biografieë, geskiedenis, diere, en sport. Volgens Purves en Beach (in verwysing na Strang, 1946; Leafe, 1958; Smith & Eno, 1961; Carlsen, 1961) toon beide geslagte egter op hierdie ouderdom 'n verhoogde belangstelling in nie-fiksie, historiese en mitiese romanse, en werke wat met adolessente te doen het (1972:71-72).

Ook Moffitt en Wartella (1992:13) bevind dat die gunsteling tipe fiksie onder vroulike adolessente romanse is, terwyl manlike adolessente fantasie, wetenskapsfiksie en sport as gunsteling het.

Smith en Eno (Purves & Beach, 1972:71) het navorsing gedoen oor die tipe storie wat voorkeur geniet by respondente. Hulle het gevind dat respondente 'n protagonis verkies wat tussen vyftien en negentien jaar oud is. Die protagonis moes ook verkieslik aantreklik, intelligent en fisies sterk wees.

Weereens kan daarop gelet word dat studies wat vroeg in die vorige eeu gedoen is, steeds vergelykbaar met vandag se leesvoorkeure van adolessente is. In 1936 het McCullough (1972:71) 'n studie gedoen waarin leerders gevra is om 'n brief te skryf waarin 'n boek aanbeveel word, met 'n rede daarby. Sy het bevind dat leerders se belangstelling die meeste geprikkel is deur ongewone prestasies en heldedade. Hoewel meisies 'n voorkeur vir romanse genoem het, het hulle baie min realistiese begrip van die onderwerp getoon. In 1920 het Wheeler (Purves & Beach, 1972:71) bevind dat die helfte van die leesstof wat deur meisies gelees is, reekse was.

Malchow (Purves & Beach, 1972:71) bevind weer dat seuns karakters verkies wat hoogs intelligent is, wat ander kan uitoorlê, en wat ambisieus is, terwyl meisies van karakters hou wat akademies presteer, en wat suksesvol en bedagsaam is.

Volgens Purves en Beach (1972:72) beklemtoon die bevindings hoe die kulturele waardes en sosialiseringpatrone wat in hierdie tydperk in Amerika oorheers het, adolessente se leespatrone beïnvloed het. Die karakters wat die respondente verkies het, reflekteer stereotiperende geslagsverskille – aggressiwiteit by seuns en vroulikheid by meisies.

Verder stel Purves en Beach (1972:92) dat die persoonlike veranderlikes wat bepaal wat adolessente lees, die volgende is: ouderdom, geslag, intelligensie, leesvermoë, houding en psigologiese behoeftes. Institusionele veranderlikes sluit in: die beskikbaarheid van boeke, sosio-ekonomiese en etniese faktore, invloed van die groep, ouers en onderwysers, die televisie en films. Hierdie veranderlikes het dan ook 'n beduidende rol gespeel in die ondersoek na adolessente in Promosa se leesgewoontes.

Machet *et al.* (1996:51) het Suid-Afrikaanse adolessente se keuse van boeke hoofsaaklik bepaal word deur:

- Die aanwesigheid van illustrasies
- Die voorblad
- Die taal waarin dit geskryf is

Hulle het ook bevind dat adolessente se keuse verder beïnvloed word deur die volgende faktore: die titel, persoonlike aanbevelings, en ook as 'n boek verband hou met 'n TV-reeks of film. Vir seuns was laasgenoemde faktor belangriker as vir meisies. 'n Interessante bevinding deur Machet *et al.* (1996:51), was dat respondente nie noodwendig besonder graag hul eie omgewing gereflekteer wou hê in boeke, of karakters wat hulself verteenwoordig in terme van ras, geloof of land nie. Nie een van die vrae wat te doen gehad het met geslag, velkleur, of land van herkoms het geblyk *belangrik* of *baie belangrik* te wees vir respondente nie. *Kontemporêre* elemente, soos om in dieselfde tyd te leef, dieselfde belangstellings te deel, en van dieselfde ouderdom te wees, was heelwat belangriker vir respondente in die CLRU-ondersoek (Machet *et al.*, 1996)

### 6.3.3. Wie is die lesers

Moffitt en Wartella (1992:13) het bevind dat adolessente wat beter op skool presteer geneig is om meer te lees. Hulle het ook 'n verdere bevinding: Dit is die respondente uit die onderskeidelik lae en hoë inkomstegroepe wat lesers is, eerder as uit die middel-inkomstegroep. Volgens hulle kan hierdie bevinding 'n aanduiding wees daarvan dat lees oor sekere *aantreklike* eienskappe beskik – moontlik is dit 'n relatief goedkoop ontspanningsaktiwiteit, of 'n aktiwiteit wat geassosieer word met intellektuele vermoë of sosiale status. Ouers binne die lae en hoë inkomstesektore, kan lees in 'n positiewer lig sien as ouers van die middel-inkomste-sektor, en eersgenoemde sal eerder hul kinders aanmoedig of selfs dwing om te lees. Die bevinding stem ooreen met dié van Gardner (1991:34), wat stel dat lewensstandaard grootliks verband blyk te hou met leesgewoontes: 'n lae lewensstandaard skep 'n gunstiger houding ten opsigte van standhoudende *vryetydslees*, as wat 'n hoër lewensstandaard doen.

In Machet *et al.* se Suid-Afrikaanse loodsstudie (1996:62) is respondente gevra om aan te dui watter tipe lesers hulle is. Die statistiek dui daarop dat die meerderheid respondente (59% manlik en vroulik) hulself beskou as gemiddelde lesers. Volgens Machet *et al.* (1996:62) toon navorsing in Suid-Afrika egter dat respondente dikwels nie in staat is om hul eie leesvermoë te evalueer nie. Oor die algemeen, kan die lae vlak van leesvaardighede beskou word as 'n tipiese Suid-Afrikaanse probleem. Die probleem is so groot dat Kader Asmal, Minister van Onderwys, 2001 verklaar het as "The Year of the Reader", in die hoop om Suid-Afrikaners te motiveer om meer te lees, en om leesvaardighede te verbeter.

Machet *et al.* (1996:60) meen dat dit 'n saak van kommer is dat daar so min respondente is wat aangedui het dat hulle entoesiastiese lesers is. Min adolessente spandeer tyd aan lees bloot vir die plesier daarvan. Daar is ook 'n groter onderskeid tussen die manlike en vroulike respondente, waar amper dubbel die persentasie meisies aangedui het dat hulle baie tyd aan lees afstaan, in vergelyking met die seuns.

Oorsese navorsing het bevind dat meisies beter doen op skool, asook op tersiêre inrigtings en by die werk (Machet *et al.*, 1996:220) Daar word gespekuleer dat een van die hoofredes hiervoor is dat meisies beter lees as seuns.

Aan die hand van hierdie studie oor verskeie lesersondersoeke binne verskillende kontekste, kon tot die gevolgtrekking gekom word dat die leesgewoontes en -behoefte van adolessente die afgelope eeu nie veel verandering ondergaan het nie. Daar is ook gesien dat Amerikaanse kultuur (via die massamedia) ook in Suid-Afrika 'n impak het op wat adolessente lees. Gewilde genres, karakters en ruimtes word dan ook vandag dikwels bepaal deur dit waaraan adolessente op televisie blootgestel word.

Nadat bogenoemde artikels en bronne ondersoek is, is daar oorgegaan tot die opstel en verwerking van die vraelyste wat tydens die lesersondersoek in Promosa gebruik sou word. In die Promosa-ondersoek het dit duidelik geblyk dat daar heelwat ooreenkomste met die literatuur bestaan.

#### **6.4. LOODSSTUDIE: PROMOSA**

In die aanvanklike klein loodstudie m.b.t. leesgewoontes en –behoefte van adolessente, wat in 2003 in Promosa gedoen is, het sekere neigings en tendense na vore gekom. Die meerderheid respondente het naamlik aangedui dat hul gunsteling aktiwiteit nie lees is nie, en dat lees inderdaad baie laag op hul prioriteitslys verskyn. Verder blyk dit dat die meerderheid van die respondente nooit stories (voorgelees of vertel) gehoor het tydens hul grootwordjare nie. Hierdie stories verwys na tradisionele Afrika- en ander volksprokies, fabels en verhale, of enige storieboeke.

Wanneer respondente wél lees, is dit óf vir ontspanning óf vir inligting. Die feit dat hulle egter in werklikheid nié gereeld lees nie, word deur respondente toegeskryf aan verskeie faktore, onder andere dat daar nie genoeg *interessante leesstof* beskikbaar is nie, dat verhale te lank is (met ander woorde dat respondente *konsentrasie* verloor), dat *leesvermoë* 'n probleem vorm en dat *tyd* ook 'n rol speel. Daar is ook aangedui dat die gebrek aan *privaatheid* 'n definitiewe probleemfaktor is.

Gunstelinglesstof onder vroulike respondente was *storieboeke*, met tydskrifte net 'n kortkop agter. Manlike respondente het egter verkies om *koerante* te lees, waarna storieboeke gevolg het. Vroulike respondente verkies die *liefdesverhaal* as genre, terwyl die manlike respondente se gunsteling is relatief gelykop verdeel onder *aksie- en avontuurverhale, fantasie, en wetenskapsfiksie*. Respondente hou oor die algemeen glad nie van verhale oor die geskiedenis, en ook rekenaar- en internetverhale nie.

Oor jeugverhale wat sekere *kwessies* hanteer, was die oorgrote meerderheid respondente dit eens dat dit 'n goeie manier is om oplossings te kry. Die tendens was ook dat respondente graag oor *kwessies* wil lees, bv. MIV/Vigs, tienerswangerskap en dwelmmisbruik. Liefde en verhoudings was ook 'n gewilde tema. Verder was daar ook 'n behoefte van die respondente om met karakters te identifiseer, maar ook by hulle te leer, en so oplossings vir hulle probleme te vind.

Hoewel dit deur die ondersoek geblyk het dat die groep oor die algemeen min lees, is bevind dat wánnere hulle wel lees, dit gewoonlik nie gebeur op grond van wat ouers, vriende of onderwysers sê nie. Keuses word deur die individu self bepaal, deurdat hy / sy die boek in die biblioteek kry, of dit by iemand leen. *Beskikbaarheid* van leesmateriaal speel 'n groot rol.

In gesprekke met die skoolhoof en Afrikaans-onderwysers van die Promosa Sekondêre Skool, is bevestig dat leerders min, of glad nie, belangstel in lees nie. Dit het 'n negatiewe invloed op die gebruik van taal, en ook op leerders se algemene skoolprestasie. Die gebrek aan lees- en spelvermoë het ook indirek 'n negatiewe invloed op verdere studiemoontlikhede en werkseleenthede.

In opvolg op bogenoemde loodsstudie, is 'n meer uitgebreide en gestruktureerde leesondersoek van stapel gestuur. Hierdeur wou gepoog word om die neigings wat reeds vasgestel is, en waarvan sommige deur onderwysers bevestig is, op meer wetenskaplike wyse te ondersoek. Die vraelys wat opgestel is, word in Bylaag B weergegee.

## 6.5. LEESONDERSOEK

### 6.5.1. Demografiese en psigografiese profiel

Die eerste afdeling van die vraelys het sekere demografiese en psigografiese inligting vanaf die respondente ingewin. Inligting met betrekking tot die volgende is ingewin: ouderdom, graad, geslag, of ouers/voogde 'n vaste inkomste het, die aantal persone wat saam met die respondent woon, huistaal, en taal waarin die respondent op skool onderrig word. Op grond hiervan is vasgestel dat:

- 54% van die respondente in graad 7 tot 9 is. Die res (46%) is in graad 10 tot 12.
- 47% respondente manlik is, terwyl daar 53% vroulike respondente is.
- Afrikaans is die huistaal van 43% van die respondente, met Tswana in die tweede plek (41%). 10% het aangedui dat hulle tweetalig (Afrikaans / Engels) is, terwyl 6% 'n ander huistaal praat. Geeneen is slegs Engels nie.
- 39% van die respondente word deur albei ouers versorg (woon by albei ouers); 21% woon by 'n enkelma; 2% by 'n enkelpa; 14% woon by grootouers of naby gesinslede soos ouer broers en susters; 16% by uitgebreide familie soos tannies en ooms; en 9% woon in die koshuis.
- 70% van die respondente het aangedui dat daar tuis 'n gereelde inkomste deur een of albei ouers/voogde verdien word, teenoor 30% waar dit nie die geval is nie.

Die statistiek wat deur die respondente gegee is, stem ooreen met die syfers wat StatsSA so onlangs as 2001 opgeneem het (StatsSA, 2004). Hiervolgens het 70.4% van die inwoners van Promosa aangedui dat hulle 'n werk het. Wat huislike omstandighede betref, blyk dit dat hoewel daar onder die respondente 'n aantal ekonomies funksionele gesinne bestaan, daar ook 'n groot aantal (30%) redelik disfunksionele gesinstrukture bestaan (wat sosio-ekonomiese omstandighede aanbetref), waar groot uitgebreide gesinne deur een persoon (selfs die pensioen van een) onderhou word. Aangesien meer as die helfte van die respondente by 'n enkelouer, by familie, of in die koshuis woon, en baie respondente slegs een ouer of voog het wat 'n inkomste verdien, kan met redelike sekerheid gestel word dat die respondente se maatskaplike omstandighede nie rooskleurig is nie.

By die oorgrote meerderheid (61%) is daar meer as vyf inwoners in 'n huis; in enkele gevalle tot 15 persone in 'n drie- of viervertrekhuus. Die feit dat lees nie 'n hoë prioriteit by hierdie spesifieke respondente geniet nie, kan in 'n mate toegeskryf word daaraan dat hulle voortdurend blootgestel is aan 'n bedrywige omgewing, en weinig privaatheid het. Tog wil dit voorkom, uit die statistiese gegewens, asof die respondente se maatskaplike omstandighede nie 'n groot verband het met hul leesgewoontes nie.

#### 6.5.2. Belangrikheid van lees as aktiwiteit

##### Vr. A7\*.Hoeveel tyd spandeer jy naastenby per dag aan . . .

Ten einde vas te stel waaraan respondente die meeste tyd per dag spandeer, is aan hulle gevra om aan sekere aktiwiteite 'n tydgleuf toe te ken. Hier is antwoorde ongelukkig op die oog af onbetroubaar verskaf, en kon slegs sekere neigings vasgestel word. 'n Voorbeeld van sodanige onbetroubaarheid is waar 'n respondent aangedui het dat hy: 6 ure per dag skoolgaan, 2 ure aan huiswerk spandeer, 3 ure aan naskoolse aktiwiteite, 7 ure lank televisie kyk, 20 minute lank huisskoonmaak, 8 ure slaap, 19 minute per dag tyd aan vriende spandeer, 10 ure daaglik jonger broers en susters oppas, en 5 ure aan ander stokperdjies (waaronder lees).

Wat neigings aanbetref: Daar is byvoorbeeld die neiging dat aktiwiteite soos *sport* (en ander naskoolse aktiwiteite), *huisskoonmaak*, en *kuier* meestal hoofprioriteite van respondente is. *Televisiekyk* het ook feitlik heel bo aan die ranglys geëindig. Aktiwiteite soos skool, huiswerk, slaap en stokperdjies (waaronder *lees*) het nie veel aftrek gekry by die meeste respondente nie. Dit is in ooreenstemming met die bevindings van Machet *et al.* (1996:130), wat bevind het dat lees as ontspanningsaktiwiteit afneem vanaf die ouderdom van 14 jaar. Ook Moffit en Wartella (1992:1) se studie bevestig hierdie tendens onder adolessente. Hoewel die internet nie 'n groot mededinger is vir die tyd van adolessente in Promosa nie, is dit veral *sport*, *vriende* en *televisie* wat hulle vrye tyd in beslag neem. Hierdie aktiwiteite is deur die meeste respondente aangedui as gewilde aktiwiteite. In die res van die vraelys is voortgegaan om te probeer vasstel wat die oorsake is vir die oënskynlike

---

\* L.W. Die vrae is genommer soos wat dit op die vraelys verskyn.

gebrek aan belangstelling in lees en boeke, wat by 'n groot aantal respondente voorgekom het.

A8. Is daar iemand in jou familie ( bv. Ouma) wat stories vertel?

Vervolgens wou bepaal word in watter mate daar 'n *storievertelkultuur* (met ander woorde die mondelinge oordrag van stories) in Promosa heers. Daar is aan respondente gevra of daar iemand in hul familie is (bv. ouma) wat stories vertel. 57% van die respondente het bevestigend geantwoord, terwyl 43% negatief was. Hieruit kan afgelei word dat die mondelinge storieverteltradisie nog nie totaal uitgesterf het in die gemeenskap van Promosa nie, veral dan onder die ouer geslag.

A9. Toe jy klein was . . . a) Het iemand vir jou stories vertel? b) Het iemand vir jou stories gelees? c) Het mense rondom jou vir mekaar stories vertel (skinder) d) Het jy dramas of toneelstukke gesien? e) Poppekasvertonings? f) Stories op TV?

In aansluiting hierby, het 20% van die respondente aangedui dat niemand vir hulle stories vertel het as kleuters nie; daarenteen was daar 80% aan wie wel stories vertel is. Dieselfde patroon kom voor met betrekking tot die voorlees van stories: 72% dui aan dat daar wel vir hulle gelees is toe hulle klein was, 30% het nooit stories uit boeke gehoor nie. Skinderstories was ook (en is steeds) volop in die gemeenskap van Promosa, en die meerderheid van die respondente (76%) is gereeld blootgestel daaraan. Dit wil ook voorkom asof feitlik al die respondente wel as kleuters blootgestel is aan dramas / toneelstukke (90%), en die oorgrote meerderheid (76%) het ook tydens hul kleutertyd te doen gekry met poppekasvertonings.

Die vermoede bestaan dat die statistiek wat in hierdie vraag na vore gekom het, nie heeltemal betroubaar is nie. Dis moeilik kontroleerbaar. Tog kan verwys word na *StatsSA se syfers (2004)*, waarvolgens daar 'n meer as 100% groeikoers was in die aantal informele huishoudings wat sedert 1996 ontstaan het. In 1996 was die respondente in die studie tussen die ouderdomme van vier en agt jaar oud. Hoewel informele behuising nie noodwendig impliseer dat die inwoners werkloos is nie, is daar tog 'n verband tussen moeilike sosio-ekonomiese omstandighede en informele behuising. Die aanname kan gemaak word dat ten minste 'n gedeelte van die respondente as kleuters in informele behuising gewoon het, en onder die gevolge van armoede en werkloosheid gely het. Die aantal persone wat nie matriek gemaak

het nie, het ook sedert 1996 toegeneem. Laasgenoemde statistiek impliseer nie dat persone wat nie matriek het nie, nie in staat is om vir hul kinders te lees nie. Dit is slegs 'n verwysing na die sosio-ekonomiese omgewing waarin die teikengroep leef. Verder het deelnemers aan die 1996 sensus-opname (uit Promosa) aangedui dat meer as 50% nie oor elektrisiteit beskik (het) nie. In die lig van hierdie gegewens, word vermoed dat die respondente nie met die volle waarheid vorendag gekom het in hierdie vraag nie. Min van die respondente is vandag ywerige lesers, wat waarskynlik nie die geval sou wees indien hulle op bogenoemde maniere gestimuleer sou wees om 'n liefde vir stories te ontwikkel nie. Dat 98% van die respondente wel stories op die televisie te siene gekry het as kleuters, is egter nie verbasend nie, gesien in die lig van die massamedia-samelewing waarin ons leef.

### B1. Hou jy van lees?

Op bogenoemde vraag, het 89% van die respondente aangedui dat hulle daarvan hou om te lees. Slegs 11% het gestel dat hulle nie daarvan hou nie. Ook hier bestaan die vermoede dat respondente moontlik slegs die *regte* antwoord wou gee. Die statistiek is feitlik in teenstelling met die aantal respondente wat aangetoon het dat hulle in werklikheid wel gereeld lees. Dit was die doel van die studie om hierdie teenstelling te ondersoek.

Respondente het 'n verskeidenheid redes aangedui waarom hulle hou van lees. Aangesien hierdie 'n kwalitatiewe (oop) vraag was, is die redes by die verwerking daarvan in 'n aantal kategorieë verdeel:

REDES:	Ontwikkel vaardighede (spelling, lees, begrip)	Brei algemene kennis uit	Inligting (Take ens.)	Ontspanning/ Interessantheid	Motivering/ Inspirasie	Hou besig/uit moeilikheid
AANTAL:	29%	21%	15%	41%	5%	3%

Die drie hoofredes waarom die respondente lees, is:

- Ontspanning
- Ontwikkeling van vaardighede (die meeste antwoorde het 'n begeerte reflekteer om veral spelling en taalvaardigheid te verbeter)
- Uitbreiding van algemene kennis (hier het veral die lees van koerante en materiaal soos geskiedenis- en feiteboeke ter sprake gekom).

Die motiewe van die respondente stem ooreen met die studie van Emans en Patyk (1967) en ook dié van Purves en Beach (1972), wat bevind het dat adolessente, veral tot graad 9, ten eerste lees vir ontspanning.

### B3. Hoekom hou jy nie van lees nie? Kies uit opsies.

Dit blyk dat die hoofrede waarom respondente NIE gereeld lees nie (hoewel hulle aangedui het dat hulle daarvan hou), is vanweë 'n gebrek aan 'n stil plek met 'n rustige atmosfeer (71% respondente het hierdie rede aangevoer). Dit maak sin, as verwys word na die statistiek oor die huislike omstandighede van respondente.

Respondente het ook in 'n meerdere of mindere mate aangedui dat die volgende faktore 'n rol speel:

- Daar is nie goeie leesstof beskikbaar in die gemeenskap nie (29%)
- Lees is vervelig (24%)
- Respondente het nie tyd nie (49%)
- Respondente lees nie goed nie (29%)
- Lees bring nie kos op die tafel nie (11%)
- Respondente het nie boeke nie (33%)

Let wel: Die vraag het telkens 'n ja/nee-antwoord vereis, en dus is daar nie sprake daarvan dat bogenoemde persentasie na 100% sal optel nie. Elke spesifieke antwoord tel op na 100%.

Respondente het aangedui dat die beskikbaarheid van goeie leesstof vir hulle 'n struikelblok is. Dit wil voorkom of die plaaslike biblioteek, hoewel oor die algemeen goed voorsien van leesstof, nie in die spesifieke behoeftes en leesvermoë van adolessente voorsien nie. Hier kan terugverwys word na 'n gesprek met die bibliotekaresse (2004), waarin sy aangedui het dat die gewildste leesstof in die biblioteek die *Easy Readers* is. Sy het ook aangedui dat dit voorkom asof die adolessente ook eerder grootdrukteste verkies. Volgens haar word laasgenoemde tekste, sowel as die *Easy Readers*, die heel meeste deur adolessente uitgeneem.

Alternatiewe redes waarom respondente nie lees nie sluit in dat daar nie genoeg *interessante leesstof* beskikbaar is nie; verhale is te lank en respondente verloor *konsentrasie*; respondente se *leesvermoë* is nie op standaard nie en hulle het ook 'n *gebrek aan tyd*. Een respondent het ook gesê, "omdat ek nie my eie *space* het om

lekker te lees nie,” wat daarop dui dat *privaatheid* wel ‘n probleem vorm. In verwysing na die studie van Machet *et al.*, sou die gebrek aan illustrasies in boeke ook moontlik ‘n invloed kon hê op ‘n gebrek aan belangstelling in lees (hoewel respondente dit nie self as rede aanvoer nie). Machet *et al.*(1996:51) meen

Illustrations can support readers, and in South Africa where many children are reading in a second language and come from families with minimal literacy, it is possible that they need every kind of support they can get if they are to develop the reading habit and become expert readers. It seems possible that the lack of books with illustrations for this age group contributes to a low level of voluntary reading.

#### B4. In watter taal lees jy die graagste?

Respondente het aangedui dat hulle die graagste in Engels lees (57%), gevolg deur Afrikaans (41%). Tswana het glad nie as keuse gefigureer nie, en daar was slegs 2% wat aangedui het dat hulle graag in ‘n ander taal sal wil lees.

#### 6.5.3. Leesvoor en –afkeure

#### B5. Wat lees jy die graagste? Opsies.

Wanneer die leesvoorkeure (t.o.v. leesstof) van seuns en meisies in die studie met mekaar vergelyk word, blyk dit dat daar ‘n verband met medium effek (0, 3474%) bestaan tussen geslag en leesvoorkeur. \*

	Seuns	Meisies
Storieboeke	32%	48%
Koerante	36%	17%
Tydskrifte	20%	27%
Feite	11%	2%
Strokiesprente	0%	6%

Seuns verkies koerante bo storieboeke, terwyl die meisies duidelik veel eerder storieboeke lees as koerante. Tydskrifte is die meisies se tweede keuse, terwyl dit derde op die seuns se prioriteitslys is. Hoewel feite by albei geslagte vierde is, is dit gewilder by seuns as meisies. Die laaste keuse van beide seuns en meisies is strokiesprente; hier blyk die vroulike lesers meer te wees as die manlike lesers.

\* Die effekgrootte is ‘n aanduiding of daar ‘n prakties betekenisvolle verband tussen twee normale veranderlikes bestaan. Indien die effekgrootte 0,1 is, is daar ‘n klein verband, 0,3 dui op ‘n medium verband, terwyl ‘n effekgrootte van 0,5 dui op ‘n groot verband wat ook prakties betekenisvol is (Cohen, 1988:20-27).

In geheel gesien lyk die gunstelinglesstof onder respondente as volg:

Storieboeke	41%
Koerante	26%
Tydskrifte	24%
Feiteboeke	6%
Strokiesprente	3%

*Storieboeke* is die gewildste, met koerante in die tweede plek en tydskrifte kort daaropvolgend. Feiteboeke en strokiesprente was laag op die prioriteitslys. Dit is 'n interessante verskynsel, omdat dit gewoonlik seuns van hierdie ouderdomsgroep is wat net strokiesprente lees. 'n Moontlike rede hiervoor is 'n gebrek aan beskikbaarheid van strokiesprente. Weereens stem dit ooreen met die bevindings van Machet *et al.* (1996:34), waar gevind is dat die meerderheid respondente in die CLRU se Suid-Afrikaanse studie nie veel belangstel in strokiesprente nie (58% seuns en 62% meisies). 'n Klein verband kom voor tussen die huistaal van respondente en hul gunstelinglesstof: Waar die meerderheid (35%) Afrikaanse respondente verkies om tydskrifte te lees, kies 53% van die Setswana-respondente storieboeke as eerste opsie.

**B6. As jy comics lees, wat laat jou besluit om 'n comic te lees? Opsies.**

Daar is vervolgens aan respondente gevra, indien hulle wel sou besluit om 'n strokiesprent te lees, wát hulle so laat besluit. Hierop is aangedui dat die naam die belangrikste rol speel (25%). Hoe dit lyk (21%) en of dit verband hou met 'n fliek, bv. *Spiderman*, het ook 'n invloed op die keuse. Die volgende faktore blyk nie regtig 'n rol te speel nie: Respondente hoor daarvan by die skool; iemand beveel dit aan; dis goeie waarde vir geld; of dis 'n geskenk. In die lig van strokiesprente se relatiewe ongewildheid, het hierdie bevindinge waarskynlik nie groot betekenis nie.

**B7. As jy 'n tydskrif optel, waarna blaai jy eerste? Opsies.**

Op die vraag waarna hulle eerste blaai in 'n tydskrif, het respondente aangedui dat hulle meesal eerste die *verhale* opsoek (26%). Skindernuus oor bekendes het ook aftrek gekry (23%). Die volgende opsies is van minder belang geag: mode- en skoonheid (13%), *grappies* (13%), *horoskoop* (9%), *deurblaai om na die prente te kyk* (6%), *briewekolom* (6%). *Feiteberigte* (5%) was laaste op die prioriteitslys. Dit lyk

of veral die vroulike respondente in hierdie spesifieke groep, leesstukke verkies wat min konsentrasie vereis, en wat van 'n kort en ligte aard is.

Dit wil ook voorkom asof langer artikels en feitlike artikels nie baie aftrek by respondente kry nie. Aangesien privaatheid en stilte 'n probleem vir respondente is, is dit natuurlik makliker om korter stukke in 'n bedrywige omgewing te lees. Dit het ook geblyk dat tydskrifte oor die algemeen gewilder as storieboeke is. Daar kan 'n paar moontlike redes hiervoor wees: Tydskrifte is naamlik *goedkoper*, ou tydskrifte (veral Huisgenoot) is meer geredelik *beskikbaar*, en die lees daarvan neem nie soveel *konsentrasie* of *tyd* in beslag nie.

**B8. As jy besluit om 'n verhaal te lees, wat sal jou eerste keuse wees? Opsies.**

Daar is 'n  $\approx 0,5\%$  verband, en dus 'n verband met groot effek, tussen geslag en die tipe fiksie wat respondente lees.

Genre	Manlik	Vroulik
Speur	18,6%	0,0%
Aksie/ Avontuur	25,6%	16%
Liefde	30,2%	58%
Riller/Spookstorie	13,9%	8%
Sprokie	2,3%	6%
Fantasie	2,3%	2%
Wetenskapsfiksie	6,9%	2%
Humoristiese boek	0%	8%

Die statistiek dui aan dat die liefdesverhaal by sowel vroulike as manlike adolessente in die groep die gewildste keuse is. Aksie/avontuur is by albei geslagte die tweede keuse. Persentasiegewys is die liefdesverhaal egter by meisies gewilder, en aksie/avontuur by seuns. Dit is in ooreenstemming met die meerderheid van die leserstudies wat die afgelope eeu gedoen is, ook in lande soos Amerika en Brittanje.

In die loodsstudie wat vooraf in Promosa gedoen is, was die manlike respondente se *gunsteling* relatief gelykop verdeel onder *aksie- en avontuurverhale*, *fantasie*, en *wetenskapsfiksie*. Hoewel Promosa oor 'n goed toegeruste biblioteek beskik, is dit onseker hoeveel *fantasie- en wetenskapsfiksieverhale* in werklikheid beskikbaar is vir adolessente. Die enigste tipe verhaal wat in die loodsstudie werklik nie 'n gunsteling was onder die manlike respondente nie, is die liefdesverhaal. Hier was nogmaals 'n duidelike ooreenkoms met vroeëre lesersondersoeke, soos dié van Simpson en

Soares (1965), Emans en Patyk (1967), Purves en Beach (1972), en Moffitt en Wartella (1992).

Die statistiek van die daaropvolgende leesondersoek toon egter dat ook seuns die liefdesverhaal as genre verkies, selfs bó aksie- en avontuurverhale. Die res van die genres, naamlik rillers /spookstories, die sprokies, fantasieverhaal, wetenskapsfiksie, en humoristiese boek, kry nie by meisies of seuns groot aftrek nie. In die loodsstudie het die helfte van die meisies in die groep aangedui dat ook aksie- en avontuurverhale 'n gunsteling is. Net minder as die helfte was glad nie ten gunste van rillers en spookstories nie. Hierdie neigings word herhaal in die daaropvolgende leesondersoek.

Huistaal het blykbaar ook nie 'n beslissende invloed op die keuse van verhale nie, aangesien die liefdesverhaal vir beide die Afrikaanse en Setswana-respondente die eerste keuse vorm.

#### **B10. Wat laat jou besluit om 'n sekere boek te lees? Opsies.**

Dit het deur die ondersoek geblyk dat die teikengroep oor die algemeen min lees. Tog is bevind dat **wanneer hulle wel lees, dit nie slegs onder dwang op skool gebeur nie, maar wel ook uit vrye keuse. Daar was egter 17% van die respondente wat wel gevoel het hulle word soms gedwing. Faktore wat daartoe lei dat respondente besluit om 'n boek te lees, sluit die volgende in:**

- **Keuses word deur die individu self bepaal, deurdát hy / sy die boek in die biblioteek kry, of dit by iemand leen (86%). Beskikbaarheid van boeke speel 'n groot rol.**
- **Besluit word geneem op grond van wat 'n onderwyser of ouers sê (73%)**
- **Vriende vertel die respondent van die boek (63%)**
- **In minder gevalle word boeke self gekoop (41%)**

**Let wel: Weereens tel elke persentasie uit 100%, en word die hele vraag se totaal nie uit 100% bereken nie.**

#### **B11. Wat keer jou om gereeld te lees? Opsies.**

Respondente voel dat hulle gekeer word om te lees deur faktore soos die feit dat **daar min boeke beskikbaar is in die gemeenskap (17%), dat hulle self nie boeke het nie (22%), die omgewing raserig is (15%), en boeke en tydskrifte te duur is (23%).**

Ook die feit dat hulle nie tyd het nie, is as rede aangevoer (11%). Slegs enkele respondente het aangedui dat die feit dat hulle nie goed lees nie (3%) en nie van lees hou nie (1%) 'n rol speel.

Let wel: Die vraag word hier uit 'n totale persentasie van 100 bereken.

B14. As jy 'n boek kry wat jy wil lees, WAAR en WANNEER lees jy gewoonlik?

Opsies.

Wanneer respondente wel lees, verkies hulle om dit in die volgende omstandighede te doen: die meerderheid (87%) verkies om in die biblioteek te lees; 86% wil lees waar hulle alleen kan wees; sommiges (52%) lees pouses en daar is selfs 'n hele aantal wat saam met / tussen hulle vriende lees (41%). Minder respondente dui aan dat hulle in die kombuis of sitkamer lees terwyl almal besig is (34%) en slegs enkeles waag dit om in die klas te lees terwyl die onderwyser klasgee.

Let wel: Die vraag as geheel tel nie uit 100%; elke opsie tel uit 'n totaal van 100%.

B15. Waarna kyk jy eerste om te besluit of jy 'n boek wil lees? Opsies.

In die keuse van storieboeke, wil dit voorkom asof daar geen prakties beduidende verband is tussen die geslag van die respondent en die faktore waarvolgens boeke gekies word nie. Beide manlike en vroulike respondente (92%) het aangedui dat hulle by verre die sterkste beïnvloed word deur die interessantheid van die *titel*. Dit is vir hulle die hooffaktor wat 'n keuse positief of negatief beïnvloed. Verder is dit vir respondente baie belangrik dat die woorde van die boek *duidelik en leesbaar gedruk* moet wees (90%), en speel 'n interessante *voorblad* ook 'n belangrike rol in die keuse van 'n boek (74%). Respondente kyk ook na die *eerste bladsy of twee* om 'n besluit te neem (68%). In dalende volgorde van belangrikheid is daar ook die volgende faktore wat in ag geneem word:

- Die plek waar die verhaal afspeel (62%)
- Die skrywer (60%)
- Of daar illustrasies in die boek is, al dan nie (57%)
- Die opsomming aan die agterkant van die boek (53%)

In 'n mate weerspreek bogenoemde bevindings dié van Machet *et al.* (1996:51). Volgens hulle word Suid-Afrikaanse hoërskoolleerders se keuse van boeke hoofsaaklik bepaal deur illustrasies, die voorblad, en die taal waarin die boek verskyn. Hierdie faktore word egter glad nie deur die respondente van Promosa beklemtoon nie. Ooreenstemmende faktore wat daar wel is, is: die titel, persoonlike aanbevelings, en ook as 'n boek verband hou met 'n TV-reeks of film.

B12. Wat is gewoonlik jou gunstelingkarakters in 'n boek? Opsies.

Die *karakters* in 'n boek het ook 'n invloed op die geslaagdheid daarvan vir die lesers. Dit blyk dat ook hier die geslag van die leser nie 'n beduidende verskil maak in voorkeure nie. Die respondente in die groep het soos volg aangedui wie hulle gunstelingkarakters normaalweg is:

	JA	NEE
a. Meisie as hoofkarakter	60%	40%
b. Seun as hoofkarakter	61%	39%
c. Grootmens as hoofkarakter	56%	44%
d. Dier as hoofkarakter	46%	54%
e. Masjien as hoofkarakter	20%	80%
f. <i>Cartoon</i> - karakter	64%	36%
g. Iemand van <i>outer space</i>	42%	58%
h. Iemand wat toorkrag / spesiale magte gebruik	54%	46%
i. Monster as hoofkarakter	40%	60%
j. Iemand van TV of film as hoofkarakter	89%	11%
k. Gewone mense met doodgewone lewens	70%	30%
l. Mense wat vreemde, interessante lewens lei	67%	33%
m. Mense met wie respondente kan identifiseer	83%	17%
n. Mense wat my laat lag	95%	5%
o. Die skurk in die verhaal	49%	51%
p. Mense wat ek as rolmodelle sien	92%	8%

Uit die tabel blyk dat respondente groot respek het vir karakters wat hulle as rolmodelle sien. Hulle is ook geïnteresseerd in karakters met wie hulle kan identifiseer of wat hulle laat lag, en iemand wat ook op televisie of film te sien is. Vir meer as die helfte is ook gewone mense met normale lewens, *cartoon*-karakters, 'n grootmens as hoofkarakter, en iemand met spesiale magte aanvaarbaar. Dit wil voorkom asof dit nie 'n groot verskil maak of die hoofkarakter manlik of vroulik is nie. Die respondente hou nie veel van monsters, masjiene en karakters van die buitenste ruim nie. Dit lyk asof die gewildste hoofkarakters die volgende is: TV- en filmkarakters, karakters met wie respondente kan identifiseer, iemand wat hulle laat

lag, of 'n karakter wat hulle as rolmodel sien. Hier word nogmaals nie met Nodelman se siening ooreengestem nie (vergelyk Nodelman, 1996:180), en stem die bevindinge ooreen met die studie van Samuels (1989), wat onder Amerikaanse adolessente uitgevoer is. Laasgenoemde het gevind dat adolessente wel boeke kies waarmee hulle kan identifiseer, en dat die meerderheid lesers van hierdie ouderdomsgroep hou van tienerprotagoniste, en stories wat as *realistiese* fiksie of *probleemverhale* beskryf kan word. Dit kom hier na vore, soos in die kleiner loodsstudie, dat die groep adolessente van Promosa 'n behoefte het om met karakters te identifiseer, maar ook by hulle te leer, en so oplossings vir hulle probleme te vind. Ook hier kan parallels getrek word na die Machet *et al.* se studie (wat in Gauteng, in 'n stedelike omgewing gedoen is).

B13. Verkies jy dat karakters van dieselfde land/ velkleur/ tyd/ geloof/ geslag/ouderdom as jy moet wees/ dieselfde belangstellings moet hê?

Machet *et al.* (1996:128), het bevind dat respondente nie noodwendig besonder graag hul eie omgewing gereflekteer wou hê in boeke, of karakters wat hulself verteenwoordig in terme van ras, geloof of land nie. Die bevinding is bevestig in die Promosa-onderzoek. Nie een van die vrae wat te doen gehad het met geslag, velkleur, of land van herkoms het geblyk *belangrik* of *baie belangrik* te wees vir respondente nie. Effens meer as die helfte van die respondente (54%) het aangedui dat hulle nie omgee as karakters nie van dieselfde land as hulle afkomstig is nie. Ook dieselfde velkleur was vir 'n groot deel van die respondente (62%) nie 'n kwessie nie. 35% het aangedui dat dit vir hulle belangrik is dat 'n karakter in dieselfde tyd as hulle moet leef (44% gee nie om nie), en vir 36% maak dit ook nie saak of die karakter dieselfde belangstellings het nie (28% voel dis wel noodsaaklik). Dieselfde geloof by 'n karakter is vir 35% belangrik, teenoor 37% wat nie omgee nie; dieselfde geslag maak vir die helfte nie saak nie (51%) en so ook met dieselfde ouderdom (52%). Dit wil voorkom asof respondente nie baie sterk opinies het oor hoe karakters moet wees of lyk, of waar hul vandaan moet kom nie. Ook hier het die verskillende geslagte se respons nie beduidend verskil nie.

#### 6.5.4. Leesbehoefte

##### B9. Waaroor lees jy graag? Opsies.

Respondente moes vervolgens ook aandui in watter mate hulle graag oor die volgende onderwerpe lees. Die resultate word in volgorde van gewildheid gegee:

Onderwerp	Vroulik	Manlik	Algeheel (beide geslagte)
1. Die Bybel / Godsdiens	92%	90%	91%
2. Verhoudings (seksueel + gesin + vriende)	88%	80%	85%
3. Skool	81%	83%	82%
4. Tienerprobleme	90%	70%	80%
5. Liefde	56%	44%	78%
6. Diere / natuur	49%	51%	74%
7. Molestering/verkragting/ Mishandeling	77%	70%	74%
8. MIV/Vigs	75%	73%	74%
9. Sport	42%	58%	73%
10. Vreemde lande/plekke	62%	60%	61%
11. Internet / rekenaars	54%	46%	57%
12. Selfmoord	52%	48%	51%
13. Geskiedenis	58%	42%	48%
14. Die dood	48%	52%	25%
15. Ander			22%

Dit lyk asof die godsdiensbeleving van die respondent 'n belangrike rol speel in hul identiteit, en ook in die vorming van hul leesbehoefte. Of hulle werklik wil lees oor godsdienslike temas, en of hulle bloot dink dat dit die verwagte norm is, is 'n vraag wat nie maklik beantwoord sal kan word nie. Machet *et al.* (1996:61) bevind ook dat godsdienslike verhale onder die gewildste leesstof by elf- tot sestienjarige is. Dat temas soos verhoudings, liefde en tienerkwessies gewild is, is nie verrassend nie – dit bly in die aard van die adolessent om sy identiteit te soek, ook in sy verhoudinge met ander en die teenoorgestelde geslag, soos gestel deur Steenberg (1988).

Respondente toon min belangstelling in internet/rekenaars, moontlik vanweë min blootstelling daaraan. Swaarder temas soos die dood en selfmoord, was ook nie baie gewild nie; daar was egter tog 'n sekere mate van behoefte onder die respondente aan leesstof wat hierdie temas aanspreek. Dit is interessant dat sport by seuns nie hoog op die ranglys voorkom nie, terwyl tienerkwessies eerder voorrang geniet. Nog 'n interessante verskynsel is dat MIV/Vigs genoem word as een van die eerste

keuses van 'n onderwerp. Dit sou 'n veralgemening wees om te sê dat adolessente te veel Vigs-boodskappe kry, en moeg is om dit te hoor.

B11. Hoe voel jy oor jeugverhale wat tienerprobleme hanteer, bv. swangerskap of dwelms?

Oor jeugverhale wat sekere *kwessies* hanteer, was die oorgrote meerderheid respondente (manlik sowel as vroulik) dit eens dat dit 'n goeie manier is om oplossings te kry (94%), dat hulle iets daaruit kan leer (94%) en dat dit beslis belangrik is en baie help (89%). Hulle stem dus nie saam met Nodelman (1996:180) se mening oor *geplante boodskappe* nie, maar is dit eens met Machet *et al.* (1996:225) se ondersoek dat boeke 'n belangrike bron van inligting is, terwyl dit tegelykertyd aan adolessente die geleentheid gee om hulself geestelik en emosioneel voor te berei op uitdagende keuses.

B18. Hoe voel jy oor jou voorgeskrewe boeke op skool?

Respondente was ietwat vaag wat voorgeskrewe leesstof aanbetref. Die algemene indruk was dat die aanbieding daarvan op skool nie hoë prioriteit geniet nie. Dit hou moontlik verband met die feit dat staatsubsidies nie meer die kostes dra van voorgeskrewe verhalende tekste nie (Lion, 2004). Die meeste respondente (dié wat wel voorgeskrewe tekste het; sommige grade het blykbaar nie) het aangedui dat hulle die tekste verstaan, en nie 'n probleem het met die inhoud nie. Voorstelle wat gemaak is, was dat sulke tekste korter moet wees, en meer oor hedendaagse tienerkwessies moet handel. Daar moet ook meer aksie wees.

B17. Watter tipe boeke dink jy moet geskryf word, sodat tieners van Promosa meer gereeld sal lees?

Dit het uit die beantwoording van die vraelyste geblyk dat daar 'n behoefte bestaan by respondente vir leesstof wat handel oor:

- Tienerkwessies, soos verkragting, drank en dwelms, en MIV/Vigs
- Ligte onderwerpe, soos romanse, skoolstories, avontuur
- Kultuur- en *gemeenskapse* stories, met die gemeenskap as kern
- Informatiewe kwessies, soos MIV/Vigs, Wiskunde, ensovoorts.

Soveel respondente soos wat daar was, soveel verskillende menings was daar oor watter tipe leesstof meer geskryf moet word, sodat tieners van Promosa meer sal

lees. Bogenoemde temas het egter herhaaldelik na vore gekom. Die meeste respondente het veral gemeen dat daar meer leesstof beskikbaar behoort te wees oor tienerkwessies, en ook meer romantiese verhale. Dit was ook duidelik dat storieboeke gesien word as 'n hulpmiddel om uitdagende vraagstukke te help aanspreek, en as raad wat gevolg kan word.

#### B19. As jy 'n storie kan skryf, waarom sal dit gaan?

As hierdie adolessente self 'n verhaal moes skryf, waarom sou dit gaan? Die antwoord is dat die meeste van die respondente in die groep sal skryf oor hulleself, hul lewe en wêreld, met die spesifieke problematiek wat eie is aan hulle gemeenskap. Met ander woorde "Die storie van my lewe", deur . . . Die respondente sou ook veral oor die sosio-ekonomiese probleme (hier het vraagstukke soos dwelmmisbruik, tienerswangerskap en MIV/Vigs telkens na vore gekom) waarmee hulle elke dag gekonfronteer word, skryf, en oplossings daarvoor probeer bied.

#### **6.6. SLOT**

In die uitvoer van die leesondersoek in Promosa, is bevind dat respondente nie altyd ewe betroubaar reageer wanneer vraelyste gebruik word as metode van data-insameling nie. Die vermoede bestaan dat sommige van die antwoorde nie betroubaar genoeg is nie, maar bloot gegee is volgens wat die respondente geglo het van hulle verwag word. Alhoewel daar 'n beroep gedoen is op die eerlikheid van elke respondent, het dit uit die respons geblyk dat sekere vroe idealisties en selfs ook onrealisties beantwoord is.

Die oorkoepelende doel van die hoofstuk was om vas te stel wat die leesgewoontes en -behoefte van die adolessente van Promosa is. Hoewel die studie slegs 'n gedeelte van die hoërskoolleerders in die gemeenskap betrek het, kon sekere algemene tendense vasgestel word. Daar is bepaal dat daar inderdaad talle ooreenkomste bestaan in die leesgewoontes en -behoefte van adolessente oor verskillende tye en plekke heen. Hieruit is dan ook afgelei dat die adolessente in Promosa nie noodwendig net identifiseer met stories en karakters vanuit dieselfde taal-, kultuur-, en/of etniese agtergrond as hulle, of wat van dieselfde ouderdom en land is nie. Daar moet egter 'n element van identifikasie betrokke wees.

Wat identiteit en ruimte betref, is uit die teikengroep se verhalende tekste (Hoofstuk 5) afgelei dat die adolessente van Promosa (en dus die respondente van die lesersondersoek), in 'n omgewing leef waar maatskaplike probleme aan die orde van die dag is. Armoede, werkloosheid, drankmisbruik van ouers, kindermishandeling, enkelouergesinne (met veral die afwesigheid van 'n pa-figuur) en verwaarlosing is ten nouste verweef met die meerderheid van die respondente se lewens. In die meeste gevalle dra die respondente (as deel van 'n uitgebreide familie saam in een huis) die verantwoordelikheid om toesig te hou oor jonger familielede en huishoudelike pligte na te kom (dit sluit in kos kook, wasgoed was en huisskoonmaak). As daar dan tyd is vir ontspanning, kyk respondente televisie of kuier by vriende. Die televisie bied ontvlugting in die vorm van Amerikaanse *sitcoms* en sepies. Verder is dit ook 'n oplossing om binne 'n beknoppte spasie saam sosiaal te verkeer, en 'n vorm van vermaak waarvoor min konsentrasie nodig is. Intussen bly daar min tyd vir lees. Hierdie maatskaplike en sosiale faktore het 'n definitiewe stremmende uitwerking op respondente se belewing van hul eie identiteit en ruimte, maar ook op hulle

- Intellektuele stimulering van jongs af
- Leesvermoë
- Behoefte aan lees, en uiteindelik
- Leesgewoontes

Daar is gevind dat die teikengroep as adolessente in 'n liminale fase is, tussen kindwees en volwassenheid (sien 3.2.3.). Die aksie van lees het in sommige gevalle 'n oorgangsrite geword; die adolessent beweeg na 'n ander realiteit en verander ook van identiteit in hierdie nuwe wêreld.

Dit het verder geblyk dat die hibriede ook 'n rol speel in die leesbehoefte van die respondente. Hulle het 'n behoefte om oor grense te beweeg, verby die realiteit na die *geïdealiseerde* werklikheid, om te lees van plekke en tye en mense wat vir hulle onbekend is.

As deelnemende waarnemer is die volgende tendense vanaf 2001-2004 onder die adolessente van Promosa waargeneem (sien 1.4.1.)

- Die gemeenskap van Promosa is wél *leeslui*

- Die gewildste aktiwiteite in Promosa is TV-kyk en kuier met vriende
- Die skryfvaardigheid (spelling en woordeskat) van hoërskoolleerders in Promosa is oor die algemeen swak
- Hoërskoolleerders is egter kreatief in die mondelinge gebruik van taal

Uit die leesondersoek het geblyk dat respondente graag oor sekere temas wil lees, naamlik oor hul eie gemeenskap en die problematiek daarbinne – drankmisbruik, verwaarlosing, en veral ook *tienerkwessies*.

Die gevolgtrekking waartoe gekom is tydens hierdie ondersoek, is dat respondente wel deur hulle sosio-ekonomiese omstandighede daarvan weerhou word om gereelde lesers te wees. Die beskikbaarheid van goeie leesstof vorm ook 'n struikelblok. Soos vroeër gestel, beskik die plaaslike biblioteek wel oor genoeg leesstof, maar voorsien nie in die spesifieke behoeftes en vermoëns van adolessente nie.

Daar is verder vasgestel dat respondente 'n behoefte het aan ontvlugting, maar ook aan inligting. Dit mag een rede wees vir die hoeveelheid tyd wat aan TV-kyk spandeer word. Die adolessente van Promosa word elke dag deur pynlike realiteite in die gesig gestaar. Hulle het 'n behoefte om oplossings te kry vir hierdie kwessies – kwessies soos tienerswangerskappe, MIV/Vigs, dwelmmisbruik, geweld. Hulle wil hul eie stories op papier sien; dit waardeur hulle geraak word. Hierdie adolessente het lewens van trauma, pyn, en soms wanhoop. Hulle het 'n behoefte aan hoop. Uiteindelik kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die adolessente van Promosa se leesgewoontes en –behoeftes beslis beïnvloed word deur hul sosio-ekonomiese omstandighede, maar dat dit ten slotte nie daardeur bepáál hoef te word nie.

By die skryf van 'n jeugnovelle vir die teikengroep, kan in gedagte gehou word dat die adolessente van Promosa sekere spesifieke behoeftes het. Hulle wil naamlik lees oor die problematiek waarmee hulle elke dag gekonfronteer word. Moontlike temas sluit in, soos reeds genoem, tienerswangerskappe, verkragting, molestering, geweld, drank- en dwelmmisbruik, en ook MIV/Vigs. Dit het ook duidelik na vore gekom dat daar 'n behoefte is aan hoop en positiewe oplossings in verhale. Karakters kan

afkomstig wees uit Promosa, sonder dat hulle uit die gemeenskap weggeneem word en 'n onwerklike *sprokie* geskep word.

Is dit moontlik vir 'n buitestander, 'n persoon wat nie lid is van die gemeenskap óf die ouderdomsgroep nie, om so 'n teks te skep? Dit sal die uiteindelijke doel wees van die studie vas te stel of dit wel moontlik is.

# HOOFSTUK 7

## SKEPPENDE WERK

### 7.1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk bemoei hom uitsluitlik met die vraag: **Kan die identiteit en ruimte van 'n spesifieke gemeenskap só getrou deur 'n *buitestander* in 'n jeugnovelle vergestalt word dat die adolessente in die gemeenskap daarmee identifiseer en dit lees?**

Dit was die oorkoepelende doelwit van die studie om 'n jeugnovelle te skep wat deur die teikengroep, die adolessente van Promosa, as relevant beleef word. Dit is moontlik gemaak deur die stappe wat die skryfproses voorafgegaan het. Deur die loop van die studie is 'n verskeidenheid inligting versamel oor die ruimte en identiteit van die adolessent in Promosa. Die uiteindelijke skepping van die jeugnovelle, *Tussen Kynoch en die maan*, is moontlik gemaak deur die navorsing wat dit voorafgegaan het.

Daar is ten eerste 'n literatuurondersoek oor die konsepte identiteit, ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense gedoen. Hiervolgens is 'n heuristiese raamwerk geformuleer, waarvolgens die res van die navorsing aangepak is. Uit die raamwerk is merkers van identiteit en ruimte saamgestel. Die merkers is later aangewend in die analisering van die teikengroep se verhalende tekste.

Die heuristiese raamwerk wat tydens die literatuurondersoek geformuleer is, was die basis vir die daaropvolgende navorsing. Daar is vervolgens, steeds in 'n breë, algemene sin, gekyk na die adolessent. In 'n breë sin is daar vasgestel dat die adolessent in 'n unieke en komplekse lewensfase is, wat eiesoortige eise stel. Die individu is tydens hierdie fase besig om homself te ontdek en die eie identiteit word veral gedurende hierdie tyd gevorm. Die adolessent in Promosa word ook beïnvloed deur die sosiale en kulturele konteks waarin hy leef, en die gemeenskap waaruit hy kom.

Die psigologiese, kognitiewe, emosionele, sosiale en fisiese aspekte van die teikengroep as adolessente is belig. Die spesifieke teikengroep van die jeugnovelle is adolessente tussen 16 en 19 jaar. Op grond van Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling (Tabel 2.2.), is geredeneer dat hierdie ouderdomsgroep moontlik oor die vermoë sal beskik om abstrak te redeneer, en 'n verhaal wat op 'n dieper vlak funksioneer, sal kan verstaan. Hulle morele redeneervermoë is ook volgens Kohlberg (Tabel 2.3.) van so 'n aard dat morele kwessies wat aangespreek word, deur hulle begryp sal kan word. Hulle sal hierdie kwessies ook self kan uitredeneer, en selfs bevraagteken.

Hierna is oorgegaan vanaf die algemene na die spesifieke. Inligting is nou ingewin oor die adolessent in *Promosa* se ruimte en identiteit. Dit is in die eerste plek gedoen deur die verhalende tekste wat die teikengroep self geskep het. Die tekste is geanaliseer op grond van die merkers wat uit die literatuur geformuleer is. Uit die teksanalise kon 'n beeld gevorm word van die omgewing en daaglikse ervaringe van die teikengroep, soos deur hulleself beskryf. Afleidings kon ook gemaak word oor hulle identiteit.

Die unieke aard en behoeftes van die teikengroep as *lesers* is vervolgens ondersoek deur middel van 'n leesondersoek in die Promosa Sekondêre Skool. Ek het dan ook die leesbehoefte van die adolessent in Promosa in gedagte gehou in die skep van die jeugnovelle. Die insigte wat ek tydens die leesondersoek verwerf het, het ook verband gehou met hulle identiteit en ruimte. Die leesondersoek het beklemtoon dat die identiteit en ruimte van die teikengroep nie buite rekening gelaat kan word nie. Die respondente in die leesondersoek het die behoefte uitgespreek om oor die sosiaal-maatskaplike problematiek in die gemeenskap te lees. Daarom het ek een tipe problematiek (MIV/Vigs) gekies as hooftema. Die verhaal is verder geplaas in die fisiese ruimte waarin die adolessente leef, naamlik Promosa. Die doel van die jeugnovelle is dat adolessente lesers daarmee moet kan identifiseer. Die verhaal bevat bekende elemente: Die hoofkarakter is 'n adolessent en haar leefruimte is dié van die leser. Ek het gepoog om die ruimte só uit te beeld dat die teikengroep dit sal herken. Die hoofkarakter word gekonfronteer met problematiek wat alledaags is in die gemeenskap. Ek het ook die karakters se taalgebruik aangepas om relevant te wees vir die teikengroep.

In die leesondersoek (Hoofstuk 6) is verder gevind dat daar 'n behoefte is aan verhalende tekste wat maklik lees, maar steeds verwickeld genoeg is dat die leser nie belangstelling verloor nie. Ek het derhalwe gepoog om so eenvoudig moontlik te skryf, sonder om die leser te onderskat. Verder het dit geblyk dat verhale wat in grootdruk verskyn, gewild is onder adolessente. Daarom is die teks gedruk in 14p. Daar is ook 'n behoefte aan fiksie waarvan die teikengroep adolessente is, maar wat steeds geïllustreer is. Die jeugnovelle bevat illustrasies wat moontlik kan bydra tot begrip, maar ook tot identifisering met die teks en leesgenot. Om die illustrasies so geloofwaardig as moontlik te kry, is foto's geneem in Promosa en die omgewing. Ek het "karakters" gekies uit die *Karos en Kambro Jeugontwikkelingsprojek* (sien 1.4.1.) en ook afgeneem. Die foto's is met behulp van 'n grafika-program deur 'n rekenaar gemanipuleer sodat dit as houtskoolsketse in die teks verskyn het.

Die hele navorsingsproses het bygedra tot die kennis en insigte wat ek verwerf het oor die teikengroep, en die insigte het as't ware *oorgevloei* na die teks. Dit was egter ook vir my as *skrywer* van groot waarde om as waarnemer in die gemeenskap van Promosa te wees. Die persoonlike waarneming van die omgewing, die atmosfeer, klanke en geure, het nie geskied deur formele ondersoeke nie. Ek het die gemeenskap self, as skrywer, beleef op 'n sekere manier, en dit is weergegee in die teks. Die waarneming het deur die loop van die hele navorsingsproses geskied. Dit het ook reeds in die vier jaar vooraf (2000-2004) plaasgevind, as deelnemende waarnemer in die *Karos & Kambro Jeugontwikkelingsprojek*. As waarnemer het ek opgelet na straatname en plekke in Promosa, gebruike, en atmosfeer. Deur die tyd wat ek as deelnemende waarnemer in die gemeenskap spandeer het, was dit ook vir my moontlik om die taalgebruik van die teikengroep te bestudeer. Die manier waarop adolessente in die gebied praat, kon byvoorbeeld nie alleenlik deur analisering van die teikengroep se verhalende tekste bepaal word nie. Persoonlike waarneming het beslis 'n groot rol gespeel in kennis oor die gemeenskap en die skepping van die teks.

Met al bogenoemde kennis oor die teikengroep in gedagte, het ek besin oor die skryfteoretiese beginsels wat tydens die skep van die jeugnovelle aangewend, of moontlik aangepas behoort te word. Ek het deurentyd die ruimte en identiteit van die teikengroep, soos deur die voorafgaande navorsing en waarneming bepaal, voor oë

gehou. Hiervolgens het ek die storielyn, karakters, ruimte en tyd vir die verhaal geskep. Ook die taalgebruik van die karakters en dialoog is op grond van die kennis wat verwerf is, gebruik.

Daar is tydens die skryf van die verhaal te staan gekom voor die kwessie van appropriasie. Die vraag moes naamlik gestel word: Kan 'n buitestander, iemand wat nie lid van 'n spesifieke gemeenskap (in dié geval Promosa) is nie, hom-/haarself aanmatig om 'n verhalende teks vir die gemeenskap te skep, en dan te sê dat dit *eie* is aan die gemeenskap? Watter reg het 'n buitestander om as verteenwoordiger van so 'n gemeenskap op te tree, en om hulle *stem* te wees op papier? Louise Viljoen (2003:171) gee die volgende mening:

Dit is nie net die taal van 'n ander wat hier [in *Boegoe van die liefde*, deur Hans du Plessis] gebruik word nie; dit is ook die stem van 'n ander soos wat hy tuishoort binne 'n bepaalde leefwêreld wat hier gehoor word. 'n Mens sou jousef kon afvra presies waar die grens lê tussen stem-gee aan 'n ander en die appropriasie van dit wat eintlik 'n ander s'n is. Aan die een kant sou 'n mens kon sê dat dit 'n skrywer of digter vrystaan om enige tema en (taal) vorm wat tot sy beskikking is te gebruik [. . .]. Aan die ander kant wonder 'n mens of die gebruik van 'n ander se stem (veral 'n ander wat in 'n minderheidsposisie verkeer) nie 'n vorm van appropriasie is wat 'n mens met groot omsigtigheid moet hanteer nie.




Nadat die vraagstuk deeglik oorweeg is, is tot die volgende konklusie gekom: Dit is die ideaal dat elke gemeenskap se stem op papier gehoor word, en dat dit lede van die gemeenskap sêlf is wat die stem van die gemeenskap is. Daar is egter 'n groot leemte aan bruin skrywers wat gestalte gee aan die spesifieke identiteite en ruimtes binne hul eie gemeenskappe, veral soos wat dit deur die adolessente beleef word (vergelyk 3.3.). Daarom is dit verantwoordbaar as 'n skrywer wat as buitestander beskou kan word deur die gemeenskap, tóg voortgaan met 'n poging om die eie identiteit en ruimte van die gemeenskap geloofwaardig weer te gee. Dit is dan egter nie 'n natuurlike, organiese proses, soos wat waarskynlik die geval sou wees wanneer 'n lid van die gemeenskap self sou skryf nie. Die skrywer kan eers sy hand op papier sit na afloop van deeglike navorsing.

Die verhaal *Tussen Kynoch en die maan* word vervolgens weergegee. Hierna sal verslag gedoen word van die terugvoer wat adolessente in Promosa oor die jeugnovelle gegee het.

## 7.2. EIE VERHALENDE TEKS

# Tussen Kynoch en die maan

*Anneretha Combrink*



*Opgedra aan Karos & Kambro  
Promosa*

## HOOFSTUK 1

“Eldene! Wag!”

Eldene is al by die skoolhek uit, maar kyk om toe sy haar naam hoor. Dis haar vriendin Natalie. Eldene gaan staan, en wag tot Natalie haar uitasem inhaal. Haar nuwe *braids* bons op en af.

“Hei man! Vi’ wat is jy so haastig?” hyg Natalie. “Gan jy nie ekstra Bios toe vanmiddag nie?”

“Nee,” antwoord Eldene. “Ek’s moeg. Hulle dink oorlat ons matriek is, ka’ ons ma’ toegegooi raak onder die werk. Anyway, my ouma kom vroeg van die werk af, en die plek lyk nog soos ‘n hoendernes. Jy weet hoe sy kan raak as ek nie skoongemaak het voor sy kom nie. Die hele jaart moet blink.” Hulle staan onder die doringboom by die skoolhek. ‘n Stroom skoolkinders vloei stadig verby, mens hoor hulle praat – Afrikaans, Engels, Tswana. ‘n Meisie met lang bene kom los uit die bondel en praat met Eldene.

“Ek gan na Marsha toe, nê. Sê vi’ die ou lady ek slaap da.” Sy blaas ‘n reuse borrel kougom voor haar gesig, en suig dit toe weer in.

“Lee-Ann, jy weet-“ probeer Eldene nog, maar Lee-Ann het klaar met haar kort-kort skoolrok in die stroom verdwyn.


Natalie kyk haar agterna. Sy skud haar kop. “Daai Lee-Ann! Sy gan g’n na Marsha toe nie! En vi wat

loop sy so los rond? Sy’t mos ok hande, sy kan ok help skoonmaak.”

Eldene snork. “Gmf! He’ jy al ooit my niggie gesien vloerskrop of kook? Sy’s net goed vi mooi lyk, daai een.”



“Vi’ rêrig,” sê Natalie. “Sy moet oppas, sy vry so rond en een vannie dae kry sy op sestien ‘n bun innie oven!” Sy lag dat die goue stukkie in haar voortand wys.



181

“Kom ons loop,” sê Natalie. Hulle tel hulle skooltasse op en draai af in Bloemetjiesstraat. “Ek moet ok nog wasgoed gaan was. En daai klein snotkop van ‘n Brian by die kleuterskool kry. Dan’s hy weer heeldag onder my voete.”

“Ag, hy’s sweet, man!” stry Eldene.

“Ja, ma’ is oor jy ‘n kleuterskooljuffrou wil raak lat jy dink alle kleintjies is cute. Ma’ hulle kan baie lastig raak, hoo’!”

“Isit? Ek sal nou wee so bly gewees het as Jimmie bietjie soos Brian gewas het. Gelukkig is hy en Vanessa by my ma in Jo’burg in. Nou hoef ek hulle nie heeldag te babysit nie.”

“Hmm . . . hoekom loop jy nie ok da skool nie? Dis mos baie beter innie stad in?”

“Dis duur, jy ken mos. My ma het my hie by Ouma Maria kom drop toe ek tien was. Toe was Lee-Ann al lankal hie, van sy drie was al. Ha ma is mos dood, en mý ma . . . sy kan nie almal sorg nie. Veral nie met my pa nie . . .” Eldene draai ingedagte die punt van haar lang hare om haar vinger.

Natalie skop na ‘n Coke-blikkie op die sypaadjie. “En nou moet jou Gran agter jou én daai rondloopkind kyk? Sjym! Haai, da’s Bridget, sien jou later!” praat sy alles in een asem.

“Ja, bring vi Brian, dan kom julle later oor.”

In die wegloop praat Natalie oor haar skouer, “Oraait nê. Dan gaan hoor ons bietjie wat sê Johnny oor gisteraand by Pica’s. Ek hoor da was groot moleste!”


4

3

Eldene skud haar gladde donker poniestert terug oor haar skouer. Sy antwoord nie. Sy wil nie weet wat gisteraand gebeur het nie. Sy is doodseker Greg was daarby betrokke, en sy wil nie weet daarvan nie. *What you don't know, can't hurt you.*

“Hei, is jy blind?! Kyk wa jy loop! Wat's fout me' jou?” skel 'n man haar as sy amper in hom vasloop.

“Nee, is niks nie. Sorrie!” Eldene draai haastig op in Daniëlstraat. Sy sug toe sy die hekkie van Nommer 27 oopstoot. Die ding is so geroes, dit klink soos 'n kat wat kraam. Die rooi kannas staan verlep teen die heining. Die Januarieson brand alles dood. Alles behalwe Ant Mossie se perskes. Eldene skop vies 'n vrot perske uit haar pad. Die boom wat Ant Mossie jare terug in die jaart geplant het, raak nooit gesnoei nie, dié dat die perskes die hele plek vol lê. Antie Mossie bly in dieselfde jaart as hulle – soos die meeste huise in Daniëlstraat, is die huise twee-twee aanmekaar gebou. Elke nag kan mens een van Ant Mossie se kleintjies hoor huil.



Daar is gelukkig twee voordeure. Eldene haal die sleutel onder die malvapot langs die agterdeur uit. En sug weer toe sy die deur oopstoot.

Sy is klaar met die skottelgoed, en is op haar knieë besig om die kombuisvloer te skrop toe iemand buite skree, “Eldeene! Eldeenetjie! Is jy daa?” Wat wil die antie tog nou weer hê? Eldene loop buitentoe. Antie Mossie staan onder die perskeboom.

“Middag, Antie.”

Ant Mossie lyk altyd dieselfde. Hierdie tyd van die dag het sy altyd haar dowwe pienk gown met haar slippers aan en een van die kleintjies op die heup. Vandag het sy curlers in die kop. Haar ogies flits vinnig heen en weer.

“Ja, Eldenetjie. Wat sê jy? Dis blêrrie warm, nê?”

“Ja, dit is.”

“Hoor hie, ek vra bietjie suiker, man. Jy weet mos ek sal dit terugbring.” Sy hou die leë koffieblik na Eldene uit. Eldene weet sy bring nóóit enigeiets terug wat sy leen nie, maar nou ja.

“Is reg, Antie Mossie.”

Toe sy die blik, halfvol met suiker, teruggee, sê Ant Mossie, “Haai, is dit nie daai mooie Gregory wat da’ aankom nie? Julle twee is mos . . . jy weet?” vis sy uit. Haar ogies blink nuuskierig. Eldene kyk vinnig op. Dis wragtag hy. Sy herken sy lang lyf en breë skouers van ver af.

“Baai, Ant Mossie,” groet sy haastig, en verdwyn in die huis.



Toe Greg aan die voordeur klop, wonder sy wat sy moet doen. Oopmaak? Hom wegjaag? Sy sit op haar bed in die kamer wat sy met Lee-Ann deel. Sy kyk wild in die kamer rond: die Huisgenoot-poster van Alanis Moressetti teen die muur, die foto van haar en Lee-Ann toe hulle klein was teen die speelkas, klere – Lee-Ann s’n – op die vloer. Laat hy weggaan! Laat hy bly! Toe sy afbuk om Lee-Ann se nagklere op die vloer op te tel, klop Gregory skielik aan die kamervenster. Sy skrik. Toe staan sy maar op en maak die venster ‘n entjie oop.

“Ja, wat soek jy?” vra sy onvriendelik.

“Hallo ‘Denetjie. Is jy kwaad vir my?” Sy oë smelt soos bruin sjokolade, en sy mooi mond maak Eldene swak, maar sy hou uit.

“Ja, ek is. Jy kan nie net hie’ aankom en dink alles is fine nie!” Skielik is sy van voor af kwaad. “Bly da. Ek kom uit.”

Eldene klap die agterdeur agter haar toe. Hulle staan teenoor mekaar, langs haar ouma se klein groentetuintjie.

Gregory lyk versigtig, asof hy nie mooi seker is wát sy alles weet nie. “Ek het eintlik net dié vi’ jou gebring,” sê hy, en haal die blink boks Quality Streets uit sy sak. Haar favourite.

“Hoekom?” vra Eldene agterdogtig.

“Moet ek ‘n rede het om vi’ my meisie tjoklits te gee?” Hy vryf met sy duim oor haar wang, en sy trek terug. “Ai, Eldene, jy weet mos jy’s die enigste een vir

my, my prinses.” As hy eers só begin praat, dan weet Eldene hy voel skuldig. Wel, laat hom suffer. Hy gaan nie met haar popspeel nie.

“Wanneer he’ jy dít agtergekom? Dat ek die enigste een is vi’ jou? Na jy Promosa se hele merries dik gevry het? He’ jy jouself geniet by Pica’s gistraand? Ek sal like om te weet saam met wie! Jy maak my diep naar, wee’ jy!”

“Ai, ‘Dene, moenie nou so is nie. Die mense vertel stories, en jy glo hulle. Hoekom glo jy nie vi’ my nie?” Sy bruin oë lyk amper hartseer.

Skielik twyfel Eldene. Sy sak sommer op die gras neer en staar na die hoenders wat pik-pik rondskrop. Gregory toring bo haar uit.

“Ei-“

“Sjuut tog, Gregory. Bly net stil.” Want sy stem is haar hele kop vol.

*Ek’s lief vi’ jou. Happy New Year, Prinses. Jy’s die mooiste meisie in die hele wêreld. Ek gaan vi’ ons ‘n huis bou, ‘n wit dubbelverdieping. Kyk, hie’s jou birthday present, dis ‘n Nokia. Ek hou van jou toppie, my skat.*

Wat ás dit sommer stories was? Die skool se meisies is baie jealous op haar en Gregory. Moet sy hom nog ‘n kans gee? Sy spring op en draai weg deur toe, maar Gregory gryp haar arm en trek haar terug. Tot teen sy lyf.

*Sy kan haarself nie help nie sy glo hom en sy’s in sy arms en hy soen haar dat haar knieë lam raak en haar brein soos jellie daar’s ‘n merry-go-round in haar maag en dit voel of sy bungy jump as hy dit doen wat hy nou . . .*

“Nee, Greg,” sê Eldene uitasem. Sy vat sy hande weg waar dit al hoe hoër onder haar skoolskipper opkruip. “Ant Mossie . . .”

“Jou ouma is nie hier nie,” sê hy skor. “Ennie antie is innie straat af. Hie’s niemand nie . . . ons kan-“

“Moenie, Greg. Jy weet hoe ek voel.” Maar dis moeilik, SO moeilik om nie net te sê JA! KOM ONS DOEN DIT! nie. Haar lyf brand, net soos syne. Sy kan aan Gregory se stywe mond sien hy het hom vervies.

“Eldene, jy maakit ok nie maklik vir ‘n man nie. Met jóú lyf en gesig . . . Ma’ jy’s so prim en proper, mens sou sweer – Jy moet besluit wat jy wil hê. Ek wag nie vir ‘n merrie nie. Vi niemand nie. Onthou dit.“ Hy swaai om, en toe hy wegloop om die hoek van die huis, moet Eldene haarself dwing om hom nie terug te roep nie.



Sy druk haar hande teen haar warm gesig. Sy gloei nog. Wat het sy gemáák?! “Gedink jy speel hard-to-get, en nou?” sê die stemmetjie in haar kop. Nou’s dit verby. Hy sal nie vi jóú wag nie. Hy kan op ander plekke kry wat hy wil hê! Eldene kou haar

wang se binnekant stukkend. Toe kom die trane. Blêrrie fool! Sy hardloop kamer toe en val op haar bed neer, druk haar kop diep in die kussing. Maar dit help nie. Die huil hou aan en aan. Tot sy later, moeg gehuil, aan die slaap raak.

Iemand klop hard en aanmekaar aan die voordeur. Eldene maak haar oë verward oop, en spring toe op.

“Ek ko-om,” skree sy en strompel deur toe. Natalie staan voor die deur met Brian aan die hand. Sy’t nog haar wit skoolskipper en skoolskoene aan, saam met haar favourite jeans. Sy gee Eldene se geswelde gesig en gekreukelde skoolskipper net een kyk.

“Kom, ek maak vi’ jou tee,” is al wat sy sê. Sy loop verby Eldene, die viervertrek-huis in.

“Hallo ‘Dene,” sê Brian.

“Hei, Brian Beer.” Eldene glimlag. Brian laat haar altyd glimlag, al is hy partykeer so vrek stout.

“Die hoenders het kuikentjies. Wil jy sien?” Hy knik sy kop vinnig op en af. “Gaan kyk jy daar by die groentetuin, ek gaan na Natalie toe. Maar moenie in die straat gaan nie, hoo’?” Hy knik weer, en hol vinnig op sy vet beentjies om die huis.

Eldene stap stadig kombuis toe. Sy gaan sit op die rak, langs die tweekplaatstofie, en laat haar bene heen en weer swaai. Natalie gee vir haar ‘n beker tee aan. Dis warm en soet.

“Toe, ek’t nie heeldag tyd nie. Hoekom lyk jou oë soos ‘n Chinese s’n van toegesweldheid?” vra Natalie.

Eldene sug. “Dis Greg.”

“Dáái vark! Ek hoor Johnny sê gistraand by Pica’s was hy en . . .” Natalie stop skielik.

“Hy en wie?”

“Ek weet nou nie eens meer nie. Is dit da’oor wat jy huil?”

Eldene skud haar kop. “Nee. Ek weetie. Dalk is die rumours nie eens waar nie. Ma’ dié keer was dit ék . . . hy’s so die moer in vi my, hy sal nie wee’ trugkom nie.”

Natalie snork. “Wat het jy gemaak? Jy’s te ordentlik, jy sal hom niks maak nie.”

Eldene kan die snik nie keer nie. “Exactly. Ek’s te prim en proper, nê? Ek keer elke slag; ek voel al soos . . . ek weetie. Moet ek nie ma’ ja sê nie?”

Natalie klik haar tong. “Nee, girlfriend! Moenie lat hy dit aan jou doen nie. Greg is net ‘n hormoon op bene. Jy’t hom nou teruggevat, ma’ ek sê jou: dit gaan nie die laaste keer wees lat hy jou dom maak nie. Sy soort . . . hulle soek net een ding.” Sy skud haar kop.

Eldene snuif. “Is seke so. Ma hy is darem maar ‘n mooi man.” Sy kyk na die novilon-blokkies op die vloer. Kap-kap haar bene teen die kas. “Hoekom dink jy gan die oumense so an oor ‘virginity’ en ‘jy moe’ jouself uitspaar’?”

“Jô Eldene! Moenie lat jou kop jou los nie! Wil jy jonk die emmer skop, hê? Dis nie van ‘uitspaar’ nie; Jy teken jou doodsvonniss as jy saam met enige van hierie jonkies slaap. Want hulle was al by die helfte van Promosa. No ways, nie ek nie!”

Op daardie oomblik skree die hekkie weer. Seker Ouma Maria. Die voordeur klap, dan staan Ouma Maria in die kombuis, klein en regop.

“Hallo Ouma, “ en “Mirrag Antie Maria,” sê Eldene en Natalie gelyk.

“Ja, julle twee. Eldene, jy ganie man kry as jy so oppie tafel sit nie. Klim af da.”

“Aag, Ouma!” Maar sy klim tog af. Ouma Maria lyk moeg. Daar is diep lyne langs haar mond en op haar voorkop. Dis van die taxi-vang so vroegmôre, en die harde skropwerk in die dorp.

“Kom sit, ek maak vi’ Ouma tee,” sê Eldene.

“Ja, ek is óp. Dis vér van die dam af tot hier. He’ jy die hoeners kosgegee, Eldene?” O sj-, sy’t vergeet!

“Nee, Ouma. Ek sal nou gan.”

Natalie spring op. “Ek sal gan, Antie Maria. Ek moet anyway loop kyk wa’ Brian is.”

“Da’s die mielies,” knik Ant Maria.



Toe Natalie uit is, sien Eldene hoe haar ouma se skerp oë haar dophou. Toe Eldene die ketel vol water het, vra Ouma Maria, "Watsit, Eldene? Vi wat lyk jy soos 'n nat waslap? He' jy gehuil?"

"Is niks nie, Ouma."

"Moenie vi my kom lieg nie, Eldene. Ek het nie krag vi twak nie!"

"Ek en Greg het 'n fight gehad."

Ouma Maria lyk nie baie verbaas nie. "Daai mannetjie like ek niks. Hy's 'n klein stront, dis wat hy is. G'n respek vir 'n oumens nie."

"Ek dink nie hy meen dit so nie, Ouma."

"Dan cover jy nog vi' hom ok! Ek soek hom nie weer op dié jaart nie, hoo' jy my, Eldene? Hy hou net

jou gedagtes weg van skoolwerk af. Netnou sit jy volgende jaar nog steeds in die skool."

"Ma' Ouma . . ."

"Niks! Ek wil niks hoor nie. Ek het genoeg sonde me' jou niggie. Wa' is sy, anyway? Die kos gan nie vanself gekook kom nie!"

Eldene trek haar skouers op. "Sy't gesê sy slaap by Marsha."

"O, my dônner! As ek daai merrie innie hande kry, waai ha' gatvelle, dit kan sy ma' weet! Sy wéet sy mag nie innie week in uitslaap nie! Wa's ha' kop? Sy en daai Marsha is ewe erg, net goed virrie hel!"

Nadat Natalie en Brian weg is, help Eldene Ouma Maria kosmaak. Die kolestoof staan in die hoek, maar hy word nie gebruik vir kook nie. Net vir warmbly in die winter. Die klein kombuisie is bedompig in die Januarie-aand, so die agterdeur staan oop. Die skemeraand is vol stemme; mense wat van die werk afkom, kinders wat in die straat speel en vrouens wat oor heinings lag en gesels. Hier in die kombuis is dit stil – Eldene en Ouma Maria het nooit nodig om baie te praat nie.

Na ete is dit *7de laan*. Dan *Nuus*. Toe gaan slaap Ouma Maria, en Eldene maak haar huiswerk by die kombuistafel klaar. Terwyl sy besig is met Wiskunde, lui haar selfoon. Dis haar ma.

"Ja, Eldene," groet sy.

"Hallo Ma. Hoe lyk dit?"

“Nee, dit gan ma’ so tussen die boom ennie bas.”

“En Jimmie en Vanessa?” Oor haar pa vra sy nie uit nie.

“Gan ok ma’ an.” Later sê haar ma, “Ons sal nie dié maand kan skoolgeld betaal nie. Dit gaan moeilik, met jou pa se dinge. Hy’t hom werk in Jo’burg in verloor.”

Eldene weet van haar pa se *dinge*. Hy drink al hulle geld uit. Sy sug. “Ja, Ma. Ons sal ma’ kyk.”

Toe Eldene later in die bed lê, kan sy net nie aan die slaap raak nie. Sy draai om en om. Later skyn die maan in ‘n blink streep tot op lee-Ann se leë bed. Wat gaan aan met Lee-Ann? Sy is deesdae so . . . anders. Amper nooit meer by die huis nie, fight met almal en die een boyfriend na die ander. En sy’t haar al ‘n paar keer in die nag deur die venster sien klim. Wat dóén sy? Is sy nie dalk pregnant nie? Die grys lig van die maan val skuins oor die spieëlkas. Eldene staar na die foto van haar en Lee-Ann. Hand om die lyf. Twee blinkoogdogtertjies met knopknieë – sy seker so tien en Lee-Ann agt. Hulle is besig om bubbles te blaas.

Die beddegoed is naderhand in ‘n bondel by Eldene se voete. Greg . . . Sy voel sy arms om haar, sien hom in die straat aangestap kom, so lank en fris. Met sy duur *brand name* klere, sy *shades* en die ketting

om sy nek. Hy werk al, hy’s nie meer ‘n kind nie. Dis dít wat haar na hom toe aangetrek het. En hy weet hoe om haar soos ‘n vrou te laat voel. Hy ken al die tricks. Eldene onthou sy lyf as hy sy hemp uitgetrek het in die hitte. Hy het haar voete onder haar uitgeslaan toe sy hom die eerste keer gesien het die dag in *AJR*. Goed gebou, *sixpack* en rugspiere wat beweeg toe hy die *hi-fi* optel. Nee! Sy gaan nie aan daai dag dink nie. En Gregory van Heerden beter sy uit haar gedagtes hou. Want hy is klaar met háár, that’s for sure. Dis baie laat toe sy, moeg en leeg, aan die slaap raak.

## HOOFSTUK 2

Die volgende oggend sleep Eldene haar lyf uit die bed. Ouma Maria is al vroeg weg werk toe. Toe sy haar gesig onder die pomp by die agterdeur was, onthou sy eers weer van die Wiskundetoets. Sy is sommer lus en klim terug in die bed. Sy't heeltemal vergeet van die simpel toets. Al graad 11 se werk. Wat nou? Ag nou ja, dan moet sy maar ruk. Daar's nie tyd om te eet nie; sy gaan laat wees. Eldene slaan die voordeur toe dat die sink ratel, druk die geroeste slot toe en loop vinnig by die hekkie uit. Vandag gaan 'n Blou Dinsdag wees, sy kan dit voel!

En dit is. Toe sy net-net betyds die klas haal, en uitasem op haar sitplek neersak, sien sy hoe die kinders onderlangs na mekaar kyk. Baksteen en sy gespuis agter in die hoek pomp mekaar met die elmboë en grinnik. Hulle is weer besig met hulle stupid grappies. Eldene wéét sommer hulle gaan iets sê. Ja, Vincent is aan die woord; sy hoor hom praat, hard sodat sy móét hoor:

"Eldene se ouma is so oud, in haar ID staan 'to be continued'." Die seuns lag hard vir die flou grappie, en daai simpel Cat giggel saam met haar vriendinne. Hulle wéét iets. Dis hulle manier om dit te wys. In dié plek *travel* die nuus, dís nou maar so. As sy net geweet het wát hulle weet! Eldene ignoreer hulle, en soek haar Wiskundeboek in haar sak.

Die toets is 'n nagmerrie. Toe die periode om is, maak Eldene dat sy by die deur uitkom. In die gang kom staan die grootmond Baksteen breed in haar pad. Sy gril vir sy sweterige hand op haar arm.

"Move, Baksteen, ek wil verbykom," sê sy.

"O, sy wil verbykom, nê? Sê my net eerste, J-Lo, vi' wat het jy nou so lelik met ou Greg ga staan en maak?"

"Baksteen, kom uit my pad uit!" dreig Eldene. Hy lag. Daar is 'n *gap* waar sy een voortand uitgeslaan is.

"Toe ma' hoo', ek ve'staan. 'n Girl wil ok nou nie voel 'n anner een is warmer as sy nie, nê?" Eldene druk verby hom. Sy wil haar ore toedruk om nie sy lelike lag te hoor nie. Hulle het die volgende periode af, en Eldene gaan kyk of sy Natalie by die saal kan opspoor. Hulle kry mekaar altyd daar as hulle af het.

Toe sy om die saal se hoek kom, gaan sy staan. Wat gaan daar voor aan? 'n Groot groep kinders drom op die parkeerterrein saam. Iets of iemand lok groot belangstelling uit. Net toe kom Meneer Africa by die kantoorgebou uit.

"Staan julle weg daar!" roep hy hard. "Kom nou, sy gan versmoor. Kom weg!" Eldene stap stadig nader. Sy hoor die skreeuende klanke van 'n ambulanssirene. Dit kom vinnig nader, oor die bult van Kynoch af, verby die dam, en dan al nader in Bloemetjiesstraat. Daar sien sy die flitsende lig-

“Da’s hy!” skree ‘n kleiner seun skuins voor haar. Sy probeer nader gaan, maar die groep kinders het groter geword, en sy kan nou glad nie sien wie daar voor toegestaan word nie.

“Haai ‘Dene!” sê Natalie se stem skielik hier by haar skouer.

“Wat gaan aan? Wat het gebeur?” vra Eldene.

“’n Meisie het flou geword. Hulle kry haar nie by nie. Ek ken nie wie is dit nie.” Hulle kyk hoe die *paramedics* deur die kinders worstel. Na ‘n kort rukkie dra hulle ‘n liggaam op ‘n *stretcher* na die ambulans. Skielik ruk Eldene se binneste.

“Dis Lee-Ann,” sê Natalie onnodig.

“Kom!” Eldene begin hardloop. “Meneer . . . Meneer, wag!” skree sy vir Mnr. Africa wat met die ambulansbestuurder praat. Hulle kyk vraend na haar toe sy uitasem langs hulle tot stilstand kom.

“Ja?” vra Meneer Africa, en kyk oor sy bril na Eldene.

“Meneer, dis my niggie daai innie ambulans. Kan ek saamgaan?”

“Ja, klim agterin. Toe, maak gou.”

Deur die agtervenstertjie waai Natalie vir Eldene.

Dis beknop agterin die ambulans. Eldene kyk na Lee-Ann se stil gesig met die suurstofmasker op. Die make-up help nie, sy’s baie bleek. En die maskara het donker kringe onder haar oë gemaak – of is dit nie die maskara nie? Oorkant Eldene gee die paramedic nie veel aandag aan die pasiënt nie; hy

blaai deur ‘n comic en fluit verveeld. Eldene frommel haar neus. Wat is dit wat so ruik, so half soet-spicerig? Sy kan die reuk nie plaas nie.

Hulle is op die bult bokant die dam toe Lee-Ann skielik beweeg. Haar oë gaan oop.

“Mmm . . . wat . . . wa’s ek?”

Eldene buk oor haar. “Jy’t gefaint,” sê sy. “Jy gan hospitaal toe.”

Dit lyk of Lee-Ann skrik. “Nee! Ek’s oraait, rêrig. Hulle kan my huis toe vat. Toe, Eldene, sê vi’ hulle.” Sy is wragtag pregnant!

“Watsit me’ jou? Lat die hospitaalmense kyk wat jy makeer. Is jy bang vi’ die naald?”

“Ag f\*\*\*! Ek sê dan ek wil nie gan nie!” Sy raak kortasem.

“Jy moenie praat nie,” sê die paramedic skielik. Hy sit weer die suurstofmasker oor Lee-Ann se gesig sodat sy nie verder kan stry nie. Net haar oë is wild en bruin.

Gelukkig hoef hulle nie te lank by Ongevalle te wag nie. Lee-Ann word verby al die mense gestoot wat wag, tot by ‘n bed met ‘n groen gordyn om. Na ‘n paar minute kom daar ‘n ouerige vrou in sustersuniform aan.

“Ja juffroujtjie,” sê sy vir Eldene. “Jy’s seker familie? Nou, gaan wag jy ma’ da voor, ons sal nie lank wees nie.”

Na 'n driekwartier kom Lee-Ann uitgeloop. Sy is, as dit moontlik is, nog bleker.

“Ons ka’ gaan.” Haar oë is dof. En dit lyk dan so ingesink in haar gesig?

“Is jy seker?”

“Ja. Kom tog nou!”

Eldene is bang Lee-Ann kap weer om, so sy vat haar aan die elmboog. Hulle stap stadig in die hospitaalgang af, verby die lang ry siek mense en uit by die deure.

“Wat sê hulle?”

“Ag, niks. Ek moet net rus.”

“Ma . . . wat’s fout? Hoekom het jy gefaint?”

“Ek weet nie. En losit nou, toe!”

Gelukkig het hulle genoeg geld vir 'n taxi. Lee-Ann laat Eldene belowe om niks vir Ouma Maria te sê nie. Al wil sy nie, belowe Eldene. Ouma Maria het genoeg worries. Maar sy wonder. . . Sy’t net rus nodig, sê hulle. Van wat? Nie van haar skoolwerk nie! Lee-Ann gaan skool toe nét wanneer sy lus het, en sy doen nooit huiswerk nie. Maar Eldene het vanoggend 'n meisie hoor sê, “Lee-Ann is nie lekke nie, hoo’. Sy’s deesdae so wit, en sy bly siek – dan’s dit griep, dan’s dit maagsiek. Kyk hoe maer is die kind!” Dis waar; Lee-Ann het gewig verloor. Van die siek weet sy nie eintlik nie, Lee-Ann is te min by die huis. Maar die naweek wás sy hoeserig. Daar’s êrens 'n slang in die gras.

Dit was 'n lánng Dinsdag, en Eldene is skielik nie meer lus vir speletjies nie. Hulle is al in die bed, maar sy weet Lee-Ann slaap nie. Eldene sit regop.

“Wat gan aan me’ jou, Lee-Ann? Ek wil nou weet, hoo?”

“Sjarrap, ek slaap, ka’ jy nie sien nie?”

“Sê, of ek sê vi’ Ouma Maria presies hoeveel keer jy dié week in jou bed geslaap het.”

“Wat gan sy my maak?”

“Sy kan jou uitgooi. Moenie stupid is nie, Lee-Ann.”

“Hoor hie’, Ouma se engeltjie, dit het niks me’ jou te doen wat in my lewe angaan nie, hoo’! Jy’s nie my babysitter nie! As ek wil gan skud, sal ek gan, of dit nou in die week in is, of nie!”

“So, jy gan Picaroon’s toe?”

“Oeee, wat wil jy maak as jy weet? Partykeer Pica’s, partykeer The Rock, of in Potch in, as-“ sy grinnik, “- as die jonkie moola het.” Hulle praat nie weer nie. Eldene weet nie wat om te sê nie. Is Lee-Ann bleek van die laat aande? Sy glo nie.

### HOOFSTUK 3


Die blêrrie hoenderhaan, dink Eldene deur die slaap.

Vandag draai ek sy nek-

“Kom Lee-Ann! Eldene-julle . . . word wakker!  
Dis al amper kerktyd.”

Lee-Ann trek die duvet oor haar kop. “Ag, los my tog uit. Ek is moeg, man.”

“Ek neuk vi’ julle tot binne innie kerk vandag! Julle is glads te lui.” Ouma Maria se stem is dreigend, en Eldene swaai maar liewer haar bene van die bed af. Dit voel of haar kop vol wol is. Wie staan nou sewe-uur op ‘n Sondag op? Toe hulle by die Klein NG Kerk kom, sit die gemeente al. Ouma Maria druk haar kerkhoed vaster op haar kop, en stap vasberade tot heel voor in die kerk. Sy sit nie agter nie, dis teen haar beginsels. Lee-Ann se gesig is styf en rooi. Eldene moet skielik op haar tande byt om nie te giggel nie, sy weet self nie hoekom nie. Haar gedagtes raak weg in die diens, al staan sy op en gaan sit saam met die gemeente terwyl hulle sing. Die enigste deel van die preek wat sy hoor, is toe die Dominee sê, “En daarom, geliefdes, moet ons mekaar liefhê. Ten spyte van ons sonde, ons foute, ons menslikheid. Ons moet mekaar se laste dra, want dít is wat Christus van die Kerk verwag.”



Na die diens verdwyn Lee-Ann na Marsha toe. Eldene doen niks. Sy wag net vir die dag om verby te gaan . . . kyk vir die mense wat in die straat verbystap, die kinders wat speel en die jong ma’s met prêms. Daar onder by Uncle-Ronnie hulle hou ‘n wit Bantam-bakkie stil. Seker sy seun wat kom kuier. Sy kyk hoe die son stadig die ure insluk, totdat sy aan die rokerige rooi daarvan kan sien dis tyd vir die aandkos.

“My jimmel, Eldene! Ruik jy nie die kos brand nie?” Ouma Maria gryp die potte van die stoof af, en

vloek toe haar hande brand. "Jy moet vi jou blind staan en hou, meisiekind! Wat gan me' jou an, hê?"

"Sorrie, Ouma. Ek sal kyk," sê Eldene. Waar is haar gedagtes? Nee, sy wéét waar: by Lee-Ann, wat gisteraand wéér deur die venster in die nag in verdwyn het. Eldene het haar eers skemeroggend hoor terugklim. Maar dis nie dit nie. Skielik weet Eldene wat dit is wat haar pla. Sy spring op.

"Ouma, ek gan na Natalie toe, hoo'!"

"Ek sê jou, Natalie, Lee-Ann vry vi' Gregory. Net hy innie hele Promosa dra daai sent. Hy kry dit van Thailand af. Ek het ha' daai oggend innie ambulans geruik. En ek swéér ek het dit wée vanoggend geruik!" Eldene byt op haar lip. Asseblief, laat dit nie waar wees nie!

Natalie lyk nie baie verbaas nie. "Is jy en Gregory dan nog saam?"

Is hulle? "Ons het nie uitgemaak nie."

"O." Natalie dink 'n rukkjie. "Is Lee-Ann by die huis?"

"Nee. Sy lê altyd dié tyd vannie aand in die strate."

"Nou kom."

"Waantoe?"

"Ons gan soek evidence."

Hulle kry dit in die onderste laai van die kas wat sy en Lee-Ann deel. Oop en bloot lê dit daar: Gregory se

boxer shorts met die krokodille en hartjies op, en sy sokkerhemp. **GvH** staan agter in die nek.

Eldene tel die sokkerhemp stadig op. Dis skemer in die kamer. Sy loop agteruit en sak op haar bed neer. Dit voel of daar iets in haar keel vassit.

"Die bitch!" sê Natalie. "Ek kan nie glo sy doen dit nie! Dis jóú ou! Wat gan in haar kop an?"



Eldene sluk en sluk. Toe stoot alles gelyk in haar kop op – die kwaad, die seer, die vernedering . . . sy spring op en begin alles uit Lee-Ann se laaie uitgooi. Sy ruk die klere uit, al die nuwe klere wat Lee-Ann wie-weet-waar kry, gooi die make-up op die vloer dat die eye shadow stukkend spat en die maskara eenkant toe rol.

“Wat gan hie’ an?!” vra Ouma Maria in die deur. “Eldene, is jy bedonnerd in jou kop? Wat maak jy?”

Eldene hoor Ouma Maria nie. “Ek haat jou ek haat jou ek haat jou!!!” skree sy. Natalie probeer haar nie keer nie. Sy kyk net met groot oë na haar, en trek vir Ouma Maria uit die kamer. Eldene ruk die foto van haar en Lee-Ann van die spieëlkas af en skeur dit in fyn stukkie. Toe sy uiteindelik selfs Lee-Ann se blommetjie-beddegoed op die grond gegooi het, sak sy op die klere neer. Die snikke ruk deur haar lyf. Natalie kom sit langs haar en vryf-vryf maar net oor haar rug.

“Kom, is *soapies*,” sê Natalie later. Sy trek Eldene aan die arm op. Hulle lê op die bank en kyk TV, maar Eldene se gedagtes raak weg. Wat het daai leëkop wat sý nie het nie? Gregory het so aangegaan oor wat haar oë en haar hare en haar lyf aan hom doen. Maar dit lyk so Lee-Ann se lyf het dieselfde aan hom gedoen! Toe sy later in die bed klim, is Lee-Ann nog nie by die huis nie. Dis al ná tien. Die kamer is nog steeds ‘n gemors.

Eldene word wakker van ‘n gehamer aan die voordeur. Dis pikdonker.

“Maak oop!” Lee-Ann.

Eldene en Ouma Maria strompel gelyk by die sitkamer in. Ouma Maria voel-voel na die ligskakelaar. Die lig skyn skielik in Eldene se oë en sy knip haar oë. Die pantyhose sit skuins oor Ouma Maria se oog, en haar gesig is skeef geslaap.

“Vanaand neuk ek ha!” sê Ouma Maria.

Lee-Ann klop weer aan die deur. “Maak tog oop! Ek kan nie heel nag hie buite staan nie.”

“Dis wat jý dink!” mompel Ouma Maria. Die sinkdeur raas toe sy oopmaak. “Is dit nou die blerrie tyd om hie aan te kom?”

Lee-Ann gee Eldene ‘n skuins kyk. Eldene het die kamervenster met draad vasgedraai sodat Lee-Ann nie kon inklim nie.

“La’k tog verby kom. Ek wil gan slaap. Mens is moeg, man.”

Hier kom moeilikheid, weet Eldene. En sy sien dit ook toe Ouma Maria haar hand terugtrek en Lee-Ann ‘n dwarsklap gee.

“Dis die laaste keer lat jy so met my praat! Ek’s nie jou hond nie!” Lee-Ann wil verbydruk om kamer toe te gaan, maar Ouma Maria gryp haar aan die arm en trek haar terug.

“Nou luister jy vi’ my. Ek’s moeg vi’ jou rondlopery. Gaan pak jou goed, en ga’ somme nou terug na jou boyfriend toe. Eldene se boyfriend, wat

so lekker vry. Skaam jy jou nie? Wee' jy, ek staan dit nie. Na jou ma se dood toe jy hie' na toe kom het, jy was so klein en te oulik. Ma nou? Wat van jou geword, Lee-Ann?" Ouma Maria kyk stip na Lee-Ann se gesig, asof sy iets soek. "Ek he' jou gemaak. Is dit wat ek kry vi' allie jare se harde k . . . en vi' my liefde? Jy smyt dit in my gesig! Jy't soos jou pa geraak, Lee-Ann!"

Lee-Ann se gesig is hard. Haar lippe is teruggetrek en haar oë is dik gemaak. Sy kyk na Ouma Maria en kyk Eldene in haar dun oë. "O, Eldenetjie het toe uitgevind. Ok lank gevat, nê skattebol?"

"Lee-Ann, jy's 'n bitch, wee' jy? Ek haat jou!" Eldene bly nie om te hoor wat Lee-Ann sê nie, maar sy draan die kamerdeur agter haar toe, en trek die hande oor haar kop. Sy hoor hulle harde stemme in die sitkamer.

Na 'n ruk kom Lee-Ann kamer toe. Sy sit die ligte, en dit skyn in Eldene se oë. Eldene hoor hoe sy klop toe sy haar goed op die vloer sien. Toe praat sy op haar selfoon ("Ja . . . ek sê mos, baby, kom my . . . nee, nou . . .") en begin goed in 'n sak te kyk. Minute later hoor Eldene 'n kar in die straat. Die remme skree voor die hekkie. Lee-Ann val die goed op die vloer en storm by die kamer uit. Die voordeur ratel en dan skree die hekkie. Toe is dit

## HOOFSTUK 4

Dis nou drie weke.

Drie weke wat Antie Mossie elke liewe dag wil weet, "Wat hoor julle van jou niggie, Eldenetjie?" Of, "En julle is nou séker sy's nie preggies nie nê? Daai Gregory sal da'm ma' 'n mooi pa maak, hoo'!"

Drie weke wat Lee-Ann nie skool toe kom nie, wat Baksteen se grappies langer en wreder raak.

Drie weke wat Ouma Maria skaars eet, en elke aand dieselfde ding vra. "Dink jy sy't 'n dak oor haar kop, Eldene? Dink jy sy sal terugkom?" Wat Eldene haar ouma laat nag saggies hoor snuif.



Natalie-hulle se huis in Abrahamstraat 10 is blou en geel. Daar staan twee stoele in die jaart; Natalie is besig om Eldene se hare te vleg. Lang dun braids.

Hulle luister *Destiny's Child* se nuwe CD wat Natalie by iemand oorgetape het. Natalie wikkel haar heupe saam met die musiek.



“Jy’t sokke lekker hare, ‘Dene. Wa’ kry jy dié gladde kop van jou?”

“My pa. Hy’s mos vannie Kaap af. Sy hare is ok so.”

Natalie sug. “Ek wens myne was ok so lank en glad. Ek sukkel so met myne, jy weet mos.”

“Ma’ jy’s goed met harevleg. Die hele Promosa se mense kom dan hie’ na jou toe.”

“Ek like die harevleg. En ek maak da’m bietjie geld ok.”

“Hmm . . . Nee man, Natalie, sit bietjie ‘n ander tape in. Ek like nie daai nie.”

“Oee, girlfriend! Jy moet lewe kry! Dié is mos nou lekker music. Kom, ek vra bietjie volume daar, suster!” Eldene draai die musiek harder, en sug.

Iemand skree van die straat af, “Hei, Natalie!” Dis ‘n meisie in graad 11, Mina. Sy is in Natalie se klas.

“Ja, Mina! Hoe lykit?” skree Natalie terug. Mina kom hang oor die draad. Sy lyk lus vir gesels.

“He’ julle gehoor?” vra sy. Sy skree omtrent sodat hulle haar kan hoor. Sy kyk skuins na Eldene.

“Wat?” vra Natalie. Sy draai die *tape* met vingers vol gekleurde rekkies sagter.

“Van jou niggie Lee-Ann, nê?”

“Wat van ha’?” Natalie het agter Eldene kom staan, arms oor die bors gekruis.

“Sy en daai Gregory het mos ‘n dik vryery gehad, nê?”

“Ja?” jaag Natalie haar aan.

“Nee, ek hoor ma’ net hulle is uit. Ek hoor sy gan hom krý vanaand by Pica’s.” Die beans is gespill, en Mina raak haastig. “Haai jinne, lat ek by die huis kom. My antie gan my velle aftrek!” Haar ronde lyf wikkel vinnig in die straat af.

Hulle kyk Mina in stilte agterna. Toe kyk hulle vir mekaar.

“Dink jy ‘is die waarheid?’ vra Eldene.

“Oee, daai Mina. Sy kan net met een woord beskryf word: sy’s ‘n blikkastrol met ‘n gat in. Sy raas so baie, en alles wat jy vi’ haar vertel, moe’ jy ma weet: dit gan uitlek.”

“Ma’ dink jy—”

“Ek sal nie verbaas is as dit waar is nie, hoo’. Sy raak mos gou moeg vi’ een boyfriend.”

“Asit waar is, dan . . . wa dink jy bly sy? Sy’t by Gregory gebly.”

“Moenie worrie nie – sy kan goed vi’ ha’self sorg. Sy bly seker by Marsha. Kom sy nooit da by julle nie?”

“Nee. En ek sien ha’ nie by die skool nie. Ek dink sy’t skool gelos.” Sy kan mos nie skool wil los in graad 10 nie, waar gaan sy nogal werk kry? Sou sy rérig oraait wees?

Toe besluit Eldene, sy wil sélf weet wat gaan aan met haar niggie. Al is sy nog verskriklik kwaad vir haar. Dis snaaks, die laaste week of so sien sy Greg se gesig al minder in haar gedagtes. Die ergste vóél is weg.

Die **kwaad**, **seer**, *bitter*, **haat**

is sagter. En sy mis hom nie meer so baie nie. Lee-Ann? As sy aan haar dink, is sy nog kwaad. Maar sy sal nie wil hê haar haar niggie moet doodgaan van die honger nie. Of dalk sleg seerkry vanaand nie. Drie weke terug wou sy haar met haar eie hande doodgemaak het.

“Ouma, ek slaap vanaand by Natalie, hoo’? Ons het werk om te doen,” sê Eldene laatmiddag vir Ouma Maria.

“Jy weet ek like nie ‘n ge-oorslavery in die week in nie. Kan julle nie die werk va’middag klaarmaak nie?”

“Dis ‘n mondeling, Ouma. Ons moet research doen, en die speech skryf, en nog oefen ok,” lieg Eldene. Sy haat dit om vir Ouma Maria te lieg, maar nou ja.

“Is ma’ reg,” gee Ouma Maria uiteindelik onwillig toe. Maar Eldene sal nie na Natalie toe kan gaan nie. Hierdie één keer sal Natalie net in die pad wees.

Toe Eldene later in die donker straat afstap, klop haar hart in haar keel. Die meeste straatligte is met klippe stukkend gegooi. Dis baie donker. Dit was ‘n lang wag tot elfuur . . . sy’t maar die tyd omgesit by Uncle Ronnie-hulle onder in die straat. Hulle hou van laat kuier, en hulle vra nie vrae nie.

“’n Mens is nou darem bang, hoo’,” sê Eldene saggies. Sy wens Natalie was by haar. Sê nou sy word vanaand gerape? Dit sal haar eie skuld wees! Hier’s darem nog baie mense in die straat, daar voor sien sy ‘n klomp van die skool se kinders; seker ook oppad Picaroon’s toe. Eldene bly in die skaduwees. Dáár sien sy uiteindelik die drankwinkel, en Pica’s daarlangsaaan.

Sy gaan staan. Haal diep asem. Lyk sy ooit reg? Dié rooi toppie met die blinkertjies trek sy nooit aan nie, en haar nuwe stretch jeans . . . haar hare lyk mooi so met die braids; dit het glad agtertoe gelê in Uncle Ronnie se badkamerspieel. Sy’t tot make-up aan, van Lee-Ann s’n wat sy daar gelos het– blink lip gloss en blinkertjies om die oë. Hier gáán sy . . .

Sy hoor die harde musiek toe sy tussen die mense deurbeweeg binne toe. “Jô! Nou bewe my gewande!” sê sy saggies vir haarself. Die plek is vol rook. Die lywe is soos sardientjies in ‘n blik teen mekaar gepak op die dansvloer, en by die bar herken sy ‘n hele paar van die mense in haar klas. Baksteen is ook daar. Die sardientjies wikkel en skud op die ritme van ‘n R.Kelly-song. Eldene staan teen die muur vasgedruk en staar na die mense. Dit lyk nogal lekker – maar Ouma Maria maak haar vrek as sy weet waar sy nóú is! Van die mense dans almal saam; lyk of hulle dit geniet. Hulle fluit op die ritme van die musiek, en dans in ‘n kring. Elkeen kry ‘n kans om in die middel moves te maak. Skielik stamp

iemand aan Eldene, en sy skrik. Sy’t gedink niemand sien haar raak in die donker nie. Iemand hét – Baksteen.

“My bliksem! Disj J-Lo.” Hy gryp na Eldene sodat hy kan regop bly. Sy staan terug, tot teen die muur.

“Ja, Baksteen,” sê sy. Sy hoop hy gaan weg, want hy ruik na bier en sweet.

“Sjoeek jy vi’ ou Greg? Disj nou bietjie laat, sj-sjkattebol, hy’t laankal groener grasj gekry. Sjien jy?” Sy kyk waar hy wys. En sy sién. Gregory dans met sy lyf gevleg om ‘n klein, kalerige meisie. Dan sien sy vir Lee-Ann. Sy’t ‘n heldergroen top aan wat laag voor is, en stywe jeans. Maar selfs in die donker kan Eldene sien dat sy gewig verloor het. Haar sexy kurwes is weg. Baksteen beweeg hier langs haar, en hulle kyk hoe Lee-Ann deur die dansvloer vleg en voor Gregory gaan staan.

“Hie kom ‘n fight!” lag Baksteen. “Gan jy sjaam squeel, J-Lo?” Sy ignoreer hom. Gregory loop agter Lee-Ann by die gangetjie af. Eldene dink nie verder nie.

“Jy bly nét hier, hoo’?” sis sy in Baksteen se gesig. Toe beur sy tussen die mense deur. Agter haar hoor sy ‘n paar stemme agter haar wat haar naam sê. Maar nou gee sy nie meer om wie haar sien nie.

Greg en Lee-Ann staan om die hoek van die gebou in die skadu’s. Eldene kan hulle hoor stry,

maar nie wát hulle sê nie. Toe sy om die hoek kom, sien sy dat Greg Lee-Ann aan die skouers beethet. Eldene kan nie sy woorde uitmaak nie, maar sy kan hoor hy is diep kwaad. Hy skud Lee-Ann hard heen en weer, spoeg toe op die grond, en loop oor die straat. Eldene staan terug in die skaduwees. Wat nou? “Lat ek gan hoor,” besluit sy. Lee-Ann hou haar gesig met haar hande vas. Dit klink of sy huil. Toe draai sy om en hamer met haar vuiste teen die klub se muur. Haar snikke word harder. Voor Eldene kan nadergaan, begin Lee-Ann wegloop. Dit lyk of sy ‘n paar *drinks* inhet.

“Lat ek ma’ eerste agter ha’ aan gaan. Ek sal ha’ by Marsha se huis kry, dan kan ons praat,” dink Eldene. Maar Lee-Ann loop nie in die rigting van Promosa nie. “Waar gaan sy dan nou heen?” wonder Eldene benoud. Sy is besig om . . . ja, sy gaan Promosa Dam toe. Wat wil sy dié tyd van die nag daar loop soek?

Eldene loop stadig sodat Lee-Ann haar nie moet sien nie. Sy raak al hoe banger; dis seker al twaalfuur. Dáár staan Lee-Ann op die gras voor die water. Sy is besig om haar skoene uit te trek. Jô! Sy gaan in die water ingaan! Eldene begin hardloop.

“Lee-Ann!” skree sy. “Hei, Lee-Ann, wag!” Eldene is nou by die kant van die dam, in die skadu’s. Lee-Ann kyk om. Die water is al by haar bobene.

“Los my uit!” Maar sy loop nie vorentoe nie.

“Kom terug. Jy kan mos nie dit wil doen nie. Kom uit die water uit. Asseblief, Lee-Ann,” sê sy sagter. Sy is bang om nader te gaan. Sy staan liewer in die skaduwees. Dis doodstil. Daar’s nie eens karre wat oor die bult ry nie. Daar’s net die maan op die water en die geluid van die wind wat die water roer. ‘n Kiewiet skree aan die oorkant. Dis asof daar ‘n groot horlosie is wat in Eldene se kop die sekondes aftel. Tik . . . tik . . . tik.

Dit voel soos ure voor Lee-Ann roer. Sy begin stadig agteruit beweeg. Toe draai sy om. Sy sak op die gras langs die dam neer. Dis nog steeds stil.

“Wat soek jy hie, Eldene? Kom uit,” sê Lee-Ann skielik. Eldene kom uit die skadu’s.

Eldene kom nader. “Wat soek jy hie, Lee-Ann? Is jy mal in jou kop in? Dié tyd vannie nag soek jy om te verdrink of gerape te word!”

“En? So what as ek verdrink? Sal jy en Ouma Maria ‘n hel omgee? No ways!”

Eldene kan seker nie so bly staan nie; sy gaan sit ‘n entjie van Lee-Ann af. Sy kan hoor hoe bewe haar niggie in die nat klere; haar trande klap.

“Moenie mal is nie, Lee-Ann. Dit sal Ouma Maria doodmaak as jy iets oorkom.”

Lee-Ann lag lelik. “Sy’t my uit die huis gegooi, he’ jy vergeet?”

“He’ jy vergeet hóekom sy jou uitgegooi het?” Hulle staar na mekaar. Nie een van hulle het vergeet nie. Daar was so baie dinge wat Eldene vir Lee-Ann

wou sê. Sy wou haar vloek en skel. Sy is nog steeds kwaad.

Lee-Ann begin om klippe in die water te gooi. “Ek’t nie ve’geet nie. Sy’t my uitgegooi oor jóú. Miss Perfect. Doen altyd alles reg, sit nie ‘n voetjie verkeerd—”

“Wee’ jy, Lee-Ann, niks is ooit jóú skuld nie. Dis nie jou skuld lat jy 16 is en nog in graad 9 is nie . . . Dis seke ok nie jou skuld lat ek en Gregory uit is nie, nê?”

“Nee, dit íssie my skuld nie. Greg hét ‘n brein; hy kan self besluit wat hy wil hê. Ek het hom nie gedwing nie.” Eldene wil haar klap, maar sy sit stil.

Lee-Ann praat weer, “Maar asit jou sal laat beter voel: Hy’t my gedrop, die vark! Mans is ok almal dieselle . . . die goed dink net met hulle—”

“Ja toe, ek willie weet nie. Nou wa bly jy nou?”  
“Moenie maak of jy worrie nie! Wat wil jy maak as jy weet? Als wat ek doen vi’ Ouma Maria ga’ vertel?”  
Eldene wens sy kan bietjie sense in Lee-Ann se kop in skud. Sy neuk haar lewe lelik op. Sy skud haar kop en bly stil.

Na ‘n lang ruk vra sy, “Hoekom wou jy dit doen? Netnou – jy wou jouself doodmaak. Hoekom?”

Lee-Ann vloek. “Wat weet jy? Gaan net weg, toe!”

Eldene spring kwaad op. “Oee, jitte! Ek wens jy hét geverdrink!”

Lee-Ann se stem spoeg haat in die maanlig. “Hoekom he’ jy my dan gestop? Dit sou nou oor gewees het. Julle sou tog so bly gewees het as ek vrek was. En wat nog van Gregory? Hy wil my dan self—” Skielik steek haar stem vas. Sy vee kwaad met haar hand oor haar oë, wat tranerig begin blink.

“Wat gan an me’ jou?” vra Eldene sagter toe Lee-Ann se snikke minder word. “Ek ve’staan rêrig nie. Jy was my beste pêl toe ons klein was. Ma’ die laaste jaar . . . wat jaag jou, Lee-Ann? En hoekom lyk jy só?”

Lee-Ann lig haar kop op. “Hoe?”

“Dit lyk so jy’s siek of iets. Wat’s fout?”

“Ek wens jy wil my uitlos. . . blerrie perdgesig,” sê Lee-Ann met haar gesig in haar knieë gedruk.

Eldene wil skree. ‘n Kar kom oor die bult, en ry slingerend verby die dam. Die motorligte maak dronk spore in die nag.

Dis so lank stil dat Eldene eintlik amper vaak raak, toe Lee-Ann skielik weer praat.

“Gregory het my ok uitgegooi. Hy sê as ek nie in elk geval sou vrek nie, sou hý my doodgemaak het.” Lee-Ann kom regop.

Eldene frons. “Wat he’ jy hom gemaak?”  
Die stilte rek en rek soos verbleikte bubblegum.

Lee-Ann staan met haar rug na Eldene toe sy sê, “Ek het AIDS. As jy dan wil weet.”

Eldene se asem steek vas in haar keel. Nie dít nie! Dalk pregnant . . . maar nie DIE SIEKTE nie! Dit

kan tog nie . . . of kan dit? “Lee-Ann?” vra Eldene. “Hoe wee’ jy is dit?”

Lee-Ann swaai om. “Moenie dom is nie, Eldene! Hulle’t my getoets by die hospitaal daai dag toe ek gefaint het. Daai nurse het klomp vrae gevra, toe sê sy . . . of ek sal omgee as hulle my toets. Ek het ma’ ja gesê, is tog beter om die waarheid te ken. Ma ek het vorie tyd al geweet. Is al agt jaar.”

“Agt jaar?! Jy was dan agt. Wat—”

“Wil jy rêrig weet? Is jy nie bang jou rein hartjie kry ‘n kraak nie? Nee, ek dink ek moet jou vertel. Lyk my nie jy ken die feite van die lewe nie!”

Eldene weet nie of sy regtig wil hoor nie. Sy is bang, bang toe Lee-Ann weer langs haar neersak.

“Onthou jy die boyfriend wat Antie Mossie gehad het daai jaar toe jy Promosa toe gekom het?” Eldene onthou. Sy was bang vir hom, die man met die geel tande en die drankasem. Hy’t altyd onder die perskeboom gesit en kaart speel met ander mans.

“Ziggy,” knik sy.

“Een middag toe ek van die skool af kom, was hy da’ onder die boom. Ant Mossie was nie da nie, en jy was by Natalie. Hy’t my in Ant Mossie se huis ingedruk en—”

“Gerape?” fluister Eldene.

Lee-Ann antwoord nie. Natuurlik, wat anders? Eldene volg Lee-Ann se oë. Sy kyk na die maan wat besig is om in die dam te verdrink. In Eldene se gedagtes verander die maan in Lee-Ann se gesig. Maar dis nie

meer langlyf-Lee-Ann met die boobs en die heupe nie. Haar gesig is agt jaar oud, glad en onskuldig. Die water maak rimpels oor haar gesig, en dit vertrek van pyn. Dan word die gesig kwaad en hard, klipkoudmooi, en nou is dit vandag se Lee-Ann wat daar in die water lê.

“Hoekom he’ jy nooit gesê nie? Nie eens vi’ Ouma Maria nie?” vra Eldene met ‘n kraak in haar stem.

Vandag se Lee-Ann breek deur die water en die maan. Haar stem is hard. “Ek was klein, en bang lat hy my sou doodmaak. Hy’t gepromise as ek enigeïets sê . . .”

“Toe bly jy stil.”

“Wat asit jý gewees het? Wat sou jy gemaak het? Ek het nie gepraat nie, en toe . . . dié jaar toe begin ek maagsiek kry, en verkoue, en . . . kyk hier,” Lee-Ann draai haar arms boontoe. In die lig van die maan sien Eldene die klein vlekies op haar arms.

“Mens leer mos in Bios da’van. Die laaste stage vannie siekte . . .”

Eldene sluk.

Lee-Ann kyk nie na haar nie. Sy kyk dáár na die oorkant van die dam. “Ek weet nie hoe lank ek nog . . . Wee’ jy, ek kyk elke Saterdag as die lykswaens da’ by ons huis verby ry. Een vannie dae vat hulle my weg . . .”

Sonder dat sy wil, kom daar skielik ‘n knop in Eldene se keel. Wat ás dit sy was? Sy kan hoor Lee-Ann is

bang. “Moenie so praat nie. Dalk . . . is dit nog járe,” probeer sy iets sê.

“Wat asit volgende week is? Wat dan? En da sal nie eers ‘n lykswa wees nie; hulle sal my sommer langs die straat kom optel en in ‘n gutter gooi.”

Die sterre is weg. Die maan het verdrink of verdwyn, en die lug in die ooste begin verkleur. Eldene se hande is om haar knieë geslaan – dis koud in die vroeë oggend. Sy is nie meer kwaad vir Lee-Ann nie, net moeg. En sy kry haar op ‘n snaakse manier jammer.

“Jy moet ma’ saam met my huis toe kom. Jy moet iets eet, en warm aantrek.”

Dis Klip-Lee-Ann wat antwoord. “Ag dankie tog, Miss Charity, ma’ ek slaap liewerster innie straat en grou innie asblikke voor ek an Ouma Maria se deur klop!”

Eldene stry nie met haar nie. “Kom tog, Lee-Ann,” sê sy net. Miskien is Lee-Ann moeg vir baklei, miskien is dit die honger en koue, want sy staan op sonder om verder te stry.

Lee-Ann hoes ‘n paar keer terwyl hulle loop. Sy moes koue gevat het. Eldene is bang vir wat Ouma Maria gaan sê. Sy weet wat dink haar Ouma van hoerkinders en los merries. Veral as dit haar eie familie is. En wat gaan sy vir haar wat Eldene is, sê as sy uitvind waar sy heelnag was? Dalk vind sy nie uit nie. Maar een ding weet Eldene, haar lewe gaan nooit ooit weer dieselfde wees na hierdie nag nie.

## HOOFSTUK 5

EKHAATJOUekhaatjouEKHAATJOUekhaatjouEKHA  
ATJOUekhaatjouEKHAATJOU

Gil **Skree** stamp breek trap trek jou hare uit jou  
kop uit *ek wens jy* **vrekvrekvrek**

Eldene stel die TV harder. Aspris. Sy wil nie die hoesie uit die kamer hoor nie. Dit klink hulpeloos. Slymerig en verstikkerig. Lee-Ann is siek – alweer. En dis sý wat Eldene is wat moet skoonmaak, opstaan, aangee. Ouma Maria is tot laat by die werk . . . en as sy terugkom, wil sy rus.

“Eldene,” sê Lee-Ann se dun stemmetjie uit die kamer. Skaars hoorbaar bo die TV. “Eldeeene, gee tog bietjie water da.”

Met ‘n sug staan Eldene op. Die kombuis is halfdonker, die agterdeur is toe. Sy tap water by die têp.

Die kamer is ook donker. En koud – Juniemaande is dit mos altyd asof die koue orals inkruipplek kry.

“Hie’so. Kom, sit regop.” Lee-Ann se lyf onder die verbleikte blommetjiesduvet is dun en deurskynend. Toe Eldene haar help om regop te kom teen die kussings, hoes Lee-Ann moeg. Haar hare staan in alle rigtings.

“He’ jy jou hoeso goed gedrink?” vra Eldene.

“Hmm.”

“He’ jy dit gedrink?”

“Wat he’ dit me’ jou uit te waai? Anyway, jy weet die goed help niks. Kanit net so wel los!”

Eldene wil haar aan haar skouers ruk. “Hel, Lee-Ann, word groot! Jy’s nie ‘n baby nie, jy’s sestien! Jy like al die aandag, nê? Jy like dit dat ons heeldag agter jou moet kyk. Ma’ luister jy nou vi’ my: Jy drink daai goed, en Maandag beter jy reg wees lat jy kan skool toe gaan! Ek moet matriek maak, dié jaar nog, he’ jy vergeet?”

“Gan skyt man!” sê Lee-Ann uitasem-kwaad, en val terug op die bed. Sy draai haar rug na Eldene. Hulle weet altwee Lee-Ann sal nie Maandag skooltoe gaan nie. Dalk nooit weer nie. Maar dis ‘n manier om haar te laat aanhou.

Hulle praat nie verder met mekaar nie. Lee-Ann sê net, “Ek kry koud. Gee my tog nog ‘n kombes.” Lee-Ann wéét daar is nie nog kombes nie. Al die ekstra warmgoed is klaar op haar bed. Eldene stap na haar eie bed by die venster en haal die kombes af. Sy gooi dit befoeterd oor Lee-Ann.

“Slaap tog nou,” sê sy voor sy uitstap.

Die hele huis ruik al na Lee-Ann se siek. Veral noudat dit winter is, en die vensters en deure heelyd toe is. Dis benoud . . . ‘n oumensruik. In die kombuis buk Eldene by die kolestoof. Is seker al tyd vir vuurmaak. Ja, op die TV hoor sy, “Like sand through the hour glass . . . these are the days of our lives.”

Toe die vuur behoorlik brand, gryp Eldene haar jersey op die bank voor die TV. Sy moet hier uitkom.

Sy gaan staan by die hekkie. Dáár onder kom Ouma Maria aan.

“Naand Eldenetjie,” groet Antie Mossie en “Naand Eldenetjie,” piep klein Liesbet agterna. Ant Mossie en Liesbet is besig om die stoele wat onder die kaal perskeboom staan binnetoe te dra. Die stoel is amper groter as Liesbet. Eldene glimlag. Sy leun met haar arms op die hekkie, trek aan ‘n wolletjie op haar blou jersey wat gehaak het. Dié tyd van die dag is die dorp so rokerig, en onder in die straat speel ‘n paar kinders nog bôl terwyl die donker vinnig naderkom. Die donker sluip oor die bult van Kynoch af, dink Eldene. En nes ‘n skelm gooi hy skielik sy rokerige nagkometers oor die dorp.

Eldene wag vir Ouma Maria by die hekkie.

“Ja, Eldene, staan jy en wag vi’ beter dae hie’sô?”

“Nee, Ouma. Ek staan ma net.”

“Het sy al kos gekry?”

“Nee.” Sy is natuurlik Lee-Ann. Lee-Ann wat lankal vergeet het van die nag by die dam, klipper-as-klip Lee-Ann wat niemand naby haar hart toelaat nie. Seker omdat sy nie ‘n hart hét nie.

“Kom, Lee-Ann, sit regop. Hie’s jou kos.” Eldene gaan sit op smal bed. Sy help haar niggie regop, en kyk hoe die spoeg in ‘n straaltjie langs haar ken afloop. Sy kyk weg. Lee-Ann se lyf maak amper

nie eens meer 'n bultjie onder die duvet nie. Hoe lank nog? In die nag hoor sy hoe Lee-Ann hoes en hoes, en haar maag wil ook nie meer saamwerk nie. Niks werk meer nie. En Lee-Ann is hardkoppiger as tien klippe!

“Nie honger nie,” mompel Lee-Ann. Kyk nou weer! Ouma Maria kom van die kombuis af in.

“Wat hoor ek van nie honger nie? Jy moet eet! Kom, ek hou vi' jou dop.” Eldene staan op, en Ouma Maria kom op die bed sit. “Toe, kom, Lee-Anntjie, net een happie.”

“Watsit, Ouma Maria?”

“Is ertappelsop. Jou favourite.” Sy voer Lee-Ann slukkie vir slukkie, tot die klein bakkie leeg is.

Eldene raak weer benoud in die bedompige kamer. “Ouma, ek gan gou na Natalie toe,” sê sy. Sy wag nie vir Ouma Maria se antwoord nie; sy weet dis amper donker. Maar sy moet nou uitkom! Die droë gras kraak onder haar tekkies, en die hekkie kerm huilerig. Sy loop in Abrahamstraat se rigting, en skop die klippies ingedagte uit haar pad. Haar koue vingers speel met die braids wat oor haar skouer hang. Sy groet nie die mense waarby sy verbyloop nie. Want hulle het opgehou om háár te groet. Soos by die skool, loop die mense draaie om haar. Almal behalwe Natalie

“Ek wens ek was meer soos Ouma Maria,” dink sy ongelukkig. “Sy gee nie 'n hel om wat die mense sê nie.”

Soos die begin van die jaar. Daai snaakse skemeroggend. Die hekkie het, soos altyd, geskree toe hulle dit oopstoot. Die haan het, soos altyd, agter in die jaart gekraai soos 'n vasgehaakte tape. Eldene het gesien hoe loer Antie Mossie deur haar slaapkamervenster. Ook nes altyd. Ouma Maria was klaar aangetrek vir werk. Maar hulle is nie een werk toe of skool toe daai dag nie. Eldene kon sien Ouma Maria is eintlik bly Lee-Ann is terug by die huis. Sy hét haar after all grootgemaak. Sy het baklei, met hulle altwee, maar nie lank nie. Sy glo jy moet jou naaste liefhê soos die Bybel sê. Wat nog van jou eie bloedfamilie? So sy't gesê Lee-Ann moet terugkom. Solank as wat nodig is.

Die wind begin waai. Eldene trek haar jersey stywer om haar lyf. Haar oë volg die blikke en papiere wat teen die heinings vaswaai en in die straat afdwarrel. *Ouma Maria het ve'staan. Toe Lee-Ann ha sê vannie rape, en lat sy besluit het sy gan nie alleen nie, elke verdomde man wat só is, wat met meisiekinders mors, gan sy saam met ha' vat, het Ouma Maria niks gesê nie. Ma sy't ve'staan.*

*Dis net ek wat ha' nie ve'staan nie. In my is da ok nog 'n klip. Hoekom het sy vi Gregory gekies? Hy was my eerste ou. Ek weet nie of ek ha' kan vergewe nie.*

Eldene kry vir Natalie waar sy, soos gewoonlik, sit en *Days* kyk. Brian lê en slaap langs haar op die

bank. Natalie se ma werk nagdiens by die hospitaal. Toe *Days* klaar is, luister hulle musiek.

“Wat hoor julle van Gregory?” vra Natalie skielik.

Die naam maak nog partykeer seer. “Nee, hy’t mos werk gekry in Jo’burg in. In April al. Hy’t een keer vi’ Lee-Ann gebel, ma ok ma net om ha’ te skel. Toe nooit wee’ nie.”

“Hmm . . . nou sien jy, dis hoeko’ ek nie mans in my lewe soek nie. Hulle bring net moeilikheid. Ek sê jou, ek gaan nóóit trou nie!”

“Ag Natalie, wat sal jy sonder ‘n man maak? Wie dink jy gan vi’ jou sorg, hê?”

“Ek gan vi’ myself sorg! Jy ken mos . . . ek wil mos ‘n hairdresser word. Ek gan die celebrities se hare doen.” Natalie het alweer ‘n nuwe haarstyl. Haar hare verander elke tweede week. “En ek wil uit dié plek uit kom, jy weet mos. Ek gan ‘n groot huis hê, en baie nuwe karre. Jô! Ek gan vi’ rêrig ‘n lekker lewe hê!”

“Mmm.” Eldene sug.

“En jy? Wat gaan jy na skool maak?”

Eldene dink ‘n ruk. “Ek . . . wou altyd mos ‘n kleuterskooljuffrou geraak het. Ma’ nou . . . met dié ding van Lee-Ann . . . ek weet nou nie. Ek wil iets doen om mense soos sy te help. Mense wat nie plekke het om te gaan nie.”

“Al is sy so vol stront?”

“Ja. Ek hou nie van my niggie nie. Partykeer dink ek ek haat ha, nê? Ma’ sy’s tog ‘n mens. Miskien raak ek ‘n maatskaplike werker.”

Dis sterk skemer. Eldene is naby Daniëlstraat toe iemand voor haar in die pad inspring. Sy skrik.

“Jô! Néé man!”

Dis Baksteen. Eldene sien hom min, want hy het skool gelos. Sy is sommer kwaad van skrik. “Wat soek jy, Baksteen?”

Baksteen lyk snaaks . . . anders. Hy’t ‘n nuwe tand in die plek van die *gap*, en hy lyk half skaam. Hy kyk haar nie in die oë nie.

“Eldene . . . uhm . . . sorry man. Ek wou net vi jou gesê het . . . dis ‘n goeie ding wat jy en jou ouma doen. Vi Lee-Ann, meen ek nou.”

“Hoekom?” vra Eldene half agterdogtig.

“My pa . . . hy’s dood van AIDS. Hy’t op die straat doodgegaan, my ma het hom uitgeskop. Ek wou ma net gesê het,” mompel hy. Toe loop hy vinnig weg.

Eldene staan ‘n rukkie stil van verbasing. Dan het hy tóg ‘n hart! Toe sy aanstap, raak die besluit sterker: Dís wat sy met haar lewe gaan doen . . . sy gaan ‘n plek hê waar mense met AIDS kan bly, mense sonder blyplek. Babas, kinders, grootmense, maak nie saak nie. Hier in Promosa.

## HOOFSTUK 6

Twee weke later skrik Eldene een nag wakker. Iets is nie reg nie. Lee-Ann roggel en hoës verskriklik. Dit klink of sy nie asem kry nie. Eldene spring uit die bed en sit die lig aan. "Ouma!" skree sy by die deur uit. "Kom gou!" Hulle laat Lee-Ann regop sit en gee vir haar water, smeer Vicks aan haar bors en gee vir haar hoësgoed.

Later luister Eldene in die donker na Lee-Ann se asemhaling, hoe haar bors fluit.

"Eldene," sê Lee-Ann skielik.

"Ja? Is jy oraaït?"

"Hmm. Eldene . . . hoe dink jy lykit in die hemel in?"

Eldene weet nie wat om te sê nie. "Hoe meen jy nou?"

"Nee, ek meen ma' net . . . dink jy da's roomys in die hemel? En dink jy die strate is rênig van goud?" Dis volmaan. Die maan maak 'n blink pad deur die kamervenster, tot op Lee-Ann se bed. Skielik weet Eldene: Lee-Ann is bang om dood te gaan.

"Ek dink . . ." sê Eldene stadig, "Ek dink die hemel lyk so soos die mooiste plek. Ek dink mens is heeldag gelukkig. Da's music ennie mense dans. En niemand is siek nie. En miskien is dit soos 'n party, so da sal seke roomys ok wees!" Sy kyk dromerig na die maan se ligbaan.

"En da's engele," sê Lee-Ann sag.

Die volgende nag leer Eldene tot laat by die kombuistafel. Toe trek sy uit en klim saggies tussen die lakens in. Sy is moeg, en haar oë val dadelik toe.

"Slaap jy?" vra Lee-Ann. Eldene maak weer haar oë oop.

"Nee. Soek jy water?"

"Nee." Dis 'n rukkie stil, toe praat Lee-Ann weer. Haar asem fluit. "Eldene, onthou jy toe ons klein gewees het? Ek en jy en Natalie het altyd deur die vensters gesprong buitentoe, dan hardloop ons om . . ." Haar asem raak op.

Eldene is nou wakker. "En dan skinner Ant Mossie by Ouma Maria, dan neuk sy ons al drie as sy by die huis kom," las Eldene by. Sy giggel saggies in die donker. "En daai keer toe Ouma Maria vi ons nuwe shorts gekoop het. Onthou jy, Lee-Ann? Jy't 'n gele gehad en myne was rooi."

"Ja! En toe skeur ek my short toe ek deur die venster spring. Jô! Ouma Maria het gestres!" Lee-Ann begin lag.

"Ons boude het gebrand daai keer . . ." lag Eldene saam. En sy's seker sy kan die maan se blink lag ook hoor.

## HOOFSTUK 7

Die nagte raak lank. Lee-Ann moet regop teen die kussings slaap, want sy kry nie asem nie. Eldene en Ouma Maria gee water aan, hou haar warm, gee medisyne. Dit help nie. Lee-Ann raak nóg maerder, tot haar oë weggesink in hulle kaste sit. Sy kan nie meer eet nie. Dis middel-Julie toe die ambulans een nag voor Daniëlstraat 27 stilhou. Eldene staan in die deur en kyk hoe Lee-Ann op die stretcher uitgedra word. Ouma Maria is al in die ambulans. Die mense het oral in die straat uitgekom om te kyk wat aangaan. Hulle staan in hulle nagklere so naby as moontlik aan die toneel.

Die paramedic draai om. "Sy wil iets sê," sê hy. Met 'n kombers om haar skouers loop Eldene tot by die stretcher.

"Lee-Ann," sê sy, en vryf sag met haar hand oor die bondeltjie mens. "Ek kom môre vi' jou kuier, hoo'?"

Die bondeltjie roer. Eldene moet afbuk om te kan hoor wat Lee-Ann sê. "Gregory . . . jammer," sê sy. Toe gaan haar oë weer toe.

Die klip skuif op, op, op in Eldene se keel. Toe verander dit in water wat oor haar wange loop. Deur die water kyk sy die ambulans se rooi liggies in die donker nag agterna. Sy kyk op in die swart nag, verby die sterre na die maan wat koud en klein in sy

winterwêreld hang. Die mense verdwyn in groepies in die straat af.

Eldene maak die sinkdeur agter haar toe. Sy gooi nog hout in die stoof. Toe gaan sit sy op Ouma Maria se bankie voor die stoof. Sy staar en staar na die vlamme tot haar oë brand.



Dis twee ure later toe Eldene se selfoon op die kombuistafel lui. Sy gryp dit.

“Ja?”

“Sy’s weg, Eldenetjie.”

Die maan is weg en dis grysdonker buite die venster.

Wegwegweg diemaanishweg *lee-ann is weg* koud seer waar is die kwaad nou en waar is die hemel sluk en sluk maar alles huil haar bed is leeg die huis ruik na siek.

Laatmiddag, toe die nuuskieriges weg is en die bure aandkos gebring het, stap Eldene in Daniëlstraat af, Sy draai regs, dam toe en gaan sit op die gras voor die water; ignoreer die seuns wat probeer visvang met tuisgemaakte stokke. Oor die bult sien sy die rook bo Kynoch lui opkrul in die wintersaand. Die kiewiete skree, en die sonsondergang smelt sag in die water. Die mooiheid daarvan bring die klip weer boontoe. Eldene sluk, en sluk, maar kan die trane nie keer nie. Sy slaan haar hande om haar jeans se pype, en snuif.

“Hoekom, God? Sê my hoekom? Sy het nie eens ‘n lekker lewe gehad nie. Ek weet sy’t sonde gedoen, maar wat dan van Jesus en die kruis? Sy was jammer, sy’t so gesê – maar Jy’t haar nie gesond gemaak nie. Sy kon nie eens asem kry aan die einde nie. Sy was soos ‘n baba! Ek ve’staan nie. Wat van die man wat haar gerape het? Gan Jy hom ook doodmaak? Toe,” Eldene spring op. Sy’s nou alleen langs die water, “praat met my! Ek wil weet!

Ons was lief vi’ ha’, ek en Ouma Maria. Sy was eintlik baie nice, as jy ha’ eers ken.” Die snikke raak erger.

“Hoekom he’ Jy ha’ gevat? He’ Jy ha’ hel toe gestuur?”

Na ‘n lang ruk is Eldene uitgehuil. Dis al heeltemaal donker. Sy sê sag, “God, in *The Lion King* is daai wa’ die koningleeu doodgaan. Ma’ hy bly nog lewe, êrens daarbo. Gee vi’ my ‘n sign. Ek wil weet of sy nog lewe, asseblief God . . .” Niks beweeg nie. Die kiewiete is stil. Dis net oorkant die pad, dáár by die drankwinkel, waar daar lewe is. Ure later staan Eldene styf op.

Uit die hoek van haar oog sien sy ‘n beweging in die lug. ‘n Verskietende ster! ‘n Teken dat sy lewe . . . “Dankie, God,” sê sy sag.



### 7.3. TERUGVOER EN EVALUERING

Nadat die jeugnovelle geskep is, is 'n resepsie-ondersoek op klein skaal gedoen. Die doel hiervan is om vas te stel of die poging geslaagd was, al dan nie. Vir hierdie ondersoek is 'n groep adolessente uit die Promosa Sekondêre Skool genader. Nie een van die respondente wat genader is, het aan enige van die vorige ondersoeke in die studie deelgeneem nie. Dit sluit die leesondersoek (Hoofstuk 6) en die skep van eie verhalende tekste deur adolessente (Hoofstuk 5) in. Die groep moes as onafhanklike keurders dien.

Tien kopieë van *Tussen Kynoch en die maan* is onder die groep versprei, sodat hulle die verhaal kon toetslees. Die groep het bestaan uit 'n gelyke aantal manlike en vroulike respondente, almal tussen die ouderdomme van 16 en 20. Die studie wou die reaksie van die teikengroep op so 'n verteenwoordigende wyse as moontlik te toets, daarom is manlike én vroulike respondente van verskillende ouderdomme genader. Hulle is gevra om die storie te evalueer en eerlik terugvoer te gee daaroor. Die terugvoer en evaluering het die vorm aangeneem van 'n eenvoudige vraelys met oop vrae. Die volgende vrae is in die vraelys gestel:

- Het jy van die storie gehou? Ja/Nee.
- Waarvan het jy die meeste gehou in die storie?
- Waarvan het jy glad nie gehou nie?
- Wat het jy gedink van die prentjies?
- Wat sou jy verander het as jy die storie geskryf het?

Die respondente het almal baie positief gereageer op die storie. Uit die vraelys wil dit voorkom asof die lesers met die karakters, ruimte, inhoud, taalgebruik, humor en illustrasies in die storie kon identifiseer.

#### 7.3.1. Karakters

Uit die respondente se kommentaar blyk dit dat die karakters vir hulle geloofwaardig en interessant was. Hulle beskryf karakters se optrede in sekere tonele akkuraat en in detail. Dit kom voor asof die hoofkarakter Eldene 'n gewilde karakter is, en selfs deur sommige respondente gesien word as 'n rolmodel. Daar is kritiek op Lee-Ann, Gregory en Ouma Maria se karakters, nie soseer met betrekking tot die voorstelling van die karakters nie; eerder oor hulle leefwyse, morele standarde en

persoonlikhede. Dít dui daarop dat die karakters deur respondente as geloofwaardig beleef is. Respondente het egter ook simpatie met Lee-Ann, en sou eerder wou hê sy moet bly leef. Ouma Maria kry kritiek omdat sy Lee-Ann wegjaag. Daar is ook simpatie met Eldene, en Gregory word gesien as die antagonis – daar is géén simpatie met hom nie!

In antwoord op die vrae: “Waarvan het jy die meeste gehou in die storie?” en “Wat sou jy verander het as jy die storie geskryf het?” is die volgende kommentaar gegee met betrekking tot karakters:

“Toe Gregory so met Lee-Ann en Eldene gespeel het en toe hulle agter na uitgevind het.”

“Ek het baie van die middel gehou want die Lee-Ann karakter het in haar eie wêreld gelewe. Sy het niemand gewarrie nie. Sy was haar self. Wat sy doen is niemand se besigheid nie.”

“Die manier waarop Eldene haar niggie Lee-Anne op die einde van die storie bygestaan het. Haar gebed was verskriklik hartseer en interresant.”

“Dat Eldene haar niggie gehelp het deur die moeilike tyd wat sy deurgegaan het tenspuite van haar ouma.”

“Ek het gehou van die karakters in die storie. Ek het gehou van die maniere waarop die storie geskryf is.”

“Ek het gehou van die ouma se optrede.”

“Ek sal vir Lee-Ann en haar karakter verander, want ons is almal jonk ons moet nigger lyk en klink wan sy gaan op die einde dood en ons wil nie op so jong ouderdom dood gaan nie. Haar familie moet haart praat met haar, as haar famielie met haar gepraat het saal sy nog gelewe het. Ek sal my friendin eerder gehelp het as om haar net so te kyk ons moet mekaar help sodat ons uit mekaar se foute moet leer. Ons is mos lief vir mekaar.”

“Lee-Ann het nie gewarrie oor dié wat om haar is nie, sy vat wat sy wil hê, soos ander se boyfriends afvat soos niks nie, sy is ‘n gevoellose persoon.”

“Wat ek nie van gehou het nie was hoe die ouma tussen die twee gekies het en die een sonder ‘n moeder seergemaak het,

Ek sal Gregory verander vir hom ‘n beter persoon maak, dat hy ‘n ander persoon is.

Ek het niks daarvan gehou hoe Gregory opgetree het teenoor Jo-Ann na hy klaar uitgevind het sy het AIDS nie. Die manier hoe hy haar rondgeruk en geswaai het voor hy haar self in die poortjie dam wil laat verdrink het.”

“Ek sou die ouma se maniere en liefde verander het.”

### 7.3.2. Inhoud / Gebeure

Dit kom voor asof die inhoud van die verhaal deur die respondente beleef is as 'n getroue weergawe van die alledaagse lewe in Promosa. Dit is moeilik om te bepaal of die storielyn respondente se aandag behou het. Nêrens word egter aangedui dat die storie as vervelig beleef is nie; die verhaal is wel deur verskeie respondente beskryf as “interessant”. Hier het hulle ook sekere gebeure in die storie getrou aangehaal, en gesê:

“Hoofstuk 4 die tyd toe Lee-Ann en Greg weg was. Greg uit Eldene se lewe, Lee-Ann het net verdwyn. ‘Die sterre is weg. Die maan het verdrink of verdwyn, en die lug in die ooste begin verkleur.’ Hoofstuk 6.”

“Ek het van die hele storie gehou dit was alles intersant”

“Die hoofstuk waar Lee-Ann haar hard uitpraat met eldene en dat sy heeltyd stoborn [*stubborn*] was. Dit is baie aanraking, dit het my laat dink aan my self.”

“Die gedeelte waar die skrywer na die ouma praat en sê jou ouma is so oud in haar I.D. boek staan ‘to be continued.’ En waar die karakter se boyfriend haar laat smelt soos chocolate.”

“Jy het te doen met jou doodsvonnis as jy by enige van hierdie jonkies slaap. No ways, nie ek nie.”

“Toe hulle uitgevind het van hom.”

“Ek het die meeste gehou van waar Eldenetjie op die einde gevra het “hoekom”, en dat sy met die here kontak gemaak het om haar 'n teken te gee dat jo-ann daar lewe.”

“Ek het nie daarvan gehou toe Natalie van haar geskinder het, en toe Lee-Ann uitgevind het dat sy siek is nie.”

### 7.3.3. Ruimte

Daar was min kommentaar oor die ruimte waarin die verhaal afspeel. Die enigste opmerkings wat verband hou met die ruimte, was dat die illustrasies 'n goeie uitbeelding van die ruimte is (“Dit was baie mooi en uniek en dit beeld Kynoch en

Promosa en van die mense uit”). Een respondent het ook genoem dat hy gehou het van die plek se naam (waarskynlik die storie se naam), en die prent van die dam. Die afleiding kan gemaak word dat die respondente die ruimte in die teks sodanig as hulle eie beleef het, dat hulle dit nie nodig gevind het om enige opmerkings te maak nie. Die ruimte is dus deur hulle herken en as geloofwaardig beleef.

#### 7.3.4. Taalgebruik en humor

Wat die taalgebruik (die spesifieke gebruik van Afrikaans soos gepraat deur adolessente in Promosa) betref, was die kommentaar oorwegend positief. Een respondent het egter gesê die taal klink soos die Afrikaans wat die bruinmense in die Kaap gebruik, terwyl 'n ander nie gehou het van die manier waarop die dialoog geskryf is nie. Die respondente se menings oor die taalgebruik is as volg:

“Ek het gehou van die taal van die storie omdat dit soos die kaapse geklink het.”

“Ek sal graag niks wil verander nie, ek like die storie net soos hy geskryf is want dit is in ons eie taal geskryf.”

“. . . en die manier van skryf verander, want ek hou nie van woorde wat nie volledig uitgeskryf is nie, maar verder was alles na my sin perfek.”

“Ek sou dit nie verander het nie, want dit is nice en funny.”

#### 7.3.5. Tema van die storie

Die verhaal het die tema en problematiek van MIV/Vigs hanteer. Dit is 'n baie komplekse kwessie, en die gevaar bestaan dat dit oorvereenvoudig kan word in 'n jeugverhaal. Respondente het egter geen negatiewe kommentaar oor die tema gehad nie, behalwe een respondent wat gemeen het Lee-Ann sou nie gesterf het as haar familie haar beter ondersteun het nie. Die respondente se kommentaar lei tot die gevolgtrekking dat die tema deur hulle as relevant beleef is. Opmerkings wat verband hou met die tema word hier aangehaal:

“Ek het geleer van die storie.”

“Baie mooi storie, dit is wat vandag in ons jeug se lewe aangaan.”

“Alles wat in die boek staan is ware goed wat ons daaglik beleef hier in Promosa.”

“Niks nie, die storie was baie interessant en ek het baie geleer uit die storie.”

“Ek sal vir Lee-Ann en haar karakter verander, want ons is almal jonk ons moet nigtier lyk en klink wan sy gaan op die einde dood en ons wil nie op so jong ouderdom dood gaan nie. Haar familie moet haart praat met haar, as haar famielie met haar gepraat

het saal sy nog gelewe het. Ek sal my friendin eerder gehelp het as om haar net so te kyk ons moet mekaar help sodat ons uit mekaar se foute moet leer. Ons is mos lief vir mekaar.”

“Ek het niks daarvan gehou hoe Gregory opgetree het teenoor Jo-Ann na hy klaar uitgevind het sy het AIDS nie. Die manier hoe hy haar rondgeruk en geswaai het voor hy haar self in die poortjie dam wil laat verdrink het.”

### 7.3.6. Illustrasies

Die respondente se reaksie op die houtskoolsketse in die teks was gemeng. Hoewel daar oorwegend die gevoel was dat dit die verhaal duidelik maak en uitbeeld, het verskeie respondente aangedui dat hulle eerder kleurillustrasies sou verkies. Hieruit kan afgelei word dat die illustrasies moontlik nie duidelik genoeg was nie, en dat die houtskooleffek tydens duplisering moontlik verlore gegaan het. Die feit dat adolessente uit Promosa die karakters uitgebeeld het, was vir sommige respondente 'n bonus, terwyl ander dit negatief ervaar het. Daar was ook 'n opmerking dat ál die karakters in die illustrasies moet wees, en nie net sommige nie.

“Dis mooi, goed, mens kon sien wie die mense was.”

“Die prentjies is oraaait, maar die karakters lyk so bekend, 'n mens kan gou veroordeel of oordeel as jy na die persone kyk.”

“Die prentjies is baie mooi want dit beeld die storie uit en wat in die storie aan gaan.”

“Die prentjies was baie interessant en het baie maklik die storie uitgebeeld.”

“Dit was baie mooi en uniek en dit beeld Kynoch en Promosa en van die mense uit.”

“Dit is nogal cool.”

“Ek dink die prentjies is baie oorspronklik. Fantasties.”

“Dit lyk baie uitdruklik, dit sal regtig cool gewees het as almal in die prentjies gewees het. Ek bedoel al die karakters is nie in die prentjies nie, maar dit is pragtig.”

“Dit was baie nice prentjies maar die kleur van dit sit 'n bietjie af.”

“Ek dink dis nogals kwaai, maar dit sou mooier gelyk het met kleur in.”

“Die prentjies is bietjie dof, 'n mens herken skaars nie eens die kinders in die prentjies.”

#### 7.4. SLOT

Kan 'n jeugnovelle vir 'n adolessente in 'n spesifieke gemeenskap suksesvol deur 'n *buitestander* geskep word? Binne die teoretiese raamwerk van die studie, en teen die agtergrond van die leserresponse blyk dat dit wel moontlik is.

Die moontlikheid bestaan ook dat die skrywer nie langer 'n *buitestander* in die gemeenskap is nie. *Buitestanderskap* kan vanuit verskillende hoeke en in verskillende lae beredeneer word. Iemand wat op die vlak van ras en etnisiteit as *buitestander* beskou word, deel (soos in dié geval) moontlik ander eienskappe met die gemeenskap, byvoorbeeld taal en belange. Dis nie die doel van die studie om hierop in te gaan nie, tog kan geargumenteer word dat die skepping van die jeugnovelle ook moontlik gemaak is deur hierdie gedeelde fasette, en dat *buitestanderskap* daardeur verminder is.

Vir die toekoms kan dit moontlik van waarde wees om verdere in-diepte navorsing te doen oor die taal wat in die gemeenskap van Promosa, en spesifiek deur die adolessente, gebesig word.

Die resepsie-ondersoek wat gedoen is, kan nie as verteenwoordigend gesien word van ál Promosa se adolessente nie, selfs nie eens van al die adolessente in die Promosa Sekondêre Skool nie. Die jeugnovelle is egter positief ontvang deur onderskeidelik meisies en seuns, wat in die ouderdomsgroep van die teikengroep val. Die verhaal is deur hulle gelees en geniet, en as *identifiseerbaar* bevind.

## HOOFSTUK 8 GEVOLGTREKKING EN SLOT

Waarom bestaan daar vandag oral in Afrika rotskuns van volke soos die San wat eeue gelede hul woonplek in grotte en spelonke gemaak het? Waarom is die wande van die piramides in Egipte vol hiërogliewe? Waarom het die mens sedert die vroegste tye rondom die vuur vergader? Stories. Die San se verhale is opgeteken ter herinnering aan elkeen wat kan “lees”. Die Egiptiese Farao’s se verhale van koninkryke, politiek, rykdom en oorloë is eweneens “geboekstaaf” in hul ewige rusplekke. Die mens vertél stories omdat die lewe bestáán uit stories. Elke mens se lewe is dan ook so te sê ‘n “oop boek” (en soms ‘n toe een!), ‘n storie wat wag om gelees te word.

So is elke gemeenskap vol stories. Vandag het die tradisie van die logosfeer tot ‘n groot mate geëindig. Daar is min gemeenskappe waar stories nog saans om die vuur vertel word. Die San se skilderye teen die rotswande het verdof; hul verhale word vandag opgeteken in geïllustreerde kinderboeke. Boeke het die plek ingeneem van die mondelinge storieverteltradisie. Vandag is boeke egter ook nie meer die enigste wyse om stories oor te dra nie. Die televisie en internet het ‘n belangrike bron van inligting en ook stories geword, wat in ‘n kitssamelewing die storie vinniger en met meer klank- en visuele effekte vertel. Het stories vandag nog betekenis? Die daaglikse gebeure in ‘n klein gemeenskap, selfs die storie van één lewe – maak dit nog saak?

Die studie argumenteer dat stories en narratiewe inderdaad van kardinale belang is. In Hoofstuk 1 is die impak van die konflik tussen die grafosfeer en die videosfeer op die adolessent in Promosa aangeraak. Die leemte aan stories en boeke uit opkomende Afrikaanse gemeenskappe is belig. Daar is ondersoek ingestel na die aantal publikasies (fiksie), spesifiek jeugpublikasies, deur bruin Afrikaanse skrywers wat al in Suid-Afrika verskyn het.

Vir die navorsing lê die belang van stories veral by die wyse waarop ‘n gemeenskap se identiteit/e en ruimtes daardeur vergestalt word. Johnston (1991:126) stel:

Meaning is rooted in what is shared by communities of people; stories enact personal dramas, but personal dramas are reflections of social dramas. Storytelling is how historical reality is socially constructed through language. Stories mirror and create social power and authority.

Die bestudering van identiteit, ruimte, liminaliteit, hibriditeit en grense (Hoofstuk 3) het in 'n groot mate bygedra tot die insigte wat in die studie verwerf is, en wat uitgevloei het in 'n teks vir die teikengroep.

Tydens die studie is tot die gevolgtrekking gekom dat die teikengroep op verskeie vlakke 'n hibriede groep is. Hulle is naamlik voortdurend besig met die vorming van 'n eie en groepsidentiteit oor groepsgrense heen, en in die proses van oorgang word die individu dikwels aan sekere rituele onderwerp. Hierdie hibriditeit, liminaliteit en grense het 'n rol gespeel in die skep van die teikengroep se eie tekste (Hoofstuk 5). Deur die definiëring van die teikengroep (Hoofstuk 2) en uiteensetting van relevante konsepte, was dit moontlik om sekere merkers van identiteit en ruimte vas te stel, en aan die hand daarvan kon die teikengroep se verhalende tekste geanaliseer word.

Hoekom vertel mense stories? Daar is soveel interaktiewe redes dat dit 'n studie opsigself is. Stories word vertel ter nalatenskap aan die volgende geslag. Dit word vertel om moeilike of onvergeetlike ervarings te verwerk. Maar deur alle eeue heen is stories ook vertel om die *self* en die wêreld te skep en te herskep. Die narratief, en die invloed daarvan in die vorming van identiteit, het veral aandag geniet in Hoofstuk 4. Verweef met die narratief, maar ook apart daarvan, staan die individu as lid van 'n gemeenskap en as unieke, eie mens – as *self* teenoor die *ander* (sien 3.2.1.).

Hoekom léés mense, en spesifiek adolessente, stories? Aan die ander kant, hoekom word sekere stories nie deur adolessente gelees nie? Hierdie vrae het aandag geniet in Hoofstuk 6. Die leesbelangstellings, -gewoontes en -behoefte van die teikengroep is ondersoek, en die resultate is vergelyk met soortgelyke ondersoeke wat nasionaal en internasionaal gedoen is. Sodoende kon 'n lesersprofiel gevorm word van die adolessent in Promosa, maar ook van adolessente oor tyd en plek heen. Die ondersoek het tot die gevolgtrekking gelei dat daar 'n verskeidenheid faktore is wat inspeel op adolessente in Promosa se leesgewoontes en -behoefte, en dat hierdie faktore in berekening gebring moet word in die skep van 'n jeugnovelle vir die teikengroep.

Die adolessent in Promosa se beleving van sy persoonlike en kollektiewe identiteit en ruimte, asook die rol van hibriditeit en liminaliteit in sy identiteit, het in 'n sekere mate tot uiting gekom in verhalende tekste wat deur die teikengroep self geskep is. Die bevindings van die teksanalise het weer neerslag gevind in die jeugnovelle wat vir die adolessente geskep is. Die teikengroep se voorstelling van hul identiteit en ruimte, en die vervlegdheid van hibriditeit, liminaliteit en grense, het 'n besliste rol gespeel in die skep van die jeugnovelle. Die verhaal is inderdaad gebaseer op die teikengroep se beleving van hulle identiteit en ruimte.

Daar is bevind dat dit wél moontlik is vir 'n *buitestander* om die identiteit en ruimte van 'n spesifieke gemeenskap, Promosa, só in 'n jeugnovelle uit te beeld, dat die adolessente in die gemeenskap daarmee identifiseer en dit lees. Op hierdie manier is die moontlikheid daargestel dat lees bevorder kan word onder die adolessente in die gemeenskap.

'n Verdere doel van die studie was om skryf te bevorder in die gemeenskap van Promosa. Dit is bereik deur die skep van verhalende tekste deur die adolessente in die gemeenskap self. Die middele wat vir hierdie doel aangewend is, was die skryfkompetisie en skryfkursus in die Promosa Sekondêre Skool. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat sodanige projekte wel kan lei tot stimulering en opleiding van opkomende skrywers. Projekte soos hierdie is 'n moontlikheid wat in die toekoms verder ondersoek kan word om die problematiek rondom die leemte aan *gemeenskapseie* verhalende tekste uit onder andere bruin Afrikaanse gemeenskappe aan te spreek.

Verdere navorsingsmoontlikhede wat ondersoek kan word is die volgende: 'n Vergelykende studie kan onderneem word, waarby 'n verskeidenheid van Afrikaanse gemeenskappe betrek word. In so 'n studie kan ondersoek ingestel word na die gemeenskap (of 'n deel daarvan) se leesgewoontes en -behoefte, projekte kan geloods word waartydens gemeenskapseie verhale geskep of vertel en gepubliseer word, sodanige publikasies vanuit verskillende gemeenskappe kan met mekaar vergelyk word, en resepsie-ondersoeke kan moontlik in die skole in die teikengemeenskappe gedoen word, ten einde te bepaal of gemeenskapseie verhale

lees bevorder. 'n Ander moontlikheid is dat die pasafgelope studie verder gevoer word, deur 'n resepsie-ondersoek op groter skaal aan te pak in Promosa.

Die jeugnovelle *Tussen Kynoch en die maan* is geskep, en is goed ontvang deur die teikengroep. Skryfteoretiese beginsels is aangepas op grond van die voorafgaande navorsing. Die gevolgtrekking van die studie is dan uiteindelik dat dit wél moontlik is vir 'n buitestander om 'n *gemeenskapse* verhalende teks te skep waarmee adolessente in die opkomende Afrikaanse gemeenskap van Promosa, Potchefstroom sal identifiseer.

# BYLAAG A

## 1. Opstelle

### O1. Dit het net hier in ons straat gebeur

'n Jaar terug het daar iets vreesliks in ons straat gebeur wat ek nou nog nie kan vergeet nie. Dit was op 'n Saterdag gewees 'n lieflike sonnige dag. **Daar was maar altyd mense gewees in ons straat wat verbyloop. Op daardie spesifieke dag was die straat nogal baie besig gewees. Kinders het gespeel met mekaar en daar was ook baie ander grootmense in die straat<sup>1</sup>. Daardie dag het ek voor op ons stoep gesit en musiek geluister<sup>2</sup>. Net so skuins voor ons jaart<sup>3</sup> was daar 'n groep mans wat besig was om kaarte te speel<sup>4</sup>. Dit was nie lank gewees nie toe sien ek hoe twee mans met mekaar argumenteer. en later toe begin die een te stoot aan die ander een<sup>5</sup>.**

**Die ander mans wat saam gespeel het, het probeer keer maar die twee mans wou niks verstaan nie hulle wou net mekaar gryp. Die ander mans het daarin geslaag om die twee mans uitmekaar te kry maar toe ruk die een man hom los en ruk 'n lang mes uit. Hy begin toe die ander man te steek en hy hou nie op nie hy steek aanhoudend<sup>6</sup>. Die man het begin bloei en was lam gewees hy kon nie eens opstaan nie maar die ander ou het nog steeds aanhou steek. Die ander mans wat saam was kon nie keer nie want hulle was bang hulle word ook gestek. Die straat het gewemel v.d. mense ek het in ons huis gehardloop om die polisie te bel. Nadat ek die polisie gebel het het ek weer uitgekom om te kom kyk. Ek het gehoor iemand skree doen dadelik iets want sy oog is uitgesteek dit was net bloed oral waar jy kyk. Ek was so geskok gewees.**

Toe die polisie kom het hulle die man gekeer en hom in die vangwa gelaai. Daarna het die ambulans gekom om die man **hospitaal<sup>7</sup>** toe te vat. **Ek was regtig geskok toe ek hoor die man is dood volgens die polisie het die man hom dood gebloei<sup>8</sup> daar was niks wat enige iemand kon doen vir die man nie. Die hele straat se mense<sup>9</sup> was geskok oor wat**

---

<sup>1</sup> Bedrywige omgewing tekenend van gemeenskap se identiteit; sosiale ruimte

<sup>2</sup> Luister van musiek moontlike aanduiding van lewensfase; sosiale ruimte

<sup>3</sup> Taalgebruik

<sup>4</sup> Sosiale ruimte

<sup>5</sup> Identiteit: Rolle

<sup>6</sup> Uitbeelding van karakter as slagoffer; sosiale problematiek as merker van identiteit; negatiewe waarde; sosiale ruimte; grens as metafoor van ankerloosheid

<sup>7</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>8</sup> Die dood as tema

<sup>9</sup> Bedrywige omgewing tekenend van gemeenskap se identiteit

gebeur het hulle kon dit nie glo dat dit in ons straat gebeur het nie. Die man is daarna verhoor en het 10 jaar tronkstraf ekry vir moord en poging tot moord<sup>10</sup>.

### O2. My oupa het altyd gesê

My oupa het altyd gesê “**Net die sterke mense oorleef**”<sup>11</sup> dit wil sê as jy sterk is sal jy langer lewe, want hierdie lewe is baie swaar.

Soms is die lewe baie lekker, maar meer is dit swaar. Daar is tyd om te huil en daar is ook tyd om te lag en daar is tyd vir enige ding en as jy 'n mens is moet jy sterk is en altyd fiks wees vir enige ding wat sal kom. Om sterk te wees is nie net om swaar gewigte te kan optel nie, maar ook sterk gevoelens te het. As jy sterk gevoelens het is jy 'n sterk mens en wat oral kom sal jy kan oorwin.

Net die sterkstes oorleef het my oupa altyd gesê en het altyd gesê dat hierdie wêreld is groot en as jy nie sterk is nie gaan jy niks word in die lewe nie. Soos hy altyd sê dat soms lag ons en soms huil ons en in die bybel staan dit ook **daar is tyd vir enige dinge** en moet altyd fiks en sterk wees vir die moeilike lewe wat sal kom.

### O3. My oupa het altyd gesê

**My oupa was ander Oupa wat altyd groot bekends was; amper soos Nelson Mandela**<sup>12</sup>.

Hy het altyd gesê dat as jy wil iets doen in jou lewe jy mag nie laat iemand jou sê dat jy kan dit nie doen nie. Ek onthou die dag to ek vir hom sê dat ek wil 'n dokter wees eendag. To sê hy vir my, my kind ek wil jou net een ding sê, “**Jy weet dat jou pa werk alleen en dat jou ma werk nie**”<sup>13</sup>, jy moet hard werk in jou skool werk so dat as daar iemand wat wil jou help, hy kan sien dat jy werk hard.” Die last dag to het ek saam met my oupa gepraat het, **Ons het oor my drome dat ek wil 'n dokter wees. Hy het my gesê Christinah, my kind jy mag nie laat dat jou drome mat loop verbly jou net soos die winde in die aarde. Jy moet elke ding doen om jou drome te kan win. Hy het altyd gesê dat laat niemand vir jou sê dat jy kan dit nie doen nie**<sup>14</sup>. Ander dae ek wens dat hy was nou nog moet ons, soos **dat hy kan sien hou probeer om harder te werk**. Maar al wat ek weet is dat My drome is nie net vir my nie maar ook vir my Oupa. My was 'n Oupa want vertrou is 'n niemand want wil iets in sy lewe doen wat groot is.

---

<sup>10</sup> Oorgangsríte

<sup>11</sup> Waarde

<sup>12</sup> Held

<sup>13</sup> Uitbeelding van karakter as slagoffer deur skets van maatskaplike problematiek

<sup>14</sup> Waarde

#### O4. My grootse wens

**My grootste wens is om my skoolloopbaan te voltooi<sup>15</sup> en om verder te gaan studeer. Ek sal graag vir 'n maatskaplike werker studeer<sup>16</sup>, want dit is die soort werk wat ek weet ek sal geniet.**

Die rede hoekom ek 'n maatskaplike werker wil word is omdat ek daarvan hou om anders te help waar ek kan. Dit is vir my baie belangrik om ander mense te help sodat jy ook eendag gehelp kan word. Ek sal graag my werk wil doen soos dit gedoen mag word soos om kinders te help. **Daar is baie kinder hier binne ons omgewing wat nie blyplekke het nie. Daar is weer ouers/moeders wat hulle pasgebore babatjies in asdromme, toilette, busstoppe en op enige plek waar hulle dink is reg, weg of ingooi<sup>17</sup>. Ek wil die kindertjies help, want hulle het nie gevra om op aarde te wees nie. Dit maak my altyd so hartseer om in boeke of in koerante te lees dat daar weer 'n baba opgetel is** daarom wil ek 'n maatskaplike werker word om van hierdie dinge op te los, om hierdie kinders 'n woning kan gee waar daar liefde is.

Ek sal graag my doel wil bereik om my wens te bewaarheid.

#### O5. My grootste wens

**My grootste wens is om 'n Apteek te word. Apteek is iemand wat siek mense pele gee om gesond te wes. volgens hulle voorskrif.**

Ek wel by Medunsa gaan studier.

Ek wel gaan werk in die hospitels of in Amerika se modile kliniek.

Ek wel help mense in die plaase.

Ek gee medisyne aan mense volgens hulle voorskrif. maar ek het ander wens, **Ek wel ry met 'n nuwe mercedes benz ML Jeep<sup>18</sup>.**

Maar my grootste wens is om te help mense in die plaase en plots met **mediese diens** help<sup>19</sup>.

**En ek wel help mense wat dwelms om probleem te los<sup>20</sup>. Ek wil ook ekstra geld te maak om kinders te help en mense wat nie kos of slaap plek het nie<sup>21</sup>.**

---

<sup>15</sup> Waarde

<sup>16</sup> Drome en ideale as merker van identiteit; waarde

<sup>17</sup> Sosiale problematiek: uitbeelding van "slagoffers"; sosiale ruimte; grens tussen "ons" en "hulle"

<sup>18</sup> Statussimbool

<sup>19</sup> Ideale sosiale ruimte

<sup>20</sup> Sosiale problematiek as merker van identiteit; sosiale ruimte

## O6. My grootste wens

**My grootste wens is om eendag 'n suksesvolle sielkundige te word<sup>22</sup>.**

Ons land se bergers ly aan verskillende mentaliteits of emosionele siektes. Voorbeelde van siektes, **kinder mishandeling, verkragting, skeiding van ouers<sup>23</sup>**, ens. wat meeste mense nie kan hanteer nie. **Ek het 'n visie dat ek eendag 'n verandering in meeste mense se lewe maak<sup>24</sup>. Op hierdie oomblik kom baie teeners na my toe vir advies en ek maak regtig 'n indruk op hulle lewe<sup>25</sup>. Een van die vervloeking is arm-moed wat maak dat mense aan depresie ly<sup>26</sup>. Daar is nie veel wat die skool kan doen nie, maar hulle probeer hul bês**

**'n Sielkundige is iemand wat mense se probleme probeer oplos deur middle van gesels en probeer om 'n weg vir ander te kry<sup>27</sup>.** Daarom wil ek eendag 'n sielkundige word. Ek voel dat ek die las sal kan beheer of dra. Ja, dis nie maaklik om met mense te praat nie omdat mense verskillende karakters het, maar as jy as sielkundige self-vertroue het, sal jy met verskillend karakters kan sosialiseer.

## O7. Dit het net hier in ons straat gebeur

Een dag het iets net hier in ons straat gebeur, 'n man wat baie bekend was, 'n man wat niemand sal vergeet nie, 'n dag wat niemand ooit sal vergeet nie. Dit het net hier in ons straat gebeur.

Hier die man het een oggend tyd sy vrou allen by die huis gelos en saammet vriende gaan drank drink by 'n **drankplek<sup>28</sup>**. Hulle het toe gedrink en lekker dronk geraak. Omdat hierdie man 'n man van grappies is, het hulle almal gelag, gedrink en gesels. Het hy toe huis toe gestap was daar 'n man wat vir hom agtervolg het.

Die man wat vir hom agtervolg het, het **heeltyd vir die ander man dop gehou en beplan hoe om sy lewe te eindig, hy het toe 'n skroefdraaier gehad en vir die arme man gesteek<sup>29</sup>**. die arme man het toe gehardloop omdat hy nie onmiddellik dood gegaan het nie.

---

<sup>21</sup> Drome en ideale as merker van identiteit, waarde; sosiale ruimte

<sup>22</sup> Waarde

<sup>23</sup> Negatiewe waardes; sosiale ruimte

<sup>24</sup> Drome en ideale as merker van identiteit

<sup>25</sup> Identiteit: Rolle

<sup>26</sup> Sosiale problematiek as merker van identiteit; sosiale ruimte

<sup>27</sup> Waarde

<sup>28</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>29</sup> Negatiewe waarde; dood as deel van sosiale ruimte; grens as metafoor van ankerloosheid

**Maar omdat die man rerig beplan het om hom dood te maak het hy aanhoudend gegaan vir hom en ongelukkig het hy net hier in onse straat voor onse huis kom vaal en het net daar gesterf<sup>30</sup>. Die moordenaar het toe self polisies gebel en toe gevlug tot nou toe weet niemand wie dit gedoen het nie.**

#### O8. My grootste wens

**My grootste wens is dat daar eendag 'n geneesmiddel vir Vigs sal gevind word<sup>31</sup>.**

**Honderde mense sterf elke dag as gevolg van MIV/Vigs<sup>32</sup>.** Vigs is 'n doodelike siekte, nie net is dit 'n siekte nie, maar 'n virus. Statistieke bewys dat 1 uit 5 mense MIV besmet is. 'n Mens kan die virus op verskeie manier keer bv inkontak met 'n persoon wat MIV/Vigs besmet is (seksial), bloed oorplantings, ens. Persone met die virus word somtyds deur familie, vriende en gemeenskap afgeskeep. Dis nie maaklik om die siekte te ervar nie maar ons moet nie die geene met die virus afskeepnie. Dikwils dink die nie besmete mense dat MIV/Vigs net 'n seksiale oordraagbare siekte is, dis omdat hulle nie MIV/Vigs kennis bevorig is nie. Die virus het sells 'n efek op ons land se ekonomie omdat elke skool voorbehoetmiddles by ander lande moet aankoop.

**Duisende mense weet nie hoe hulle die virus gekry het nie en ons wie nie MIV/Vigs besmet is nie moet liever saam met hulle hoop vir kuur.<sup>33</sup>**

#### O9. My grootste wens

**My grootste wens is ek wens eendag 'n dokter kan wees<sup>34</sup>. Ek graag al my matrieklande punte moet hoë is, soos as ek kan my beste doen<sup>35</sup>.**

Ek graag laat ek kan my beste doen soos **ek wil eendag vir baie mense kan help en kry medisyne vir hulle<sup>36</sup>.** Vigs is die enegste problem wat ons'e baie jonger mens hê soos baie van ons vandag is siek of dood is moet vigs anders is swaer is hulle kinders geboort moet vigs. Hulle moeders en pa's is dood vandag ander graag dat as hulle kan net 2010 kan maar hulle kan nie want die grootste siekte is onmekaar hulle. **Soos ek het gese ek wens 'n**

---

<sup>30</sup> Die dood as tema

<sup>31</sup> Ideale sosiale ruimte

<sup>32</sup> Die dood as tema; sosiale ruimte

<sup>33</sup> Sosiale problematiek as merker van identiteit

<sup>34</sup> Ideale sosiale ruimte

<sup>35</sup> Waarde

<sup>36</sup> Waarde

**dokter is so ek kan kry die beste medisyne vir vigs so dat ons mens kan ok nie so dood nie<sup>37</sup>.**

2010 is ons droom dat ons graag u vir elke een kan die dag kan sien. 2007 as my grootste wense kan gelukkig wees **ek wil my eie kamer (office) waar baie mense gaan vir my kry.**

Daar is nog weer my tweede grootste wens. **Ek wens laat ek kan my eie familie hê, my kar, my hond en my eie huis saam met my kind as God kan vir my hoor<sup>38</sup>.** Ek graag om laat 'n mooiste familie en 'n lewe met my ma kan weer hê. Ek kry my self is 'n interessante persoon.

#### O10. Die keer toe ek amper dood was

Dit was 'n gewone dag sos ander dag sos 'n mense kan sê as jy nie ken nie wat gaan gebeur gediren die dag.

**Ek het my vriende gaan kyeer sy is 'n skenerbek<sup>39</sup>. Ek het net gaan lestuur het sy nie nuwe nuus nie vor my nie. toe kry ek was sy haar klere<sup>40</sup>.** Ek het vor haar gewag.

terwyl ons sit ons, sit hoor ons iemand wat heil en skree. Ons het gewoener wie is dit. toe gan ons kyk wie is dit: toe sein on is my **beurmeisie** hulle skrie 'n batlei.

Ek het gaan keer. want ek ken haar 'n ek kan nie so kyk as 'n mense so **geslaan word nie. die man wil haar gestek toe kom ek tessun hulle twee en ek het voor die meisie gestoot toe stek hy my.**<sup>41</sup>

**Ek hoor mense sê da kom bloed uit<sup>42</sup>.** Ek het net gewonder van wie praat hulle van. en ek voel my arm was so lam ek seir gewees. Ek val en alles was doof voor my. Die volgende dag as ek opstaan was ek **hospitaal<sup>43</sup>** toe

#### O11. My grootste wens

**My grootste wens is om eendag iets te wees, 'n voorbeeld vir die klein kinders wat na my kom ek wil 'n suksesful vrou wies met baie ambisie<sup>44</sup>.**

<sup>37</sup> Drome en ideale as merker van identiteit; statussimbool; ideale sosiale ruimte

<sup>38</sup> Ideale ruimte

<sup>39</sup> Identiteit: Rolle

<sup>40</sup> Rol van gemeenskap in kollektiewe identiteit

<sup>41</sup> Negatiewe waarde; sosiale ruimte; grens as metafoor van ankerloosheid

<sup>42</sup> Bedrywige omgewing tekenend van gemeenskap se identiteit

<sup>43</sup> Deel van groter dorpsruimte

**As ek eendag skool los dan wil verder studier by die UCT dit is een van my grootste wens.<sup>45</sup> Ek wil 'n opteek wies ek wil elke droom van my vervul.**

**Ek wil eendag my eie aptekers hë amper drie drops op drie provinsie dit is my grootste wens. Ek wil 'n verskillende maak by baie mense se lewe eerte my ma, familie, en my gemeenskap en land<sup>46</sup>.**

**As mense net kap hou op om te ontmoedig dan sal ek 'n baie mooi suksesful lewe he, maar ek gaan nie laat iemand los op my drome te kan vervul<sup>47</sup> want hulle is neks na my want ek gaan eendag 'n kuur vir vegs kry.**

**Ek wens ook by oorkant werk op daar 'n familie he 'n baie groot huis, mooi kare dit is my grootste wens<sup>48</sup>.**

#### O12. Dit het net hier in ons straat gebeur

Een dag in ons se straat iets het gebeur en dit het by ons se straat gebeur. dit was 'n ongelik wat gebeur. 'n man het 'n kind gestamp met 'n kar. Van die hoek af toet by die hoek. die kind het tot by die hoek ge vlieg.

To nou die mense het nie gesien nie. die kinders het ook nie gesien nie. to dit gebeur. Die kind het in die boos ge vaal. helle het die kind gesoek en die man van die kar het veg gery.

Helle het die kind gesoek tot in die aan en to helle die polisie gebel to bel iemand oom die familie te se helle moet in die bos gaan kyk. toe helle gaan kyk die kry helle die kind. toe bel helle die ambulance and die polisie.

Die polisie het nooit die man gekry nie en die kind is reg. hy lewe nog maar hy kan nie reg loop nie. en hy die kind ook hy het nie die man ge sien nie hy ken neks nie.

---

<sup>44</sup> Drome en ideale as merker van identiteit; statussimbool; waarde; ideale ruimte

<sup>45</sup> Waarde

<sup>46</sup> Ideale ruimte

<sup>47</sup> Waarde

<sup>48</sup> Ideale ruimte

O13. Dit het net hier in ons straat gebeur

Die Saterdagoggend dit ek in my kamer en **sleutelbord speel**<sup>49</sup> en skierlik hoor ek 'n slag en vat dit maar nie kop toe nie omrede ek het gedink dis iets in die huis wat geval het gaan maar aan wat ek mee besig is.

**Ewe skierlike hoor ek 'n klomp mense besig om te skreeu en uit nuusierigheid kyk ek by die venster uit en sien dat een van die voertuie van die begrafnis het te vinnig om die draai op in die straat gery en het omgekeer en die was 'n trok met mense daarop**<sup>50</sup>.

Die trok op sy, sy geval en mens het onder die trok gelê, want hulle bene was onder die trok in een die trok is nog in 'n lê-ende posisie.

Later help 'n klomp mans die trok optel en daaruit kom die skokkende nuus dat twee persone oorlede is in hierdie tragiede, en die een man wat oorlede is was reeds op pad om sy suster gaan begrawe en **die dood tref hom langs of op pad na sy suster se graf**.<sup>51</sup>

Na 'n uur of twee dag noodhulp span daar aan en help die mens toe kan 'n mens die erns van die saak sien, die wonde wat die mens opgedoen het. Later kom die eienaar van die trok daar aan en wat so snaak was dat is dat hy niks te doen het met die ongelyk hy is net bekommerd oor sy trok en sê: "want 'n mens mag mos nie met 'n trok begrafnis toe gaan, dat klim die hele wêreld se mens daarop."

Toe kom nog skokkende nuus dat die bestuur van die trok het geen lisensie nie, en soos ek waarneem het hy nogal baie vinnig gery en dis by 'n begrafnis.

Hy was aangekla en 'n mens kon sien dat enige iet met enige iemand kan gebeur op enige tydstip.

O14. Dit het hier in ons straat gebeur

Die jaar was 1997. Ek was omtrent 13/14 gelede<sup>52</sup> wat daardie aklige dag gebeur het. Ons het van my antie hulle dian afgekom. Die aand het ons gaan slaap waar ons opgestaan het.

---

<sup>49</sup> Moontlike aanduiding van lewensfase

<sup>50</sup> Identiteit: Rolle

<sup>51</sup> Die dood as tema; begrafnis as ritueel; dood as deel van sosiale ruimte

<sup>52</sup> Aanduiding van lewensfase

**Toe ons kom kry het daar 'n antie langs ons die kersfees aand verkrag en dood gemaak was<sup>53</sup>.** Die mans mens het vry gekom die polisie het die saak ge onder soek. Maar het toe afgekom op die man wat die moord gedoen het. die man het die sak gewen. die vrou se famielie het nie van dit gehou nie. Hulle was teleergesteld in die **hof** se keuse om die man vry te laat gaan. Dit was so hartseer om die familie te sien uit gaan sonder om hulle beskuldige in die **tronk** gesien gaan.

**Die nag was baie lelik gewees om te sien hoe iemand langs jou huis kom op getel word met die begrafnis hospitaal<sup>54</sup> bus<sup>55</sup>.** My ma het alles gesien die oggend wat hulle haar kom haal het. **Die mens in die straat het uit gekom om te sien wat aan gaan<sup>56</sup>.** Die mense was geskok om dit te hoor. Haar familie het dit gaan verklaar en die polisie gevra waarom hulle die man gaan vry laat.

Die is 'n dag in my lewe wat ek nie kan sal vergeet nie. Tot nou nog toe kan ek nog onthou. My degate kan nog daardie dag van die moord af speel. Die man wat dit gedoen het is nou van sy kop af en hy voel nou onskuldig. van wat hy gedoen het. Hy het dit nooit besef dat daardie dag hom sal aan vat nie.

Die polisie het nie hulle werk reg gedoen nie, want was daar nie 'n moord daardie aand nie. Hulle moet die mense beskerm. Er hulle het nie hulle werk gedoen maar die ergste was toe die hof die man laat vry gaan. Die man was skuldig en hulle het 'n moordenaar laat gaan.

#### O15. My grootste wens

My grootste wens is dat ek eendag 'n Dokter wil word. Ek het al van kleintyd af gesê ek wil eendag 'n dokter word. Toe ek klein was het ek altyd met my poppe gespeel en gemaak lyk hulle is siek dan het ek hulle gesond gemaak. Dis toe dat ek besef dat ek regtig in daai beroep wil studeer. Ek wil mense se lewe graag red sodat hulle normaal kan lewe; nie 'n lewe met 'n gebrek nie.

Om 'n dokter te wees gaan baie harde werk kos waarvoor ek bereid is om te doen. Daar is verskillend siektes wat daar nog geen geneesmiddel is nie en ek wil 'n verandering maak om nuwe kure uit te vind. **Ek wil baie graag mense help wat nie duur medikasie kan**

---

<sup>53</sup> Sosiale problematiek as merker van identiteit; Kersfees as ritueel; negatiewe waarde; sosiale ruimte; grens as metafoer van ankerloosheid

<sup>54</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>55</sup> Identiteit: Rolle

<sup>56</sup> Bedrywige omgewing tekenend van gemeenskap se identiteit

**bekostig te help**<sup>57</sup>. Om 'n Dokter te wees moet ek bereid wees om die nagevolge te dra soos om met bloed te werk. Ek sal verskillende pasiente hê wat verskillende beserings of siektes het wat ek moet versorg; so ek moet baie geletterd wees sodat ek kan weet watter pasiente watter medikasie moet kry. Om my wens te vervul sal ek hard moet leer; ek wil ook eendag my eie praktyd stig sodat ek minderbevoorregte mense kan help. Ek beoog om nie slaaplose nagte te hê oor pasiente wat ek miskien verloor het; maar ek sal my beste gee sodat iets soos daai nie gebeur nie.

**My wens sal vervul wees sodra ek klaar met my skoolloopbaan is.**<sup>58</sup> **Ek wil baie graag aan die beste oneverseteit gaan studeer sodat ek die beste opleiding sal hê om my pasiente te versorg**<sup>59</sup>. **In my lewe het ek geleer as ek die beste wil wees moet ek streef vir die beste**<sup>60</sup>. Ek wil my lewe omsit om ander se lewens te red en selfs die beste wees in my beroep. Ek sal my eie lewe nie in gevaar sit nie; maar ek sal ook alles in sit om ander te help. Ons het nie baie Dokters in ons familie nie; seker so 5 of 6; maar daar is baie verpleegsters so ek is om die volgende Dokter te wees/word in ons familie.

#### O16. Die keer toe ek amper dood was

**Dit was een lieflike somers aand en ek en my vriende het almal saam 'n tydjie gespandeer**<sup>61</sup>. Ons was by 'n klub<sup>62</sup> waar ons lekker gedrink<sup>63</sup> het en net die beste van alles gemaak. **Ons was met my pa se motc.** en ons het heelaand rondgery na verskillende klubs toe.

Dit was amper tyd om huistoe te gaan en hulle het vir my gese moet nie soos 'n muisie aangaan nie. en ek het toe verder saam gesit en drink. Ons was vier vriende wat saam was daardie aand en ons het die beste van alles gemaak.

Een vriend van my het sy meisie gebel en sy het vir hom gesê ons moet na haar toe kom sy en 'n paar vriende is alleen by hulle huis. Ons is toe opad. die aankoms van daar was amper goed om waar te wees want nie een van ons het lisensie nie en ons almal is onder die invloed van alkohol.

---

<sup>57</sup> Ideale sosiale ruimte

<sup>58</sup> Waarde

<sup>59</sup> Identiteit: Rolle; statussimbool

<sup>60</sup> Waarde

<sup>61</sup> Identiteit: Rolle

<sup>62</sup> Aanduiding van lewensfase; deel van groter dorpsruimte

<sup>63</sup> Drankgebruik as deel van adolessente lewensfase

Ons het 'n lekkerjol saamgehad van haar vriende was met my vriende hulle het begin stadig wêg raak een vir een met 'n meisie. En ek was al een wat nie 'n meisie gehad het daardie aand nie. Hulle het besluit ons moet die volgende dag huistoe gaan en ek was glad nie bly nie want my ouers is bekommerd waar is ek.

Ek is toe op en sê vir hulle ek ry wie nie saamkom sal bly. Ek was toe kwaad vir hulle van hulle het gesê ons gaan nie vir lank daar bly nie. Ek is toe hastig daar wêg met 'n stinkspoed om by die huis uitekom. En ek ry en ry omtrent 180 km/h op daardie pad om by die huis uitekom. En skielik spring daar 'n haas in die pad en ek wil probeer uitdraai maar kan nie uitswaai nie en rei toe in ander motor vas.

Ek was amper dood die medics moes my uit die motor uitsny en ek het my nek seer gemaak ek was amper dood, en my pa se motor was toe afgeskryf. dit was in 'n lelike toestand en mense kon nie besef dat ek lewendig daar uitgekom het nie.

Ek was toe aangekla vir dronk bestuur en dat ek nie op 'n pad behoort nie omdat ek nie lisensie het nie. Ek kan nou nog nie glo dat ek uit daardie motor gekom het nie dit was net so dan was ek dood. **Alles tedanke aan God se genade dat ek nog hier kan sit<sup>64</sup>**. En ek het een ding geleer moet nooit drink en bestuur nie jy mag dalk jou eie lewe nou knip.

#### O17. My oupa het altyd gesê

My oupa is tagtig jaar oud en is baie lief om van die verlede te praat<sup>65</sup>. Hy vertel graag staltjies uit sy kinder lewe. Elke keer as ek vir hom gaan kuier sê hy vir my "bossiekop" ek onthou dat 'n bietjie kennis baie gevaarlike is vir naturelle<sup>66</sup> dus moet jy skool toe gaan en leer."

Na vyf en dertig jaar het my oupa nog steeds nie aangepas in Promosa nie hy hunker nog terug na **Willem Klopperville<sup>67</sup>** waar hy sy kinder jare deur gebring het. Hy vertel my altyd van hoe hy vis gevang het in die **Mooi rivier<sup>68</sup>**. Die visse in **Promosa dam<sup>69</sup>** het rooi oë en word volgens hom nie gaar nie.

Ek het al geleer dat ek nie vir my oupa moet vra of hy wil tee hé nie, want hy sê altyd vra gee nie graag nie en al wou hy tee gehad het sal dit nie lekker smaak nie net omdat ek gevra het.

---

<sup>64</sup> Godsdienstige bewussyn

<sup>65</sup> Grens tussen hede en verlede

<sup>66</sup> Etniese grens

<sup>67</sup> Deel van historiese dorpsruimte

<sup>68</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>69</sup> Deel van groter dorpsruimte

Hy sê ook altyd vir my dat ons blomme moet gee terwyl hy lewe, want as hy dood is sal hy nie weet of die blomme verlep is wat ons op sy graf gaan sit nie.

Ek moet altyd hoor dat die waarde van geld nie meer dieselfd is soos in die verlede nie. 'n Brood het 20 cent gekos en vandag kos dis (R5,00) vyf rand. Volgens hom oor 'n paar jaar sal ons geld het maar dit sal te min wees om 'n brood te koop.

**My oupa sê ook altyd hoe trots hy op sy kleinkinders is<sup>70</sup>**, want ons het elkeen een van sy vele talente ontvang. Hy het altyd gesing toe hy jonk was nou sing ek en my broer in die kerk koor. My neef bou modelle met planke en sommige keer gee my oupa raad.

My oupa kon altyd 'n rok in die winkel sien en dan dieselfde rok sny en werk my niggie leer nou om 'n ontwerper te word terwyl die ander een klere vir troues en afskuitmeisies werk onder my oupa se toesig siende dat sy geen klasse in naald werk ontvang het nie.

**My oupa is welbekend in Promosa vir al sy spreuk woorde en sy sêgoed<sup>71</sup>**. Niemand sal hom maklik kan vergeet nie veral as hy sê waar daar lewe is, is daar liefde.

Maar wat ek altyd sal onthou is as hy gesê het **as 'n mens moet moeite doen om iets te doen dan moet jy dit van die begin af reg doen<sup>72</sup>**.

#### O18. My grootste wens

**My grootste wens is om 'n sangeres te word.<sup>73</sup> Ek wou altyd voor 'n gehoor in 'n Auditorium optrede, maar dit het altyd vir my nct soos 'n droom gelyk wat nou nie kan waar word nie.<sup>74</sup>**

Dit was op 'n weeksdag toe ek die advertensie sien waar hulle adverteer het van 'n sang kompetisie, en ek het besluit om 'n kans te vat, want wat het ek om te verloor, behalwe nie om die kompetisie te wen nie. Ek het gedoen soos hulle gevra het. 'n Cd of kaset van jou musiek wat jy sing en as jy gekies word sal jy die kans kry om op te tree en wie weet jy kan dalk gelukkig wees om gekies te word.

Twee dae daarna het ek 'n telefoon oproep gekry waar hulle vir my gesê het ek is gekies om die vrydag aand op te tree dit was die wonderlikste nuus wat ek nog ooit gekry het.

**Die vrydag aand het aangebreek waar ek in 'n Auditorium<sup>75</sup> voor 'n gehoor optree en begin sing het dus wat ek altyd wou doen. Ek was verras hoe ek die gehoor aangetrek**

---

<sup>70</sup> Identiteit: Rolle; Held

<sup>71</sup> Uitbeelding van familie as deel van kollektiewe identiteit

<sup>72</sup> Waarde

<sup>73</sup> Waarde – sukses en ambisie

<sup>74</sup> Grens gevorm deur konteks, tradisie en narratiewe; grens tussen droom en werklikheid

Op dieselfde pad sê sy, sy is moeg en wil rus. Ek laat haar toe om te rus, wat ek vir haar sê ons moet weer aanloop maar sy sê sy is te moeg om te loop. Ek het nie geweet wat om te maak, sy het begin warm kry ek het probeer om vir wind met my hande te waai maar dit het nog steeds nie gehelp nie. Dit het laat begin word, werkers het al van die werk af gekom, maar ek het nog steeds gesukkel met haar. **Daar het 'n oom verby gery met 'n fiets, ek het hom geroep en gevra om my te help met my ouma**<sup>152</sup>. Ons het haar toe regop gekry op haar sitvlak maar nie op haar bene nie. Sy't vir my gesê ek moet vir die oom 'n R2-00 gee sodat hy die ambulans kan gaan bel want ons sal haar nooit regop kry nie. Die oom het toe gaan bel en terug gekom, ek het maar so met my ouma gesit ek het haar kop op my laat rus.

---

<sup>149</sup> Godsdienstige bewussyn; identiteit: rolle; deel van groter dorpsruimte

<sup>150</sup> Identiteit: Rolle

<sup>151</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>152</sup> Uitbeelding van familie/gemeenskap as deel van kollektiewe identiteit

Ons het gewag vir die ambulans maar dit het nie uitgekom nie. **Ek was naderaan bang vir wat besig was om te gebeur, ek het af na my ouma se gesig gekyk en gesien hoe haar asem stadig weg raak, ek het gesien hoe sy probeer baklei teen die dood maar alles was tevergeefs<sup>153</sup>.** Ek kon dit nie geglo het nie toe 'n ander oom vir my sê my ouma is dood. Ek was nog klein, 'n kind van 13 jaar oud. Hoe kan ek verstaan het, ek het haar so gehou in my arms, ek het gehuil. hoe kan dit gebeur, my ouma. Mense het probeer om my weg te vat van haar maar ek het haar vas gehou tot die ambulans gekom het. Toe hulle daar kom **het een blanke man my hand 'n druk gegee<sup>154</sup>** en gesê my ouma is dood. Hulle het haar toe gemaak met 'n wit laken toe gemaak en my weggeneem. Ek kan dit nie gelo het nie want ek het geweet sy is verewig weg en ek sal haar nooit weer sien nie. So sal ek nooit daardie dag, die 3 Maart 1998 vergeet nie. Dit het my geleer om te sê vaarwel ouma, ek het geleer om te vergeet maar ek kan nie, want dit was die hartseerste dag van my lewe.

#### KO7. Die dae in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie

**Die jare negentigs het ek deur 'n moeilike tyd gegaan, waar ek en my neefs kalvoet in die winter skool gegaan het, asgevolg van ons omstandighede<sup>155</sup>,** waar my ouma alleen gewerk het by die Promosa-Sekondêre Skool. Ons moet haar gaan help het na skool met klasse skoon maak.

Destyds het hulle gepraat van sjokdowns (vetkoek)<sup>156</sup> die groot een, dan het my ouma af **Laer Skool<sup>156</sup>** toe gekom en dan deel sy hierdie groot vetkoek tussen ons omdat daar nie te veel was nie. Wanneer ons siek geraak het, sy die borste hoes midesyne gekoop en ons almal deel daaruit. **My ma en ooms het ook deur 'n moeilike tyd gegaan waar hulle nie gewerk het nie, dan moes my ouma 'n groot pot met vetkoeke gepak het met sop, sodat ons almal kan eet, en van my tantes het nog in die huis gewoon<sup>157</sup>.** Daar was net een tant wat getroud was, en haar eie lewe begin en vergeet van my ouma, ek was omtrent 10 en 11 jaar oud teen my ouers. My oupa het by die **slaghuis<sup>158</sup>** gewerk. As hy salaris ontvang het, het hy nooit huistoe geklok nie, stryd na die **bierhuis<sup>159</sup>** in Promosa, dis hoe hy en my ouma uitmekaar geword het. Hy was baie streng gewees, as hy kwaad word, het hy rook getrek in die gesig. Wanneer ek gestuur was, word dit gespieg op die grond, en voordat die spieg droë word dan moet ek terrug wees. **Een van my ooms het die Here gaan aanneem** asgevolg die omstandighede en die was vir my die hartseerst teen daardie tyd. Ons moes na skool

---

<sup>153</sup> Die dood as tema; dood as deel van sosiale ruimte; dood as simboliese grens

<sup>154</sup> Aanduiding van ras; etniese grens

<sup>155</sup> Grens gevorm deur konteks

<sup>156</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>157</sup> Uitbeelding van familie as deel van kollektiewe identiteit; fisiese ruimte

<sup>158</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>159</sup> Deel van groter dorpsruimte

kalvoet bos gaan inwei vir hout, sodat vannand kan vuur gemaak word, as ons nie hout bring, dan is daar nie kos vir jou nie. Een van my anders oom het uit die **gevanginne** gekom en die lewe vir ons kom verder moeilik kom maak. As my ouma haar salaris ontvang het en haar goeitjies skuld gedoen het, dan het hy haar probeer dryg met geld. My ouma het altyd geweier om vir hom geld te gee, want daar was nog babas ook nog om te sorg. **Hy het in die sitkamer geslaap van skelmheid, en dan steel hy my ouma se geld, wanneer sy dit mis, begin hy te slaan aan ons om die geld uit haal<sup>160</sup>**, dan weet my ouma hy is skuldig omdat hy aan ons slaan. My ouma het hom uit die huis gesit en hy vloek omtrent na haar en ons huil hard en hardloop weg vir die dag. Later in 1996 en 1997 het ons na talente gaan opsoek, begin dromme gemaak en dit op straat gaan speel, en meisies het belanggestel aan trompopies en dit was suksesvol vor ons. **Later weer in 1997 April die 4 word my neef doodgesteek van hom eie vriende<sup>161</sup>**, hulle het op 'n **drank plek** verdwaal en geborrel oor pet van hom. En **hy het ons verlaat vanuit die huis na die graf<sup>162</sup>**, ons was baie geheg aan mekaar. Asgevolg ons drie saamgeslaap op die grond. Hy was 'n goeie albaster speler en ons het altyd op hom staat gemaak. Ek het die standerd van drie gedoen die tyd toe hy sterwe. My ouma was nou op pensioen teen daardie tyd en dit was moeilik om vor hom te begrawe. Maar ek het my sterk gemaak en gesê ek wil vooruit kom in die lewe en vergeet van dit wat gebeur het. **In 1999 kom ek op Hoër Skool Promosa, en my niggie het ook die skool verlaat asgevolg die probleme<sup>163</sup>**. Ek het alleen gevolg op **Hoër Skool<sup>164</sup>** en geen vriende meer nie. Ek het begin stil geraak en gesê ek gaan leer om bo uit te kom. **Op 22 Februarie 2000 toe verloor ek weer my oupa**. Hy het rond geswerf asgevolg die koue dae en as ek hom kry in die straat word ek hartseer. Ek het maar net aangegaan en om te vergeet, maar kan nie vergeet nie. **Op 22 Augustus 2001 verloor ek weer my ouma** asgevolg van brandwonde, en daardie aand terwyl ek slaap was die huis aan die brand. Ek hoor 'n stem – Ravel! Ravel! Ravel! Wakker skrik toe is my ouma tussen die flamme. Ek het haar lewe gered, en die ambulance geontbied en sy het vir drie maande onder die koma gelê en gesterwe. Ek het vir my gesê die broodwinner is nie meer daar nie. Want my pa was werkloos en my ma. Dit was die ergste in my lewe. Op 4 Maart 2002 verloor ek my ma Doreen terwyl ek by die skool is. Ek het begin swak en moedeloos geraak en gesê wêreld vat my, maar die Here het gekom en vir my gesê -- my kind hier is ek. En ek antwoord Here, hoe maak ek nou, want ek weet nie watter rigting nou nie. Ek was standard sewe op daardie stadium. My skool moes help met kollekte. My ma was siekste daardie aand en haar hospitaal toe geneem en dit was my laaste saam haar die Saterdag en Sondag by **Kalie de**

---

<sup>160</sup> Negatiewe waarde; grens as metafoor van ankerloosheid

<sup>161</sup> Sosiale ruimte

<sup>162</sup> Die dood as skeidingsrite; dood as deel van sosiale ruimte; dood as simboliese grens

<sup>163</sup> Identiteit: Rolle

<sup>164</sup> Deel van groter dorpsruimte

**Haas Hospitaal**<sup>165</sup> waar ek die aand huis toe moes hardloop, daar was geen transport daar laat aand om en by 2:35 die oggend wat ek by die huis aan kom. **My ma sterwe die Maandag** oggend by 11:00. Maar die Here het my kom sterk maak dat ek amper met skool klaar is maar ek en die familie dink altyd aan hulle. Ek het later by my anders tantes gaan woon. Want die tante wat getroud was het die huis gekry asgevolg sy werk. Die dag wat ek trek sê ek gaan ons [onduidelik], twee, twee slaap op enkel bed. Op Sondag **kerk**<sup>166</sup> toe gaan ons vier vertrek in donkerte. **Ons sop en vetkoek. Ons nag stories in die aand wanneer ons gaan slaap. Alaml lag saam. Ons bioskoop aand by die saal**<sup>167</sup>. **Vandag kan ek sê ek 'n senior leerling van Promosa Sekondere Skool.**<sup>168</sup> Ek dank die Here daarvoor en die talente wat ons het. Dit is wat gebeur het gedurig die 90's. Dankie vir die geleentheid van ons drome en visies.

#### KO8. Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie

Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie (Nov 21 1996).

Dit was een van daardie dae wat jy voel niks sal verkeerd gaan nie, dat dit jou dag en jou dag alleen is. Ek was op my gelukkigste **dit was my aannemingsdag**<sup>169</sup>. Maar dis nie net ek was nie, maar ook drie van my **beste niggies**<sup>170</sup>. Ons het almal by my tante se huis aan getrek. Daardie huis was een van die woelligste huise, ons se hare was nie reg nie, die een trek die ander een se rok aan die skoene lê die hele huis vol. Dit was deurmekaar en kopseer vir my mammie en tante. Maar nie een van ons kon gewag dit om by die uit te kom nie, van my Oom Quinton het 'n nuwe BMW gehad en hy wou ons weg gevat dit. **Die BMW was swart en ons met onse wit rokkies en wit skoene het gemaak laat die motor soos 'n zebra lyk.**<sup>171</sup>

**Op pad kerk toe**<sup>172</sup> was almal in die strate se aandag op ons. Jy kan maar sê ons het koppe laat draai en dit was aangenaam. ek het daardie oomblik soos 'n prinses gevoel wat met haar koets na 'n vees toe gaan. Met die koppe wat ons laat draai en die uitstekende dag was ek die gelukkigste van ons almal.

By die **kerk** het ons se vriende na die motor gehardloop my niggies het eerste uitgeklim en omdat ek gevoel dit dat die dag myne is het ek laaste uitgeklim; van my oom het nog eers

---

<sup>165</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>166</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>167</sup> Ruimte

<sup>168</sup> Waarde

<sup>169</sup> Godsdienstige ritueel; rite van inkorporering

<sup>170</sup> Persoonlike identiteit – beskrywing van karakters

<sup>171</sup> Persoonlike identiteit – Beskrywing van voorkoms

<sup>172</sup> Deel van groter dorpsruimte

die deur vir my oop gemaak dit was wonderlik. **By die kerk se deure het die pries gesê, “Reg, reg kom jy nou my kinder ons gaan nou begin.”**<sup>173</sup> Hy het eerste in gestap en ons almal met ‘n kerel aan onse linkerkante het ons gevolg. **Die kerk was so onaangenaam van hulle het ‘n outydse lied gesing**<sup>174</sup>. Na die diens en die seninge het ons ‘n ete gehad in die agterkamer van die kerk. Ons was bedien van die vrouens af en ek het ‘n uitspraak gelewer, om dankie te sê.

**Die dag was nog vars**<sup>175</sup> en toe ek by die huis aage stap gekom het, het my pa ‘n braai gemaak dit het omtrent 16:00 begin. Die music was wonderlik en ek het die rok uitgetrek en in ‘n broek en top geklim, **“Die prinses is nou weg, nou is dit tyd om te partie,”** het ek gesê<sup>176</sup>. My broers het my op ‘n tafel gesit en my gesmeer met die koek<sup>177</sup>.

Gedruende die vees het Gammy een van my broers se vriende het hom kom roep. **Hy het kammer toe gegaan en ‘n mes gehaal en hy was uit**<sup>178</sup>. Na ‘n halwe uur of ek is nie seker nie het hulle kom sê dat Gammy gestee is. Ek het met my pa in die kar geklim en na my broer toe gegaan. Dit was 19:00 wat ons daar aan gestap gekom het, **hy was dood en die outjie wat hom gestee het, het Gammy se vriende hom dood geskiet**<sup>179</sup>. Ek na my broer toe gehardloop en hom gepleed om op te staan. My oë was bloedrooi gehuil en my ma, my ma was baie swak. Hulle het hom hospital toe gevat om 20:45.

Van die hospital af was my ma besig om skoon te maak. Ek het die Here bevraag teken en bevraag teken. Ek het ‘n skep mes gevat en wou myself dood gestee dit, maar ek kon nie. My pa het na my kammer toe gekom en gesê, **“Dit was sy tyd om te gaan, jy moet net sterk wees vir jou kleiner broer en suster.”** En ons het gebid. **Om 24:55 het God ‘n skietend ster gestuur en my wens het later aan waar geword, ek het ‘n dood van Gammy gekry waar hy met die Here gesit het en ek het geweet dat hy by onse Vader is.**<sup>180</sup>

---

<sup>173</sup> Grens: “Ons” teenoor “hulle”

<sup>174</sup> Godsdienstige bewussyn

<sup>175</sup> Taalgebruik

<sup>176</sup> Moontlike aanduiding van lewensfase van adolessent

<sup>177</sup> Sosiale ruimte

<sup>178</sup> Oorsteek van simboliese grens

<sup>179</sup> Negatiewe waarde; sosiale ruimte; grens as metafoor van ankerloosheid

<sup>180</sup> Godsdienstige bewussyn

KO9. Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie

**Ek was soos 'n verlore skaap in bos maar toe besluit ek om tereg te keer na my skapwagter<sup>181</sup>** ek het om vertel van my lewe en my probleme, hy is my alles maar toe breek hy weer my hart.

Toe gaan sit ek dink toe sê ek vir God hoekom moet dit met my gebeur ek het hom baie lief maar hy verlaat my in die donker nag alleen. Toe sê ek vir my self as iemand hy hart gebreek het sal ek nie maak die duiwel moet oorvat in my lewe. Dit is wonderlikste dink om die, die Here Jesus Christen in lewe te hê. Hy voorsien vir alles hy gee my elke dag 'n ma en kos op die tafel. **Ek het my pa verloor toe ek in sub-B was<sup>182</sup>**, ek het niks verstaan om die oomblik nie. **Maar ek het geweet ek moet nou begin sorg na my familie**, en God was ook by my daai oomblik. Die genade van God is baie kosbaar is, is die lewe vir ons almal op die aarde.

Die oomblik toe ek hoor my pa het afgestrewes het dit gevoel ek het alles verloor, maar my ma en broer was daar ek is baie lief vir die Here dat hy nog steeds daar is vir my.

KO10. Die afsterfte van my oupa....

**Ek het my oupa die jaar 2002 afgestaan deur die dood<sup>183</sup>**. Dit was vir my 'n groot skok en ervaring gewees. Baie mense het gewonder waarom ek as kind so gevoel het teenoor my oupa. **Hy het vir my baie beteken, hy het ook 'n voorbeeldige lewe vir my uitgeleef.** Ek het nog altyd die liewe Vader gevra om hom te spaar totdat ek groot is en dat ek vir hom kan doen wat ek graag wou. Maar die liewe Vader het hom meer nodig gehad as ek. Soveel mense probeer nog vandag om sy plek in te neem maar niemand kan. Ek sou wat veruil in die lewe om my oupa terug te kry. Ons het hartseer tye het ons saam deurgebring. As ek altyd iets goeds gedoen het dan kon hy altyd 'n glimlag gee om my wys dat hy is tevrede daarmee. Hy het altyd hierdie woorde gesê dat "Ek sal jou nooit spaar as jy verkeerd gedoen het nie." Baie van my niggies en neefs het gevoel dat hy trek my voor maar hy het maar net 'n spesiale plek gehad in sy hart vir my. Ek bid elke dag tot die Vader dat as hy kom dat ek saam wil gaan na die Koningryk, want ek wil graag weer my dierbare oupa sien.

---

<sup>181</sup> Oorsteek van simboliese grens

<sup>182</sup> Dood as deel van sosiale ruimte

<sup>183</sup> Dood as deel van sosiale ruimte

KO11. 'n Dag wat ek nooit sal vergeet nie

**'n Dag wat ek nooit sal vergeet nie is die dag toe ek my AfRikaans sertifikaat ontvang het. Ek het dit ontvang vir beste student in Afrikaans graad 10<sup>184</sup>.** My afrikaans onderwyser mnr BAArd en my ouers was baie trots op my. Ek kon dit glad nie glo dat dit ek is nie. Dit was die gelukkigste dag van my lewe. My ouers was baie trots op my vir dit wat ek ontvang het. Die sertifikaat is net soos my lewe, net soos ek lewe, waar ek ook al gaan is dit altyd naby my hart waar dit behoort.

Ek waardeer my sertifikaat net soos ek myself waardeer, dit is my lewe. Die sertifikaat het my gewys dat ek dit sal kan maak in die lewe. Dit is 'n baie spesiale present, en ek hoop dat ek weer die jaar 'n sertifikaat sal ontvang vir my harde werk. Dit was nie maklik om dit te ontvang nie, dit is harde werk. Ek is baie trots op myself en ek het nou self vertrou in myself. Niemand kan my lewe oorvat as ek dit nie self doen nie. **Ek hoop dat ek my skoolloop baan sal eindig by Promosa Hoër Skool<sup>185</sup>. Ek is baie trots op my skool, sonder geleerdheid is daar nie lewe en werk nie, ons sal nie werk kry as ons nie ons skoolloop baan beindig nie<sup>186</sup>.**

Aan die jong mense wil ek net sê dat skool die sterkte van geluk is, en dat skool die beste deel van ons lewe is. Ons moet dit vir ons self makliker en lekkerder maak. **Ek hoop dat ek eendag 'n goeie voorbeeld sal wees as ek my skool loopbaan beindig het.** Ek is baie trots op myself, skool en ons Dorp Potchefstroom.

KO12. Die dag wat ek nooit sal vergeet nie

**'n Dag met my familie op 'n piekniek by 'n kamp op 'n plaas<sup>187</sup>** (ma 42) (Pa 52) (kind 12). **Die dag kom ons as familie by hiwerdie plassie nogal op 'n Vrydag bymekaar.** Ons het begin deur ons bagasies uit te pak en in ons kamers gaan pak want ons was sommer by die ingangs hekkie al verwelkom deur die kamp skoon makers. Op die kamp was daar baie, bome, bosse en diere, die kamp het eers onaangenaam gelyk maar ons moet toe besluit om dit vir onself lekker te maak. Die kamp is nog al baie gerieflik, het van alles wat ons wou gebruik het. Toe raak dit 'n bietjie skemer en my ma se toe vir my ek moet 'n bietjie houtjies gaan soek sodat ons vuur kan maak want 'n piekniek by 'n kamp sonder 'n vuurtjie is nie piekniek nie.

---

<sup>184</sup> Identeit: Rolle

<sup>185</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>186</sup> Waarde

<sup>187</sup> Tussenin-ruimte

**Dus toe reg en ek gaan soek die houtjies en ek dink die bos is so dik, die paaitjie is amper on sien baar** en teen die tyd as ek klaar houtjies gesoek het dan is dit al donker. Ek gee toe nie om nie en ek begin soek en soek en kry 'n hele paar houtjies, toe vat ek die houtjies hou dit in my arms want dus alreeds donker en ek loop toe terug huistoe. **Opad kamp toe loop ek die paaitjie mis en ek kom kry myself in die middle van nêrens en ek begin toe bang raak**, huil en ek het geskreeu, maar niemand kan my hoor. Toe kom daar 'n man woep's uit die bloute en vra met 'n dik stem "wie is jy?" ek antwoord en se ek's Emily oom, toe vra hy vir my "dogtertjie waarvoor is jy hier in die bos"? en ek verduidelik die oom die hele storie. Die oom het my toe aan my hand gevat en my die pad terug kamp toe gewys en ek het reguit terug geloop kamp toe want ek was toe te bang om weer die pad mis te loop en van daardie dag on is hy my held. Dus die dag wat ek nooit sal vergeet nie.

#### KO13. 'n Tyd om te onthou

**Op 'n warm somers aand het 'n groep van die populere kinder van ons skool<sup>188</sup> besluit om 'n nuwe lid tot hul groep te voeg<sup>189</sup>.** En om hom 'n lid te maak moes hy in die dam spring en uit swem. En dus waar als begin skeef loop het.

Nicky die ou wat by die groep wou inpas het gesprong van die hoë yster platform. Hy het gesprong en sy kop teen 'n ysterpal gekap in die water. Derick 'n groep lid het hom probeer red terwyl al die ander spore gemaak het. Derick was gevang deur die polisie. Hy het in groot moeilikheid gekom met die skool Hoof en Nicky was in die hospital opgeneem.

Derick was ondertug geplaas en moes na skool bly om te help om die kinders wat sukkel met skool werk en uit te help. En om deel te neem aan die skool se drama opvoering. En dus waar ek in kom 'n stil eensame meisie wat nooit eintlik vriende gehad het nie. Ons drama groep het 'n mesiekbyspel gehad waarmee ons besig was om repiteer. Derick het sy beste probeer met sy lyna nadat ek en hy die hoof rolle geneem het in die drama.

Ons het mekaar een aand per ongeluk raakgeloop toe ek op pad was winkel toe. Hy't my gevra om hom te help met sy lyne en ek moet belowe dat ek niemand so sê nie en ek het 'n voorwaarde van my eie gehad. Hy moes nie verlief raak op my nie. Ons ooreenkoms was gesluit. Die verhaal van my lewe het begin. Ons het dagliks gerepiteer en toe een van sy vriende uit vind het hulle soos gewoonlik 'n oorlas van hulle self gemaak en my probeer verkleiner. Hy't dit afgestry soos ek verwag het. Ons het begin meer tyd saam spandeer en ek het altyd vir hom gesê dat ek weet dat hy beter kan doen as wat hy so ver behaal het.

---

<sup>188</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>189</sup> Identiteit: Rolle; inisiasierite (liminaliteit)

My ma was baie stren en het hom gewaarsku dat as hy met my sou mors sou sy hom self vas vat.

Die groot aand het voor ons gelê. En Derick het net sy beste geoffer en ek was trots op hom. Die laaste toneelstuk het op gekom en ek het my lied gesing. Derick het met verlore oe na my gekyk en toe Derick moes praat moes vinnig veranderinge maak en toe ek weer kyk gee hy 'n tree nader en soen my terwyl die gordyne sak. Al sy vriende was in die gehoor.

Die volgende dat het Derick en een van sy vriende groot uitval gehad by die skool. Derick het gebesluit om sy lewe heeltemal te verander. **Hy was in die top vier van sy klas. Hy het 'n doktorsgraad voltooi<sup>190</sup>.** Hy't nooit sy belofte gehou nie hy't verlief geraak op my en ons is getroud. **Die tweede somer van ons huwelik het Derick gesterf in 'n motorongeluk<sup>191</sup>.** En ek sal hom nooit vergeet nie hy het my lewe verander en ek syne. Die dag toe Nicky in die hospital beland het, het ek 'n engel in my lewe ontvang en ek glo hy besker my tot vandat tot en alerewigheid.

#### KO14. As ek my lewe kon oorhê

Baie keer dink ek dat ek baie in my lewe anders sou wou hê, maar dié is nou die lewe en dit moet nou gelewe word.

**Waar ek vandaan kom, was niks maklik nie, jy moet werk vir dit wat jy wil hê. Ek kon ook nooit regtig op my ouers staat gemaak het nie<sup>192</sup>.** Ek is tevrede hoe my lewe nou is en vir dit wat ek het want ek weet van beter. Ek weet hoe dit is om daar te wees, ek het dit al alles deurgegaan. As ek my lewe kon oorhê sou ek seker 'n regte huisomstandighede wou hê of voorbeeldige ouers, maar ek kan nie die lewe oorkry nie. Ek is maar net realisties. Ek is nou hier, en maak die beste van elke oomblik, ek vat elke dag soos dit kom. Somtyds sal 'n mens altyd sê die lewe is onregverdig, maar dit is nie so nie. Dit hang alles van jou af, wat jy met dit gaan maak.

Die lewe sou glad nie lekker gewees het as almal ryk moes gewees het of almal in private skole nie. Want dan sal ons nooit ons swakpunte ken nie. Ons sal nie weet hoe dit is om niks te het nie, **om jouself op te werk vir dit wat jy wil bereik in die lewe<sup>193</sup>.** Ons sal nie

---

<sup>190</sup> Waarde

<sup>191</sup> Dood as deel van sosiale ruimte

<sup>192</sup> Sosiale ruimte; grens gevorm deur konteks; sosiale grens

<sup>193</sup> Waarde

weet hoe om verantwoordelik te wees vir jou aksies nie. Dit voel so lekker om alles vir jouself te doen. Ek kom nie van 'n ryk familie af nie. En ek wou ook nie van een afgekom het nie. Ek is vandag 'n beter mens want wat in my lewe gebeur het, laat my beseef het dat om alles te het wat jou hart begeer niks is teen lewe op aarde nie.

**Ek weet eendag sal my kop bo die water uitsteek<sup>194</sup>.** Om jouself jammer te kry, gaan jou nêrens bring nie. Ek sê altyd vir myself dat my kinders nooit sal grootword soos ek grootgeword het nie. Ek konsentreer nou eers om skool klaar te maak, dan begin my lewe. Daar was baie dae wat ek altyd gedink het ek sal dit nooit maak nie of ek is onseker oor myself, maar nie meer nie.

**Ek het so baie planne vir myself, so baie wat ek wil doen met my lewe.** Ek wil my lewe op die regte manier lewe. Ek wil nou eers niks verander nie. As daar weer iets op my pad val, sal ek dit hanteer soos ek al die ander hanteer het. Ek wens net ander mense wil ook so voel, maak nie saak wat nie, daar is altyd 'n uitweg. Hulle moet net glo in hulself en nooit moed opgee nie.

Ek is bly die Universiteit gee elkeen van ons 'n geleentheid om ons sotrie te vertel.

Dié is die lewe, is nou of nooit.

## **2.2. Skryfkursusstories**

### **KU1. Die drie masketeers kry pakslae**

Ek, my antie, **Yvonne<sup>195</sup>** en my suster **Lebogang<sup>196</sup>** het 'n speletjie uitgedink. Dit was nogals 'n lekker speletjie. **Ons het altyd deur die huis se venster gespring en gesien wie eerste by die kombuis deur kom<sup>197</sup>.** Die mense het ons altyd die drie Masketeers genoem.

Op 'n dag besluit my ouma, nogals 'n baie lieflike persoon, om vir ons kortbroekies (chotjies) te koop. Ek was die blydste van almal, want ek het van kortbroekies gehou. My broekie was ligte blou, Lebogang s'n groen en Yvonne s'n was orange, dit was die kleure waarvan ons gehou het. Die volgende dag wat ons van die skool afkom sê Yvonne kom ons trek ons nuwe chotjies aan, ons trek ons nuwe broekies aan. Ek was eintlik bang, want my ouma was 'n baie streng persoon al het sy nie streng gelyk nie.

---

<sup>194</sup> Taalgebruik

<sup>195</sup> Engelsklinkende naam

<sup>196</sup> Setswana naam

<sup>197</sup> Ruimte

“Nee, ek gaan nie myne aantrek nie, trek julle maar aan want julle het gehoor wat sê ouma,” sê ek. “Wat het ouma nogals gesê,” vra Lebogang my? “Dat ons nie die broekies moet aantrek nie, antwoord ek”. Hulle het aangehou karring met die aantrek van die broekies. Op die laaste het Yvonne haar broekie aangetrek sy’t baie mooi gelyk want die broek was baie kort. Lebogang sê toe vir my: **Oumaki (bynaam)**<sup>198</sup>, kom ons trek ons’n ook aan dan trek ons dit weer uit voor ouma kom.” Ek het toe ingestem om die broekies aan te trek.

Nadat ons klaar die huis skoongemaak het en met ons huiswerke klaar is, kom Lebogang met die idee en sê ons moet deur die vensters klim. Ek het nogals van die idee gehou want ek moes deur die kombuis venster spring en dit was naby die deur. “Ek gaan tot drie tel dan moet ons spring!” skree Yvonne vir ons.

“Begin tog!” sê Lebogang. “Ons weet wat om te maak.”

“Een, twee, drie daar gaan ons!” roep Yvonne uit.

Toe klim ons deur die venster, buite toe tot by die kombuis deur. Weer in die huis, deur die venster, buite kant toe. So het ons aangehou tot die derde rondte, net toe ons vir die vierde rondte deur die venster spring toe skree Yvonne net nadat sy deur die venster is. Ek en Lebogang het nogals gedink sy’t seer gekry toe sy by ons kom, sê sy, “Haai julle, julle sal nie wil weet wat met gebeur het nie!”

“Wat, het jy seergekry of wat?” vra ek.

“Nee, man, sien jy dan bloed of skrape aan my?”

“Nou wat het gebeur? Sê ons man.”

“Yvonne maak my so naar, jy weet “sê Lebogang. “Sê ons tog wat met jou gebeur het?”

“My chot het geskeur toe ek deur die venster spring.” antwoord Yvonne. “Ons is diep in die moeilikheid, as my ma hier kom gaan ons velle brand.”

“Nie ons nie, jy Yvonne, want dis jou broek wat geskeur het, nie ons’n nie” sê ek en wys na haar chot glimlaggend.

**“Ohô jy sê so, daai lelike aunt Nunu het ons gesien toe ons deur die venster spring. Sy’t vir my gesê sy gaan my ma sê.”**<sup>199</sup>

“Weet jy daai skinderbek auntie, sy like skinder sy maak my so kwaad, sy kort net ‘n klap, dis al” antwoord Lebogang en gaan in die huis in.

Dit was omtrent half vyf toe my ouma van die werk afkom. Lebogang het by die hek gestaan om te kyk wanneer my ouma kom. Toe sy net my ouma sien gaan sy kamer toe. Ek en Yvonne het nog voor die kombuisdeur kaarte gespeel, toe my ouma in die yard in kom begin sy al klaar te skel.

---

<sup>198</sup> Bynaam

<sup>199</sup> Grens: “Ons” teenoor “hulle”

“Wat hoor ek van julle?” vra sy. Waar is Lebogang as julle sit en kaarte speel?”

“Sy is in die kamer, ouma” antwoord ek.

“Julle kan gerus ook kamer toe gaan, ek is moeg vir julle nonsens!”

“Wat het ons weer gemaak?”

“Moet nie nog vra nie!” skel sy. Ons loop toe kamer toe en ouma net agter ons hakke. Ons het geweet ons gaan geslaan word, al het sy ons nog net een keer geslaan. Ek kon gesien dat sy kwaad is want ek ken haar so goed om te sien wanneer sy in ‘n goeie of slegte bui is. Vandag is sy in ‘n slegte bui. Toe ons in die kamer is vra sy:

“Wat het julle in die huis in gespeel toe julle van die skool afkom?”

“Niks nie ma” antwoord Yvonne en sit op die bed.

“Niks nie, noem jy dit niks nie, terwyl ek by ander mense moet hoor hoe my kinders deur die vensters gesprong het?” “Nou kom sit jy en ginnegaap en sê vir my niks nie?”

“Wie het vir ma dit gesê?” Oe! Ek het vergeet dit is weer vuil aunt Nunu.”

**“Moet nie so praat van groot mense nie, Yvonne!”**

“Dan moet hulle ophou skinder!” antwoord Lebogang en wil uit die kamer uitstap. **“Haai, meisiekind, as ek met jou praat moet jy nie loop nie, hoor jy!”** skel ouma vir Lebogang en gryp haar aan die arm. “Jy bly sit tot ek sê jy kan maar loop en vandag gaan julle pakslae kry, ek sê julle. Yvonne, wat hoor ek van jou chot?”

“Dit het gebeur, ma, per ongeluk!” antwoord Yvonne.

“Dit was nie haar fout nie, ouma, en jammer dat ons die chots aangetrek het” sê ek toe vir haar.

“Jy moet stil bly, Oumaki, jy is die kleinste en baie bekkig” sê Ouma vir my.” Het ek nie vir julle gesê julle moet dit nie aantrek nie?”

Net toe Yvonne nog sê, “maar ma...” toe ruk my ouma die belt van die hangertjie af en begin ons te slaan. Sy’t ons nie eens vier houe geslaan toe begin haar asem jaag asof sy ‘n marathon gehardloop het.

## KU2. Maria en haar bouse pa

**Maria<sup>200</sup> was ‘n baie stil meisie wat saam met haar ma, pa en kleinboetie in ‘n vier vertrek steen huis<sup>201</sup> gebly het. Sy was baie eensaam en nie soos die ander kinders nie.<sup>202</sup>**

Sy het begin vriende maak toe sy in graad 5 was. Sy het vir haar ‘n vriendin met die naam van Johanna ontmoet. Sy was ook stil, maar hulle twee het mekaar verstaan. Op hierdie

---

<sup>200</sup> Maria en Johanna is tradisioneel Afrikaanse name

<sup>201</sup> Persoonlike identiteit: Beskrywing van karakter se omstandighede

<sup>202</sup> Beskrywing van voorkoms en persoonlikheid

Saterdag wat hulle hulle Aardrykskunde taak moet inhandig het Maria besluit om haar vriendin huis toe te nooi. Johanna was lywiger as sy en ook langer.

**Toe Johanna by hulle huis aankom was alles deurmekaar, haar pa was besope<sup>203</sup>, ma was wasgoed en haar boetie speel op die grasperk<sup>204</sup>.** Maria se pa het nie daarvan gehou dat Maria 'n vriendin moet hê nie.

**“Goeie middag Oompie,” groet sy.** “En stap in sitkamer toe”.

“Hallo meisie en wie is jou naam?” vra hy. “En slinger voor haar verby”.

“Ek is Johanna en ek het vir Maria kom haal”. “Ons gaan ons take inhandig”.

“Not the damn”, my kind gaan nêrens nie.

Maria het toe uitgekom en wou uitloop saam met haar vriendin.

“Hoe dink jy wantoe gaan jy kind?”, vra hy. “Los die kind laat sy haar taak gaan inhandig”, sê haar ma. “Sy gan mos haar skoolwerk inhandig anders druipt sy mos”.

“Bly stil vrou!” sê hy.” “Jy’s die een wat die kinders so leer.”

“Ek gaan nou my boeke vat en loop”, sê sy en loop klaar uit.

“As jy hier uitloop soek ek jou nie meer terug nie,” “Hy jag haar uit.”

Maria loop huil-huil uit en gaan handig haar taak by die Meneer. Johanna het haar stil gemaak en gesê alles sal reg kom sy moet net sterk wees.

Die Saterdag aand het Maria nie geweet hoe om in die huis te kom nie. Haar ma het haar laat inglip toe haar pa nie in die huis was nie! Maria en haar boetie was aan die slaap toe haar pa huistoe gekom het.

“Hoekom slaap julle almal voor ek nog nie hier is nie?” vra hy.

“Ons kan mos nie tot 12uur sit en vir jou wag nie,” antwoord haar ma.

“Kom laat jy slap en ophou raas!”.

Maria het toe haar taak gaan inhandig saam met Johanna en hulle het toe hulle verslae gekry. Maria het vir die tweede kwartaal geslaag en was eerste beste leerling in die graad 5 klasse. Sy het toe huistoe gekom met haar verslag en sy wys dit vir haar ma.

Die Saterdag oggend wys hy vir hom haar verslag.

“Oe! My vrou doen ons kind dan so goed op skool?” vra hy. “Ja!. as jy net ophou drink, skel en 'n bietjie luister sou jy dit opgelet het.” Na die kerk<sup>205</sup> toe praat haar pa en saam met haar

---

<sup>203</sup> Negatiewe waarde; grens gevorm deur konteks

<sup>204</sup> Sosiale ruimte

<sup>205</sup> Deel van groter dorpsruimte

oor haar skoolwerk en motiveer haar. “My kind, hardwerkende mense kry altyd hulle belonings aan die einde, hou so aan my kind”, sê hy en gee vir haar ‘n drukkie.

“Pa ek het gisteraand besluite geneem”.

“Watter besluite?”

“Pa moet nou baie mooi verstaan”. **“Ek het besluit om my skoolwerk my vriende te maak en my huisgesin.”**

“Ek is jammer my kind, my vrou en seun vir wat ek al die tyd van julle doen as ek dronk is.”

“Ek belowe ek sal nie meer drink nie”.

“Maria was so bly omdat haar besluite hulle lewe nou gaan verander en dat haar pa die drank gaan los. Nou is sy trots op haarself oor haar besluite. Nou praat sy net met haar vriende en maak nie vriendskappe nie.

### KU3. Liefde kan nie ‘n persoon altyd gelukkig maak nie

**Daar was ‘n meisie met die naam vanessa<sup>206</sup>. Sy was baie mooi, swart hare, bruin oë en nogals ‘n mooi oulike lyfie<sup>207</sup>. Sy het baie van die kerk gehou<sup>208</sup>. Een sondag in die diens, vra die priester haar iets belangrik<sup>209</sup>. “Vanessa sal jy nie asseblief die sondag skool oorvat nie?”**

“Nee ek kan dit nie doen nie”.

“Maar hoekom nie?” gee my asseblief tog ‘n rede.

“My kêrel Justice<sup>210</sup> hou glad nie van die kerk nie”. “Maar wie is die belangrikste tussen jou kêrel en die kerk?”

“Die kerk is die belangrikste”.

Dit was nogals ‘n groot besluite wat sy moes neem. Toe vra die priester dat, sy moet kies tussen haar kêrel en die kerk, en sy het die kerk oor haar kêrel gekies. Haar kêrel was nie baie bly oor die besluite nie. Dit was baie swaar dat sy haar kêrel moes los. Toe bel sy haar kêrel en sê vir hom dat hulle moet praat oor iets baie groot.

“Justice ons moet praat oor ons verhouding”.

“Maar wat is die probleem Vanessa?”

“Ek het jou nie meer lief nie Justice”, sê Vanessa.

“Wat maak dat jy so sal sê?” ek wil weet sê hy.

Sy kon nie haar kêrel die waarheid vertel nie. Sy was bang dat hy die priester sal beseer.

Maar sy het voortgegaan met die kerk en sy het die sondegaskool oorgevat. Sy was baie

---

<sup>206</sup> Engelsklinkende naam

<sup>207</sup> Persoonlike identiteit: Beskrywing van karakter se voorkoms

<sup>208</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>209</sup> Godsdienstige bewussyn

<sup>210</sup> Engelsklinkende naam

gelukkig met die toestand waarin sy geweet dit. Na 'n jaar vra die priester, haar weer iets baie, baie belangrik. Die priester was baie mooi, ongetroud en nog baie jonk.

“vanessa sal jy asseblief met my trou?” het die priester haar gevra.

“Nee ons het dan nog nie uitgegaan nie, en ons ken nog nie mekaar so goed nie”.

“Maar ek dink dat ons al mekaar so goed ken”.

“Dit is nie so nie, en ek sal tyd nodig om oor dit te dink”.

Sy het oor die saak gedink en na twee maande het sy die priester se antwoord gegee, en hulle het toe getrou. “vanessa jy maak my die gelukkigste man op aarde”

“Ek probeer jou maar net alles gee wat ek het”. Hulle het toe twee kinders uit die verhouding gehad. Dit was 'n seuntjie en 'n dogtertjie, **maar toe die dogtertjie sewe maande oud is toe sterf sy**<sup>211</sup>. Vanessa was toe baie ongelukkig en sy het probeer om nog 'n dogtertjie te kry maar sy kon nie. **Hulle het na twee jaar geskei**<sup>212</sup> sy was nie weer so gelukkig nie, maar die lekkerste van alles is dat haar kêrel haar weer terug gevat dit. “Justice ek is jammer ek het jou hart seer gemaak”. “Ek is net bly dat ons weer eens 'n verhouding kan begin vanessa, ek is lief vir jou.”<sup>213</sup>

**Hulle het na twee jaar getrou en vir die verhouding het daar 'n dogtertjie bestaan, hulle was baie, baie bly. Vanessa was weer eens die gelukkigste vrou op aarde. Hulle was gebind verewig**<sup>214</sup>.

#### KU4. Die Wonder Boom en die jong man

Lank-lank gelede was daar 'n man met die naam van **Japie**<sup>215</sup>. Japie het in 'n baie klein dorpie gewoon. Hy was 'n baie eensame man gewees. **Sy plek waar hy in gewoon het was ook baie klein gewees**<sup>216</sup>. Niemand het ooit belanggestel om na daardie ou woning te gaan nie.

Japie het nooit uitgegaan nie, hy het ook **baie alleen**<sup>217</sup> gelewe. **En eennag terwyl hy nog slaap verskyn daar 'n heks aan hom**<sup>218</sup>. En sy vra.

“Waarom lewe jy so alleen?”

Hy antwoord. “Omdat niemand vir my omgee nie.”

“Maar daar is baie mense wat vir jou omgee jy sien dit net nie.” sê die heks.

---

<sup>211</sup> Dood as deel van sosiale ruimte

<sup>212</sup> Grens as metafoor van ankerloosheid

<sup>213</sup> Verliefdheid as deel van adolessente lewensfase

<sup>214</sup> Identiteit: Rolle

<sup>215</sup> Tradisioneel Afrikaanse naam

<sup>216</sup> Fisisese ruimte

<sup>217</sup> Persoonlike identiteit: Beskrywing van karakter se omstandighede

<sup>218</sup> Grens tussen realiteit en sprokie

“Ek bly al 50 jare alleen, en daar het nog niemand na my toe gekom nie, niemand het al ooit vir my gesê ek het jou lief.”

“Weet jy waarom voel jy dat niemand het jou lief, is omdat jy het jou nie self lief.”

Daardie nag het Japie nooit geslaap nie. Die volgende môre het hy opgestaan, en hy het maar net weer is sy klein ou huisie gebly. Die volgende aand het hierdie heks weer aan hom verskyn. **En sy sê vir hom: “Japie ek wil jou graag help maar jy moet nou presies doen wat ek vir jou sê. “Wat?” se Japie.**

**“Ek wil hê dat jy moet na die bos gaan, en as jy daar kom dan gaan jy op ‘n boom af kom, dis die eerste boom in die bos. Hierdie boom is die boom van liefde. Sodra jy by die boom kom dan sy jy net, liefde en jy sal sien dat liefde self na jou toe sal kom.** <sup>219</sup>

“Maar hoe kan ek so iets doen, ek is dan so bang?”

“Jy moet nie bang wees nie ek sal agter jou staan. En die vrou verdwyn. Die volgende môre is Japie vroeg op en hy is die bos in. Hy kom toe op die eerste boom af, en hy sê “liefde!” En daar kom hy liefde tegemoed. En wat hy by die huis kom kry hy daar sit ‘n ou vrou in sy kombuis. En hy vra haar “Wat maak jy hier?”

“Ek het gekom omdat ek gesien het dat jy so eensaam en alleen is”

“Maar jy ken my nie, hoe kon jy somer hier in kom?”

“Ek is nou hier en dis klaar so.” Die volgende oggend toe hy opstaan sien hy daar staan ‘n apa langs sy ped.

En hy vra hom “Wat soek jy hier in my kamer?”

Toe oupa antwoord “Ek is gestier om hier by jou te kom woon”. Japie was so verbaas gewees dat daar mense by hom kom woon. Maar toe dink hy terug aan die heks en die Boom, “dit is mos deur hulle wat ek hierdie wondelike mense het, wat my liefgekry het”

Na drie weke gaan hy terug na die bos en hy gaan om dankie te sê vir hierdie wonderlike mense wat hy gekry het. **Wat nie net die Ouma en die Oupa was so lief vir Japie nie, daar het veel ander mense ook na hom gekom.** En hierdie ouma en Oupa was ook Japie se ouma en oupa, hulle het vir Japie vertel dat sy ouers jare gelede al dood is. Toe Japie by die boom kom toe vind hy nie meer die boom daar nie, maar hy vind wel die ou heks daar. En sy glimlag vir hom.

“Hoe voel jy?” vra Sy.

“Ek voel baie goed.” ek het net kom dankie sê vir dit wat jy en die boom vir my dedoen het, ek het dit baie waardeer, en hy stap weg. Van daardie dag af het Japie nooit alleen gevoel nie. **Na vyf jaar het sy ouma en oupa altwee gesterf**<sup>220</sup>. Maar daar was nog altyd mense

---

<sup>219</sup> Liminaliteit – oorgangsrite; sprokiesruimte

<sup>220</sup> Dood as deel van sosiale ruimte

wat vir hom lief was. Hy het ook 'n groter huis gekry, en baie mense het besluit om saam met hom te kom woon, en Japie was die Gelukkigste man gewees in daardie klein dorpie.

#### KU5. Vreesagtigheid is die duiwel se oorkussing

Partykeer dink ek aan Eunice<sup>221</sup> wat my gehelp het om nie te vrees vir 'n naald nie. Ek het haar by **Dr. Mapèle se spreekkamer**<sup>222</sup> ontmoet. Sy het begin praat en gesê: "Jy lyk nervous."

Ek het geantwoord: "Mind your own bussines."

Sy het ongeërg voort gegaan. "Dit is seker oor die inspuiting".

My moed het my begewe en ek het bevestig geantwoord: "Ja, hoe het jy geweet?"

**Eunice het vir my baie lewenslustig voor gekom. Alhoewel sy bietjie oorgewig was. Sy was baie vriendelik en haar gesig het my baie getref. Glade vel, mooi groot bruin oë en 'n neus wat daarby pas. Ek skat haar so 15 jaar oud.**<sup>223</sup>

Sy het begin vertel van 'n tyd toe sy ook die gevreesde naald gevrees het.

"Sy het altyd vir haar moder gelag" het sy voortgegaan. "As haar moder se dat sy moet oppas om so kaal te loop, want sy sal nog baie siek raak".

"Ek sal nie ma, want ek is die gesondste kind in hierdie wered." Haar moeder het altyd geweet dit gaan nie oor die dokter toe gaan nie, maar eerder oor die inspuiting wat daarmee gepaart gaan.

Soos die noodlot dit ook bestem het ek een oggend wakker geskrik en 'n krap gevoel in my keel gehad, baie gehoos en naar gevoel. My kop het dik gevoel dat dit moeilik was om uit die bed te klim. My moeder het later kom kyk waar ek so lank draai.

Toe sy my sien het sy dadelik terug in die bed gedruk met die woorde. "ek gaan die dokter bel." Ek het probeer keer, maar sy wou niks hoor nie. Later het sy weer opgekom en gesê: "Ons moet na die spreekkamer gaan, kry jou gereed." Sy het weer uitgegaan. Ek het begin dink aan die naald en gehuil. Dit het oor en oor in my kop gemaal: "Vandag gaan jou moses teëkom." Ek wou nie dokter toe gaan nie en het begin planne beraam. Ek het my boeke uit my tas gegooi 'n paar kledingstukke gegryp en in die tas geprop.

Ek moes kort-kort rus omdat die naar gevoel en swaarkop my net-net wil oorweldig.

---

<sup>221</sup> Engelsklinkende naam

<sup>222</sup> Deel van groter dorpsruimte

<sup>223</sup> Beskrywing van voorkoms

“Ek kan dit verdra, maar nie wat by die dokter gebeur nie”, het ek gedink. Ek het skoon vergeet om klere aan te trek en het haastig deur die venster gestrompel en koes-koes oor die werf gehardloop na die agter hek.

Uit asem het ek in die straat af gestap en gewonder hoekom die mense na my staar ander het sommer begin laag een het sommer opgemerk. “Loop Jy aandskool”. Dit was toe ek besef ek was nog steeds in my slaapklere met die skooltas op my rug. Dit was gewagde slaapklere wat ek aan gehad het.

Ek het koers gekies na my antie se huis omdat ek geweet het dat sy by die werk is en die kinders nog by die huis is. Daar kon ek 'n plan beraam, in my oorhaastigheid sien ek vir Boel die hond wat my vriendelik van agter wil kom groet. Die volgende oomblik lê ons altwee op die nat en modderige graas en Boel gee my gou 'n Fase wash met sy nat tong.

Die tas het te lande gekom **teen die deur van die sinkhuis**<sup>224</sup>. Die volgende oomblik hoor ek net 'n geskarel van voete wat na ons gehardloop aan kom en die skril stem van my antie wat half skree sê: “Boel Foetsek” en in dieselfde asem skree sy: “Eunice wat maak jy hier!” Ek kon nie antwoord nie toe sy my in die huis vat. Ons het skaars gesit en haar selfoon lei. Ek kon duidelik my ma se hartseer en bekommerde stem hoor. My antie het met bevestiging beantwoord en na die gesprek gesê: “Ons wag vir jou ma en jy gaan dokter toe, al moet ek 'n donkie huur en jou soontoe trek”. “Gaan sal jy gaan”. As sy met daardie stemtoon praat, weet ek dit gaan nie help om te probeer mooi praat nie.

Ons drie net in die spreekkamer gesit en wag vir die dokter. Ek in die middel en hulle aan weerskante van my. Hulle hande styf aan my hande vas geklou. Ons het ook so na die dokter se ondersoek kamer gestap. Ek was met valk oë dopgehou toe die dokter my ondersoek. Hy het gesê dat die simptome nie so erg is en dat ek binne 'n dag of twee weer pertvris sal voel. Afhangende van watter behandeling ek kies. Die pille of die inspuiting. **Ek wou nog antwoord, toe my ma en antie tegelyk skree: “Die inspuiting!” en ons sal jou kom help vashou dokter. Ek het my braaf gesig opgesit en gesê: “Dit is nie nodig nie” en ek het self my broekie afgetrek. Ek wou nog boude knuip en oë toe trek, toe die dokter sê: “Daarso, dit was daarem nie so erg nie.”**<sup>225</sup> Ek het net die branderigheid gevoel maar nie die naald nie. Ek kon nie glo dat ek eintlik vir niks bang was. Ek was lus en sê vir die dokter: “Gee nog tien, vyf op elke boud”.

---

<sup>224</sup> Fisiese ruimte

<sup>225</sup> Humoristiese ritueel

**Ek het normaal beginne asem haal omdat my vrese volgens Eunice ongegrond is<sup>226</sup>.**

**Ek het braaf opgestaan en na die dokter gestap toe my naam genoem word. Die dokter ook gesê op ook gesê op watter boud ek die inspuiting soek na die ondersoek. Ek het sommer ook self my broekie afgetrek en op my mag gaan lê, 'n pyn het skierlik van my boud opgeskiet. Dit het gevoel soos wanneer ek my papa sy vinger met die hamer raak slaan. Ek kon net die woord uiter wat papa uiter wanneer hy sy vinger raak slaan en skree!**

#### KU6. 'n Verjaarsdag verrassing

Dit was 'n warm somers dag, die dag voor my sestiende verjaardag<sup>227</sup>. Toe ek 'n stem hoor. "Hi Lorinzia my ou dier" ek kon die stem net nie plaas nie maar die figuur in die deur het bekend gelyk. 'n Lang, skraal figuur met breë skouers. Dit was my vader hy het kom kuier.

Net om te dink nog net 24 uur en ek is sestien. Ek was gevul met gelik en wou net dans en sing. "Dedda", het ek uitgeroep wat maak jy hier?" "Net my enigste prinses op aarde kom sien voor haar groot dag". Ek was so opgewonde en wou net weet wat ek kry vir my verjaarsdag. "Wat kry ek as prinses?" Wou ek met angs weet, Maar hy het geglimlag en sê: "Wag tot môre jou drome word dalk vervul." Ek het so gou as moontlik na my moeder, gegaan en om te kyk of sy my dalk iets meer kon sê. Sy het op die stoeltjie van die spieëlkas gesit toe ek in die kamer stap. Besig om haar lang pukswart hare te borsel. "Moeder wat kry ek vir my verjaarsdag?" "Ek weet nie ons sal maar moet sien", was haar woordemet 'n sagte liefdevole geleid in haar stem." "Maar as ma my net 'n idee kan gee..." "Ek wou nog iets sê en sy val my in die rede. "Maar niks, niks idees, niks, niks, niks" Terwyl sy my hare borsel hoor ek 'n harde, gedreun en lawaai in die straat. Dit kan net een persoon wees wie soveel geraas kan maak en nie om gee wie dit hoor nie, My ouboet. En toe hou die motor stil en 'n stem in die donker gang skreë, "Whats up my people?" toe weet ek onmiddelik wie dit is. Ek het soos blits uit die kamer gehardloop en daar was my Bazil<sup>228</sup> my eie broer. Hy het 'n boks wat nie te groot nog minder te klein is sy hande gehad.

"Wat is daarin?" is die heel eerste vraag wat ek kan aan dink. "Wag maar tot môre en ons sien." Teen die tyd het ek baie kwaad geword. Al wat ek nou nog heeldag hoor is wag tot môre. Ek was so kwaad dat ek al sewe uur in my bed geklim het en geslaap het. Die tyd het so vinnig geloop dat toe ek my oë oop maak was dit oggend.

---

<sup>226</sup> Breek deur grens van vrees

<sup>227</sup> Aanduiding van ouderdom; liminaliteit (oorgangsrite)

<sup>228</sup> Engelsklinkende naam

My ma het vir my ontbyt gebring maar my mag was so vol skoenlapper ek kon niks in kry nie. Basil het my kamer binne getree en gesê: Maak nou gou klaar almal wag op jou. “Ek het regtig spesiaal gevoel op daardie omblik. Toe ek buite by die rooi Honda kom sê my broer “reg mense the road awaits no-one, Ons almal het gelag.

Toe vertrek ons my gunsteling lied het op die radio gespeel en ek het hard saam gesing. Toe ek weer mooi kyk waar ons is sien ek dat ons by die **miletêre basis**<sup>229</sup> is. “Wat maak ons hier.” Kom nou Lorinza wag “het my ma gesê. Ons het uit geklim en my vader het my ‘n kaartjie gegee ek het nog steeds nie verstaan nie. Basil het uit die katebak die bok gaan haal en gesê “geniet dit sissie.” Wat gaan aan het ek myself gevra. “Gee die kaartjie vir die dame in die blou. Dit was ‘n Vliegtuig kaartjie en in die boks ‘n kamera om als wat ek kon sien uit die vliegtuig af te neem.

#### KU7. ‘n Verliefde tiener

Dis uiteindelik Vrydag middag na ‘n lang ongelooflike week voel ek uitgeput, die dag is nog nie om nie en ek het so baie om te doen. Ek is nou oppad terug **skool**<sup>230</sup> toe vir middag klasse miskien moet ek vanaand **disko**<sup>231</sup> toe gaan of moet ek nou **jeug**<sup>232</sup> toe gaan.

“**Middag Mnr.** is ek laat of is die res laat.” “Middag Noleen<sup>233</sup>, jy’s eindelijk ‘n paar minute vroeg.” So hy sy tas reg pak gaan ek maar na my bankie toe. “Roger<sup>234</sup> kom in een van die rykste ouens. “Middag Noleen, die vrou van my drome.”

“Ja Roger,” hoop ek hy kom nie na my bankie toe nie.

“Hoe is jou dag, jy lyk nogals moeg. “hy stap na my bankie toe.” en vat my hand.

“Ek is moeg, maar jy hoef nie my hand te vat nie.” hy maak my skoon siek. Ryan<sup>235</sup> stap saam met ‘n hele klompie ander mense in”

